


DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

**DIE PLEK VAN ARMOEDEVERLIGTING BINNE DIE KERK SE SENDINGTAAK. 'n
KRITIESE ANALISE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MISSIOLOGIESE DISKOERS**

CEDRIC BENJAMIN JANSEN

'n Tesis voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad DPHIL in die Lettere Fakulteit,
Universiteit van Wes-Kaapland



Studieleier: Professor Ernst M. Conradie

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

November 2007

**DIE PLEK VAN ARMOEDEVERLIGTING BINNE DIE KERK SE SENDINGTAAK. 'n
KRITIESE ANALISE VAN SUID-AFRIKAANSE MISSIOLOGIESE DISKOERS**

CEDRIC BENJAMIN JANSEN

SLEUTELWOORDE

Armoedeverligting

Dualistiese

Bevrydingsteologie

Multidimensioneel

Sending

Heil

Kerk

Versoening

Bevryding

Omvattend



OPSOMMING

Die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. 'n Kritiese analise van Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers.

D.Phil tesis, Fakulteit Lettere, Universiteit van Wes-Kaapland.

Hierdie tesis maak 'n studie van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak met verwysing na 'n dualistiese benadering, die benadering gevolg deur bevrydingsteologie en 'n multidimensionele benadering. Ek sal 'n analise van die literatuur van skrywers aanbied, binne die konteks van Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers.

Die studie bevestig dat die dualistiese benadering 'n bepaalde prioriteit aan evangelisasie gee en dat 'n tweede plek aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeskryf word. Die rede vir die prioriteit van evangelisasie hou verband met die mens se behoefte om met God versoen te word. Hierdie groepe is wel betrokke by armoedeverligting, maar die verband tussen die verkondiging van die evangelie en armoedeverligting word nie verduidelik nie. Dit bring mee dat armoedeverligting moontlik nagelaat kan word. Die bevrydingsteologie gee 'n bepaalde prioriteit aan armoedeverligting tesame met 'n voorkeur opsie aan die armes. Hiervolgens is solidariteit met die armes die eerste of selfs die kerk se enigste taak. Die konteks en lewensomstandighede van die armes word so verstaan as die vertrekpunt om die inhoud van die kerk se getuieis te bepaal. Die arm onderdrukte moet vanuit politieke onderdrukking en armoede bevry word. Met só 'n prioriteit vir armoedeverligting mag die kerk se ander take nagelaat word. Die multidimensionele benadering gee nie 'n bepaalde plek aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak nie want armoedeverligting is een van die kerk se vele take. Op hierdie manier word armoedeverligting binne die kerk se taak versteek. Volgens hierdie benadering is dit nie nodig om te kies tussen die verskillende aspekte van die kerk se sendingtaak nie. Die konteks sal wel die kerk se sending beïnvloed. Die benadering verwys na die omvattende welsyn van die mensdom. Binne so 'n benadering mag armoedeverligting nagelaat word.

Die benadering wat gevolg word, is om te let op hoe bogenoemde benaderings se begrip van heil hulle verstaan van die plek van armoedeverligting beïnvloed. Die dualistiese benadering plaas die klem op heil in terme van versoening en vergifnis, vandaar die prioriteit vir evangelisasie. Die bevrydingsteologie plaas die klem op heil in terme van bevryding en daarom word daar voorkeur aan die armes verleen. Die multidimensionele benadering plaas die klem op al die aspekte van heil en plaas dus klem op omvattende welsyn.

Ek argumenteer in hierdie studie dat daar strukturele verskille tussen hierdie opvattinge van heil (Aulén) bestaan. Ek dui ook die verband tussen hierdie opvattinge van heil aan. Deur middel van 'n geïntegreerde opvatting van heil sal ek aandui dat al hierdie aspekte van heil, naamlik versoening met of vergifnis van God, bevryding/verligting van armoede en die navolging van inspirerende voorbeelde noodsaaklik binne die kerk se sendingtaak is (Conradie). Hierdie drie opvattinge van heil (en daarom bogenoemde benaderings) is noodsaaklik binne die kerk se sendingtaak omdat hulle mekaar inderdaad aanvul en verryk en die een het nie noodwendig prioriteit bo die ander nie. Ten slotte dui ek aan watter uitdagings vir die kerk gestel word in sy taak van armoedeverligting.

November 2007

ABSTRACT

The location of poverty alleviation within the framework of the church's missionary activity. A critical analyses within the context of South African missiological discourse

D.Phil thesis, Faculty of Arts, University of the Western Cape.

It is the aim of this study to determine the location of poverty alleviation within the framework of the church's missionary activity. The following three approaches will be examined, namely a dualistic approach, the approach of liberation theology and a multi-dimensional approach. I will analyse the literature of writers within the context of South African missiological discourse.

The study confirms that the dualistic approach gives priority to evangelism and a second place to poverty alleviation within the framework of the church's missionary activity. The reason for this emphasis is to restore the broken relationship between God and man. God and man need to be reconciled and man needs to be forgiven. The group supporting this approach is, however, involved in poverty alleviation but its relation to evangelism remains unresolved. This might lead to the neglect of poverty alleviation. Liberation theology gives priority to poverty alleviation with a preferential option for the poor within the framework of the church's missionary activity. The church needs to stand in solidarity with the poor and the context determines the church's mission. The poor and oppressed must be delivered from oppression and poverty. With such a priority the other tasks of the church might be neglected. The multi-dimensional approach does not clearly indicate the location of poverty alleviation within the framework of the church's missionary activity – in this way the location is “hidden”. According to the supporters of this approach poverty alleviation is one of the many tasks of the church and the mission of the church will be influenced by the specific context. This approach refers to the comprehensive well-being of humanity. Poverty alleviation might be neglected within such an approach.

The approach that I follow is to analyse how the understanding of salvation within the above approaches influences the understanding of the location of poverty alleviation. The dualistic approach emphasises salvation in terms of reconciliation and forgiveness, therefore the priority on evangelism. Liberation theology emphasises salvation in terms of liberation and therefore the emphasis on the preferential option for the poor. The multi-dimensional approach emphasises all the categories of salvation and thus the emphasis on comprehensive well-being.

I argue that there are structural differences between these categories of salvation (Aulén). I will also indicate the relation between these categories of salvation. Together with an integrated understanding of these categories of salvation, namely reconciliation with or forgiveness from God, liberation/alleviation of poverty and the imitation of an inspiring example, I will indicate that all these categories are essential within the missionary activity of the church (Conradie). These categories of salvation (and therefore the above approaches) are needed within the missionary activity of the church because they complement and enrich one another and it is therefore not necessary to prioritise the one above the other. I conclude this study by indicating the challenges this study pose to the church regarding poverty alleviation.

November 2007

VERKLARING

Ek, Cedric Benjamin Jansen verklaar hiermee dat *Die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. 'n Kritiese analise van Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers* my eie werk is, dat dit nie ingehandig is vir enige ander graad of eksamen by enige ander universiteit nie en dat ek alle bronne en aanhalings deur volledige verwysings aangehaal het.



Bellville, November 2007

Cedric Benjamin Jansen

TOEWYDING:

Toegewy aan my familie, Benjamin Jansen en die mense van Wallacedene.

DANKBETUIGINGS:


My opregte dank:

Aan ons Hemelse Vader vir krag en sterkte.

Aan my studieleier Professor Ernst Conradie vir sy leiding.

Aan Harold Lesch vir die proeflees van die tesis.

Die finansiële bystand van die “National Research Foundation (NRF, South Africa)” vir die navorsing word hierdeur erken. Opinies en konklusies wat hierin gemaak is, is die van die skrywer en moet nie noodwendig aan die “NRF” gekoppel word nie.



INHOUDSOPGAWE

Titelblad	i
Opsomming	iii
Abstract	iv
Verklaring	v

HOOFSUK 1

Armoede en benaderings tot die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak

1.1	Inleiding	1
1.2	Konteks en betekenis van die navorsing	1
1.3	Wat is armoede?	1
1.3.1	Definisies van armoede	2
1.3.2	Die aard en meting van armoede	4
1.3.3	Aspekte van armoede waarmee die kerk op plaaslike vlak gekonfronteer word	5
1.3.4	Moontlike oorsake van armoede	7
1.3.5	Moontlike oplossings vir armoede	8
1.4	Kerk, teologie en armoede: 'n Oorsig	13
1.4.1	Armoede in die geskiedenis van die Christelike tradisie	13
1.4.2	Kerk en armoede binne die Suid-Afrikaanse konteks	17
1.4.3	Kerk en armoede binne die konteks van die AGS	19
1.5	Afbakening en probleemstelling	20
1.6	Hipotese en prosedure	22

HOOFSUK 2

'n Dualistiese benadering vir armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak

2.1	Inleiding	29
2.2	'n Dualistiese benadering binne die kerk se sendingtaak: 'n Geskiedkundige oorsig	30
	a. Die Nuwe Testamentiese Kerk en die Apostoliese Vaders (tot 590 n.C.)	30
	b. Die vroeë Middeleeue en Reformasie (590-1600 n.C.)	31
	c. Die evangeliese en herlewingsbewegings (tot 1850 n.C.)	31
	d. Evangeliese benaderings van die 19de en 20ste eeu	32

e. Die reaksie van dualisme op die “Social Gospel”	34
f. ’n Oorsig oor sekere eietydse evangeliese konsultasies	35
2.3 Dualistiese benaderings binne Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers: Die perspektiewe van Suid-Afrikaanse skrywers	37
2.3.1 Michael Cassidy – ’n welbekende evangelis	37
2.3.1.1 Agtergrond en betekenis	37
2.3.1.2 Die kerk se sendingtaak	38
2.3.1.3 Die plek van armoedeverligting	38
2.3.1.4 Beoordeling en gevolgtrekking	40
2.3.2 Ray McCauley – evangelisasie is die kerk se prioriteit	42
2.3.2.1 Agtergrond en betekenis	42
2.3.2.2 Die kerk se sendingtaak	42
2.3.2.3 Die plek van armoedeverligting	44
2.3.2.4 Beoordeling en gevolgtrekking	46
2.4 Perspektiewe binne die AGS Kerk	48
2.4.1 Johan Mostert – armoede as ’n sosiale fenomeen	48
2.4.1.1 Agtergrond en betekenis	48
2.4.1.2 Die kerk se sendingtaak	48
2.4.1.3 Die plek van armoedeverligting	50
2.4.1.4 Beoordeling en gevolgtrekking	50
2.4.2 Isak Burger – armoedeverligting help die kerk groei	51
2.4.2.1 Agtergrond en betekenis	51
2.4.2.2 Die kerk se sendingtaak	51
2.4.2.3 Die plek van armoedeverligting	54
2.4.2.4 Beoordeling en gevolgtrekking	55
2.5 Botsende opsies vir evangeliese groepe	57
2.6 Tekortkominge van die dualistiese benadering	59

HOOFSTUK 3

’n Voorkeur opsie vir die armes en armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak

3.1 Inleiding	63
3.2 Suid-Afrikaanse perspektiewe rondom ’n voorkeur opsie vir armoedeverligting	65
3.2.1 Albert Nolan – armoedeverligting as ’n noodsaaklikheid	65

3.2.1.1	Agtergrond en betekenis	65
3.2.1.2	Die kerk se sendingtaak	65
3.2.1.3	Nolan se opvatting oor die “voorkeur opsie vir die armes”	68
3.2.1.4	Beoordeling en gevolgtrekking	72
3.2.2	Allan Boesak – in stryd teen apartheid	75
3.2.2.1	Agtergrond en betekenis	75
3.2.2.2	Die kerk se sendingtaak	76
3.2.2.3	Die plek van armoedeverligting	80
3.2.2.4	Beoordeling en gevolgtrekking	82
3.2.3	Desmond Tutu – profetiese teoloog	84
3.2.3.1	Agtergrond en betekenis	84
3.2.3.2	Die kerk se sendingtaak	85
3.2.3.3	Die plek van armoedeverligting	89
3.2.3.4	Beoordeling en gevolgtrekking	92
3.2.4	Simon Maimela – bevryding vanuit politieke onderdrukking	95
3.2.4.1	Agtergrond en betekenis	95
3.2.4.2	Die kerk se sendingtaak	95
3.2.4.3	Die plek van armoedeverligting	101
3.2.4.4	Beoordeling en gevolgtrekking	105
3.3	Perspektiewe binne die AGS Kerk	106
3.3.1	Frank Chikane – soeke na ’n holistiese benadering tot sending	106
3.3.1.1	Agtergrond en betekenis	106
3.3.1.2	Die kerk se sendingtaak	107
3.3.1.3	Die plek van armoedeverligting	109
3.3.1.4	Beoordeling en gevolgtrekking	113
3.4	Tekortkominge van ’n voorkeur opsie vir die armes	114

HOOFSTUK 4

’n Multidimensionele benadering met armoedeverligting as een van die kerk se vele take

4.1	Inleiding	117
4.2	’n Multidimensionele benadering: ’n Geskiedkundige oorsig	117
4.3	David Bosch – die basis vir ’n multidimensionele benadering	119
4.3.1	Agtergrond en betekenis	119

4.3.2	Die kerk se sendingtaak	120
4.3.3	Die plek van armoedeverligting	136
4.3.4	Beoordeling en gevolgtrekking	145
4.4	J.J. Kritzinger – die hele evangelie aan die totale mens	149
4.4.1	Agtergrond en betekenis	149
4.4.2	Die kerk se sendingtaak	150
4.4.3	Die plek van armoedeverligting	153
4.4.4	Beoordeling en gevolgtrekking	157
4.5	Willem Saayman – sending is kontekstueel	158
4.5.1	Agtergrond en betekenis	158
4.5.2	Die kerk se sendingtaak	158
4.5.3	Die plek van armoedeverligting	162
4.5.4	Beoordeling en gevolgtrekking	164
4.6	Klaus Nürnberger – omvattende welsyn	165
4.6.1	Agtergrond en betekenis	165
4.6.2	Die kerk se sendingtaak	166
4.6.3	Die plek van armoedeverligting	174
4.6.4	Beoordeling en gevolgtrekking	178
4.7	Japie Lapoorta – transformasie van die samelewing	180
4.7.1	Agtergrond en betekenis	180
4.7.2	Die kerk se sendingtaak	180
4.7.3	Die plek van armoedeverligting	182
4.7.4	Beoordeling en gevolgtrekking	183
4.8	Tekortkominge van 'n multidimensionele benadering	184

HOOFSTUK 5

Die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak

5.1	'n Oorsig oor die argument van die studie	186
5.2	Die kerk se sendingtaak en verskillende opvattinge van heil	192
5.3	Drie klassieke soteriologiese modelle	193
5.3.1	Die “klassieke tipe” – Christus as oorwinnaar	193
5.3.2	Die Latynse model (gebaseer op die idee van strafregtelike plaasvervanging)	198
5.3.3	Teorie van die morele invloed (subjektiewe tipe)	201

5.4	Op soek na 'n geïntegreerde verstaan van heil	204
5.4.1	Inleiding	204
5.4.2	Wat is die nood van waaruit mense verlos moet word?	206
5.4.3	Hoe moet die mens uit hierdie nood verlos word?	208
5.4.4	'n Geïntegreerde verstaan van heil en die begrip sending	214
5.5	Die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak	215
5.6	Implikasies van die studie vir die Christelike kerk	219
5.7	Implikasies van die studie vir die AGS Kerk	220
BIBLIOGRAFIE		227



HOOFSTUK 1

ARMOEDE EN BENADERINGS TOT DIE PLEK VAN ARMOEDEVERLIGTING BINNE DIE KERK SE SENDINGTAAK

1.1 Inleiding

Hierdie studie ondersoek die begrip en plek van armoeverligting binne die kerk se sendingtaak binne die konteks van die Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers. Die volgende drie benaderings sal in hierdie verband onder die loep kom, naamlik 'n dualistiese benadering, die benadering gevolg deur bevrydingsteologie en 'n multidimensionele benadering. Hierdie benaderings sal geanaliseer word ten einde 'n toereikende verstaan van die plek van armoeverligting binne die kerk se sendingtaak te ontwikkel.

1.2 Konteks en betekenis van die navorsing

Sedert 1999 is ek 'n pastoor van die Apostoliese Geloof Sending Kerk (AGS Kerk) in die informele nedersetting, Wallacedene, digby Kraaifontein. Hierdie konteks stel talle uitdagings aan die kerklike bediening, waaronder armoede uiteraard 'n hoë prioriteit geniet. Wallacedene is 'n gebied wat gekenmerk word deur uiterste toestande van stedelike armoede soos vervat in die Oostenberg Gemeenskapbehoeftebepalingverslag van Desember 1997. Aanduidings van armoede sluit aspekte in soos lae vlakke van opvoeding, informele strukture, werkloosheid, hoë vlakke van alkohol misbruik, asook siektes wat insluit toring en VIGS. Wallacedene is slegs een van vele informele nedersettings binne die grense van die Wes-Kaap. Ander soortgelyke nedersettings sluit in Kayamandi, Mfuleni, Cross Roads, Khayelitsha en Bloekombos. Armoede neem ook fenomenale afmetings aan binne die res van Suid-Afrika en veral in landelike gebiede, waar daar 'n groot gebrek aan dienste voorkom. Armoede in Suid-Afrika is diep gewortel en wyd verspreid en die graad van inkomste ongelikheid is van die hoogste ter wêreld (Wilson en Ramphele 1989:4).

1.3 Wat is armoede?

Vir hierdie studie sal 'n deeglike begrip van die uitdagings wat armoede aan die kerk stel benodig word. Ek gee vervolgens 'n kort oorsig oor armoede, alhoewel armoede op sigself nie

my veld van spesialisasie is nie. Die volgende vrae sal in die verband kortliks aan die orde gestel word:

- Hoe moet armoede gedefinieer word?
- Wat is die aard en omvang van armoede in Suid-Afrika?
- Met watter aspekte van armoede word die kerk op plaaslike vlak mee gekonfronteer?
- Wat is die oorsake van armoede?
- Watter tipe hulp benodig armes die meeste?
- Wat is die rol van die regering- en nieregeringsorganisasies met betrekking tot armoede?
- Wat is die rol van makro-ekonomiese strukture ten opsigte van armoede?
- Wat is die rol van die kerk in verband met armoedeverligting?

1.3.1 Definisies van armoede

Verskeie definisies van armoede dui aan dat dit multidimensioneel van aard is. Geen enkele definisie van armoede sal dus noodwendig voldoende wees nie. Wilson en Ramphela (1989:15) verduidelik dat armoede nie in terme van een dimensie gedefinieer kan word nie, juis omdat dit verskillende vorme kan aanneem. Die dimensies van armoede sluit in aspekte soos die beskikbaarheid van basiese bronne, werkseleenthede en inkomste, werkloosheid, hongerte en siektes, behuising, opvoeding en die gebrek aan mag. Ramphela haal die definisie van John Iliffe aan wat verwys na twee vlakke van armoede. Op een vlak is daar groot getalle mense, meestal Afrikane wat in 'n gedurige stryd betrokke is om in hulle eie behoeftes en in die fisiese nood van hulle familie te voorsien. Na hulle verwys Iliffe as “arm”. Op 'n ander vlak is daar mense wat tydelik of permanent in hulle stryd gefaal het en wat permanente fisiese behoeftes het. Na hulle verwys hy as “baie arm”. Verder word daar onderskei tussen relatiewe en absolute armoede. Van Deventer (1989:41) verduidelik relatiewe armoede as armoede waar mense armer is in vergelyking met andere. In sulke gevalle is die behoeftes groter as die middele. Absolute armoede is waar mense nie weet waar hulle voedsel vir vandag, of die dag van môre vandaan sal kom nie. Diesulkes het min om hulle snags mee toe te maak of het selfs geen plek om te slaap nie.

Conrad Barberton e.a. (1998:19) verwys na vyf dimensies van armoede naamlik: 1) armoede

as 'n tekort aan 'n voldoende inkomste of bates om inkomste te kan skep; 2) fisiese swakheid as gevolg van ondervoeding, siekte of gestremdheid; 3) kwesbaarheid vir krisis; 4) die risiko om selfs armer te word; en 5) magteloosheid binne bestaande sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele strukture. Barberton (1998:18) koppel armoede aan hongerte, werkloosheid, uitbuiting, gebrek aan toegang tot skoon water, sanitasie, gesondheid, opvoeding, kwesbaarheid tot krisis en die gebrek aan behuising. Die dokument “Poverty and Inequality in South Africa, a report prepared for the Office of the Executive President” (1998:2) meld dat armoede gekenmerk word deur die onvermoë van individue, huishoudings of gemeenskappe om genoegsame bronne te bekom om 'n sosiaal aanvaarbare minimum standaard van lewe te handhaaf.

Jones (Jones e.a. 1999:10) wat na stedelike armoede in Afrika kyk, definieer armoede in die algemeen in terme van 'n gebrek of 'n tekort aan sekere middele. Armoede word byvoorbeeld gedefinieer as 'n gebrek aan inkomste, 'n gebrek aan toegang tot opvoeding, gesondheid, goeie behuising, water, elektrisiteit, riolering en die besit van grond. Jones (Jones e.a. 1999:12) verwys verder na meer kwalitatiewe definisies van armoede wat insluit: kwesbaarheid, magteloosheid, isolasie, vernedering; berowing of verlies; sosiale uitsluiting en die reg op benoeming. Hirschowitz (2000:54) verwys na armoede binne die Suid-Afrikaanse konteks in terme van “the denial of opportunities and choices most basic to human development to lead a long, healthy, creative life and to enjoy a decent standard of living, freedom, dignity, self-esteem and respect from others”.

In hul verslag van 1997 definieer die Wêreldbank armoede soos volg: “Poverty can be defined as the inability to attain a minimal standard of living, measured in terms of basic consumption needs or the income required to satisfy them”. Daar kan ook verder onderskei word tussen primêre of uiterste armoede en sekondêre of algehele armoede. Primêre armoede verwys na diegene wat nie toegang tot die basiese behoeftes vir menslike oorlewing het nie, terwyl ander vorme van armoede of sekondêre armoede na die graad van armoede bo die lewensdrempel verwys. Armoede kan vanaf 'n objektiewe of subjektiewe perspektief benader word. “The objective perspective involves normative judgments as to what constitutes poverty and what is required to move people out of their impoverished state. The subjective approach places a premium on people's preferences, on how much they value goods and services.” (Report World Bank – Social Protection Strategy). Wat een persoon as armoede definieer, mag nie

noodwendig deur 'n volgende as armoede beskou word nie.

Daar kan verder onderskei word tussen fisiologiese en sosiologiese armoede. Volgens fisiologiese armoede is mense arm omdat hulle 'n tekort aan inkomste, voedsel, klere en beskutting het. Sosiologiese armoede is gewortel in onderliggende strukturele ongelykheid en inherente nadele. Maatskaplike werkers het oor die jare 'n groot rol in die verstaan van armoede gespeel. Singh (1980:10) definieer armoede soos volg: "Poverty in the economic sense is defined as a state wherein an individual cannot satisfy his minimum wants for healthy living in a given social environment. Poverty is both relative (some are poor in relation to others) and absolute (the insufficiency of basic necessities for a healthy life)". Armoede is dus multidimensioneel van aard en sluit ekonomiese, kulturele, sosiale en sielkundige armoede in.

1.3.2 Die aard en meting van armoede

Volgens die verslag "Poverty and Inequality in South Africa" (13 Mei 1998) het die apartheidsregering min data oor sosiale aspekte saamgestel wat kon help met die formulering van beleid ten opsigte van armoede. In metings ten opsigte van menslike ontwikkeling soos lewensverwagting, die sterftes van babas en die geletterdheid van volwassenes, vergelyk Suid-Afrika ongunstig met ander lande. Armoede is nie beperk tot 'n bepaalde rasgroep nie, maar is wel gekonsentreerd onder swart Afrikane. Daar is 'n sterk korrelasie tussen die vlak van opvoeding en die lewenstandaard van mense wat daarop neerkom dat die armes die laagste vlakke van opvoeding toon. Armoede gaan ook gepaard met voortgesette siektetoestande, werkloosheid en 'n gebrek aan mag. Hirschowitz (2000:15) dui aan dat die Oos-Kaap die armste provinsie in terme van gemiddelde maandelikse huishoudelike uitgawes is. In Oktober 1994 is die eerste nasionale huishoudelike opname deur Statistiek SA gedoen. Volgens die verslag van die Wêreldbank (1997) het amptelike data tussen 1976 en 1994 die onafhanklike TBCV gebiede uitgesluit en hierdeur is talle armes van die land uitgesluit. Verder verskil die aanduidings van armoede grootliks ten opsigte van ras, geslag en geografiese ligging binne die land. Hierdie vergelykings word ondersteun deur die Human Development Index. Die indeks dui aan dat lae vlakke van menslike ontwikkeling in veral die Noordelike Provinsie van die land voorkom.

1.3.3 Aspekte van armoede waarmee die kerk op plaaslike vlak gekonfronteer word

Die kerk word op plaaslike vlak gekonfronteer met die realiteit van armoede. 'n Deeglike begrip van die kompleksiteit van armoede sal die kerk help om effektief in sending te wees.

Armoede as 'n gebrek aan hulpbronne

Wilson en Ramphele (1989:34) meld dat armoede binne die Suid-Afrikaanse konteks in terme van die beskikbaarheid van grond, brandhout en water verstaan moet word. Hier gaan dit oor 'n “stryd met die grond” om voedsel te produseer. Dit bring mee 'n stryd met die klimaat wat aspekte soos droogtes en oorstromings insluit. Dit is juis die landelike bevolking wat die swaarste onder armoede ly.

Werk en salaris

Vir talle mense in Suid-Afrika is hulle werk die hoofbron van inkomste. Die onmiddellike oorsaak van armoede in Suid-Afrika hang daarmee saam dat die salaris wat mense verdien vir die arbeid wat hulle verrig, onvoldoende is om in die basiese behoeftes van hulself en hul afhanklikes te voorsien (Wilson en Ramphele 1989:54). Werkloosheid is 'n werklikheid en die vlakke hiervan is hoog in Suid-Afrika (Wilson en Ramphele 1989:84). Hier word beklemtoon dat die hoë getalle werkloosheid “involuntary unemployment” insluit. Brair (1988:45) meld dat daar vandag duidelike bewyse is dat werkloosheid sosiale probleme veroorsaak wat verband hou met armoede, siektes, gesinsprobleme en misdaad. Die gevolge van werkloosheid sluit in depressie, selfmoord, verstandelike siektes, psigiatriese hospitalisasie, gesinsgeweld en konflik, egskeiding, moord en misdaad asook versteurde eet- en slaappatrone.

Hongerte en siektes

Suid-Afrika is 'n groot uitvoerder van voedsel tog is dit 'n land waar hongerte en wanvoeding wydverspreid voorkom (Wilson en Ramphele 1989:100). Siektes word geassosieer met swak voeding wat lei tot hoë sterftesyfers veral onder kinders. Dit word vererger deur die beperkte toegang wat armes het tot mediese dienste wat gepaard gaan met hoë kostes. Die frekwensie en graad van siektes is dus hoër onder armes en sluit siekte is soos gastroënteritis, cholera, tifus, disenterie, masels en tuberkulose.

Behuising

Een van die uitstaande kenmerke van die Carnegie Inquiry is die omvang waarmee navorsers geskryf het oor die oorbevolkte en onvoldoende toestande van behuising in Suid-Afrika (Wilson en Ramphele 1989:124). Die tekort aan behuising gee aanleiding tot die ontstaan van informele nedersettings (plakkerskampe).

Opvoedingspeil

Ongeletterdheid is oorweldigend in Suid-Afrika. Volgens die 1980 sensus het 33% van Afrikane ouer as 15 jaar aangedui dat hulle volgens hulself ongeletterd is, terwyl 30% van dié ouer as 20 jaar nie 'n vlak van opvoeding hoër as standerd 4 (graad 6) ontvang het nie en dus ook funksioneel ongeletterd is (Wilson en Ramphele 1989:138). Die afwesigheid van bronne en die kwaliteit van opvoeding vir swart kinders bly ver onder die vlak van dié vir wit kinders. Dit hang saam met 'n tekort aan opgeleide onderwysers, swak skoolgeboue, groot leerling getalle in klein klaskamers en geen biblioteke of toiletgeriewe.

Maatskaplike probleme

Misdaad kom algemeen voor in 'n konteks waar armoede heers. Dit hang saam met rooftogte waar mense roof om moontlik 'n bestaan te maak of roof bloot uit frustrasie (Wilson en Ramphele 1989:152). Misdaad is die produk en gevolg van onsekerheid en wanhoop waarin miljoene mense hul bevind en vasgevang is. Kategorieë van misdaad sluit in moord, verkragting, roof en aanranding.

Menslike ontwikkeling

Menslike ontwikkeling hang saam met aspekte soos opvoeding, gesondheid en werkloosheid. Daar is 'n sterk korrelasie tussen die vlak van opvoeding en die lewenstandaard waar armoede kenmerkend is. Daar is ook 'n sterk korrelasie tussen armoede en gesondheid want toegang tot effektiewe gesondheidsdienste is gerig op spesifieke maatskaplike situasies en omgewings. Daar is verder ook 'n noue verband tussen armoede en werkloosheid. Armes moet staatmaak op 'n verskeidenheid van bronne vir inkomste want behalwe werkloosheid is diegene wat wel werk se inkomste laag. Statistieke sê min oor mense se werklike ervarings van armoede. "SA-PPA" (Verslag Statistiek SA) studies toon dat swak gesondheid, harde werk met lae inkomste en geen invloed om verandering te weeg te bring, die vlakke van angs en depressie by armes

verhoog. Die afwesigheid van mag, werk veral nadelig in op vroue waar daar ongelyke magsverhoudings voorkom. Armes ervaar voortdurende emosionele spanning en geweld wat 'n groot impak op hulle lewens maak.

1.3.4 Moontlike oorsake van armoede

Armoede is die gevolg van ideologiese invloede en maatreëls wat dit konkretiseer. Die apartheidsideologie het sekeres op grond van ras bevoordeel terwyl ander benadeel is. 'n Tweede oorsaak van armoede is waar strukture en prosesse bepaal dat sekeres ryk is ten koste van ander wat arm bly. Daar word dus meganismes in prosesse ingebou wat sekere mense bevoordeel en ander benadeel. Ekonomiese strukture op makrovlak sluit in die IMF en die Wêreldbank. Suid-Afrika, soos talle ander lande, het nie die effek van kolonialisme vrygespring nie, met die gepaardgaande armoede wat dit vir sekere dele van die bevolking ingehou het.

Daar bestaan verskillende teorieë wat probeer om die oorsake van armoede te beskryf (Stitt 1995:23). Die strukturele teorie gaan van die veronderstelling uit dat armoede verstaan kan word deur die onderskeidende en aparte strata binne die gemeenskap te identifiseer wat armoede onderhou. Maatskaplike instellings onderhou self armoede om hulle voortbestaan te verseker. Indien die basis van armoede gesetel is binne die ongelyke strukture van die gemeenskap, dan sou die oplossing vir armoede wees die aanspreek van die ongelykheid en daardeur die hervorming van sosiale en ekonomiese sisteme. Sosiale instellings word dus geblameer vir armoede.

'n Volgende teorie oor die oorsake van armoede is die individualistiese teorie. Volgens hierdie teorie val die oorsake van armoede binne die kenmerke en motivering van individue. Maatreëls moet dus fokus op die individu en hulle waardesisteem vir verandering en die verbreding van die individu se werksgeleentede.

Volgens die ekonomiese teorie is armes arm omdat hulle werkloos is of omdat hulle te veel vir hulle arbeid verwag. Armoede word veroorsaak deur die keuses wat armes maak. Dié keuses verlaag die potensiële vaardighede van die werkers. Hierdie teorie werk met die aannames van perfekte kompetisie en balans van die mark, die soewereiniteit van die werker en die harmonie van belangstellings.

Volgens die “kultuur van armoede” teorie bestaan daar 'n subkultuur van armoede onder die

armste ekonomiese en sosiale groepe van die gemeenskap. Binne hierdie gemeenskappe word armoede as 'n leefwyse aanvaar.

Volgens die arbeidsmarkteorie word die arbeidsmark direk verantwoordelik gehou as die hooforsaak van armoede. Dit verwys na die behoeftes en aanvraag van die mark vir verskeidenheid in kwaliteit van werkers, die verskillende vlakke van werkers en die interaksie van die vereistes op die motivering van die werkers.

Daar moet ook op 'n makrovlak gekyk word na die oorsake en oplossings vir armoede. Die Wêreldbank verslag (1997:4) som die oorsake en gevolge van armoede in Afrika soos volg op: die onvoldoende toegang tot werksgeleenthede, onvoldoende fisiese bates, onvoldoende toegang tot die bronne om landelike ontwikkeling in arm streke te ondersteun, onvoldoende toegang tot markte vir goedere en dienste wat die armes kan verkoop, die lae aanleg van menslike kapitaal as gevolg van onvoldoende toegang tot opvoeding, vernietiging van natuurlike hulpbronne, onvoldoende hulp aan dié wat ly as gevolg van droogtes, peste en vloed en onvoldoende deelname van die armes. Die mense in Afrika is van die armste in die wêreld, beide in terme van werklike inkomste en toegang tot sosiale dienste. Die groot getalle armes dui op die oneffektiewe benutting van bronne.

Omgewingsfaktore het ook 'n invloed op armoede. Armoede hou verband met die omgewing want natuurlike hulpbronne kan uitgeput word. Hulpbronne is nie eweredig oor die aarde versprei nie. Dit kom daarop neer dat armoede heel dikwels voorkom waar daar 'n gebrek aan hulpbronne is. In 'n hele aantal lande is daar weer 'n oorvloed van hulpbronne, maar die opbrengs word deur 'n klein deel van die bevolking gedeel. Met die benutting van hulpbronne word die ekologiese balans in die natuur ook versteur (Fitzgerald e.a. 1997:45).

1.3.5 Moontlike oplossings vir armoede

Boshoff (1989:6-7) verduidelik dat die “basiese behoefte benadering” as oplossing vir armoede ontstaan het as gevolg van die bydrae wat die Wêreldbank en die International Labour Organization (ILO) in Maart 1976 gelewer het. Dit word soos volg gedefinieer:

- a) minimum requirements for food, shelter, clothing, housing and
- b) provision of basic services - drinking water, sanitation, public transport, health, educational and cultural facilities.

Hierdie benadering sluit nou aan by die “werk-geleentheid-” en die “inkomste-distribusie-benadering”, maar beskou dit nie as genoegsaam om in die basiese behoeftes van mense te voorsien nie.

Jones (1999:53) meld dat die Wêreldbank in sy verslae veral fokus op die armes se eie persepsie van oplossings vir armoede. Die persepsies sluit in die lewering van dienste, die effek van landbesit, die effek van arbeid en kapitaalmarkte op die lewens van die armes, die spesifieke aspekte van die ekonomie en regulerende raamwerke van lande, die verandering in die effektiwiteit van die verskillende strategieë vir oorlewing en die belangrikheid van organisasies in die gemeenskap. In respons hierop wil die Wêreldbank die persepsies van armes oor toeganklikheid en relevansie van dienste op die voorgrond bring. Die doel hiervan is om ’n analise van beperkinge te maak wat tot ’n verbetering en realisering van markgebaseerde geleenthede van die armes kan lei asook ’n analise van die maatreëls ter bevordering van ondersteuning in nood en veiligheid. Die prioriteite van die armes sluit in die gevoel van isolasie ten opsigte van dienste, markte, regeringsinstellings en inligting, watervoorsiening, sekuriteit van lewe en bestaan, toegang tot gesondheidsdienste as ’n hoë prioriteit en die belangrikheid van toegang tot werk in stedelike gebiede, vaardighede en opvoeding asook krediet vir kleinsake.

Die rol van die Suid-Afrikaanse regering

Die regering kan hul toewyding tot armoede toon deur publieke bekendmaking en aksies (Government Document: The nature and measurement of poverty). Maatreëls moet volhoubare groei en armoedeverligting verseker. Forums word voortdurend nodig wat armoede bespreek, evalueer en pogings koördineer om armoede te verlig. Publieke uitgawes moet hersien word as ’n basis om georiënteer te wees ten gunste van die armes in publieke programme vir investering. Die ANC-regering het sedert 1994 hulle toegewy aan die uitwissing van armoede deur die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP). Slegs ’n paar jaar hierna is daar beweeg vanaf die HOP na ’n program met die fokus op ekonomiese groei (GEAR). Die impak van armoede is so groot in Suid-Afrika dat die regering homself verbind het om armoede uit te wis.

Die regering kan nie hul verpligting ten opsigte van armoede afskaal deur onder andere dienste te privatiser nie. Jones en Nelson (1999:16) noem dat die regering die primêre bron is vir die

organisering van kollektiewe aksies wat insluit die voorsiening van oop ruimtes, vullisverwydering, sanitasie, riolering, beheer van besoedeling en ander maatreëls vir gesondheid. Barberton e.a. (1998:7) is van mening dat die grondwet die raamwerk skep vir politieke debat en om na gelykheid tussen mense te soek. Dit beperk die regering om in te meng in die lewens van mense. Die grondwet sit die magte van instellings uiteen van wat hul nie mag doen. Die uiterste ongelykheid rakende inkomste in Suid-Afrika veroorsaak dat armoede, hongerte en oorbevolking sy-aan-sy met oorvloed en weelde voorkom. Die ervaring van bykans die helfte van die bevolking is een van uiterste armoede en die kwesbaarheid om arm te word. Die regering het dus 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van die probleem van armoede.

Toegang tot kwaliteit werksgeleenthede is van kritiese belang om volhoubare huishoudings te vestig en hierdeur armoede te verlig (Stitt 1995:45). Die uitdaging bly dus om meer en beter werkgeleenthede te skep. Afname in die mynbou het 'n negatiewe effek op landelike gesinne gehad. Werkers in die landbou is van die armste in die land. Vroue wat betrokke is in huishoudelike dienste word ook benadeel. Die sleutel om die kwaliteit van werk te verbeter, lê in die skep van voldoende infrastruktuur, opleiding in vaardighede en meer effektiewe beleid om ondersteuning vir mikro-ondernemings te verseker.

Volgens die “Poverty and Inequality”-verslag kan die regering deur 'n makro-ekonomiese beleid 'n omgewing skep wat ekonomiese groei en die vermindering van armoede fasiliteer. Maatreëls ten opsigte van die arbeidsmark om armoede te verlig moet die volgende insluit: maatreëls wat direk die tempo van werkskepping laat toeneem, maatreëls wat direk op die gehalte van werk fokus en daarmee saam die inkomstevlak van armes verhoog, maatreëls wat die kwaliteit en vaardighede van die arbeidsmag verhoog, maatreëls wat die mag van werkers affekteer ten opsigte van onderhandeling en die skep van aanmoedigings om hulle van 'n goeie werk te voorsien. Finansiële ondersteuning aan die informele sektor is ook belangrik vir die verbetering van die inkomstepotensiaal van mense wat betrokke in hierdie sektor is. Maatreëls ten opsigte van arbeid moet ook die volgende in ag neem: gelykheid en diskriminasie ten opsigte van ras en geslag; die behoud van standarde en werksekerheid met verwysing na die “Basic Conditions of Employment Bill”; die daarstel van minimum salarisse wat die armes sal bevoordeel; opvoeding, opleiding en aanleer van vaardighede en 'n nasionale sosiale ooreenkoms vir die balans tussen die mark en wetgewing asook die

verspreiding van bronne.

Die gebrekkige integrasie van gefragmenteerde burokrasie het 'n negatiewe effek op die lewering van basiese gesondheidsdienste gehad (Stitt 1995:51). Dit hou verband met onvoldoende bestuur en strukturele hindernisse. Armoede fasiliteer onder andere die oordrag van VIGS en dit dra by tot die risiko dat gesinne mag verarm. Die meer effektiewe implementering van die nasionale vigsplan sal groter politieke toewyding verg. Armoede is ook 'n basiese oorsaak van wanvoeding. Verdere navorsing in dié verband word nog benodig. Arm mense is baie kwesbaar vir geweld en geweld kan weer tot armoede lei. Aandag moet geskenk word aan 'n strategie vir die voorkoming van geweld teen armes. Opvoeding en opleiding wat vir armes van belang is, sluit in vroeë kinderjare ontwikkeling, voorskoolse opleiding, basiese opvoeding, opleiding vir volwassenes en indiensopleiding vir voormalig benadeelde gemeenskappe. Die meeste van die regering se pogings vir opvoeding is gefokus op skole in plaas van op bogenoemde areas. Hierteenoor spandeer sekere provinsies nie alle gelde wat aan hulle gegee is nie. Die kombinasie van armoede, geweld en sosiale chaos dra by tot die vinnige oordrag van die MIV virus.

Die ontwikkeling van infrastrukture moet uitgebrei word na alle sektore van die bevolking. Afwesigheid van water en sanitasie maak mense kwesbaar vir swak gesondheid (Stitt 1995:32). Armes ervaar ook wat na verwys word as energie armoede. Dit hou verband met 'n gebrek aan onder andere elektrisiteit. Vervoer is 'n belangrike faktor in die toegang tot maatskaplike dienste. Betroubare kommunikasie bied toegang tot informasie, werkseleenthede, opvoeding en gesondheidsdienste. Die oprigting van klinieke het 'n groot rol in die aanspreek van armoede gehad hoewel administratiewe probleme 'n vertraging veroorsaak het. Dit is veral die gesondheidsbeleid wat toegang tot die dienste vir armes moontlik gemaak het. Die finansies van die Departement van Welsyn word bestee aan pensioene aan bejaardes, pensioene vir ongeskiktheid, kinder- en gesinstoelaes en maatskaplike verligting. Dit is reeds vasgestel dat bedrog en diefstal ongeveer 10% van die begroting van die Departement van Welsyn absorbeer. Talle munisipaliteite ervaar finansiële probleme omdat mense nie betaal vir dienste wat gelewer word nie. Betaling vir dienste is belangrik vir die voortgesette lewering van hierdie dienste. Areas wat deur die armes bewoon word, het nie die nodige infrastruktuur soos straatligte, telefone, publieke vervoer en ordentlike strate nie. Hierdie tekorte bevorder misdaad.

Die rol van sosiale bewegings en nieregeringsorganisasies in armoedeverligting

Volgens Coetzee en Graaf (1996:324-351) verwys gemeenskapsorganisasies na vakbonde en gemeenskapsgebaseerde organisasies. Die organisasies, onder andere COSATU, SANCO en SACP het 'n groot rol in die bevrydingstryd in Suid-Afrika gespeel. Hierdie bewegings is hoofsaaklik progressief en reaksionêr. Die unies het die droom gehad en belofte gebring van 'n nuwe radikale demokratiese orde en verwys na 'n deelnemende demokrasie vir Suid-Afrika. Behalwe die stryd van die werkersklas het studente-organisasies ook 'n groot bydrae gelewer. In 1983 is die United Democratic Front (UDF) gevorm wat 'n wettige verlengstuk verteenwoordig het van die verbanne ANC. Apartheid is gesien as 'n gemeenskaplike vyand. Die stigting van COSATU in 1985 het 'n meer konstruktiewe verhouding gevestig tussen die unies en ander gemeenskapsorganisasies. Die vryheidsmanifes van die ANC is as basis deur hierdie organisasie aanvaar. In 1988 is die UDF verban en dit is vervang deur die Mass Democratic Movement (MDM). COSATU het nou 'n groter rol gespeel juis as gevolg van die unies se posisie in die vervaardigingsproses. Hieruit blyk die unies se rol duidelik in die bevrydingstryd in Suid-Afrika. Die unies het deurgaans die massas se betrokkenheid in besluitneming en ontwikkeling beklemtoon. Die uitdaging waarvoor dié unies vandag staan, is of hulle onafhanklik van die demokratiese staat kan funksioneer. 'n Verdere stryd is om gemeenskapsorganisasies op grondvlak te bly terwyl die unies betrokke is in ontwikkeling.

Nieregeringsorganisasies (wat die kerk insluit) het groot sukses bereik met programme vir ontwikkeling en het sekere voordele bo die regering in dienslewering, omdat hulle oor beter inligting oor die toestande op grondvlak beskik, asook omdat hulle goeie kontakte en verhoudings opgebou het (Armoede en Ongelykheidsverslag 1998). Hulle is in staat om vinnig te reageer op probleme op grondvlak en om aan te pas by veranderde behoeftes. Verder het hulle 'n kleiner burokrasie en neig om meer verantwoordelik te wees wat korrupsie verminder. Hulle kan maklik arm gesinne identifiseer en hulp toespits op diegene wat dit benodig. Hulle dien as die "waghond" in die gemeenskap en is in staat om 'n verskeidenheid kreatiewe oplossings vir probleme te bied. Basiese dienste kan teen lae koste voorsien word waar van vrywillige arbeid gebruik gemaak word. As gevolg van beperkte hulpbronne van dié tipe organisasies, kan hulle nie grootskaalse projekte onderneem nie. Na 1994 moes talle nieregeringsorganisasies wat betrokke was by die voorkoming van MIV/Vigs sluit omdat internasionale donateurs fondse direk aan die regering geskenk het. Hierdie organisasies het

egter 'n groot rol gespeel in die daarstel van die nasionale vigsplan. Vir die effektiewe implementering van die plan, sal groter politieke, burokratiese en finansiële toewyding benodig word asook meer effektiewe stappe om te fokus op die kwesbaarste groepe. Dit behels ook dat daar 'n verbetering in die swak verspreiding van hulpbronne moet wees.

Die rol van die kerk

In die algemeen word na die kerk verwys as 'n geloofsgebaseerde organisasie (faith base organisation) wat min of meer dieselfde rol as nieregeringsorganisasies in armoedeverligting vervul. So het die kerk 'n aktiewe rol gespeel in die bevrydingstryd teen apartheid in Suid-Afrika. Binne die nuwe demokratiese bestel, behoort die kerk toe te sien dat die doelwitte van die bevrydingstryd verwesenlik word veral ten opsigte van die armstes in die land. In die verlede het die kerk ook 'n aktiewe rol vervul in armoedeverligting in verskeie vorme, byvoorbeeld opvoeding, gesondheidsdienste, die verspreiding van voedsel en klere, bou van kinderhuise en ouetehuse, aanleer van vaardighede en die algehele welsyn van die mens. Die kerk is egter nie die enigste rolspeler in armoedeverligting nie en moet dus saamwerk met ander rolspelers in armoedeverligting waaronder die regering, die privaatsektor, vakbonde en nieregeringsorganisasies resorteer.



1.4 Kerk, teologie en armoede: 'n Oorsig

1.4.1 Armoede in die geskiedenis van die Christelike tradisie

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die komplekse problematiek rondom armoede besondere uitdagings aan die kerk stel. Die geskiedenis van die Christelike kerk dui onmiskenbaar daarop dat armoedeverligting verstaan moet word as 'n sleutelaspek van die bediening van die kerk.

Die vroegste Christelike gemeente het die klem op armoedeverligting geplaas deur hulle eiendom te verkoop en alles gemeenskaplik te besit (Bouyer 1968:87). Hulle het van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met eenvoudigheid van hart geniet (Handelinge 3). Daar is omgesien na die weduwees en die wese en daar is in die behoeftiges se nood voorsien.

Die sukses van die Christelike kerk onder leiding van die kerkvaders soos Justinus Martyr, Clement, Origenes, Tertullianus en Cyprianus (100-311 n.C.) is toegeskryf aan die effek van die boodskap op mense se harte en lewens, die beklemtoning van die omstandighede van die

armes en lydendes, broederliefde, barmhartigheid en die bereidheid om hulle lewe vir mekaar af te lê (Daniel 1993:231). Dit het aansluiting gevind by die sosiale leerstellings van die Katolieke Kerk wat liefde, vergifnis, barmhartigheid veral aan die armes en respek vir lewe beklemtoon het.

Sint Basil (gebore 329 n.C.) sluit hierby aan en verwys na die liefde vir jou naaste wat met barmhartigheid en medelye behandel moet word (Lowther 1913:240). Die hulpkreet van die armes moet gehoor word en aanbidding moet met geregtigheid teenoor die armes gepaardgaan. Volgens die Heilige Basil verwag God van gelowiges om voortdurend hulle besittings met ander te deel sodat God se barmhartigheid in hulle getoon kan word. Hy is dan ook beskryf as die vriend van die armes en het 'n inrigting opgerig, Basileid, wat moes sorg vir vreemdelinge en arm siekes versorg (Obstat 1907:342).

Die kerkvader, Sint Augustinus, verwys na die belangrike en goeie werke wat deur monnike en nonne in die gemeenskap verrig is om die armes te help (Obstat 1907:350). Volgens Sint Augustinus word die Christen verplig om hom of haar nie slegs van onheil te weerhou nie, maar ook om goed te doen. Dit behels om die hongeres te voed, die naakte te klee, die gevangenes te besoek, die siekes te versorg en om vir vreemdelinge om te gee. Goeie werke is selfs as maatstaf gebruik om eendag saam met Christus te kan regeer.

Die Middeleeue (vanaf 590 n.C.) is gekenmerk deur die invloed van Konstantyn, waar die kerk as staatskerk gefunksioneer het (Rosenwein 2004:305). In hierdie tydperk het talle Christene wat arm was die geleentheid gekry vir opwaartse mobiliteit. Die ontstaan van die kloosters in die vroeë Middeleeue het veroorsaak dat die kerk uit die gemeenskap onttrek en armoedeverligting is hierdeur dikwels nagelaat. Monnike van Cluny het in die elfde eeu weer hulle maatskaplike verantwoordelikheid opgeneem (Rosenwein 2004:57). In die laaste deel van die Middeleeue is die armes onderdruk en hulle moes harde arbeid verrig. Hierdie tyd is ook gekenmerk deur oorloë. Sint Francis van Assisi (gebore 1182 in Italië) het sy dienswerk begin deur alles wat hy besit het na te laat en vir siekes te sorg (Englebert 1982:12-14). Hy het 'n eenvoudige lewenswyse en armoede deur sy prediking beklemtoon. Hy het op God se voorsiening vertrou en enige oorskotte aan die armes gegee. Sint Francis het geleef volgens sy drie geloftes aan God, naamlik eenvoud, barmhartigheid en gehoorsaamheid. As gevolg van sy voorbeeld het hy die grootste godsdienstige orde, die Franciskane, gestig.

Martin Luther (gebore 1483 in Duitsland) het opgegroeï in 'n uiters eenvoudige huis. Hy het aangedui dat heil nie bereik kan word deur goeie dade nie, maar slegs deur geloof. Volgens Luther word goeie werke voorafgegaan deur “geestelike” bekering (Nicholls 1985:30). Hy het wel volgehou met die Katolieke leerstellings ten opsigte van barmhartigheid. Luther het homself sterk uitgespreek teen die heersende leiers in die kerk wat in weelde geleef het. Luther was simpatiek teenoor die plaaswerkers in hulle stryd, maar hy het van hulle verwag om geen geweld te pleeg nie. Sommige meen egter dat Luther se leer verantwoordelik was vir die opstand van die plaaswerkers en die oorlog.

Johannes Calvyn (gebore 1509 in Frankryk) het as deel van sy hervormings die amp van diakens ingestel. Hulle was verantwoordelik vir die toesig van barmhartigheid asook die opstel van programme vir hospitaalbesoeke en armoedeverligting (McGrath 2003:45). Hy wou die gesondheid en welsyn van gesinne en die gemeenskap bevorder.

John Wesley (gebore 1703) is geken as 'n leier met sterk standpunte ten opsigte van armoede, slawerny, dwelmmisbruik, die opvoeding van kinders en die rol van vroue (Wesley 1979:12-15). Wesley was verantwoordelik vir die begin van die “Practical Piety” beweging. Wesley het groot klem geplaas op die werke van barmhartigheid in sy prediking. Die lys van vorms van barmhartigheid wat Wesley voorgehou het, is talryk. Dit sluit in die gee van voedsel aan die hongeres, om dié wat naak is te klee, versorging van vreemdelinge, besoeke aan pasiënte in hospitale en gevangenes, vertroosting van die gebrokenes en enige ander vorm van barmhartigheid.

Die Heilsleër (The Salvation Army) het ontstaan in 1865 uit die Metodiste Kerk onder leiding van William Booth (Winston 2000:76). Die doel van hierdie beweging is die bevordering van opvoeding, armoedeverligting, barmhartigheidsdienste tot voordeel van die gemeenskap en die wêreld as 'n geheel (McKinley 1995:45). Die Heilsleër fokus veral op die armes, die behoeftiges en mense sonder huise, dwelmverslaafdes en prostitute. Die Heilsleër bring ook groot verligting in tye van natuurlike rampe soos aardbewings, vulkaniese uitbarstings en oorstromings. Die ordening van vroue word toegelaat in die Heilsleër. Deur laasgenoemde word die werk van die beweging bevorder het. Die werk van die Heilsleër het tot binne konsentrasiekampe gestrek. Verder het die Heilsleër ook 'n program vir die opspoor van verlore persone wat reeds groot vrug afgewerp het. Die Heilsleër het talle programme om die

jeug van ons dag te akkommodeer.

In die twintigste eeu was armoedeverligting ook binne die konteks van die ekumeniese beweging en meer spesifiek die Wêreldraad van Kerke (WRK) 'n saak van uiterste belang. Naas die klem op "Faith and Order" (wat fokus op dogmatiese eenheid tussen kerke) is veral die klem op "Life and Work" en "Church and Society" hier van belang. Die agenda van "Life and Work" sluit in om menslike behoeftes te verlig, om skeidings af te breek tussen mense, om te soek vir reg en (ekonomiese) geregtigheid en om die integriteit van die skepping te bewaar (Raiser 1997:79). Programme van die WRK sluit in die uitwissing van rassisme (Van der Bent 1980:34) en apartheid, oplossings vir burgerlike konflik asook dialoog tussen die godsdienste van die wêreld. Die WRK wil dus die kerk se maatskaplike getuieis bevorder en as profetiese stem optree in tye van krisis. Dié getuieis wil aspekte aanraak ten opsigte van geweld, oorloë, menseregte, ekonomiese ongeregtigheid, armoede, uitsluiting, misbruik van mag en bevordering van vrede (Brash 1981:17). Ander aspekte van belang vir die WRK sluit in die versorging van vlugteling, MIV/Vigs, bewaring van hulpbronne asook moontlikhede vir opleiding.

Sedert die 1960s het armoedeverligting ook groot aandag geniet binne die Latyns Amerikaanse konteks. Armoede is hoofsaaklik verstaan as 'n gevolg van politieke onderdrukking en daarom is bevryding vanuit sodanige onderdrukking bepleit. McAfee Brown (1990:50) verduidelik dat die bevrydingsteologie vanuit 'n Latyns Amerikaanse perspektief sy ontstaan gehad het met 'n keuse vir en toewyding aan die armes. Dit word verstaan as effektiewe solidariteit met die klas wat uitgebuit en onderdruk word. Bevrydingsteologie stel sending gelyk aan die stryd om bevryding van die onderdrukte. Volgens Gutiérrez in Brown (1990:32) is armoede afbrekend vir menswaardigheid. Hy beklemtoon ook dat dié armoede nie per toeval is nie, maar struktureel bepaal is. Die uitdeel van kospakkies aan die armes is dus nie voldoende nie want die wortel van die probleem word nie aangespreek nie. Sending aan die armes vereis die skep van 'n nuwe sosiale orde. Vir Sobrino (1985:5) gaan dit binne die Latyns Amerikaanse situasie oor die besorgdheid oor mense wat honger is en die transformasie van toestande. Die wêreld moet gered word vanuit sy verlore toestand. De Santa Ana (1979:xviii) verduidelik dat die kerk se taak gepaard gaan met 'n ingewikkelde stryd omdat dit verband hou met die totale transformasie van die gemeenskap, insluitende die verandering in die politieke, ekonomiese en sosiale strukture op beide nasionale en

internasionale vlak. Dit verg 'n radikale herverdeling van bronne en mag. Die armes benodig nie slegs programme deur rykes vir armoedeverligting nie want die rykes en die strukture ondersteun die voortsetting van die probleem (De Santa Ana 1977:38).

In die geskiedenis van die kerk se betrokkenheid by armoede kan 'n bespreking van die rol van Moeder Teresa (gebore 1910) in armoedeverligting nie nagelaat word nie. Sy is die stigter van die "Missionaries Charity" en het in 1979 die Nobelprys vir vrede vir humanitêre werk ontvang (Spink 1997:37-48). Sy het vir meer as veertig jaar onder die armes, siekes, weeskinders en sterwendes in Indië gewerk. In die 1970s het sy internasionale bekendheid verwerf as spreekbuis vir die armes en hulpeloses. Volgens haar het God haar geroep om die klooster te verlaat en onder die armes in krotbuurte te woon en hulle te help. Sy het 'n skool begin en die hongeres gevoed. Die "Missionaries Charity" was verantwoordelik vir diegene wat honger, naak, sonder huise, kreupel, blind, melaats, uitgeworpe, wees en siek is. Vandag is daar talle sentrums vir die wese, VIGS pasiënte, vlugteling, blindes, bejaardes, alkoholiste, kreupeles en slagoffers van rampe reg oor die wêreld (Spink 1997:73). In 1952 het Moeder Teresa die eerste sentrum vir sterwendes in Kalkutta geopen. Sy het ook sentrums vir melaatses en verlore kinders geopen. Haar werk is ook na ander lande uitgebrei om die armstes onder die armes te bereik. Moeder Teresa het talle internasionale erkennings van regerings van verskillende lande ontvang. By tye het sy geweier om feesmaaltye tot haar eer by te woon en versoek dat die geld gegee word om die armes te help.

1.4.2 Kerk en armoede binne die Suid-Afrikaanse konteks

Die kerk het ook binne die Suid-Afrikaanse konteks die belangrikheid van armoedeverligting wel deeglik besef. Hier kan gewys word op die werk van veral drie denominasies:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) het noemenswaardige bydraes ten opsigte van armoedeverligting reeds sedert 1652 deur die Algemene Armsorgkommissie van die kerk gelewer (Hofmeyer 2002:293). Die NG Kerk het deur die jare met hierdie werk voortgegaan. Armoedeverligting binne die konteks van die NG Kerk omsluit 'n breë spektrum van aspekte soos gesinsorg, kindersorg, jeugwerk, arbeiders in fabriek en sorg vir die gevangenes. Armsorg verwys dus na alle maatskaplike dienste en barmhartigheid (Potgieter 1990:45). Voltydse vrywillige werkers het aandag gegee aan besoeke en versorging van die siekes in hospitale. Die diakonie het die verantwoordelikheid van die verligting van armoede binne die

gemeente vervul. Huise van barmhartigheid, Bethesda's, is gebou vir ongehude moeders. Tehuise vir sorgbehoewende kinders en vakskole is in talle stede en dorpe opgerig. In 1930 het die NG Kerk 'n arbeidsburo in die lewe geroep om werk vir werkloses te voorsien. Dit was egter hoofsaaklik gefokus op die armblanke-vraagstuk.

Die Metodiste Kerk in Suid-Afrika het ook die belangrikheid van armoedeverligting beklemtoon en noemenswaardige bydraes in dié verband gelewer. Die invloed van John Wesley se lering is duidelik sigbaar op die Metodiste Kerk. Dit is veral die diakonie wat verantwoordelik is vir sosiale ondersteuning in gemeentes (Holden 1977:10). Die diakonale dienste hou verband met dienslewering as 'n dienskneg en opoffering. Van die programme sluit in om straatkinders te voed, kinderhuise te onderhou, opvoeding, gespesialiseerde kindersorg, hospitaalbesoeke, programme vir drankverslaafdes, VIGS programme en sorg, programme vir landelike gebiede en talle meer (Hewson 1950:22).

Die Katolieke Kerk het ook die belangrikheid van armoedeverligting beklemtoon. Die sending van die Katolieke Kerk is hoofsaaklik om die Goeie Nuus aan alle mense te verkondig, 'n aanbiddingsgemeenskap te vorm en om die behoeftiges en uitgeworpenes te help (Crocker 2001:45-67). Volgens die Katolieke Kerk se leerstelling is daar 'n noue verband tussen heil en armoedeverligting. Die Katolieke Kerk leer dat heil deur geloof kom, maar dat geloof sonder werk dood is. Die mens word deur sy werke geregverdig en nie deur geloof alleen nie. Die ewige lewe is aan die een kant genade en aan die ander kant die beloning vir goeie werke en prestasies. Geloof en werk is die resultaat van God se genade. Die Katolieke glo dat God aktief in die wêreld is. Lede groei in genade deur deel te neem aan die sakramente, gebed, barmhartigheid en deur te vas. Die lede groei ook deur hulle sekulêre verantwoordelikhede na te kom en deur die samelewing met Christelike waardes te beïnvloed. Die Katolieke Kerk se sosiale leerstellings beklemtoon liefde, vergifnis, barmhartigheid veral aan die armes en respek vir lewe (Koch 1994:97). Die werk van barmhartigheid deur Moeder Teresa is alles onder die vaandel van die Katolieke Kerk gedoen. Talle van die voorbeelde van barmhartigheid is ook in Suid-Afrika gedupliseer. Talle hospitale is deur die Katolieke Kerk alhier gebou vir uitgeworpe mense wat arm, siek en bejaard is.

1.4.3 Kerk en armoede binne die konteks van die AGS

Armoedeverligting is ook vir die AGS Kerk 'n saak van groot belang. In die AGS Kerk se missiestelling (Bylae 6.4.6.2 - *AGS Konstitusie* 2000) word die kerk se taak soos volg omskryf: “om die geestelike en sosiale nood van die kerk en die gemeenskap aan te spreek”. Onder die geestelike nood word in die algemeen verstaan die doeltreffende “wen van siele” vir God se koninkryk; om kerkleiers en lidmate toe te rus vir dienswerk en die ontwikkeling van 'n heilige lewenswandel (*Missiestelling Konstitusie* Oktober 2000). Vir die AGS Kerk sluit die “sosiale nood” die volgende aspekte in: die algehele welsyn van mense, bejaardesorg en kindersorg (Uitvoerende Welsynsdepartement van die AGS - Jaarverslag 1998).

Die sosiale projekte van die AGS sluit in die bou van ouetehuse en die onderhouding daarvan. Hierdie ouetehuse akkommodeer nie slegs lidmate van die kerk nie, maar die hele gemeenskap het daartoe toegang. Opgeleide verpleegsters en maatskaplike werkers word deur hulle in diens geneem by hierdie instellings. Die AGS Kerk het ook 'n paar kinderhuse vir die versorging van hawelose kinders (*Welsynverslag* 1998). Die droom van die AGS Kerk is om 'n kerk te hê oral waar daar mense is en dit sluit informele nedersettings in. Armoedeverligting is die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeentes in die vorm van sopkombuise, die aanbied van opvoedkundige programme, opleiding in verskeie vaardighede (*AFM Herald Issue* 3), werkskepping en verwysing, programme vir die kinders en jeug, ontwikkeling van gesinne, klubs vir bejaardes, dwelmmisbruik, bewus maak van VIGS en versorging van pasiënte, fokus op misdaad (*AFM Herald Issue* 2), besoeke aan hospitale en gevangenes, versorging van straatkinders, verspreiding van klere, hulp aan gesinne ten tye van die afbrand van strukture, die uitdeel van kospakkies asook mediese dienste (*AFM Herald Issue* 2). Die kerk doen ook verwysings waar rehabilitasie nodig is vir dwelmverslaafdes. Bystand en verwysing word ook gedoen in gevalle van verkragting. Talle van bogenoemde programme word aangebied deur die plaaslike welsynsdepartement van die kerk. Hierbenewens word hospitumorganisasies gestig om gespesialiseerde sorg aan VIGS pasiënte te voorsien (*AFM Herald Issue* 2). Die AGS Kerk speel ook 'n groot rol in voorskoolse opleiding en talle gemeentes bedryf kleuterskole.

1.5 Afbakening en probleemstelling

Hierdie oorsig oor die literatuur rondom die kerk en armoede dui daarop dat daar geen twyfel bestaan dat die kerk 'n verantwoordelikheid ten opsigte van armoedeverligting het nie. Dit word in die literatuur op talle maniere gemotiveer. Terselfdertyd is dit ook duidelik dat die aanspreek van armoede nie die enigste verantwoordelikheid van die kerk is nie. Dit laat die vraag ontstaan: hoe hou die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armoedeverligting verband met die kerk se ander verantwoordelikhede? Anders gestel: wat is die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak?

Hierdie vraag is veral van groot belang vir die AGS Kerk. Die AGS Kerk verstaan die kerk se sendingtaak in terme daarvan dat die “geestelike nood” en “sosiale nood” van die kerk en die gemeenskap aangespreek moet word. Die verhouding tussen die geestelike en sosiale nood word egter nie in die amptelike dokumente van die AGS Kerk verduidelik nie. Dit laat die vraag of die geestelike nood voorrang moet geniet bo die sosiale nood van mense of andersom. Verdere vrae wat hierdeur ontlok word, sluit die volgende in: wat is die motivering of onderliggende redes vir die prioriteit van die een taak van die kerk bo die ander? Word die menslike sonde hoër geag as die menslike nood? Leef die mens slegs vir die hemel en is die aarde of wêreld daarom nie belangrik nie? Is slegs dié wêreld belangrik? Watter nood van die mens moet in die kerklike bediening 'n bepaalde prioriteit geniet – indien enige?

Hierdie studie sal fokus op 'n teologiese verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Ek sal in die besonder kyk na die wyse waarop hierdie plek verstaan is binne die Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers oor die afgelope drie dekades.

Dit hoef niemand te verbaas dat talle Suid-Afrikaanse kerkleiers en teoloë sedert die 1970s bydraes gemaak het met betrekking tot die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armes en armoede nie. Hier kan die bydraes genoem word van mense soos Alan Boesak (*A call for an end to unjust rule 1986, Black theology - black power 1976, Black and Reformed 1984, Farewell to Innocence 1976, If this is treason – I am guilty 1987 en Poverty – the moral challenge*); David Bosch (*Good news for the poor and the rich 1993, Heil in sendingperspektief 1990, Inleiding tot die sendingwetenskap 1980, Heil vir die wêreld 1979, Mission in creative tension 1990, The Church as alternative Community 1982, The vulnerability of mission 1991, Transforming missions 1991*); Isak Burger (*AFM Herald,*

Geskiedenis van die AGS kerk van Suid-Afrika 1908-1958 1987); Michael Cassidy (*Heal the land* 1987, *The politics of love* 1991, *Together in one place* 1978); Frank Chikane (*No life of my own* 1988b, *The church's prophetic witness against the apartheid system in SA*, *The road to Rustenburg* 1991 en *The churches and the South African crisis* 1988a); JJ Kritzinger (*Die stryd teen armoede* 1996, *On being witnesses* 1994, *The South African context for mission* 1989, *You will be my witnesses* 1984); Japie Lapoorta (*AFM Herald*, *Unity in Diversity* 1996); Simon Maimela (*Initiation into theology* 1998, *Culture religion and liberation* 1994, *God's creative activity through the law – a theology of social transformation*, *Proclaim freedom to my People* 1987, *We are one voice* 1989); Ray McCauley (*Power and Passion* 1996); Johan Mostert (*Focussing the Church to Serve* 1998); Albert Nolan (*God in South Africa* 1988, *Jesus before Christianity* 1976, *The church and the state* 1991, *Towards an agenda for contextual theology - 2001*); Klaus Nürnberger (*A democratic vision for South Africa* 1994, *An economic vision for South Africa* 1994, *Affluence poverty and the word of God* 1978, *Conflict and the quest for justice* 1989, *Ideologies of change in South Africa and the power of the Gospel* 1979, *Power and beliefs in South Africa* 1988, *Prosperity poverty and pollution* 1999, *Sistematiese Teologie* 1975, *The church and the search for justice and peace in South Africa* 1987, *The cost of reconciliation in South Africa* 1988, *Theology of the Biblical witness – an evolutionary approach* 2002); Phil Robinson (*Die Kerk en die Arme*); Willem Saayman (*Christian missions in South Africa* 1991, *Mission in bold humility* 1996, *Unity and missions* 1988, *You will be my witnesses* 1984); en Desmond Tutu (*Apartheid and the dignity of personhood* 1995, *Bishop Desmond Tutu - The voice of the one crying in the wilderness* 1982, *Crying in the wilderness – the struggle for justice in SA* 1990, *God has a dream – a vision of hope for our time* 2004, *Hammering swords into ploughshares* 1986, *Hope and suffering* 1983, *No future without forgiveness*).

Hierdie omvangryke literatuur word gekenmerk deur groot diversiteit en deur benaderings wat in konflik met mekaar staan. Die doel van hierdie tesis is onder meer om 'n oorsig oor hierdie literatuur te bied met spesifieke verwysing na die wyse waarop die plek van armoedeverligting binne die sendingtaak van die kerk verstaan word. Ten einde die mengelmoes van standpunte te karteer, is dit belangrik om die mees prominente benaderings in die debat te identifiseer. Die probleem wat in hierdie tesis aan die orde gestel word, kan dus soos volg beskryf word:

Op watter wyses word die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se

sendingtaak, binne die konteks van Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers in die afgelope drie dekades verstaan?

Hierdie studie fokus dus nie primêr op armoede nie hoewel 'n verstaan van armoede en die oorsake daarvan noodsaaklik is. Verder is die studie ook nie 'n empiriese ondersoek na wat die AGS ten opsigte van armoede doen of sou kon doen nie. Dit bestaan ook nie soseer uit 'n soeke na toereikende strategieë om armoede aan te spreek nie. Die navorsing wil nie ontwikkelingstrategieë vir die aanspreek van armoede ondersoek nie, maar die studie wil eerder bepaal watter verskillende benaderings geïdentifiseer kan word binne Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers ten opsigte van die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Die hoofdoel van hierdie studie is om 'n oorsig te gee van die literatuur, om verskillende benaderings in die verband te identifiseer en te beskryf en ook om die toereikendheid van die belangrikste standpunte in hierdie verband te beoordeel.

1.6 Hipotese en prosedure

In ekklesiologiese en missiologiese nadenke binne die Suid-Afrikaanse konteks kan daar myns insiens veral drie benaderings ten opsigte van die plek van armoedeverligting in die sendingtaak van die kerk geïdentifiseer word, naamlik:

- 'n Dualistiese benadering wat veral voorkom onder evangeliese groepe en waarin die verhouding tussen die “geestelike” nood en die materiële nood van mense nie toereikend verduidelik word nie;
- Die benadering wat binne bevrydingsteologie gevolg word en waarin 'n bepaalde prioriteit aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeken word;
- 'n Multidimensionele verstaan van die kerk se sendingtaak waaronder armoedeverligting ressorteer as één verantwoordelikheid naas talle andere en waarbinne enige prioriteit wat aan een dimensie van die kerk se sendingtaak toegeken word, saamhang met die bepaalde konteks waarbinne die kerk funksioneer.

In hierdie studie sal ek breedvoerig by elkeen van hierdie benaderings stilstaan deur die belangrikste eksponente van elke benadering binne die Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers te bespreek.

In hoofstuk 2 gee ek eerstens 'n kort oorsig oor die historiese ontwikkeling van die dualistiese

benadering en verwys ook na die bydrae van Bruce Nicholls as evangeliese verteenwoordiger buite die grense van Suid-Afrika. So 'n oorsig is hier nodig omdat dit die verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak binne die grense van Suid-Afrika beïnvloed. Daarna verwys ek spesifiek na bydraes van die mees prominente Suid-Afrikaanse evangeliese skrywers en hulle benaderings tot die verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Ek maak veral gebruik van die bydraes van Michael Cassidy en Ray McCauley. Daarna stel ek die dualistiese benaderings binne die AGS Kerk meer spesifiek aan die orde, met verwysing na die bydraes van Isak Burger en Johan Mostert. Hierdie skrywers word individueel aan die woord gestel ten einde 'n goeie begrip van hulle standpunte te verkry en om 'n regverdigte beoordeling te verseker.

In die bespreking van die skrywers se onderskeie standpunte sal gewys word op die wyse waarop hulle die aard van sending en die kerk se sendingtaak verstaan. Ek sal telkens wys hoe hulle verstaan van sending beïnvloed word deur hulle opvatting van heil wat vir die wêreld gebring moet word. Hierdie opvattinge van heil en sending beïnvloed insgelyks hulle verstaan van die plek wat aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeken word. In elke geval bied ek 'n kort beoordeling van die betrokke standpunt aan ten einde vas te stel of die plek wat aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeken word op 'n toereikende wyse verstaan word. Ek sal aantoon dat die meeste evangeliese groepe aktief is in hul pogings om “siele vir Christus te wen”, maar taamlik passief is wanneer dit by armoedeverligting kom (McCauley e.a. 1996:101; Van der Walt 1995:3; Cassidy 1989:67; Quere 1975:15). Hierdie benadering beklemtoon die mens se gebroke verhouding met God. Sommige evangeliese groepe soek weliswaar vir 'n balans tussen evangelisasie en die aanspreek van armoede binne die kerk se sendingtaak (McCauley 1996:8; Cassidy 1989:50). Daar bestaan dus 'n voortdurende spanning tussen hierdie twee aspekte van sending.

In hoofstuk 3 bied ek 'n kort oorsig oor die verstaan van die plek van armoedeverligting binne die ekumeniese missiologiese diskoers soos dit voorkom binne die Latyns Amerikaanse konteks. Hierdie benaderings het veral ook neerslag gevind in die Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers. In hierdie hoofstuk bespreek ek breedvoerig die bydraes van Suid-Afrikaanse bevrydingsteoloë soos Alan Boesak, Simon Maimela, Albert Nolan asook Desmond Tutu. Die standpunt van Frank Chikane as verteenwoordiger van die AGS Kerk word ook aan die orde gestel. Soos in hoofstuk 2 kyk ek hoe die skrywers sending en die

sendingtaak van die kerk verstaan. Verder is dit nodig om te let op hoe hierdie skrywers heil verstaan. Hulle opvattinge van sending en heil sal immers ook hulle verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak bepaal. Ek bied hier ook 'n kort beoordeling van die benadering van bevrydingsteologie ten einde vas te stel of hierdie verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toereikend is. Op die oog af lyk dit asof dié benadering armoedeverligting deur bevryding vanuit politieke onderdrukking as die kerk se eerste of selfs enigste taak stel. Daar moet in solidariteit met die armes gestaan word. Hierdie groep is aktief betrokke in maatskaplike veranderinge (Van der Walt 1995:3; Nolan 1987:10). Hierdie voorkeur opsie vir die armes word gemaak omdat die huidige konteks belangrik is. Is so 'n verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toereikend? Bring dit moontlik mee dat die kerk se ander take nagelaat word?

In hoofstuk 4 gee ek eerstens 'n kort oorsig oor die verstaan van die plek van armoedeverligting binne die verskillende paradigmas van sending deur die kerk se geskiedenis. Hierna sal ek 'n aantal Suid-Afrikaanse skrywers se bydraes ten opsigte van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak breedvoerig bespreek. Ek sal gebruik maak van die bydraes van David Bosch, J.J. Kritzinger, Willem Saayman en Klaus Nürnberger. Ek verwys ook na die bydrae van Japie Lapoorta as verteenwoordiger van die AGS Kerk. Soos in hoofstukke 2 en 3 sal ek kyk hoe die skrywers sending en die kerk se sendingtaak verstaan. In die bespreking van die skrywers se onderskeie standpunte sal gewys word op die wyse waarop hulle die aard van sending en die kerk se sendingtaak verstaan. Ek sal telkens wys hoe hulle verstaan van sending beïnvloed word deur hulle opvatting van die heil wat vir die wêreld gebring moet word. Hierdie opvattinge van heil en sending beïnvloed insgelyks hulle verstaan van die plek wat aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeken word. In elke geval gee ek 'n kort beoordeling van die betrokke standpunt ten einde vas te stel of die plek wat aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeken word op 'n toereikende wyse verstaan word.

Ek sal aantoon dat die multidimensionele benadering die kerk se sendingtaak as iets omvattend verstaan. Sending sluit daarom armoedeverligting in as een dimensie van die kerk se taak naas ander take. Die volle evangelie moet aan die ganse mensdom verkondig word. Armoedeverligting is wel een van die kerk se vele take daarom lyk dit asof die multidimensionele benadering die geskikste benadering is vir die verstaan van die plek van

armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Dit wil egter voorkom asof hierdie benadering die plek van armoedeverligting verskans of “versteek”. Is só ’n verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toereikend?

In hierdie studie maak ek ’n analise van die literatuur van bogenoemde skrywers se bydraes. Ek analiseer die bydraes van die skrywers om hulle verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak aan te dui. Ek bied ook ’n kort beoordeling om vas te stel of hierdie verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toereikend is.

Die belangrikste doelstelling van hierdie studie is dus om die verskillende benaderings wat binne die Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers gevolg word om die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak aan te dui, te identifiseer, te karteer, te analiseer en te evalueer.

In hoofstuk 5 van hierdie studie bied ek ’n selfstandige bydrae ten opsigte van die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. In hierdie hoofstuk gee ek eers ’n kort samevatting van die verskillende benaderings se verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Hierna volg ek die patroon van hoofstukke twee, drie en vier, naamlik deur die opvattinge van sending, heil en die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak met mekaar in verband te bring.

In die bespreking van die kerk se sendingtaak vind ek aansluiting by die multidimensionele benadering se opvatting van sending. In die daaropvolgende afdeling toon ek aan dat hierdie benadering immers in gebreke bly om die aard van die heil te verduidelik. Dit lei tot ’n sekere vaagheid in die verstaan van sending en daarom ook tot onduidelikheid oor die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak.

Die punt van verdeling tussen die verskillende benaderings wat in hoofstuk twee tot vier bespreek word, hang myns insiens saam met verskillende opvattinge van heil. In afdeling 5.3 staan ek daarom stil by ’n bespreking van die begrip heil. Ek maak gebruik van die bekende analise van die Sweedse teoloog Gustaf Aulén waarvolgens hy veral drie klassieke opvattinge van heil in die Christelike tradisie identifiseer. Aulén wys eerstens daarop dat die versoeningswerk van Christus verstaan kan word in terme van die oorwinning wat Christus deur die opstanding behaal het oor die magte van die dood. Hy bespreek in die verband veral

die bydrae van Irenaeus. Tweedens wys Aulén op die opvatting van heil as plaasvervangende versoening met spesifieke verwysing na die bydrae van Anselmus. Hiervolgens dui heil op versoening en veral op die vergifnis van sonde wat moontlik gemaak word deur Christus se lyding en sterwe aan die kruis. Aulén bespreek derdens die opvatting van Abelardus waarvolgens heil verstaan word in terme van die inspirerende voorbeeld wat deur die lewe van Christus daargestel is.

Aulén se analise is besonder invloedryk, maar dit is ook aan indringende kritiese toetsing onderwerp, veral in terme van die detail van sy analise. Die onderskeid tussen hierdie drie opvattinge van heil word nietemin in talle ander bydraes gehandhaaf. In hierdie studie maak ek gebruik van sy analise, maar dan ook van die aanvullende bydraes van Colin Gunton, Alister McGrath en Ernst Conradie.

Ek sal aantoon dat hierdie drie opvattinge van heil steeds besonder invloedryk is en dat die evangeliese benadering aansluiting vind by die opvatting van heil as versoening en vergifnis. Aangesien vergifnis iets is wat noodwendig van buite af kom en deur 'n bepaalde woord van vergifnis verkondig moet word, gee die evangeliese benadering voorrang aan die verkondiging van die evangelie van vergifnis van sonde binne die kerk se sendingtaak. Die plek van armoedeverligting binne die sendingtaak van die kerk word op grond daarvan verstaan as óf voorbereiding vir die boodskap van vergifnis óf as voortvloeiend daaruit.

Ek sal verder aantoon dat die bevrydingsteologie aansluiting vind by die opvatting van heil as oorwinning vanuit die dood en 'n mens kan insgelyks byvoeg, onderdrukking, armoede en ellende. Vanuit hierdie opvatting van heil val die klem dan op 'n vorm van sending waarin die konkrete omstandighede van mense daadwerklik verander moet word. Die verligting van armoede hou ten nouste verband met só 'n verstaan van heil en daarom geniet dit dan ook 'n bepaalde prioriteit binne hierdie benadering.

Binne die multidimensionele benadering word hierdie verskillende opvattinge van heil tipies nie aan die orde gestel nie. Daar word eerder gepraat van heil in terme van omvattende welsyn (Nürnberg) sonder om die verhouding tussen die verskillende opvattinge van heil (verlossing, vergifnis en morele beïnvloeding) te verduidelik. As gevolg hiervan word die plek van armoedeverligting in die sendingtaak van die kerk eerder versteek as verhelder.

In aansluiting by die bydrae van Ernst Conradie sal ek dan probeer aantoon hoe hierdie

opvattinge van heil met mekaar verband hou. In sy bydrae probeer Conradie (2006:1-13) juis aantoon hoedat die opvattinge van heil in evangeliese kringe en in bevrydingsteologie mekaar wedersyds kan bevrug. Hy doen dit op grond van 'n onderskeid tussen die verreikende gevolge van sonde (die kwaad) en die diepste oorsake van die kwaad, naamlik sonde.

Conradie (2006:7) meen dat die opvatting van heil as “oorwinning” saamhang met die insig dat daar omstandighede is waarin verlossing verlang word vanuit die verreikende gevolge van sonde. Daar is talle situasies waar dit die geval kan wees – insluitende armoede, hongersnood, korrupsie, siekte, 'n militêre krisis, die bedreiging van demone en ideologie, ekologiese vernietiging, ensovoorts. In sulke gevalle is dit nie altyd moontlik om te begin by die diepste oorsake van die probleem nie; dit is eers nodig om die onmiddellike probleem aan te spreek. Die lyding wat hier en nou ervaar word, moet opgehef word. Daar word bevryding verlang vanuit onderdrukking, verlossing uit nood en oorwinning oor die magte wat dood en verwoesting saai.


Conradie argumenteer dat oorwinning oor hierdie magte alleen egter nie genoeg is nie. Daar is naamlik ander omstandighede waar dit noodsaaklik is om die diepste oorsake van die probleem te peil en aan te spreek. Dit is miskien veral die geval waar daar vervreemding ingetree het tussen twee partye, byvoorbeeld tussen man en vrou, tussen ouers en kinders, tussen bure, tussen werknemers en werkgewers, en dan ook tussen sosiale groepe (ook rassegroepe). Volgens die Christelike tradisie kan die diepste oorsake van sulke vervreemding gevind word in die vervreemding tussen God en mens. Die sleutel tot die herstel van só 'n gebroke verhouding is 'n woord van vergifnis op grond waarvan die twee vervreemde partye weer van nuuts af kan begin. Vergifnis is weliswaar nie genoegsaam nie aangesien versoening die produk is van 'n komplekse reeks aspekte, waaronder berou, belydenis, vergifnis, die aanvaarding van vergifnis en vorms van restitusie ressorteer.

Conradie (2006:10) meen derdens dat daar ook omstandighede is waarin nóg verlossing/oorwinning nóg vergifnis/versoening voldoende is. Hy wys na omstandighede waarin die oorsprong van die kwaad wel aangespreek is en waar die onmiddellike nood opgehef is, maar waar daar ook rekening gehou moet word met die blywende teenwoordigheid van die kwaad. Dit is naamlik nie moontlik om die kwaad heeltemal uit te wis nie omdat enige poging om dit te doen binne hierdie bedeling net die kwaad sal vererger. Met die oog op die

toekoms is daar dan maatreëls nodig om as 't ware die kwaad in te kamp. Hiervoor is inderdaad inspirerende voorbeelde nodig en miskien ook reëls, morele kodes en wetgewing waarvolgens en waarbinne mense kan lewe. Conradie wys in die verband op die rol van die Torah, die lering van Jesus en eietydse diskoers rondom institusionele doelstellings, morele kodes en 'n handves van menseregte.

Conradie se argument is dat hierdie drie opvattinge van heil daarom nie bloot met mekaar vermeng en verwar moet word nie en ook nie bloot naas mekaar geplaas kan word nie. Dit is naamlik belangrik om die strukturele verskille tussen hierdie opvattinge van heil te verstaan ten einde raak te sien op watter wyse hierdie opvattinge van heil mekaar wedersyds kan aanvul. Conradie meen dat al drie hierdie opvattinge van heil wel nodig is, dat hulle mekaar inderdaad kan aanvul en dat die een nie noodwendig 'n prioriteit bo die ander geniet nie.

In hoofstuk 5 van hierdie studie sal ek hierdie drie opvattinge van heil meer breedvoerig bespreek met behulp van onder andere Aulén, Gunton en McGrath. Ek sal dan Conradie se voorstel (wat hier vooruitgegaan is ter wille om die gang van die argument aan te dui) in meer besonderhede bespreek. Ek sal aandui hoedat hierdie voorstel benut kan word in die wyse waarop die kerk in die algemeen, en die AGS Kerk in die besonder, 'n bediening aan armes (byvoorbeeld in Wallacedene) kan struktureer.



HOOFSTUK 2

'n DUALISTIESE BENADERING VIR ARMOEDEVERLIGTING BINNE DIE KERK SE SENDINGTAAK

2.1 Inleiding

Wanneer ek verwys na die dualistiese benadering ten opsigte van die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak, word bedoel die benadering waar sekere groepe die kerk se geestelike en sosiale taak in aparte kompartemente plaas en dan uitvoering wil gee aan hierdie take. As daar twee afsonderlike take is wat die kerk moet verrig, sal daar noodwendig gevra word watter taak prioriteit moet geniet. Die ondersteuners van dié benadering moet kies óf om mense se sondenood eerste aan te spreek óf om die menslike materiële nood eerste aan te spreek. Die doel van hierdie studie is nie om te bepaal of die aanspreek van armoede deel van die kerk se taak is nie. Daar word eerder in hierdie studie van die veronderstelling uitgegaan dat die aanspreek van armoede deel van die kerk se taak is. Die onderwerp van hierdie studie is juis om te bepaal hoe die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak verstaan word.

In die algemeen verwys dualisme na die veronderstelling dat daar twee onafhanklike beginsels bestaan wat direk teenoor mekaar staan. Die beginsels is dikwels teenstrydig met mekaar of selfs onversoenbaar met mekaar. Die dualisme waarna hier verwys word, gaan oor die klem wat geplaas word op óf die geestelike óf die sosiale (stoflike) nood, op die sonde van individue óf die sonde in strukture, op die individu óf die samelewing, die hemel teenoor die aarde, regverdiging teenoor reg en geregtigheid, heiliging teenoor transformasie, die heil van die individu of die heil van die kosmos.

So 'n dualistiese benadering is kenmerkend by evangeliese groepe. In die algemeen stel evangeliese groepe die aanspreek van die mens se sonde as 'n eerste prioriteit en beskou die aanspreek van armoede as 'n tweede prioriteit (McCauley 1996:101; Cassidy 1989:67). Hierdie prioriteit word gegee sonder om die verhouding tussen sonde en armoede teologies te verduidelik. Vrae wat hier beantwoord behoort te word, sluit in: word armoede terselfdertyd aangespreek wanneer sonde aangespreek word? Is armoede die gevolg of straf van sonde? Hoe

moet heil verstaan word? Die ondersteuners van die dualistiese benadering verstaan tipies evangelisasie en die “wen van siele” as die kerk se eerste prioriteit, terwyl dan daaruit afgelei kan word dat die taak om armoede te verlig tweede geplaas word of opsioneel is. Dié keuse word gemaak midde die Suid-Afrikaanse konteks waar armoede ’n werklikheid en van groot omvang is (sien hoofstuk 1).

In hierdie hoofstuk sal ek ’n geskiedkundige oorsig van ’n dualistiese benadering aanbied deur te verwys na die bydrae van Bruce Nicholls. Vir die doel van die studie sal ek verwys na ’n dualistiese benaderings binne die Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers met verwysing na die bydraes van Michael Cassidy en Ray McCauley. Die bydraes van die AGS Kerk met verwysing na Isak Burger en Johan Mostert sal ook onder die loep kom en ten slotte verwys ek na moontlike opsies vir dualistiese groepe.

2.2 ’n Dualistiese benadering binne die kerk se sendingtaak: ’n Geskiedkundige oorsig

Hier wil ek verwys na die breër tendense van dualisme in die geskiedenis ten opsigte van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Die bydrae van Bruce Nicholls sal hoofsaaklik bespreek word wat na my mening die beste oorsig van dualisme binne die kerk se sendingtaak gee. Nicholls is die uitvoerende sekretaris van die teologiese kommissie van die World Evangelical Fellowship. Hy het vir dertig jaar die redaksie van die *Evangelical Review of Theology* behartig.

a. Die Nuwe Testamentiese Kerk en die Apostoliese Vaders (tot 590 n.C.)

Volgens Nicholls (1985:7) het die eerste Nuwe Testamentiese kerk se besorgdheid oor die “verlorenes” teweeggebring dat hulle evangelisasie beklemtoon het. Tesame met die prioriteit wat aan evangelisasie gegee is, het die vroeë Christene hulle besittings met die armes gedeel. Die barmhartigheid van die Christene het voortgevloei uit hulle groot liefde vir hulle Heer. Hulle het ’n groot impak op die gemeenskap uitgeoefen (Nicholls 1985:14). Volgens Nicholls het evangelisasie dus ’n bepaalde prioriteit in die vroeë Nuwe Testamentiese kerk geniet. Evangelisasie hou verband met die prediking van die evangelie sodat mense hulle moet bekeer of tot God wend en daardeur vergifnis vir hulle sonde kan ontvang. Daarna volg dat armoede aangespreek moet word. Dit dui daarop dat die vroeë Nuwe Testamentiese kerk sending hoofsaaklik in terme van evangelisasie verstaan het.

Die Apostoliese vaders (95-150 na Christus) het geglo in die spoedige terugkeer van Christus en die finale oordeel wat daarmee gepaardgaan en daarom moes alle mense tot bekering en geloof in Christus geroep word. Dié vaders se geloof het ook uitdrukking gevind in hulle dae en hulp aan behoeftige mense. Nicholls (1985:15) stel dit onomwonde dat die praktiese maatskaplike besorgdheid van die Apostoliese vaders as bewys van hulle “geestelike bekering” gedien het. Clement van Rome verduidelik die intieme verhouding tussen regverdigmaking en barmhartigheid soos volg: “ ... through faith God has justified all men from the beginning of the world. Let the strong care for the weak. Let the rich man bestow help on the poor and let the poor give thanks to God” (Nicholls 1985:15). Tydens die Konstantynse periode (313-325 n.C.) het die toekomstige hoop op beloning as die motief vir barmhartigheid gedien. Onder Konstantyn het die Christendom in 313 n.C. die amptelike staatsgodsdienst geword. Die kerk het ’n ryk instelling geword en evangelisasie is mettertyd al hoe minder beklemtoon. In hierdie tydperk is daar min aandag gegee aan die armes en armoedeverligting.

b. Die vroeë Middeleeue en Reformasie (590-1600 n.C.)

Tydens die Middeleeue het die kerk sy lidmate geleer dat heil slegs verseker kon word deur die kerk onder leiding van die pous. Meriete vir heil is verwerf deur afsondering en goeie werke. Die Protestantse Reformasie (1517-1600) het heelwat van die Rooms- Katolieke Kerk se leerstellings uitgedaag (Nicholls 1985:22). Martin Luther het probeer om dualisme te oorbrug. Luther het geglo dat Christene aan beide die koninkryk van God en die koninkryk van die wêreld behoort en dat God in beheer van beide koninkryke is. Die Christen kan dus nie sy lewe in ’n geestelike en sekulêre dimensie verdeel nie. Luther het wel sy ernstige besorgdheid oor evangelisasie benadruk. Hy het die Middeleeuse idee dat goeie werke vergifnis van sonde bring verwerp. Volgens Luther word goeie werke voorafgegaan deur geestelike bekering. Luther probeer enersyds om die twee take van die kerk op dieselfde vlak te plaas, maar hy plaas uiteindelik tog die klem op evangelisasie sonder om die verhouding tussen sonde en armoede te verduidelik (Nicholls 1985:30).

c. Die evangeliese en herlewingsbewegings (tot 1850 n.C.)

Tydens die herlewings in die sewentiende en agtiende eeu het evangeliese groepe blywende verandering in die Europese gemeenskappe gebring. Hier verwys Nicholls na Wesley omdat

die noue verbintenis tussen evangelisasie en maatskaplike verantwoordelikheid in die tradisie van Wesley, talle maatskaplike voordele vir die armes ingehou het. Wesley het 'n sterk evangeliese benadering ten opsigte van die kerk se sendingtaak gehandhaaf. Wesley (1979:27) se opvatting oor die kerk se belangrikste taak lei soos volg: "... to save as many souls as you can; to bring as many sinners as you possibly can to repentance and with all your power bring them up in holiness." Terselfdertyd het Wesley groot werk gedoen vir armoedeverligting onder onderdrukte plaaswerkers. Wesley se toewyding tot die armes kan ook geïllustreer word deur sy bereidwilligheid om op oop velde die evangelie aan die werkers te verkondig. Wesley het groot waarde geheg aan die "liefdesfees" waar brood gebreek en water gedrink is, geld gekollekteer is vir die armes en liedere van blydschap gesing is. Op die oog af lyk dit asof Wesley slegs in die heil van mense se siele belanggestel het. Tabraham (1995:78) beskryf Wesley se bediening soos volg: "His main gift lay in his ability to combine theory and practise – a high degree of theological expertise with a passionate concern for the physical welfare of his fellow men." Een van die reëls wat Wesley vir die Metodiste opgestel het, lui soos volg: "Doing good of every possible sort and as far as possible to all men". Lede kon selfs hulle lidmaatskap verloor indien hulle nie by dié reël gehou het nie. Hoewel Wesley hulp aan die armes benadruk het, het hy min teologiese begroning hiervoor voorgehou. Hy verduidelik nie die verband tussen die evangelie en armoedeverligting nie. Wesley volg dus die tipiese evangeliese model om sonde as die mens se grootste nood te beskou. 'n Leemte van hierdie benadering is dat die mens slegs gesien word as 'n verlore siel wat gered moet word. Die geestelike nood van die mens word bo die sosiale nood van die mens geplaas. Armoedeverligting word sonder verduideliking as die kerk se tweede taak naas evangelisasie geplaas.

Calvyn het in sy pneumatologie die klem op beide aspekte geplaas, naamlik die Gees wat die siel se innerlike lewe vernuwe en die Gees wat sosiale transformasie bring (Bosch 1991:280). Vir Calvyn is die kerk die middelaar tussen die verhewe Christus en die sekulêre wêreld. Die twee dimensies van sending word bymekaar gehou in 'n kreatiewe spanning.

d. Evangeliese benaderings van die 19de en 20ste eeu

Evangeliese groepe het hoofsaaklik in bogenoemde periode die klem op die prediking van die evangelie geplaas met die doel dat die individu se siel gered moet word. Waar dié tendens

voorkom, sien die groep dus nie die behoefte om die verhouding tussen sonde en armoedeverligting te verduidelik nie. Evangelisasie het gepaardgegaan met talle maatskaplike dienste sonder teologiese verduideliking. Die dualisme lê hierin dat twee dimensies van die mens se lewe apart gehou word asof dit onversoenbaar is. Waar die klem op evangelisasie so sterk is, hou dit min voordele in ten opsigte van sosiale transformasie. Dit spreek nie die maatskaplike probleme van die wêreld aan nie en kan as 'n "hemelse sending" vertolk word, of as "a pie in the sky" benadering.

Die vroomheidsleer van die 19de eeu verbind die blydschap van persoonlike bekering direk met die sending van die verkondiging van die evangelie aan alle mense (Bosch 1991:274-276). Konsepte soos bekering, belydenis, die wedergeboorte en heiligmaking het hierdeur nuwe betekenis gekry. Die klem op die individu eerder as op die groep is dié groep se sterkpunt sowel as sy swakheid. Die vroomheidsbeweging verstaan sending as die verantwoordelikheid van die kleiner groep binne die kerk wat vernuwe is. Bosch meld dat die beweging aanvanklik nie slegs in mense se siele belanggestel het nie, maar die doel van die beweging het die konkrete verbetering van alle sferes van die lewe van die mens ingesluit, ook in alle dele van die wêreld. Enige bediening aan die siel moet ook 'n uiterlike aspek insluit. Evangeliese groepe het later 'n duidelike onderskeid tussen die burgerlike en geestelike sferes gemaak.

Die vroomheidsbeweging kan verstaan word as 'n reaksie op die Verligting. Die era van die verligting is gekenmerk as die era van rede, objektiwiteit, ontwikkeling en vooruitgang. Dit het die moontlikheid gebied dat rykdom na die armstes van die armes sou afsyfer, sodat almal 'n regverdige deel sou kry (Nürnberger 1978:24). Binne hierdie era het die idee ontwikkel om rykdom na die minderbevoorregtes te versprei. Die mens is gesien as outonoom, bevry en in staat om homself te help. Die goedheid van die mensdom is beklemtoon. Die era van die verligting se mensbeskouing is egter problematies. Hiervolgens het die mens nie meer 'n sterk God nodig om hom te red nie. Godsdienst is geprivatiseer en die sekulêre gemeenskap is omhels. Die vroomheidsbeweging en evangeliese groepe het die Verligting sterk teengestaan. Die vroomheidsbeweging het oorleef deur hulle te onttrek en die wêreld buite hulle sfeer van bediening te hou. Herlewings by evangeliese groepe het aanleiding gegee tot direkte sendingaktiwiteite wat veral die verkondiging van die evangelie ingesluit het. Te midde van die talle veranderings en uitdagings in die wêreld, het evangeliese groepe geen aanpassings gemaak nie. Hulle het min belangstelling in die armes getoon of die afbrekende effekte van

koloniale maatreëls (Nicholls 1985:15). Evangeliese groepe het volgehou dat die heil van siele voorkeur moet geniet en dat hulle nie hier is om tydelike verbeterings van omstandighede aan te kondig nie, maar eerder die nuwe lewe in Christus. Die toewyding tot sosiale hervorming by evangeliese groepe het slegs gevolg op die entoesiasme van die herlewings (Marsden 1987:12).

e. Die reaksie van dualisme op die “Social Gospel”

Die “Social Gospel” is gevestig met die koms van die twintigste eeu (Bosch 1991:301). Waar sonde eers geassosieer is met onkunde, het sommige nou geglo dat mense verlig kan word deur kennis en meelewing sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik. In kringe wat nie ontwikkeling ondersteun het nie, het evangelisasie die hoof prioriteit gekry en dié mense het weggeskram van bykans enige vorm van maatskaplike betrokkenheid. Waar die een groep hulle byna totaal toegewy het aan die verbetering van die lewensomstandighede van mense in die wêreld, het die ander groep hulleself toegewy tot evangelisasie.

Die tema van liefde as motivering vir sending het deur die eeue na vore gekom. Die tema is dikwels dubbelsinnig gebruik met beide ’n positiewe en negatiewe konnotasie. Die liefde tesame met ’n begeerte om die “geestelike voordeel van andere” te bevorder het mettertyd die oorheersende motief geword (Warren 1965:52-55). Empatie en solidariteit het as hooftemas gedien wat uitdrukking gevind het in die medelye met andere, tesame met die begeerte vir beide hulle tydelike en ewige behoeftes. Mense is waardig om gered te word omdat God hulle liefhet en omdat God ’n genadige God is. Liefde vir Christus en mense het nog altyd gekwalifiseer as ’n motief vir ’n groter graad van toewyding. Opoffering en selfverloëning in sending sou vanselfsprekend aanneemlik voor God wees. Andersins het die herlewing die klem laat val op evangelisasie en hier is die liefde bewys deur die ewige verlossing aan heidene te bring. Die kerk het die redding van siele belangriker geag as die verbetering van tydelike toestande. Tydens die agtiende eeu en vroeë neëntiende eeu het die kerk nie die skeiding tussen heil en menslike behoeftes gemaak nie (Newbigin 1987:103-104). Die kerk het eenheid tussen evangelisasie en humanisering asook tussen bediening aan die siel en bediening aan die liggaam behou. Daar is geglo dat die evangelie ’n invloed op mense se kultuur het want die evangelie het mense sag van geaardheid en meer beskaaf gemaak. Oorvloedige lewe is geïnterpreteer as die oorvloed van goedere wat moderne opvoeding,

medisyne en landbou vir die arm mense van die wêreld bring. Teen die einde van die neëntiende eeu het die kloof tussen evangeliese groepe en die ondersteuners van die “Social Gospel” verbreed. Moody het veral die klem op die individu se keuse geplaas. Die kerk is nie as een liggaam beskou nie, maar word saamgestel uit individue wat vrywillig kies om deel te vorm van die kerk (Marsden 1987:42).

Volgens Moody is die doel van prediking dat mense en sondears tot bekering moet kom. Dit lyk of Moody slegs konsentreer op persoonlike sonde en nie op strukturele sonde nie. Hy het veral die verbale verkondiging van die evangelie beklemtoon. Hoewel daar by hom ’n eng siening van heil voorgekom het, het hy ook die sosiale gevolge van evangelisasie aangedui. Die skeiding wat Moody gepropageer het, het eerder verband gehou met ’n innerlike skeiding as ’n uiterlike skeiding (Marsden 1987:38). Evangeliese groepe is dus nie noodwendig apolities nie. Vir die voorstanders van die “Social Gospel” gaan dit nie oor krisis, offers, die kruis of die opstanding nie, maar oor die vervulling van die belofte van bevryding (Niebuhr 1959:191). God wil nie slegs die mens oordeel nie, maar wil genade en transformasie bring. Teen die einde van die neëntiende eeu is daar beweeg na ’n meer ekumeniese gees. Hierdie tydperk is gekenmerk deur plig, medelye, optimisme, herlewing, evangelisasie en dringendheid. Nicholls (1985:67) self meen dat die tradisionele vorme van sending nie meer relevant is nie, daarom is daar die uitdaging om verskillend te reageer op die uitdagings van vandag. Die effektiewe oplossing lê daarin dat die hele lewe van die kerk radikaal getransformeer moet word.

Sommige evangeliese groepe het ’n bydrae gelewer tot sosiale transformasie. Sommige evangeliese groepe het selfs ’n balans gesoek tussen evangelisasie en sosiale betrokkenheid (Cassidy 1978a:58, Chikane 1988:22). Die “Social Gospel” en bevrydingsteologie het die klem kom plaas op sosio-politieke transformasie, waar die noodsaak vir die aanspreek van sonde in sosiale strukture gesien is. Die ekumeniese groepe het mettertyd sterker na vore gekom en het ’n balans tussen die aspekte van sending gesoek.

f) ’n Oorsig oor sekere eietydse evangeliese konsultasies

Die Wheaton verklaring van 1966 bevestig die prioriteit van die verkondiging van die evangelie bo sosiale verantwoordelikheid by evangeliese groepe (Nicholls 1985:43). Die verklaring lei soos volg: “We affirm unreservedly the primacy of preaching the gospel to

every creature and will demonstrate anew God's concern for social justice and human welfare". Hierdie verklaring is juis geformuleer as 'n reaksie teen die sogenoemde bevrydingsteologie. Die Berlynse Wêreldkongres oor Evangelisasie (1966) gereël deur die Billy Graham Evangelistic Association verduidelik die kerk se hoofsaak soos volg: "We proclaim this day our unwavering determination to carry out the supreme mission of the church. This is identified as bearing the Good News of God's saving grace to sinful and lost humanity; calling upon men and nations everywhere to repent and to turn to works of righteousness and bringing the word of salvation to mankind in spiritual revolt and moral chaos" (Nicholls 1985:43).

Hierdie omskrywing van die kerk se hoofsaak dui daarop dat die mens se grootste nood die behoefte is om van sonde bevry te word en om sodoende gereed te wees vir die hemel. In dieselfde dokument van die kongres word daar van gelowiges verwag om betrokke te wees by sosiale, ekonomiese en politieke probleme, voortspruitend uit hul ervaring met Jesus. Die gelowige is 'n getuie van beide die genade van God se vergifnis en die oordele van God se geregtigheid. Billy Graham is die beste verteenwoordiger van die siening dat evangelisasie die primêre taak van die kerk is. Graham stel dit soos volg: "Evangelism and the salvation of souls is the vital mission of the church" (Sider 1981:5-7). Die doel van evangelisasie is die persoonlike heil van die individuele siel. Die wedergebore individu sal na bekering 'n positiewe invloed op die gemeenskap hê. Graham definieer evangelisasie as die aankondiging van die goeie nuus dat Jesus Christus vir ons sondes aan die kruis gesterf het, begrawe is en op die derde dag weer opgestaan het. Graham glo verder dat Christene 'n verantwoordelikheid het om vir sosiale geregtigheid te werk wat die hervorming van onregverdigde strukture insluit. Sosiale geregtigheid en sosiale dae moet ook ernstig opgeneem word. Hy meld dat sosiale hulp 'n moeilike area is en dat hulp aan armes altyd ontoereikend sal wees. Die werk vir sosiale geregtigheid is egter nie die prioriteit van die kerk nie (sien ook McCauley 1996:82). Gelowige persone het wel 'n indirekte invloed op die gemeenskap. Sosiale aksie deur Christene is onderskeidbaar van evangelisasie wat die kerk se primêre taak is. Vanuit so 'n eng perspektief sal evangelisasie altyd individualisties wees. Graham verstaan armoedeverligting as iets wat totaal van evangelisasie geskei is. Armoedeverligting moet gedoen word, maar dit moet ná evangelisasie geskied. Dit moet ook afsonderlik van evangelisasie plaasvind.

Daar is bykans by alle konsultasies van die Wêreld Raad van Kerke geworstel oor die plek van

armoedeverligting wat insluit dié van Frankfurt en Devlali (1970) en Chicago (1973). Die Lausanne Kongres (1974) definieer evangelisasie as die verbale proklamasie van goeie nuus. Hierdie kongres beklemtoon dat sosiale aksie nie evangelisasie is nie en dat politieke bevryding ook nie dieselfde is as heil nie. Die kongres bevestig wel dat evangelisasie en sosio-politieke betrokkenheid beide deel is van die kerk se plig. Hoewel daar 'n poging aangewend is om die sosio-politieke betrokkenheid en evangelisasie op dieselfde vlak te plaas, bly evangelisasie die kerk se primêre taak.

2.3 Dualistiese benaderings binne die Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers: Suid-Afrikaanse perspektiewe

Vervolgens kyk ek na die bydraes van Suid Afrikaanse evangeliese skrywers. Daar sal veral gefokus word op die prominentste skrywers se benaderings ten opsigte van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Die bydraes van veral Michael Cassidy en Ray McCauley word van nader bekyk. Hierna sal die dualistiese benaderings binne die AGS Kerk meer spesifiek aan die orde kom. Die rede waarom skrywers afsonderlik aan die woord gestel word, is om 'n getroue weergawe van hulle argumente te gee en daarmee 'n billike en regverdige kritiek te kan lewer ten opsigte van hul argumente.

WESTERN CAPE

2.3.1 Michael Cassidy – 'n welbekende evangelis

2.3.1.1 Agtergrond en betekenis

Cassidy is die leier en direkteur van Africa Enterprise. Hy het ook as 'n lid van die Lausanne Committee of World Evangelisation gedien. Hy het sy opleiding aan Cambridge Universiteit (MA) en Fuller Theological Seminary (BD) ontvang. Hy dien tans as 'n Anglikaanse predikant, voltydse evangelis en is die skrywer van talle boeke asook artikels in koerante. As 'n evangelis het Cassidy ook 'n internasionale bediening. Hy is woonagtig in Suid-Afrika met sy vrou en kinders. Cassidy het die volgende boeke geskryf wat hom relevant vir hierdie studie maak: *Bursting the wineskins* 1983; *Christian encounter in Mamelodi* (1988); *Facing the new challenge: the message of PACLA, Nairobi* (1978); *Heal the land* (1987); *The politics of love* (1991); *Together in one place* (1978) en *The Passing Summer* (1989).

2.3.1.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Cassidy sending en heil? Volgens Cassidy (1978a:33) moet daar 'n noue verband wees tussen die kerk se sending en Jesus se sending. Die aard van die kerk se sending moet dus ooreenstem met die aard van Jesus se sending. Jesus se sending is een van medelye - medelye teenoor die honger skare, die siekes, die melaatses, uitgeworpenes, die weduwees en die wese. Menslike behoeftes het Jesus se medelye aangewakker (Cassidy 1978a:35). Jesus laat 'n model na wat gevolg behoort te word. Soos die Vader, Jesus gestuur het, word die kerk ook gestuur. Cassidy verstaan heil hoofsaaklik as versoening met God wat gevolg moet word deur bevryding vanuit armoede.

Wat is dus volgens Cassidy die kerk se sendingtaak? As evangelis is Cassidy toegewyd om die evangelie aan die ganse mensdom te verkondig. Volgens Cassidy moet die kerk egter deurgaans soek om die totale mens te bereik, naamlik na liggaam, siel en gees (Cassidy 1987:71). Cassidy probeer wegbeweeg van 'n dualistiese benadering in die kerk se sendingtaak. As voorbeeld verwys hy na Moses (in die Exodus verhaal) wat die behoeftes van die mense in alle sferes bevredig het, dit wil sê sosiaal, geestelik, ekonomies en polities. Cassidy (1978b:58) erken dat die probleme in Afrika, naamlik die tekort aan voedsel, gesondheidsdienste, opvoeding, die ekonomiese en politieke lewe ook die godsdienstige lewe van mense affekteer. Die kerk se sending moet dus alles insluit. Christelike sorg moet nie ophou by die siel van die mens nie, maar moet uitgebrei word na die hele mens. Die kerk se primêre taak is om kerk te wees in die wêreld, hoewel nie van die wêreld nie. Jesus het getoon dat hy daadwerklik besorg oor die hongeres en siekes is. Jesus het die onderdrukking van die armes deur die godsdienstige leiers ferm veroordeel. Jesus se liefde het hom tot die armes en uitgeworpenes gedring. Die kerk se taak word dus verstaan as om Jesus se voorbeeld te volg (Cassidy 1978a:198). Dit bring mee dat die kerk homself nie kan wegsteek agter geslote deure of van die wêreld onttrek nie. Met Jesus se krag en vrede kan daar in 'n behoefte wêreld ingegaan word.

2.3.1.3 Die plek van armoedeverligting

Indien die plek van armoedeverligting vergelyk word met dié van die verkondiging van die evangelie, kry laasgenoemde altyd die prioriteit. Armoedeverligting kry 'n tweede plek waar dit kom by die uitvoer van die kerk se sendingtaak. Dit bring mee dat armoedeverligting

moontlik deur die kerk nagelaat kan word wat kenmerkend by evangeliese groepe is. Wanneer Cassidy die klem op die armes plaas, word armoedeverligting op die voorgrond geplaas.

Cassidy erken dat daar spanning bestaan waar die kerk moet besluit oor wat die kerk se primêre taak moet wees. Hy meen dat daar 'n balans gehandhaaf moet word. Cassidy (1978a:201-205) beklemtoon tog dat heil in terme van versoening met God die mens se mees fundamentele behoefte is. Die kerk se sending moet egter nie tot bogenoemde beperk word nie. Die mens met medelye kan nie sy of haar oë toemaak vir enige menslike lyding nie. Cassidy erken dat daar 'n stryd bestaan tussen die beklemtoning van óf evangelisasie óf sosio-politieke betrokkenheid. Sommige Christene het eksklusief gekonsentreer op evangelisasie en ander op sosio-politieke betrokkenheid. Die kerk hoef egter nie 'n keuse te maak tussen hierdie twee aspekte nie. Volgens Cassidy (1978b:210) is Christelike evangelisasie en sosiale dienste beide medelydende reaksie op menslike nood. Jesus het albei ingesluit in sy sending daarom moet albei ingesluit wees in die kerk se sending. Jesus se sending aan die armes het gevra dat hy met hulle moes identifiseer. Jesus het ten doel gehad om met mense te wees as God met ons. Die gesprek oor die plek van armoede binne die kerk se taak in Afrika, 'n konteks waar hongersnood en siektes oorheers, word belangrik geag. Die platteland word gekenmerk deur ernstige toestande van armoede en dit veroorsaak dat talle mense na die stede stroom op soek na werk en voedsel. Cassidy kom baie na aan 'n balans tussen die twee take van die kerk. Hy meld dat die uitdaging aan die kerk is om in beide die siel en liggaam se behoeftes te voorsien. Armes moet gehelp word om 'n basiese opvoeding te bekom wat sal help om hulle ekonomiese, sosiale en gesondheidstoestande te verbeter (Cassidy 2003:8-9). Hy maak egter nie 'n geheim daarvan dat evangelisasie, met verwysing na die geestelike nood van die mens, prioriteit moet geniet binne die kerk se sendingtaak nie. Die geestelike nood word bo die sosiale nood van die mens geplaas. Persoonlike regverdiging staan bo sosiale geregtigheid. Persoonlike sondes moet dus prioriteit geniet bo die sonde teen mense deur onregverdige strukture. In teenstelling hiermee word sonde binne sommige Afrika-kulture juis binne die konteks van verhoudings verstaan.

Waarom plaas Cassidy die klem op versoening met God? Die redes vir die klem op versoening met God sluit die volgende in: die kerk se visie sluit in om mense wat soekend is te bereik en hulle te ontwikkel as dissipels van Jesus (Cassidy 1987:66). Evangeliese groepe maak evangelisasie die prioriteit in die kerk se sendingtaak omdat mense belangrik vir God is

(Cassidy 1978b:59). Dit beteken dat daar tyd en energie gebruik moet word om mense buite die familie van God te bereik. Cassidy meen dat ons moet omgee vir mense soos wat God omgee vir mense want dit is nie God se begeerte dat mense verlore moet gaan nie, maar dat almal gered moet word. Vriendskap moet gesluit word met mense buite die familie van God met die doel om mense tot bekering te bring. As gevolg van 'n gebroke wêreld het mense gemeenskap nodig. Mense het die behoefte om aan 'n groep te behoort (Cassidy – Word and Action 1989:20). Mense buite die familie van God moet dus blootgestel word aan opregte Christelike gemeenskap want alle mense is “geestelik” verlore. Jesus verklaar volgens Lukas dat sy taak is om te soek en te red dié wat verlore is. Alle mense is verlore omdat almal sondaars is, op pad na 'n ewigheid sonder God. Jesus is die enigste weg tot God en het vir die mens se sonde gesterf.

Cassidy (1991:16) vra wel dat die konteks waarin die evangelie oorgedra word ernstig opgeneem moet word. Dit beteken dat kulturele omstandighede van armoede in ag geneem moet word. In plaas daarvan dat die kerk uit die wêreld onttrek, moet die kerk die sout van die aarde en die lig van die wêreld wees. Die kerk moet dus relevant wees. Cassidy erken dat sommige evangeliese groepe barmhartigheid as 'n middel tot evangelisasie gebruik. Barmhartigheid (diakonale dienste) tesame met 'n duidelike Christelike getuigenis dien as een van die mees effektiewe vorms van evangelisasie. Die motief vir sosiale betrokkenheid is dus evangelisasie. Deur barmhartigheidsdienste word die liefde van God geopenbaar. Die demonstrasie van liefde plant “die saad vir die ewigheid” in mense se harte. God gebruik sulke daade om mense tot Homself te bring. Hierdie motief vir barmhartigheid is problematies.

2.3.1.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Is Cassidy se verstaan van heil toereikend? In terme van die hipotese (hoofstuk 1) van hierdie studie en die verduideliking van heil in hoofstuk 5 ken Cassidy prioriteit toe aan die opvatting van heil as versoening en vergifnis. Verder is daar 'n neiging om die opvattinge van heil, naamlik heil as versoening en bevryding saam te smelt. Die opvattinge wat heil omskryf, naamlik versoening met God en bevryding van armoede kan egter nie saamgesmelt word nie want hierdeur gaan die oorspronklike betekenis van die begrippe verlore. Nog minder kan hierdie opvattinge van heil slegs naas mekaar geplaas word want daar bestaan strukturele verskille tussen versoening/vergifnis en bevryding (sien hoofstuk 5). In die lig hiervan is

Cassidy se verstaan van heil ontoereikend. Wat is die verskil tussen hierdie opvatting van heil? Die opvatting van heil as versoening (soos by Cassidy) vind aansluiting by die Latynse model van strafregtelike plaasvervanging. Volgens Anselmus se teorie van genoegdoening, het Christus die losprys vir die mens se sonde betaal. Christus as die mens sonder sonde het namens sondaars gesterf. Die Vader het die offer van Christus aanvaar. Die mens ontvang vergifnis deur die offer van Christus te aanvaar. Hier word gefokus op persoonlike sonde van mense en sonde in strukture word nie in ag geneem nie. Die opvatting van heil as bevryding wat armoedeverligting insluit, word nagelaat. Die opvatting van heil as bevryding vind aansluiting by die klassieke teorie van God se oorwinning oor die magte van onheil en die benadering van Christus as oorwinnaar (Aulén 1931:32-49). Bevrydingsteologie verstaan bevryding as bevryding vanuit politieke onderdrukking wat armoedeverligting insluit. Evangelisasie kry daarom 'n bepaalde prioriteit binne die kerk se sendingtaak en armoedeverligting 'n tweede plek wat na my mening nie voldoende is nie. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5). Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak.

Met evangelisasie as 'n prioriteit kan armoedeverligting maklik nagelaat word. Daar is geen meganisme om te verseker dat armoedeverligting die nodige aandag sal geniet nie. Daar kan nie aanvaar word dat armoedeverligting na evangelisasie sal volg nie. Hierdeur verkry armoedeverligting 'n tweede plek binne die kerk se taak wat kenmerkend by evangeliese groepe is. Hy verduidelik dus nie die verband tussen evangelisasie en armoedeverligting nie. Waar daar gekompeteer word tussen aspekte in sending sal dit noodwendig die gevolg hê dat die een prioriteit geniet bo die ander. Die gevolg hiervan is dat armoedeverligting nagelaat word deur die kerk. Met die verduideliking van die strukturele verskille tussen die verskillende opvattinge van heil (hoofstuk 5) sal die verstaan van die plek van armoedeverligting en die kerk se ander take duideliker na vore kom.

Daar bestaan inderdaad 'n behoefte vir reg en geregtigheid tesame met regverdigmaking. Indien individuele sonde bo strukturele sonde geplaas word, word die konteks nie ernstig opgeneem nie. Die konteks vra vir solidariteit met armes. Armoede is nie slegs die gevolg van persoonlike sonde nie, maar is ook die gevolg van sonde van mense teenoor ander mense. Die behoefte bestaan vir 'n breër verstaan van heil. Dit verwys na die totale heerskappy van God

oor die hele skepping. God se Gees is ook aan die werk in die wêreld. Sending kan nie slegs evangelisasie en die redding van siele insluit nie.

Die kerk se taak kan maklik omskryf word as beide evangelisasie en sosio-politieke betrokkenheid. Dit laat ons met 'n tweedeling waar daar noodwendig gevra kan word wat die kerk se primêre taak is. Daar is al groot spanning binne die kerk ervaar omdat die verhouding tussen hierdie twee aspekte nie voldoende verduidelik word nie. Billy Graham dui aan dat evangelisasie en sosio-politieke betrokkenheid beide deel van die kerk se Christelike plig is: “the relationship of evangelism to social concern was of vital importance” (Nicholls 1985:221).

In sy sending maak Jesus gebruik van beide woord en daad om die koninkryk aan te kondig. In Lukas verduidelik Jesus sy eie bediening om beide die geestelike en fisiese behoeftes van die mens te vervul. Hier is sending die alles omvattende taak soos gevind in die bediening van Jesus. Daar heers steeds vandag die siening dat evangelisasie intiem verbind is met die proklamasie van die evangelie. Die evangelie moet dus aangekondig of gekommunikeer word deur prediking, lering of persoonlike getuïenis. Begroning hiervoor word aangevoer uit die betekenis van die woord evangelie wat die bring of aankondiging van goeie nuus beteken. Die Lausanne-kongres meld juis dat evangelisasie beteken om die goeie nuus te versprei, dat Jesus vir ons sondes gesterf het, dat hy opgewek is uit die dode, dat hy regeer as heer en vergifnis vir ons sonde en die gawe van die Heilige Gees bied vir diegene wat bely en glo.

2.3.2 Ray McCauley – evangelisasie is die kerk se prioriteit

2.3.2.1 Agtergrond en betekenis

Pastoor Ray McCauley is die pastoor van die grootste charismatiese kerk in Suid-Afrika, naamlik die Rhema Kerk en huldig duidelike standpunte oor die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak. Hy het saam met Ron Steele die boek *Power and Passion* (1996) geskryf.

2.3.2.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan McCauley sending? McCauley (1996:34) verstaan sending hoofsaaklik as evangelisasie. Evangeliese groepe vind dit juis moeilik om te onderskei tussen evangelisasie en sending. Die verskil tussen evangelisasie en sending word soos volg verduidelik:

“Evangelism is the spreading of the good news by proclamation, whereas mission is the outflow of the love of God in and through our life, word and deed” (McCauley 1996:43). Indien evangelisasie alles is wat die kerk doen, word dit moeilik om dit te definieer. Hierdie tradisionele verstaan bring mee dat ander moontlikhede ook by evangelisasie ingesluit kan word, byvoorbeeld gesondheidsorg, opvoedkundige of sosiale aktiwiteite. McCauley (1996:77) sluit ook sosiale betrokkenheid by die kerk se sending in. Vir hierdie rede is daar voortgesette debatte tussen dié wat toegewy is aan evangelisasie en dié wat toegewy is aan sosiale betrokkenheid. Die uitvloeisel hiervan is dat dié wat toegewy is aan evangelisasie erken dat daar ’n reeks ander take van die kerk bestaan en dat die toegewydheid tot evangelisasie nie die behoefte vir sosiale betrokkenheid ondermyn nie. Die doel van sending is om heil aan die wêreld te bring.

Hoe verstaan McCauley heil? Hy verstaan heil hoofsaaklik in terme van versoening met God wat aansluit by die opvatting van evangeliese groepe (McCauley 1996:65). Evangeliese groepe hou vas aan ’n eng verstaan van heil waar dit verwys na “veiligheid”. Die hel verdoemende sondaar is nie meer onder die oordeel van God nie, maar is deur Jesus met God versoen. McCauley meen dat heil ook ander betekenisse het, onder andere dat God vir mense volle en oorvloedige lewe wil gee. Heil beteken verder om mense vry te koop uit slawerny. Dit beteken ook om van jou vyande verlos te word en om sonder hindernisse te kan ontwikkel. Dit hou veral verband met die redding van die swakke of onderdrukte. Vrede verwys na die welvaart en genesing van die persoon in liggaam, siel en gees. Die Jode in die Ou Testament het verstaan dat tesame met hulle redding, hulle ook die geografiese grondgebied sal erf. ’n Begrip van heil is nodig wat die totale mens in al sy fasette sal bedien. Dit moet ook uitgebrei word na die skepping en kosmos. Die sending van God is dus nie beperk tot die heil van siele nie.

Wat is dus volgens McCauley die kerk se sendingtaak? Die kerk se taak is om die wêreld te evangeliseer. Evangelisasie word met erns aangepak in die lig van Christus se spoedige wederkoms. McCauley is ook van mening dat die kerk van sosiale betekenis vir die land moet wees (McCauley 1996:10). Die uitdaging vir die kerk is om die evangelie relevant en betekenisvol te maak in die wêreld vandag. Indien die kerk ’n verskil in die land wil maak, sal dit groter toewyding en opoffering verg. Die rede waarom die kerk betrokke is by sosio-politieke aangeleenthede is om ’n verskil namens God te maak en om goddelike insig te gee

vir die probleme van die land. Hy glo dat die kerk betrokke moet wees by sosiale aangeleenthede deur sy regmatige plek in te neem en betrokke te wees in sosiale projekte wat mense help. McCauley (1996:81) waarsku egter teen die gevaar dat die kerk nie sy primêre doel moet nalaat nie, naamlik om mense vir Christus te wen. Oorbodige sosiale betrokkenheid wat die kerk weglok van die fundamentele prediking van die evangelie moet vermy word. Sosiale betrokkenheid kan egter 'n dinamiese mag vir die kerk wees. Dit maak die kerk 'n betekenisvolle bydraer in die gemeenskap en dit kan die nasie wesenlik beïnvloed.

2.3.2.3 Die plek van armoedeverligting

Indien die plek van armoedeverligting vergelyk word met dié van die verkondiging van die evangelie, kry laasgenoemde meestal by McCauley die prioriteit. Armoedeverligting kry dan 'n tweede plek waar dit kom by die uitvoer van die kerk se taak wat meebring dat dit nagelaat word. Die situasie is kenmerkend by evangeliese groepe. Wanneer McCauley die klem op die sosiale verantwoordelikheid plaas, word armoedeverligting daardeur op die voorgrond geplaas.

Waarom plaas McCauley hoofsaaklik die klem op die verkondiging van die evangelie? McCauley stel dit onomwonde dat die prediking van die evangelie as 'n eerste prioriteit bo armoedeverligting moet wees. Hy meld dat Christus inderdaad die lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem (McCauley 1996:55). Om die volle persoonlike, sosiale en kosmiese implikasies van versoening te verstaan, moet daar vinnig van die individuele na die gemeenskaplike en universele dimensie beweeg word. McCauley meen dat dit moeilik vir die armes is om die onverwagte goeie nuus te ontvang vanweë hulle vroeëre uitsluiting. Die armes moet hulleself sien soos God hulle sien en geskape het. Sogenaamde sondaars het Jesus tydens sy aardse bediening omring (McCauley 1996:57). Armes het mense ingesluit wat deur die gemeenskap veroordeel en verwerp is. Dit het mense ingesluit wat oortreders voor God is en mense wat nie die wet kon vervul nie. Sondaars is andersins gedefinieer as diegene wat in 'n nederige posisie, of in 'n lae sosiale onaanvaarbare beroep gestaan het. Hierdie persone het 'n tipe werk verrig wat 'n oortreding van die wet is. Armes is gesien as onrein of as mense oor wie die oordeel van God gerus het. Daar is geredeneer dat armoede mense verhoed om die Sabbatdag te onderhou. Hulle kon ook nie die wette oor reinheid onderhou nie. Andersins vra McCauley vir 'n balans tussen die aanspreek van die mens se geestelike nood en die sosiale

nood. Die aanspreek van die geestelike nood moet egter volgens McCauley prioriteit geniet.

Volgens McCauley (1996:53) het evangelisasie 'n bepaalde prioriteit omdat dit God se evangelie is. Die kerk is afgesonder vir die evangelie. Die evangelie gaan oor Jesus wat gesterf het vir die mens se sonde. Deur die kruis en opstanding het hy ons sonde op hom geneem en die dood oorwin (McCauley 1996:55). Die evangelie gaan oor die heerskappy van Jesus wat die hart van die evangelie is. Die toepaslike reaksie op die evangelie sal dus wees om mense tot gehoorsaamheid te roep deur geloof. Belydenis en geloof is die enigste toepaslike respons op God se evangelie. Jesus wat ons sonde vergewe het, is ook Heer van ons lewens. Alle mense het die evangelie nodig want alle mense het gesondig. Deur Jesus se dood word hy 'n losprys vir baie waardeur ons sonde vergewe kan word. Jesus se dood is 'n dood deur die dra van sonde. Om Jesus te aanvaar, beteken om in sy naam te glo. Sosiale aksie sal volg omdat die gelowige ander moet liefhê en omdat God liefde is. Die gelowige se lewe moet gekenmerk word deur goedheid en barmhartigheid want dit is hoe God is. Die evangelie moet gehoor en gesien word sodat God verheerlik kan word.

Waarom moet die kerk betrokke wees by sosiale probleme in die gemeenskap? McCauley (1996:65-70) beklemtoon dat die kerk eerstens die armes in die kerk moet versorg. 'n Verdere rede vir sosiale betrokkenheid is omdat God mense seën vir dié doel. God seën mense sodat hulle tot seën vir andere kan wees. Dit is veral suksesvolle sakemense wat die Rhema Kerk se sosiale programme ondersteun. Die kerk se taak is nie slegs om die hongeres te voed of slegs behuising te verskaf of slegs prediking nie. 'n Balans moet gehandhaaf word wat die gees, siel en liggaam bereik. Die kerk moet egter daarteen waak om ongebalanseerd te word deurdat die prediking van die evangelie nagelaat word. Sosiale betrokkenheid en die prediking van die evangelie is beide deel van dieselfde boodskap. Die kerk is betrokke by sosiale probleme omdat die kerk 'n passie en medelye vir mense het. Die kerk moet tussen die mense wees waar die probleme en behoeftes is. Waar die kerk na binne gesentreer is, word dit gemaksugtig tussen die vier mure van die gebou. Goeie dade word nie verrig in die hoop vir eie heil nie. Die hulp aan armes moet nie gebruik word as geestelike maatstaf nie. Diegene wat dus die armes help, is nie meer geestelik as ander mense nie. Ander moet dus nie gekritiseer word indien hulle nie betrokke by armoedeverligting is nie.

2.3.2.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Na my mening is McCauley se begrip van heil ontoereikend. In terme van die hipotese (hoofstuk 1) van hierdie studie en die verduideliking van heil in hoofstuk 5, ken McCauley soos Cassidy prioriteit toe aan die opvatting van heil as versoening en vergifnis. Heil kan nie slegs in terme van versoening met God verstaan word nie. Hierdie opvatting wat heil omskryf, naamlik versoening met God en bevryding van armoede kan egter ook nie saamgesmelt word nie want hierdeur gaan die oorspronklike betekenis van die begrippe verlore. Nog minder kan hierdie opvatting van heil, naamlik versoening/vergifnis en bevryding slegs naas mekaar geplaas word want daar bestaan strukturele verskille tussen hierdie begrippe (sien hoofstuk 5). Die opvatting van heil as versoening (soos by McCauley) vind aansluiting by die Latynse model van strafregtelike plaasvervang. Die opvatting van heil as bevryding vind aansluiting by die klassieke teorie van Christus as oorwinnaar (Aulén). Die opvatting van heil as bevryding wat armoedeverligting insluit, word dus nagelaat. Dit is ook noodsaaklik om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5). Beide versoening en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklik binne die kerk se sendingtaak. Teen hierdie agtergrond kom ek tot die gevolgtrekking dat McCauley se verstaan van heil ook onvoldoende is.

Met evangelisasie as 'n prioriteit kan armoedeverligting maklik nagelaat word. Daar is geen meganismes om te verseker dat armoedeverligting die nodige aandag sal geniet nie. Hierdeur verkry armoedeverligting 'n tweede plek binne die kerk se taak wat kenmerkend by evangeliese groepe is. Hy verduidelik nie die verband tussen evangelisasie en armoedeverligting nie. Waar daar gekompeteer word tussen aspekte in sending sal dit noodwendig die gevolg het dat een prioriteit geniet ten koste van die ander. Die gevolg hiervan is dat armoedeverligting nagelaat word deur die kerk. Uiteindelik word die geestelike nood van die mens tog bo die sosiale nood van die mens geplaas.

Vir McCauley is die mens se nood vir versoening met God belangrik want dit gaan oor die aanspreek van die probleem van sonde. Armoedeverligting word dan 'n aparte taak van die kerk. Die heil van individue word beskou as 'n verpligte taak van die kerk en armoedeverligting as 'n sekondêre opsionele taak van die kerk. Dat armoedeverligting 'n tweede plek moet inneem binne die kerk se taak, is ontoereikend. Dit dui daarop dat die

evangelie wat inklusief wil wees nie ernstig opgeneem word nie. Enersyds word daar vir 'n balans gevra, maar andersyds word gesê dat evangelisasie die kerk se primêre taak is. Daar is aanduidings dat armoedeverligting gebruik word om dié primêre doel van die kerk te bereik wat onaanvaarbaar is. Vir mense wat nie direk deur armoede geraak word nie sou dit maklik wees om te sê dat dit met omsigtigheid bejeën moet word en dat daar nie te ver gegaan moet word in armoedeverligting nie, veral waar dit vereis dat onregverdige strukture verwyder moet word.

Die dualistiese opsie ten opsigte van armoedeverligting binne die kerk se taak gaan gepaard met die kerk se opvatting oor Christelike lyding. Sommige evangeliese groepe sien die politieke sfeer slegs as 'n middel om onheil te beperk. Hulle leer dat korrupsie en ongeregtigheid verdra moet word en dat dit verwelkom moet word as tekens van Christus se spoedige wederkoms (sien die kritiek van Concerned Evangelicals 1986:22). Hierdeur vra evangeliese groepe dat die *status quo* handhaaf moet word. Gelowiges word nie geroep om te ly as gevolg van die sondes wat deur ander aan hulle gedoen word nie. Gelowiges ly waar hulle as getuies van Christus staan. Hoewel die wederkoms met reg beklemtoon word in die kerk se sendingtaak, kan die heerskappy van God nie as 'n toekomstige eksklusiewe realiteit beskou word nie. Daar kan nie na bekering agteroor gesit word en gewag word vir die wederkoms van Christus nie.

Om die kerk se taak slegs in terme van evangelisasie of verkondiging (kerugma) te beskryf, is problematies (sien ook Concerned Evangelicals 1986:22). Die apostels in die vroeë kerk was betrokke in 'n reeks aktiwiteite behalwe die verkondiging van die evangelie. Selfs die titel van evangelis het nie prominensie in die vroeë kerk gehad nie. In die vroeë kerk is juis klem geplaas op die Christelike gemeenskap en die groei van die nuwe gelowige. 'n Verdere probleem waarmee die kerk rekening mee moet hou, is die veranderde omstandighede waarin die evangelie verkondig moet word. Die verkondiging van die evangelie moet gepaard gaan met die koms van die koninkryk van God. Vir evangelisasie om relevant te wees, moet dit ook profeties wees. Dit kom daarop neer dat die wêreld onder die oordeel van 'n liefdevolle God staan. Dit vra dat ons God se genade moet aanvaar vir beide die individu en die gemeenskap.

Sending kan nie tot evangelisasie gereduseer word nie. Hierdie verstaan van die sending is eng en onaanvaarbaar. Die kerk moet die totale evangelie aan die totale mens verkondig. In hierdie

benadering word die sonde van die individu beklemtoon sonder die verwysing na strukturele sonde waar armoede die gevolg van sonde van andere is. Om te aanvaar dat mense onmiddellik na bekering betrokke sal wees in sosiale transformasie is 'n groot fout. Tydens die apartheidsjare was talle gelowiges ondersteuners van die apartheidsbeleid waardeur die *status quo* gehandhaaf is.

2.4 Perspektiewe binne die AGS Kerk

In wese verstaan die AGS kerk armoede as 'n sosiale fenomeen wat deur die welsynsdepartement van die kerk aangespreek moet word. Hulp aan die armes word dus sterk verbind met diakonale dienste. Evangelisasie aan die eenkant en armoedeverligting aan die anderkant word op totaal aparte terreine hanteer. Die bydrae van Johan Mostert wat vir jare as die voorsitter van die AGS Kerk se Nasionale Welsynsdepartement gedien het, is in hierdie opsig van belang.

2.4.1 Johan Mostert – armoede as 'n sosiale fenomeen

2.4.1.1 Agtergrond en betekenis

Te midde van 'n gebrek aan materiaal in die AGS Kerk oor die spesifieke verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak, sal ek na skrywers kyk wat hiervan 'n aanduiding gee. Johan Mostert het as die voorsitter van die Nasionale Welsynsdepartement van die AGS Kerk die manuskrip, *Focussing the Church to Serve*, (1998) vrygestel.

2.4.1.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Mostert sending en heil? Mostert huldig nie noodwendig direkte sienings oor sending en heil nie, maar ons kan dit wel aflei uit sy boeke en artikels wat hy geskryf het. Mostert is van mening dat die kerk se sendingtaak armoedeverligting moet insluit. Dit verwys na programme om die armes, behoeftiges en siekes te help (Mostert 1998:4). Heil word hoofsaaklik in terme van versoening met God verstaan.

Die vraag wat gevolglik ontstaan is: wat is volgens Mostert die kerk se sendingtaak? Hy beskryf die kerk se taak as om gelowiges toe te rus vir dienswerk en evangelisasie. Mostert meld dat Jesus gevul is met medelye met die aanskouing van die skare (Mostert 1998:7). Die medelye bestaan uit twee komponente, naamlik dat die mens met God versoen moet word en

dat mense met hulle tydelike probleme gehelp moet word. Die karakter van God vereis dat evangelisasie prioriteit moet geniet – daarom begeer God dat die mens terug na God moet kom deur bekering. God het nie behae in die dood van die goddelose nie en God ween oor die mens se hardheid van hart. God stel die finale oordeel uit sodat mense tot bekering kan kom en God waarsku ook die mens van die komende oordeel en die hel. God sal nie toelaat dat goedheid en sonde vir ewig langs mekaar voortduur nie. Sonde moet gestraf word. Die straf behels om vir ewig van God geskei te wees.

Volgens Mostert word teologiese begroning vir hulp en ondersteuning aan die armes veral gevind in die uitdaging wat gestel word deur die verhaal van die Samaritaan (Mostert 1998:15). Hieruit volg dat die behoeftes van die behoeftiges raakgesien moet word. Mense het blind geword vir die behoeftes, lyding en armoede van andere. Die liefde van God moet ons dring om mense in nood te help (ook Warren 1965:52). Mense wie die hart van God het, reageer op die behoeftes van andere want God word beweeg deur die pyn en behoeftes van andere. Die kerk staan voor die uitdaging om nie slegs hoorders van die woord te wees nie, maar ook daders van die Woord. Nadat die behoeftes gesien en aangevoel is, word mense beweeg tot aksie en dienslewering. In die welsynsdepartement word dit verwoord met die gesegde: “Find a need and fill it, find a hurt and heal it”. In die verhaal van die Samaritaan maak die persoon gebruik van sy eie bronne om die gewonde en sieke te genees. Die Samaritaan maak ook gebruik van verwysing. Waar daar nie oor die nodige vaardighede beskik word om te help nie, moet mense verwys word na hulp. Die kerk word uitgedaag om ondersteuningsdienste van professionele mense te betrek en moet bewus wees van die hulpbehoewendes in die gemeenskap. Dit sluit in kinders wat op straat woon, mishandeling en geweld teen kinders asook die gebrek aan opvoeding. Daar moet aandag gegee word aan die jeug se behoeftes van werkloosheid, as uitgeworpenes, die misbruik van dwelms en die MIV/VIGS pandemie. Die gesinslewe is ook belangrik. Dit sluit probleme in soos egskeidings, MIV/VIGS, werkloosheid en die mishandeling van vroue. Armoede sluit aspekte in soos lae inkomste, werkloosheid, lae lewensverwagting en die ongelyke verspreiding van inkomste.

2.4.1.3 Die plek van armoedeverligting

Wanneer die kerk die klem op evangelisasie plaas, verkry armoedeverligting die tweede plek binne die kerk se sendingtaak. Waar die klem op die armes geplaas word, word armoedeverligting op die voorgrond gebring. Binne die AGS Kerk word armoedeverligting egter die verantwoordelikheid van die Welsynsdepartement en die kerk word nie hiervoor verantwoordelik gehou nie. Dit bring mee dat armoedeverligting grootliks deur die kerk nagelaat word.

Mostert se benadering tot armoede is een waar daar direk gewerk moet word aan armoedeverligting sonder om die verband met evangelisasie te verduidelik. So 'n benadering kyk nie na die oorsake van armoede nie, veral waar armoede veroorsaak word deur onregverdige strukture. Daar is geen proses om die arme te bevry nie en die armes word gevange gehou in armoede. Die armes word dus afhanklik gehou van die "hand outs" wat hulle ontvang. In die praktyk is dit bewys dat in evangelisasie waar dit gaan oor die heil of bekering van die individu, evangelisasie prioriteit geniet bo die sosiale nood van die mens. Heel dikwels word armoedeverligting aangewend as nog 'n manier om bekering te bereik. Armoedeverligting binne die konteks van Suid-Afrika vind slegs plaas waar die kerk 'n welsynsdepartement het. Armoedeverligting word 'n opsionele tweede taak van die kerk. Met die klem op evangelisasie word die mens nie in sy totaliteit bedien nie. In hierdie model van sending word die heerskappy van God beperk tot evangelisasie.

2.4.1.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Dui Mostert die plek van armoedeverligting toereikend aan? Waar armoedeverligting deur die welsynsdepartement van die kerk hanteer moet word, moet dit kompeteer met ander take wat direk deur die kerk hanteer word. Armoedeverligting is dus nie op die kerk se agenda nie en word dus nie deur die kerk bespreek nie. Wanneer die welsynsdepartement projekte wil aanpak moet hulle eers die goedkeuring van die kerk hiervoor kry en in die meeste gevalle moet hulle pleit vir die nodige goedkeuring. Binne die AGS Kerk word evangelisasie juis as die kerk se belangrikste taak beskou. Die kerk se verantwoordelikheid om kerke te plant is ingebou in die naam van die AGS Kerk – die kerk moet apostolies in sending wees. Die droom van die AGS Kerk is juis om 'n AGS Kerk staan te maak oral waar daar mense is. Dit bring mee dat evangelisasie prioriteit geniet en armoedeverligting nagelaat word. 'n Tweede plek

aan armoedeverligting binne die kerk se taak is ontoereikend. Andersins kan daar nie slegs gesê word dat die kerk vir beide take verantwoordelik is nie want daar bestaan verskille tussen die opvattinge van heil (sien hoofstuk 5).

Na my mening is Mostert se begrip van heil ontoereikend. In terme van die hipotese (hoofstuk 1) van hierdie studie en die verduideliking van heil in hoofstuk 5 ken Mostert prioriteit toe aan die opvatting van heil as versoening en vergifnis. Die opvatting van heil as bevryding, wat armoedeverligting insluit, word nagelaat. Beide versoening en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak.

Verder word veranderde kontekste nie in ag geneem nie. Vir die evangelie om relevant te wees, moet dit die konkrete konteks van mense ernstig opneem en veral dié van die armes.

2.4.2 Isak Burger – armoedeverligting help die kerk groei

2.4.2.1 Agtergrond en betekenis

Burger is die huidige president van die AGS Kerk en huldig sterk standpunte ten opsigte van armoedeverligting binne die historiese ontwikkeling van die kerk (Burger 1987). Binne 'n verenigde AGS Kerk is Burger van mening dat welgestelde gemeentes die minderbevoorregte gemeentes moet ondersteun sonder om hulle te oorheers.

2.4.2.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Burger die kerk se sending? Burger verstaan sending hoofsaaklik as evangelisasie. Die kerk moet die wêreld evangeliseer om mense tot bekering te bring. Burger (1987:169) haal John G. Lake aan oor die AGS Kerk se sending: “In fact, it is our conviction that a real Pentecost, according to the Word of God, must be essentially a Salvation Movement”. Deur evangelisasie word heil aan die wêreld gebring.

Hoe verstaan Burger heil? Burger is van mening dat die kerk die heil van God aan die wêreld moet bring. Burger (1987:144) verstaan heil in terme van versoening met God. Sonde het gelei tot 'n gebroke verhouding tussen die mens en God. Christus het aan die kruis gesterf vir die sonde van die wêreld en deur vergifnis in Christus word die gebroke verhouding tussen God en die mens herstel.

Wat is dus volgens Burger die kerk se taak? Die kerk is verantwoordelik om die evangelie aan

die wêreld te verkondig, want mense moet van hulle sonde verlos word (Burger 1987:156). Deur die evangelie kan die mens se probleem van sonde opgelos word. Sonde word hoofsaaklik verstaan as 'n "geestelike" probleem wat veroorsaak dat die mens nie volkome tot God kan kom nie. Sonde het verskeie gevolge in die individu se lewe, byvoorbeeld in die materiële en sosiale sfeer meegebring, maar dit kan slegs in die geestelike sfeer hanteer word. Die enigste wyse hoe sonde uit die innerlike sfeer verwyder kan word, is deur die verbale verkondiging van die evangelie. Heil vind dus binne die innerlike geestelike sfeer plaas waar God die mens ontmoet. Die inhoud van heil behoort slegs tot die innerlike sfeer. Dit is 'n geestelike koninkryk wat nie aan hierdie wêreld behoort nie. Sosiale sonde word primêr veroorsaak deur individuele sonde wat op hulle beurt die gevolg van innerlike geestelike probleme is.

Burger verduidelik dat sonde 'n ernstige probleem is (Burger 1987:133). Na die sondeval in Genesis was Adam en Eva oorval van skuld oor wat hulle gedoen het. Die teks verduidelik dat God 'n diervel voorsien het om hulle naakte liggaam en skuld te dek. God bied 'n alternatiewe manier waarvolgens hulle sonde gedelg kon word. Omdat God heilig is kan God nie sonde ongestraf laat nie. God neem dit op Homself om vir die sonde op 'n wettige wyse te betaal. Daarna word die skuldige party vrygespreek. Later word Jesus God se plaasvervanger om in ons plek te sterf. Sonde word dus verstaan as die mislukking om die doel te bereik om God te behaag. Sonde verwys na rebellie teen God en die verbreking van die goddelike wet. Sonde verwys ook na onheil, om skuldig voor God te wees, die werke van die vlees en die werke van die duiwel te doen en om ongehoorsaam te wees. Sonde vernietig alles wat geskape is. Deur die verkondiging van die evangelie kom mense tot bekering deur hulle sondes te bely en die gebroke verhouding tussen God en die mens word herstel. Christus sterf ter wille van die mens se sonde. Evangelisasie bring heil waar heil verwys na dit wat gebeur wanneer 'n persoon bewustelik sy of haar geloof in Christus bely en verwys na die vertikale aspek van heil. Heil is beperk tot die regverdiging en wedergeboorte van die individu deur 'n vertikale verhouding met God (Sider 1979:5, Cassidy 1978:201, McCauley 1996:55).

Burger (1987:41) meld dat die AGS Kerk ontstaan het as gevolg van 'n gemeenskaplike ervaring, naamlik die doop met die Heilige Gees. Die doel van die doop met die Heilige Gees is om gelowiges toe te rus om Jesus se getuies te wees. Die Pinksterbeweging beklemtoon die feit dat elke lidmaat moet kan getuig van 'n persoonlike bekering. Gepaardgaande hiermee is

die belangrikheid van 'n persoonlike ontmoeting met God (ook Graham in Sider 1975:5). Die Pinksterbeweging beskou emosie en belewenis as belangrik in hulle bediening. Burger verwys veral na die herlewings wat plaasgevind het in Amerika en die Verenigde Koninkryke met die klem op die miljoene mense wat tot bekering gekom het. Tesame hiermee was die doop met die Heilige Gees beklemtoon. In die middel van die 19de eeu is die kerk verwar deur uitdagings soos humanisme, materialisme en rasionalisme. Burger meen dat die kerk moet waak daarteen om nie weggeelok te word daarvan om getuies vir God te wees nie.

Volgens Burger is die kerk ook verantwoordelik vir die armes en hy verwys na die kerk se rol in die armbanke-vraagstuk na die Tweede Vryheidsoorlog (Burger 1987:102). Dit het die basis vir die ontstaan en verbreding van die AGS Kerk daargestel. Na die oorlog het boere teruggekeer na verwoeste en afgebrande plaasopstalle. Toestande was haglik en ontsettende armoede het geheers weens 'n gebrek aan lewensmiddele. Die plase het geen opbrengste van oeste gelewer nie en die boere het geen vee of grond vir bewerking gehad nie. Die armbanke-vraagstuk het sy hoogtepunt tussen 1904 en 1909 bereik. Die Afrikanerboere het eensklaps 'n arbeidersklas geword. Talle mense het onder die broodlyn geleef. Op die hoogtepunt van hierdie krisistyd en verarming het die AGS Kerk in 1908 ontstaan. Daar bestaan volgens Burger (1987:115) die tendens dat Christelike herlewings tipies onder die armes en laer sosio-ekonomiese klasse begin. Die grootste gedeelte van die eerste geslag lidmate van die AGS Kerk het uit die armer gedeelte van die Afrikanervolk gekom. Dit is 'n historiese feit dat die mens in nood en armoede 'n groter desperaatheid en behoefte aan God openbaar. So het die AGS Kerk ook in sy vroeë jare dié tendens getoon. Die oorlog en hervestiging van mense het bygedra tot 'n groot geestelike verval. In dié tye het die kerk sy bes gedoen om in die nood en behoefte van die mense te voorsien. Dit was moeilik want predikante het alleen die opheffingswerk gedoen te midde van die gebrek aan fondse.

Andersins staan Burger krities teenoor die “social gospel”. Hy huldig die mening dat die opkoms van die “social gospel” die kwessie van 'n persoonlike verhouding en ondervinding met God vertroebel. Die industriële revolusie en burgeroorlog in Amerika het aanleiding gegee tot morele, maatskaplike en ekonomiese probleme. Volgens Burger (1987:65) het die kerke wat hulle met die “social gospel” geassosieer het, hiermee saam die revolusie van geweld verkies en ondersteun. Die keuse vir die “social gospel” het ook lae geestelike standaarde tot gevolg gehad. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die

Heiligheidsbeweging wat die weg voorberei het vir die ontstaan van die Pinksterbeweging.

2.4.2.3 Die plek van armoedeverligting

Met die klem op evangelisasie verkry versoening met God 'n eerste plek in die kerk se sendingtaak. Indien die plek van armoedeverligting vergelyk word met dié van die verkondiging van die evangelie, kry laasgenoemde dus altyd die prioriteit. Armoedeverligting kry dan 'n tweede plek as dit kom by die uitvoer van die kerk se taak. Dit is kenmerkend by evangeliese groepe. Wanneer Burger die klem op die armes plaas, word armoedeverligting op die voorgrond geplaas. Burger verwys egter slegs na armlankes terwyl swartes wat die grootste deel van die bevolking uitmaak in groter armoede leef.

Hoe plaas Burger die klem op die armes? Burger (1987:121) plaas die klem op die armes deur die rol van die AGS Kerk in armoedeverligting te beskryf: “Die AGS Kerk het 'n groot bydrae gemaak tot die oplossing van die armlanke-vraagstuk, want die kerk het armlankes opgetel en hulle behoorlik gerehabiliteer”. Met die herlewing in Doornfontein was die verskillende ras-, kleur-, taal- en kultuurgroepe almal saam in een saal. Later is die aparte doop van rasse-groepe in die AGS Kerk gewettig asook die hou van aparte dienste. Die skeiding van rasse het die benutting van aparte hulpbronne bevorder. Die armes het armer geword en die rykes ryker. Die rasseskieding in die kerk het geweldige implikasies vir die armes in die AGS Kerk ingehou.

Waarom het die kerk weggeskram van sy maatskaplike verantwoordelikheid? Met die ontstaan van die AGS Kerk is die indruk van afsydigheid teenoor die samelewing soms gewek (Burger 1987:135). Die standpunt is gehuldig dat dit onwenslik en soms as sonde beskou is om onnodig in die sekulêre lewe betrokke te wees (sien Concerned Evangelicals 1986:22). Die eerste generasie van die AGS Kerk lidmate het dan ook hoofsaaklik uit arm mense bestaan. Met die nuwe generasie van lidmate het die lewensuitkyk op sosiale betrokkenheid verander. In die vyftigerjare is daar selfs deur die Hoofrade besluit dat die AGS Kerk deeglik sy plek in die samelewing moet volstaan. Met verloop van tyd het barmhartigheid op 'n formele en georganiseerde basis geskied. In die AGS Kerk het dit so gebeur dat die vroue van die kerk op 'n besondere wyse betrokke geraak het in welsynswerk onder die naam DORKAS. Deur die Dorkasorganisasie is kinderhuise geopen en onderhou. Ouetehuse is ook geopen vir die versorging en huisvesting van bejaardes. Op hierdie stadium het die hulp en dienste slegs by

blankes uitgekom en het nie by die massas van swart arm mense uitgekom wat dit werklik nodig gehad het nie.

2.4.2.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Is Burger se verstaan van heil toereikend? Na my mening is Burger se verstaan van heil eng en ontoereikend. Hy verstaan heil hoofsaaklik in terme van versoening met God terwyl heil veel meer inhou. Heil het ook ander betekenis wat dit 'n breër omvattende begrip maak. Heil sluit ook armoedeverligting in. Met die klem op heil as versoening word armoedeverligting nagelaat terwyl dit deel vorm van heil. Die opvatting van heil kan ook nie bloot naas mekaar geplaas word nie want daar bestaan strukturele verskille tussen versoening/vergifnis en bevryding (sien hoofstuk 5). In terme van die hipotese (hoofstuk 1) van hierdie studie en die verduideliking van heil in hoofstuk 5 ken Burger prioriteit toe aan die opvatting van heil as versoening en vergifnis. Hier word gefokus op persoonlike sonde van mense en sonde in strukture word nie in ag geneem nie. Binne die AGS Kerk word daar wel aandag aan bevryding gegee – waar dit verband hou met bevryding van die bose en demoniese magte. Die opvatting van heil as bevryding wat armoedeverligting insluit word egter nagelaat. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5). Beide versoening en bevryding as opvatting van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak.

Burger laat die klem sterk val op individuele bekering. Die heil van die wêreld en kosmos word dus ook nagelaat. Die verstaan van heil kan nie tot die individu beperk word nie. So belangrik soos die vertikale verhouding met God is, so belangrik is die horisontale verhouding tussen mense en veral mense wat mekaar as vyande beskou. Dit verwys ook na die verhouding tussen die onderdrukte en onderdrukker. Die rol van die Heilige Gees kan nie tot die individu en kerk beperk word nie. Die Gees skep juis 'n gemeenskap wat God se liefde aktualiseer en teenwoordig maak. Die kerk kan nie die Gees en die Gees se werksaamheid tot die kerk beperk nie. Die Heilige Gees gee dapperheid in situasies van teenkanting waar dit gaan oor sosiale transformasie. Die tyd toe politieke betrokkenheid as sonde gesien is, is ook verby soos in die woorde van Boesak gestel: “farewell to innocence”. Die persepsie dat armoedeverligting evangelisasie aanhelp bly 'n onaanvaarbare siening. Evangeliese groepe verduidelik die verhouding tussen sonde en sosiale aksie slegs in terme daarvan dat sosiale aksie 'n middel is

om mense tot bekering te bring. Hierdie verduideliking is egter ontoereikend.

Dit is nie moontlik om die mens se vertikale verhouding te skei van die horisontale verhouding nie. Die siening om slegs sonde by die individu te identifiseer, is onvoldoende want dit word vandag algemeen aanvaar dat sonde ook teen mense gepleeg kan word. Sonde is ook teenwoordig in strukture. Tesame hiermee is die totale skepping in sonde gehul en die totale skepping het heil nodig, omdat die totale skepping aan die verwoestende effek van sonde onderworpe is. Die aard van sonde wat in die verhaal van die sondeval (Genesis) beskryf word, sluit aan by die afbreek van alle verhoudings naamlik die mens se verhouding met ander mense asook die natuur self. Alle mense neem deel in die sonde van Adam want hy is 'n gemeenskaplike figuur en sluit ons almal in. Sonde het beide 'n teologiese en sosiale impak. Dit het die gemeenskap vernietig wie se bestaan intiem onderling verbind is. Jesus kritiseer die Fariseërs omdat hulle die wet buite die bereik van mense plaas en die betekenis van die wet skei van die sosiale, ekonomiese en politieke konteks. Jesus meet die egtheid van bekering in die mate waarmee daar met die armes gedeel word, deur die opgee van uitbuiting, die terug gee van gesteelde geld en die wegdraai van egbreek.

Verder neig evangeliese groepe om individualisties te wees (Nicholls 1985:55). Die individu moet tot 'n besluit kom en persoonlike sonde laat vaar (ook Burger1987:41). Hierdie benadering lei tot die individualistiese lees en verstaan van die Bybel tesame met die persoonlike ervaring van die werk en leiding van die Heilige Gees. Dit lei verder tot die verwerping van burokrasie ten gunste van kreatiwiteit en avontuur wat lei tot talle evangeliese verenigings en rondreisende evangeliste. Individue moet nou die kerk se taak vervul. Evangeliese groepe het dikwels 'n onderontwikkelde ekklesiologie as gevolg van die klem op die individu. Dit vloei voort uit die mislukking om die aard van die kerk as die historiese en sigbare mense van God ernstig op te neem. Individue word tot bekering geroep asof die kerk van Christus nie belangrik is nie. Die individualisme het ook aanleiding gegee tot die talle skeurings van die kerk. Deur individualisme word die heerskappy van God beperk tot 'n deel van mense se lewe en die indruk word geskep dat God nie in die gemeenskap en wêreld werk nie. God is egter Heer oor die totale mens, skepping en kosmos.

In die Bybel is daar genoeg aanduidings van die belangrikheid van die groep teenoor die individue, byvoorbeeld waar daar verwys word na die volk van God en die kerk. Die praktyk

van die sending van die kerk het altyd evangelisasie en sosiale verantwoordelikheid ingesluit. Sending het dus aktiwiteite ingesluit wat beide persoonlike en sosiale verandering teweeg gebring het. Die verhouding tussen evangelisasie en sosiale verantwoordelikheid is 'n verwysing na die verhouding tussen die aktiwiteite wat daarop gerig is om mense te verander en aktiwiteite wat gerig is om sosiale verandering te weeg te bring. 'n Ondersoek tussen die persoonlike en gemeenskaplike, die vertikale en horisontale word dus benodig. Die Bybel fokus hoofsaaklik op die gemeenskap. Jesus kom om die koninkryk aan te kondig en roep individue om by die gemeenskap aan te sluit. Verder skei die Bybel nie die horisontale en vertikale verhoudinge van mekaar nie want daar is geen sinvolle manier hoe 'n persoon se verhouding met God geskei kan word van sy verhouding met sy naaste nie.

Die plek van armoedeverligting word nie toereikend aangedui nie. Die sending van die kerk word geskei van gemeenskapsbetrokkenheid omdat die Koninkryk van God as 'n fundamenteel geestelike realiteit gesien word wat tydelike sake affekteer (Nicholls 1985:112). Die hemel is die mens se werklike tuiste wat verhewe is bo die aarde (sien kritiek van Concerned Evangelicals 1986:22). Dié argument is gebaseer op die aanname dat die hemel vir ewig sal bestaan en dat die aarde eendag vernietig sal word. Die hemel en die aarde vorm egter 'n geïntegreerde geheel want beide is deur God geskape. Hiermee saam gaan die behoefte aan heil waar dit verwys na versoening, verlossing, bevryding of redding.

Waar evangelisasie beklemtoon word, word armoedeverligting in wese deur die kerk nagelaat. Die verhouding tussen die komponente word ook nie verduidelik nie. Burger se benadering tot armoedeverligting is ontoereikend omdat sy verstaan van heil ontoereikend is. Heil kan nie slegs in terme van versoening met God verstaan word nie. Verder kan die versoening/vergifnis en bevryding nie bloot naas mekaar geplaas word nie, want daar bestaan strukturele verskille tussen hierdie opvattinge van heil (sien hoofstuk 5).

2.5 Botsende opsies vir evangeliese groepe

Binne 'n veranderde wêreld staan evangeliese groepe voor die uitdaging om aanpassings te maak ten opsigte van die verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Dit is nie noodwendig maklik om 'n balans te handhaaf tussen hierdie prioriteite nie.

'n Eerste opsie vir evangeliese groepe is om sosiale aksie te sien as iets wat die aandag aftrek

vanaf evangelisasie (Nicholls 1985:48, McCauley 1996:81). Dit kom veral voor waar konserwatiewe groepe evangelisasie as die kerk se eksklusiewe taak voorhou. Die opsie word uitgeoefen in die lig van Christus se spoedige wederkoms en die noodsaaklikheid dat mense gereed moet wees. Gepaardgaande hiermee is die siening dat die hele wêreld besig is om te vergaan (Concerned Evangelicals 1986:22). Sosiale aktiwiteite soos mediese hulp en opvoeding word as sekondêr geag. Ek is van mening dat uiterste toestande van armoede in die wêreld juis die aandag van die kerk moet trek. 'n Mens kan nie jou oë toemaak in uiterste toestande van armoede, onderdrukking en uitbuiting nie. Daar moet in solidariteit gestaan word met dié wat ly om saam met hulle te ly. Dit is nodig om beide die belangrikheid van die toekomstige en die hier en die nou te beklemtoon. Transformasie van die huidige wêreld moet dien as die eerste vrug van die toekomstige volkome transformasie van die kosmos.

Sosiale aksie kan tweedens as verraad ten opsigte van evangelisasie geag word. By 'n dualisme tussen gees en liggaam, heilig en sekulêr, ewig en tydelik, en persoonlike vroomheid teenoor die hopeloosheid van die wêreld word sosiale aksie gesien as 'n verskuiwing van die wettige na die onwettige (Nicholls 1985:48). Die kerk se sending is om siele te wen en om heilig te bly (McCauley 1986:81, Burger 1987:169, Cassidy 1978a;201). Daar moet dus weggebly word van die “besoedeling” en invloed van die wêreld. Hier is die argument dat soveel as moontlik siele gewen moet word, want die wêreld word gesien as 'n skip wat besig is om te sink. Evangeliese groepe moet nie vergeet dat God wat heil skenk ook die skepper is nie en dat dit nie God se begeerte is dat enige deel van die skepping verlore moet gaan nie. Die heerskappy van God kan nie beperk word tot die individu nie. Die kerk se sendingtaak kan nie slegs evangelisasie of slegs sosiale transformasie behels nie. Sosiale aksie kan nie as verraad ten opsigte van evangelisasie gesien word nie. Sosiale aksie probeer nie kompeteer teen evangelisasie nie. In 'n holistiese model behoort alle komponente van sending as gelykes te staan. Andersins dien sosiale aksie as kriterium vir die egtheid van evangelisasie en heil. Ontrouheid in sending word juis hierin geopenbaar dat sosiale transformasie nagelaat word.

Sosiale aksie mag derdens as 'n middel tot evangelisasie beskou word (Nicholls 1985:49 ook McCauley 1996:15, Burger 1987:121). Sosiale aksie word dus as “brug” of voorbereiding vir evangelisasie gesien. Daar word aangevoer dat mense nie na die evangelie kan luister met honger mae nie. Sosiale aksie dien so as aas aan die hoek van die visstok om mense te lok tot bekering. Die einddoel van die sosiale aksie is evangelisasie en bekering. Hierdie siening kom

onder sterk kritiek omdat dit gepaardgaan met 'n versteekte agenda. Dit hou die gevaar in om nie meer barmhartigheid te bewys nadat die doel van bekering bereik is nie. Die motief vir sending hier is vals en dus nie opreg nie. Dit ondermyn God se sending van opregte liefde. Dit mag ook die gevolg hê dat hulp aan mense weerhou sal word waar hulle hul nie wil bekeer nie.

Sosiale aksie mag vierdens as die resultaat van evangelisasie beskou word (Nicholls 1985:59, ook Snyders 1980:119, Nicholls 1985:14, Sider 1979:3). Die verandering van mense se lewens deur die verbale verkondiging van die evangelie is primêr en deur die lewens wat getransformeer word sal sosiale betrokkenheid hiervolgens vanselfsprekend volg. Sosiale aksie is dus slegs waardevol waar dit deur bekering vooraf gegaan word. Horisontale betrokkenheid is dus afhanklik van die vertikale en moet dit nie vooraf gaan nie. Sosiale aksie mag ook as die vennoot van evangelisasie beskou word. Hierdie benadering is ontoereikend omdat dit evangelisasie as die kerk se primêre taak beskou en sosiale aksie ondergeskik aan evangelisasie maak. Die kerk se taak bly die verkondiging van die evangelie, maar die taak van die verkondiging van die evangelie van die Koninkryk sluit alles in, ook die sosio-politieke verantwoordelikheid van die kerk en die lidmate. Sosiale aksie word opsioneel en daar is geen versekering dat daar by sosiale aksie uitgekom sal word nie.

Bogenoemde opsies kan soos volg opgesom word: sosiale aksie staan afsonderlik van evangelisasie, maar is tog gelyk aan evangelisasie of sosiale aksie is deel van of vloei voort uit evangelisasie. Evangeliese groepe gee aan evangelisasie die eerste plek en armoedeverligting kry 'n tweede opsionele plek binne die kerk se sendingtaak. Die studie ondersoek juis die verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Wat moet eerste kom – evangelisasie of armoedeverligting? Moet daar noodwendig gekies word?

2.6 Tekortkominge van die dualistiese benadering

Hoe verstaan evangeliese groepe armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak? Evangeliese groepe beklemtoon tipies die persoonlike verhouding tussen mens en God, wat verwys na die sogenaamde vertikale dimensie. Hier word heil in die eerste plek beskou as persoonlike bevryding vanuit die mag van die sonde en versoening met God. 'n Groot gedeelte van hierdie groep is aktief in hul pogings om “siele vir Christus te wen”, maar taamlik passief wanneer dit by sosiale verandering en armoedeverligting kom (sien McCauley 1996:101; Van

Der Walt 1995:3; Cassidy 1989:67; Quere 1975:15). Evangeliese groepe lê klem op die Woord – en veral die suiwere Woordverkondiging of die regte leer. Evangeliese groepe is veral bekommerd dat die individu en die kerk soos die wêreld sal word. Die groep worstel met die vraag hoe die kerk wat nie van die wêreld is nie, tog in die wêreld kan wees. Hier vind ons 'n dualisme en spanning tussen die kerk en die wêreld. Die groep beklemtoon die identiteit van die kerk en die klem word geplaas op die transendensie van die kerk. Robert Culpepper (1977:39) meld dat Charismatiese groepe groot klem plaas op koinonia eerder as op diakonia – waar diakonia verwys na armoedeverligting. Die spesiale aan-doening met krag en die gawes moet die kerk help in sy sending om siele vir Christus te wen.

Ander evangeliese groepe soek vir 'n balans vir die aanspreek van armoede binne die kerk se sendingtaak (McCauley 1996:8; Cassidy 1989:50). McCauley (1996:10) verwoord dit soos volg: “In fact, its programme of evangelism, linked with a strong social programme, is making a splendid statement in South Africa.” Die rol van die kerk word verstaan as om profeties relevant te wees, om sosiaal relevant te wees en om in staat te wees om die nasie te evangeliseer (McCauley 1996:10). McCauley (1996:82) probeer 'n balans handhaaf en stel dit soos volg: “There is a danger of becoming unbalanced and neglecting the prime objective of the gospel, which is to win people to Christ. But if we guard against excessive involvement which detracts from the fundamental preaching of the gospel, social involvement becomes a dynamic force in the church. It makes the church a significant player in society and dependant how far it is prepared to go, it can touch the very heart of a nation. The important key is keeping a balance”. Dit lyk of McCauley vir 'n balans vra, maar tog met 'n prioriteit vir die prediking van die evangelie. Hy haal ook Matthéüs 6:33 aan om dit te bevestig: “Seek first the kingdom of God and His righteousness, and all these things shall be added to you”. Hier is ook 'n behoefte aan 'n verduideliking van hoe ver gegaan mag word met sosiale betrokkenheid. Cassidy (1989:242) verduidelik die balans soos volg: Daar moet eerste 'n toewyding aan God wees en om God, wie se wese deur Jesus geopenbaar is, lief te hê met ons hele hart, siel, verstand en krag. Dié liefde moet ons motiveer en lei tot gehoorsaamheid en om Jesus in sy wil en doel te volg. Die liefde vir God dien as die spil waarom alles draai. Die liefde dryf die vrees uit vir onder andere onregverdige sisteme in die gemeenskap. Cassidy (1989:254) verduidelik die verbintenis tussen evangelisasie en sosiale besorgdheid soos volg: “Though these two great arms in Christian endeavour of evangelism and social concern on occasion

function separately, they should in fact normally operate together, with acts of social concern being either a consequence of evangelism or a bridge to evangelism or a partner in evangelism. The ideal is probably that of partnership, where evangelism and social concern operate as the two blades of a pair of scissors, cutting through human need and bondage of every sort”.

’n Dualistiese benadering ten opsigte van armoede in die kerk se taak sal altyd problematies wees. Daar sal altyd die spanning wees tussen wat die kerk beskou as sy primêre taak (die wen van siele) en sy sekondêre taak (die sosiale nood). Die belangrikheid van die primêre taak sal deurgaans beklemtoon word. Die evangeliese groepe verstaan die primêre nood van die mens as om van sonde verlos te word. Jesus het na die aarde gekom om te sterf vir die sonde van die mensdom. Die vervulling van die primêre nood is belangrik want dit hou implikasies in om vir ewig verlore of gered te word. Hieruit vloei dit voort dat ’n evangelie verkondig word dat mense net moet glo en hulle sal gered word. Daar moet gekyk word of armoede verstaan word as ’n gevolg van sonde want dit blyk dat indien die sondeprobleem opgelos word, die armoedeprobleem daarin ook terselfdertyd opgelos word. So ’n benadering bring maklik ’n vervreemding van die huidige wêreld. Daar moet slegs vir die hemel geleef word. So ’n dualistiese benadering lei dikwels daartoe dat die sekondêre taak van die kerk aangewend word om die primêre taak te bereik. Die kerk sal ook dikwels betrokke wees by die sosiale nood van mense slegs om sy gewete te sus.

Die dualistiese benadering beklemtoon die individu se redding, heiligheid en innerlike lewe en God se totale werk in die skepping word nagelaat. Individualisme lei daartoe dat die godsdienst min betekenis vir die openbare lewe inhou. Die groep “Concerned Evangelicals” (1986:22) kritiseer ’n dualistiese benadering en verwys na die volgende probleme. Die probleme sluit in dat evangeliese groepe hulself uit die wêreld verwyder, want die wêreld is sondig en net goed vir die hel. Die doel van evangeliese groep is net om so veel siele as moontlik te red. Andersins wag hulle vir die koms van hulle Heer “om hulle na die hemel te neem”. ’n Verdere probleem is dat die groep konserwatief, fundamentalisties en wetties is wat die oorblywende ‘waarheid’ van die evangelie moet beskerm. Evangeliese teoloë praktiseer ’n dualisme wat die sterk onderskeid tussen die geestelike en materiële beklemtoon. Dit het ’n geestelike lewe moontlik gemaak waarmee navolgers steeds andere kon onderdruk en uitbuit. Talle evangeliese groepe het hulle onttrek aan die ekumeniese bewegings omdat hulle dit as

humanisties gesien het en nie saamgestem het met die sogenoemde ‘sosiale evangelie’ nie. “Concerned Evangelicals” bevestig die behoefte vir belydenis van versoening met God en mense, maar dié oproep tot belydenis vereis sosiale verandering vir die realisering van geregtigheid. Dit beteken dat sosiale sonde van onderdrukking en uitbuiting ook veroordeel moet word.

Dit kom daarop neer dat die evangeliese posisie dualisties is en die verhouding tussen en ’n integrasie van evangelisering en sosiale verantwoordelikheid onopgelos bly. Daar is ’n behoefte dat die lewensbeskouwlike dualisme ondersoek moet word. By die hantering van armoede sal byvoorbeeld slegs gekonsentreer word op die simptome van armoede en nie die dieperliggende oorsake van armoede nie. Dié benadering is ontoereikend omdat dit duidelik is dat waar daar nie meganismes is om te verseker dat armoede aangespreek word nie dit nagelaat word. Die stryd van die armes en hulle konteks word nie ernstig opgeneem nie. Hier word daar nie in solidariteit met die armes gestaan nie.

In die dokument “Evangelical Witness in South Africa 1986” vind ons ’n kritiek deur lede van evangeliese groepe self oor die teologie en praktyk van evangeliese groepe. Hierdie groep het besef dat daar iets verkeerd is met die kerk se sending wat dit onvoldoende maak om die krisis van die dag aan te spreek. Die kritiek hou daarmee verband dat evangeliese groepe die *status quo* van apartheid ondersteun het en nie standpunt wou inneem teen onderdrukking nie, die onderwerp van rassisme vermy het en om hierdie redes dit maklik gevind het om evangelisasie ’n eerste prioriteit te maak en bevryding vanuit onderdrukking tweede te stel binne die kerk se sendingtaak.

Die dualistiese benadering tot die verstaan van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak is dus ontoereikend omdat hulle verstaan van heil gebrekkig is. Deurdat heil hoofsaaklik as versoening met God verstaan word, word armoedeverligting maklik nagelaat. Verder kan die opvatting van heil nie slegs naas mekaar geplaas word nie want daar bestaan verskille tussen hierdie begrippe (sien hoofstuk 5). Evangeliese groepe het gesprekvoering met ander benaderings nodig. Vir die doel van hierdie studie sal daar vervolgens gekyk word hoe bevrydingsteologie die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak verstaan.

HOOFSTUK 3

’n VOORKEUR OPSIE VIR DIE ARMES EN ARMOEDEVERLIGTING BINNE DIE KERK SE SENDINGTAAK

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk het ons onder die dualistiese benadering gesien dat daar twee take van die kerk is wat aandag moet geniet, waar die voorkeur opsie gerig is op evangelisasie (die “geestelike”) en nie armoedeverligting nie. Armoedeverligting kry dus ’n “tweede” plek binne die kerk se sendingtaak by ’n dualistiese benadering. In hierdie hoofstuk verwys ek na die uitstaande kenmerke van die benadering wat ’n voorkeur opsie aan die armes en armoedeverligting gee binne die kerk se sendingtaak, waarna ek sal aandui waarom hierdie benadering ontoereikend is. Op die oog af lyk dit asof hierdie benadering armoedeverligting as die kerk se eerste of selfs die enigste taak stel. Die voorkeur opsie vir die armes en vir armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak is tipies by bevrydingsteologie.

Die voorkeur opsie vir die armes beteken dat daar doelbewus by die armes begin moet word om te bepaal wat die evangelie vir hulle beteken. In die kerk se sendingtaak moet daar dus eerste gevra word, wie die armes is, wat hulle behoeftes is, wat die oorsake van armoede is en daar moet in solidariteit met die armes gestaan word. Die benadering plaas die klem op die sosiale verhouding tussen mens en mens, oftewel die horisontale dimensie. Hierdie groep beklemtoon dat die kerk daar is vir die wêreld, anders is dit irrelevant. Heil word verstaan as die bevryding van honger, armoede en verdrukking wat die gevolg van onregverdige strukture van die samelewing is. Hierdie groep is aktief betrokke in maatskaplike verandering (Van der Walt 1995:3; Nolan 1987:10). Terwyl evangeliese groepe fokus op die belangrikheid van die Woord, val die klem binne hierdie benadering op die daad. Hierdie benadering is egter daarop gesteld dat die kerk in en vir die wêreld teenwoordig moet wees. Die benadering beklemtoon die belangrikheid van die wêreld en relevansie vir die wêreld. Nolan (1987:10) verduidelik dat teologie die geloofsvrae vir spesifieke plekke en spesifieke tye beantwoord.

Binne die Latyns Amerikaanse konteks sedert die 1960s het armoedeverligting ook groot aandag geniet. Armoede is hoofsaaklik verstaan as ’n gevolg van politieke onderdrukking en daarom is bevryding vanuit sodanige onderdrukking bepleit. McAfee Brown (1990:50)

verduidelik dat bevrydingsteologie vanaf 'n Latyns Amerikaanse perspektief begin met 'n keuse vir en toewyding tot die armes. Dit word verstaan as effektiewe solidariteit met die klas wat uitgebuit en onderdruk word. Bevrydingsteologie stel dus sending gelyk aan die stryd vir die bevryding van die onderdrukte. Daar moet hiervolgens erken word dat ons in sondige situasies leef wat deur strukture veroorsaak is. Verder is daar ook die uitdaging om op die huidige konteks te fokus. Die wêreld van die hier en die nou is belangrik. Tesame met 'n voorkeur opsie aan die armes sal daar noodwendig 'n bepaalde prioriteit aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeskryf word. Volgens Gutièrrez is armoede afbrekend vir die menswaardigheid van armes. Hy beklemtoon ook dat armoede nie per toeval is nie (in Brown 1990:32). Die uitdeel van kospakkies aan die armes is dus nie toereikend nie want die wortel van die probleem word nie aangespreek nie. Sending aan die armes vereis die skep van 'n nuwe sosiale orde (Gutièrrez 1974:89). Gutièrrez (1984:67) gee dus ook 'n bepaalde prioriteit aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak.

Vir Boff (1978:5) hou sending ook verband met die bevryding van die armes en in navolging van die voorbeeld van Christus. Die kerk is aan die kant van die armes alleenlik as die kerk langs hulle staan teen armoede (Boff 1991:3). Om die ware kerk te kan wees moet die kerk 'n voorkeur opsie vir armes en armoedeverligting hê (Boff 1986:17). In die bevrydingstryd kom die arm onderdrukte saam om hulle situasie te verstaan, om die oorsake van hulle onderdrukking te ontdek en om hulleself te organiseer om saam op te tree. Vir Sobrino (1985:5) gaan dit binne die Latyns Amerikaanse situasie oor die besorgdheid oor mense wat honger is. Binne hierdie toestande is transformasie noodsaaklik. Die werklike wêreld moet gered word vanuit sy verlore toestand. De Santa Ana (1979:xviii) verduidelik dat die kerk se taak gepaard gaan met 'n ingewikkelde stryd omdat dit verband hou met die totale transformasie van die gemeenskap, insluitende die verandering in die politieke, ekonomiese en sosiale strukture op beide nasionale en internasionale vlak. Dit verg 'n radikale herverdeling van bronne en mag. Die armes benodig nie slegs programme vir verligting van armoede deur rykes nie want die rykes en strukture ondersteun die voortsetting van die probleem. Binne die Latyns Amerikaanse konteks word daar dus deurgaans 'n bepaalde prioriteit aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeskryf.

In hierdie hoofstuk word die missiologiese diskoers van Suid-Afrikaanse skrywers se bydraes ten opsigte van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak bespreek. Ek

maak gebruik van die insigte van Allan Boesak, Simon Maimela, Albert Nolan en Desmond Tutu. Ek sal ook verwys na die bydraes van Frank Chikane as verteenwoordiger van die AGS Kerk.

3.2 Suid-Afrikaanse perspektiewe rondom 'n voorkeur opsie vir armoedeverligting

3.2.1 Albert Nolan: armoedeverligting as 'n noodsaaklikheid

3.2.1.1 Agtergrond en betekenis

Albert Nolan (gebore 1934) kan beskou word as een van die sleutelfigure in die kerklike stryd teen apartheid en het deur sy hele loopbaan armoedeverligting deur die kerk beklemtoon. Nolan het in 1954 toegetree tot die Dominikaanse Orde, is in die 1980s aangestel as die provinsiale hoof van die Dominikaanse Orde in Suidelike Afrika en is in 1983 verkies as die “Master General of the Dominican Order” in Rome – ’n pos wat hy egter van die hand gewys het ter wille van sy roeping in Suidelike Afrika. Nolan is ’n stigterslid van die Institute for Contextual Theology en het in 1981 by hierdie organisasie begin werk. In hierdie hoedanigheid was hy ten nouste betrokke by die ontwikkeling van ’n inheemse, kontekstuele teologie, die opstel van die Kairos Dokument (1985) en teologiese nadenke oor die sogenaamde “onafhanklike” kerke in Afrika (AICs). Hy het ook gedien as redakteur van die ekumeniese tydskrif *Challenge*. Nolan het wye bekendheid verwerf deur sy boeke *Jesus before Christianity* (1976), ’n aantal artikels oor die Kairos dokument (1985, 1987), *God in South Africa* (1988) en *The church and the state* (1991). Hy het ook ’n aantal artikels oor die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armoede geskryf (sien 1985) met verdere bydraes in hierdie verband vanuit sy posisie as redakteur van *Challenge*. ’n Eredoktorsgraad van Regis Kollege in Toronto is in 1990 aan Albert Nolan verleen terwyl ’n huldigingsbundel, *Towards an agenda for contextual theology* (Speckman & Kaufman 2001) ook aan hom opgedra is.

3.2.1.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Nolan sending? Nolan bied nêrens in sy gepubliseerde werke ’n omvattende beskrywing van die kerk se sendingtaak aan nie. Daar is egter genoegsame materiaal van waaruit Nolan se verstaan van sending afgelei kan word. In sy boek *Jesus before Christianity* (1976) hou Nolan Jesus van Nasaret se bediening voor as ’n model vir die kerk se sendingtaak. Hy verwys na Jesus se intense betrokkenheid by die sosiale probleme van sy tyd en hoe Jesus

homself met die armes vereenselwig het en hulle in hulle nood bygestaan het. Nolan beskryf die “armes” as ’n sosiale groep wat duidelik identifiseerbaar is wat bedelaars, haweloses, die weduwees en wese en ook dagloners ingesluit het. Hierby moet ook die “sondaars”, oftewel die uitgeworpenes in die samelewing, asook die siekes, psigiatriese gevalle (ook duiwelbesetenes), blindes, verlamdes en melaatses ingereken word. “Sondaars” het ook mense ingesluit wat onrein professies beoefen het (prostitute, tollenaars, rowers, herders en geldwisselaars). Volgens Nolan het Jesus, anders as ander godsdienstige leiers, ’n bewuste keuse vir die uitgeworpenes gemaak. Hy het solidariteit betoon aan uitgeworpe groepe en het medelye met die noodlydendes gehad (Nolan 1976:21-29).

In ’n gedeelte oor die koms van die koninkryk van God, beskryf Nolan (1976:44-90) die uitdaging wat Jesus aan die godsdienstige leiers van sy tyd gestel het deur onregverdige strukture te ontbloot en ’n nuwe sosiale bestel (die “koninkryk van God”) te propageer. Vir Nolan is die koms van God se koninkryk as ’n motief in Jesus se bediening en prediking naastenby gelyk aan die soeke na ’n nuwe sosiale orde vir die toekoms (Nolan 1976:82-90). Die koninkryk van God staan teenoor bestaande koninkryke wat deur oorheersing gekenmerk word, insluitende oorheersing deur rykes, mense met sosiale status en godsdienstige leiers. Daarteenoor hou Jesus ’n sosiale bestel voor wat gebaseer is op dienslewering en solidariteit met die hulpeloses en uitgeworpenes (Nolan 1975:50-72). Die implikasie hiervan is duidelik, naamlik dat die kerk se sendingtaak behels om vir Jesus hierin na te volg. Die kerk moet ’n bepaalde prioriteit verleen aan armoedeverligting gewoon omdat Jesus in sy bediening die nood van die armes beklemtoon het. Geloof in Jesus beteken om te kies vir Jesus en dit waarvoor Jesus gestaan het en om dit as die aller belangrikste in die lewe te beskou (Nolan 1976:134-141).

In *God in South Africa* (1988) probeer Nolan die inhoud en betekenis van die evangelie binne die Suid-Afrikaanse konteks van daardie tyd vertolk. Sy kontekstuele benadering tot teologiese refleksie is hierin opvallend.¹ Die boek is deurspek met verwysings na die toestand

¹ Vir meer besonderhede oor Nolan se verstaan van kontekstuele teologie, vergelyk Nolan (1987, 1988). Kontekstuele teologie probeer die vrae beantwoord wat mense oor hulle geloof vra en veral die vrae van onderdrukte mense (Nolan 1987:10). Dit sluit aan by die klassieke definisie van Anselm naamlik: "Faith seeking understanding". Die doel met die stel van vrae is dat mense se geloof daardeur gevoed kan word. Verskillende mense op verskillende plekke (kontekste) vra verskillende vrae. Nuwe vrae word van tyd tot tyd binne nuwe kontekste gevra. Ten einde relevant te bly, moet die kerk daarom kennis neem van die konteks waarbinne dit funksioneer. Swart bevrydingsteologie beoefen byvoorbeeld teologie binne die ervaring van swart

van politieke onderdrukking in daardie tyd. Nolan argumenteer dat die kerk nie neutraal in so 'n konteks kan wees nie. Die evangelie vra van die kerk om kant te kies teen die onderdrukker en vir die armes en onderdrukte. In die slothoofstuk van *God in South Africa* formuleer Nolan (1988:218-19) die kerk se roeping (oftewel sending) juis in terme van die kerk se verbintenis tot die stryd teen apartheid en vir die armes en veronregtes. Hy argumenteer dat hierdie verbintenis berus op die insig dat God self werksaam is te midde van die armes en veronregtes in hulle stryd. Die kerk word geroep om teen dit wat verkeerd is te protesteer en dit wat reg is te ondersteun. Hieruit blyk dit tot in watter mate Nolan se opvatting van die begrip “sending” kontekstueel ingeklee word (McGlory, Speckman and Kaufmann 2001:87).

Ten einde Nolan se verstaan van die kerk se sendingtaak te begryp, is dit belangrik om te let op die wyse waarop hy die begrippe kerk, evangelie en heil gebruik. Dat die kerk 'n keuse vir die armes en veronregtes moet maak, beteken vir Nolan nie dat die kerk se taak tot dié van 'n politieke party gereduseer kan word nie. Die kerk word volgens Nolan (1988:209) gedefinieer en gekonstitueer deur die evangelie self. Die kerk se taak is om die evangelie te verkondig. Die verkondiging van die evangelie behels nie alleen prediking en kommunikasie nie, maar ook die konkrete vergestaltung van die evangelie in en deur die kerk se dienswerk. Die kerk getuig van die krag van die evangelie deur self uit te leef wat dit verkondig.

Die begrip “evangelie” is daarom van sleutel belang om Nolan se opvatting van die roeping van die kerk te verstaan. In die eerste hoofstuk van *God in South Africa* brei Nolan uit op sy verstaan van die evangelie as “goeie nuus” (Grieks: *euaggelion*). In aansluiting by Jesaja 52:7, 61:1-4 en Lukas 4:18 kontekstualiseer Nolan hierdie goeie nuus heel direk as die goeie nuus waarin 'n nuwe sosio-ekonomiese bestel tot stand sal kom waarin reg aan die armes en onderdrukte sal geskied. Die kerk se taak is om die goeie nuus te verkondig, sonde te veroordeel, om ongeregtigheid uit te daag en hoop te bring (Nolan 1988:7-17). Dit beteken ook dat 'n herdefiniëring van die begrip “evangelisasie” binne die Suid-Afrikaanse konteks noodsaaklik is.

Vanuit hierdie opmerkings is dit duidelik dat Nolan die “heil” wat in die evangelie verkondig

onderdrukking. Hierdie konteks lei tot talle vroeë rondom lyding, menswaardigheid, armoede en bevryding van onderdrukking.

word primêr in terme van die begrip van “bevryding” verstaan.² Bevryding behels ten minste ’n verlossing vanuit die sosiale omstandighede wat onderdrukkend van aard is, waarin sonde (veral die sondes van die maghebbers) en sondige strukture die hele samelewing gedompel het. Die apartheidstelsel in Suid-Afrika is vir Nolan hiervan ’n voor-die-hand-liggende voorbeeld. Dit beteken nie dat Nolan heil en bevryding volledig met mekaar gelykstel nie. Hy argumenteer dat bevryding nie bloot ’n aspek van heil is nie. Dit sou impliseer dat bevryding altyd onvolledig en gedeeltelik sou wees. Die begrip “heil” dui eerder op ’n godsdienstige perspektief ten opsigte van bevryding. Dit bring die teenwoordigheid van God self ter sprake. Nolan (1988:186) is oortuig daarvan dat dit inderdaad die wêreld se verskil maak om God se hand in die proses van bevryding raak te sien. Hierdie oortuiging word ook in die titel van sy boek *God in South Africa* uitgedruk. Dit spreek vanself dat so ’n opvatting van bevryding en heil belangrike implikasies inhou vir die wyse waarop die kerk se sendingtaak verstaan moet word. Die kerk se taak is naamlik om allereers te fokus op die armes en onderdrukte se behoefte aan bevryding. Dit is die eerste en noodsaaklike vereiste om konkrete gestalte te verleen aan die boodskap van heil wat die kerk verkondig.

Vanuit hierdie oorwegings is dit duidelik dat Nolan se verstaan van die kerk se sending ten nouste verbind word met die verkondiging van die evangelie, verstaan as die aankondiging van bevryding vir die armes en onderdrukte. In die volgende afdeling sal Nolan se verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak van naderby bekyk word, met spesifieke verwysing na die sogenaamde voorkeur opsie vir die armes.

3.2.1.3 Nolan se opvatting oor die “voorkeur opsie vir die armes”

Nolan verwys in talle van sy bydraes na die begrip “voorkeur opsie vir die armes” (1985, 1987:48-51, 1991). Die begrip is oorspronklik tydens die Puebla-konferensie van Latyns Amerikaanse biskoppe aan die orde gestel en is spoedig binne die konteks van die bevrydingsteologie gepopulariseer. Nolan (1988:189-195) wys daarop dat daar binne die Rooms-Katolieke kerk talle debatte oor hierdie begrip gevoer is, maar dat daar ook verskillende misverstande in die proses ontstaan het. Sommige verstaan die “opsie vir die armes” as sou dit ’n keuse vir bediening aan die armes eerder as aan die rykes behels. In so ’n geval sou ’n mens kon praat van ’n “voorkeur opsie” (a “preferential” option), maar nie

² Vir Nolan se verstaan van die begrip “bevryding”, sien ook sy bespreking van bevrydingsteologie (Nolan 1987:30-41).

noodwendig 'n "eksklusiewe" opsie nie (Nolan 1987:48). Die kerk het immers 'n verantwoordelikheid om die evangelie aan beide armes en rykes te bedien.

So 'n opvatting van 'n keuse vir die armes berus egter volgens Nolan op 'n misverstand. Vir Nolan gaan dit in die opsie vir die armes nie oor 'n keuse ten opsigte van die ontvangers van die evangelie nie, maar oor watter evangelie aan mense verkondig word. Die opsie vir die armes behels nie 'n voorkeur van een persoon bo 'n ander nie. Die armes is nie almal heilige mense nie. Die keuse vir die armes gaan eerder oor 'n bepaalde saak, naamlik ongeregtigheid en onderdrukking. Die keuse vir die armes is 'n keuse vir die slagoffers van onderdrukking en vra daarom 'n verbintenis vir reg en geregtigheid en teenoor onderdrukking (Nolan 1996:2-34). Hierdie keuse is nie onderhandelbaar nie en gaan nie bloot oor 'n bepaalde persoonlike voorkeur of prioriteit nie. Dit is 'n *noodsaaklike* keuse tussen reg en verkeerd waarin die kerk nie neutraal kan bly nie. Die opsie vir die armes behels 'n keuse om aan die kant van die onderdrukte te staan in 'n situasie van ongeregtigheid en onderdrukking (Nolan 1987:190). Dit beteken dat die evangelie goeie nuus vir die armes en "slegte" nuus vir die rykes mag inhou, nogtans is dit 'n boodskap wat vir beide die armes en die rykes geld. Die "preferential option for the poor and the oppressed" gaan daarom nie slegs oor barmhartigheid en armoedeverligting nie; dit impliseer 'n keuse vir of teen ongeregtigheid.

In al sy besprekings van hierdie "keuse vir die armes" illustreer Nolan die implikasies hiervan binne die Suid-Afrikaanse konteks. Hy wys op die wyse waarop die apartheidstelsel mense sistematies verontreg het. In so 'n situasie het die kerk die roeping om 'n keuse te maak vir geregtigheid en teen ongeregtigheid. In 'n situasie waar onderdrukking in die naam van God plaasvind, moet die kerk dit duidelik maak dat God aan die kant van die armes is in hulle stryd teen onderdrukking. Dit is nie genoeg dat die kerk 'n profetiese standpunt inneem teen apartheid nie; die evangelie vra van die kerk om konkreet en sigbaar solidariteit met die onderdrukte te betoon (Nolan 1994:4-5). Dit gaan dus nie oor verskillende prioriteite in die kerk se sending – waar armoedeverligting minder of meer aandag sou kon geniet nie, maar om 'n noodwendige keuse wat deur die evangelie vanuit 'n bepaalde situasie aan die kerk opgedring word.

Nolan verdedig die noodsaaklikheid van so 'n voorkeur opsie vir die saak van die armes en onderdrukte op verskillende wyses. Eerstens verwys Nolan (1988:191-196; 1987:30-41) na talle Bybelse voorbeelde waarin God se betrokkenheid by die saak van die armes en

onderdrukte uitgebeeld word.³ Nolan kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n oorfloed van Bybelse gegewens oor die saak van die armes bestaan en dat die armes dikwels direk aangespreek word in die Bybel. Die armes kan daarom met goeie reg ervaar dat die Bybel as't ware direk met hulle praat. Volgens Nolan (1987:32) is die probleem egter dat die kerk in sy interpretasie van die Bybel nie daarin slaag om die probleme wat armes ervaar in dieselfde trant aan te spreek nie. Volgens Nolan is die voorkeur opsie vir die armes binne die kerk se sendingtaak, in Suid-Afrika gebaseer op die Bybel. God se reaksie op onderdrukking in die Bybel is bevryding. Dié teoloë vra egter vir 'n herlees van die Bybel vanuit hulle politieke konteks en hulle geloofservaring, dit wil sê vanuit die perspektief van die armes en onderdrukte (Nolan 1987:24). Die armes kom met die volle bewustheid van hulle armoede na die Bybel wat dit verskillend maak van die perspektief van die tradisionele studente van die Bybel. Die Bybelse oplossing vir onderdrukking is bevryding. God se reaksie tot onderdrukking in die Bybel is bevryding. Dit is te verstane dat die verhaal van bevryding van Eksodus met groot nut deur ondersteuners van die bevrydingsteologie gelees word.

Nolan argumenteer tweedens dat die boodskap van die evangelie in 'n situasie van armoede en onderdrukking by uitstek een is waarin bevryding aangekondig word. Hy sê: "In the Bible God's clear and unequivocal response to oppression is liberation" (Nolan 1987:36). Hy argumenteer voorts dat bevryding nie bloot een tema naas andere in die Bybel is nie, maar dat dit 'n breë en omvattende tema is. Trouens, dit bied 'n alternatiewe wyse om oor verlossing en heil te praat (Nolan 1987:36). Dit is uit sy hele oeuvre duidelik dat die begrip "bevryding" vir Nolan van deurslaggewende belang is. Dit bied die sleutel vir 'n alternatiewe soteriologie waarin die klem nie soseer val op die herstel van 'n gebroke verhouding tussen God en mens nie, maar op die noodsaak om die verwoestende (strukturele) gevolge van sonde in die samelewing aan te spreek. In 'n konteks van slawerny, gevangenskap en politieke

³ Volgens Nolan (1987:20) kom die idee van die opsie vir die armes voor in talle teksgedeeltes van die Bybel. Die Eksodus verhaal is 'n voorbeeld van die opsie vir die armes. Die armes in die verhaal is die Hebreëuse volk wat dien as slawe in Egipte. Die armes is as slawe onderdruk en die Bybel is hier besorg oor die politieke probleem van onderdrukking. God kies volgens die boek Eksodus om aan die kant van die onderdrukte te staan. Die armes self neem die stryd van bevryding op. In die verhaal neem Moses, alhoewel hy self nie arm was nie, die stryd van die armes op deur aan die kant van die armes te staan. Die evangelies vertoon ook so 'n opsie vir die armes. Hier verwys Jesus na die interne strukture van onderdrukking waar Fariseërs en skrifgeleerders die rol van onderdrukkers vervul en die armes, blindes, kreupeles, weduwees en sondaars die onderdrukte insluit. Jesus het duidelik aan die kant van armes in dié konteks gestaan. Jesus het probeer om die armes te bemagtig om hulle eie stryd op te neem. Jesus het aan die kant gestaan van hulle wat materieel arm was. Jesus het die rykes uitgedaag om te deel in die gemeenskap van die armes sodat daar geen armes meer sal wees nie. Dit vra dat daar 'n stryd teen armoede en alle vorme van onderdrukking moet wees.

onderdrukking is die eerste stap om heil te bring volgens Nolan een van bevryding.

Die derde argument vir 'n voorkeur opsie vir die armes spruit voort uit die resultate van sosiale analise. Sosiale analise is belangrik vir die kerk se sending omdat dit die oorsake van armoede bloot lê (Nolan 1987:33). Sopkombuise is nie genoegsaam in 'n konteks waar mense arm is omdat hulle politieke onderdruk word nie (Nolan 1998:26). Sosiale analise lê die onderliggende sosiale strukture bloot, identifiseer vorms van onderdrukking en help so ook om toereikende oplossings te vind. Nolan argumenteer dat sosiale analise die kerk kan help om die “tekens van die tye” te lees. Vir doeltreffende sending moet die kerk weet wat in die gemeenskap gebeur en waarom dit gebeur. Dit help om die gemeenskap te sien soos God dit sien (Nolan 1987:56). Deur sosiale analise word mense bewus gemaak van die probleme in 'n gemeenskap.

Die Kairos-dokument (1986) bied volgens Nolan 'n goeie voorbeeld van die rol wat sosiale analise in teologiese nadenke kan speel. Die Kairos-dokument analiseer, naamlik die Suid-Afrikaanse konteks van daardie tyd met spesifieke verwysing na die probleme rondom armoede en politieke onderdrukking en die lyding wat daarmee gepaard gaan. Dit lewer kritiek op wat genoem word “staatsteologie” en “kerkteologie” juis omdat hierdie vorms van teologie nie die “tekens van die tye” genoegsaam gelees het nie. Nolan se argument is dat toereikende sosiale analise binne so 'n konteks onmiskenbaar dui op die noodsaaklikheid van 'n keuse vir die armes en onderdruktes.

Hoe verstaan Nolan dus die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak? Dit is vanuit die bespreking van Nolan se opvattinge van begrippe soos “heil”, “bevryding”, die “evangelie”, “evangelisasie” en die “voorkeur opsie vir die armes” duidelik dat die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armes vir Nolan van deurslaggewende belang is. Dit wil voorkom asof Nolan armoedeverligting nie as een aspek op die sosiale agenda van die kerk naas andere verstaan nie. Die vraag is daarom nie of armoedeverligting die eerste of die tweede taak van die kerk is nie. Dit sou die vraag laat ontstaan wat die relatiewe plek van armoedeverligting binne die sendingtaak van die kerk is. Die keuse vir armes in hulle stryd teen onderdrukking is eerder die enigste legitieme respons wat daar vir die kerk bestaan waar sodanige onderdrukking voorkom (en waar sosiale analises sodanige onderdrukking aandui). Nolan se standpunt kan daarom nie beskryf word as een waarin armoedeverligting die sentrale, of primêre of belangrikste aspek op die agenda van die kerk, naas andere aspekte is nie.

Nolan argumenteer dat die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armoede eerder as 'n dringende noodsaaklikheid verstaan moet word, gegewe die bepaalde konteks van waaruit hy, veral in die 1980s, geskryf het. Enkele verdere opmerkings is in die verband van belang. Eerstens gaan dit vir Nolan nie bloot oor armoedeverligting nie, maar ook oor die strukture wat onderdrukkend van aard is wat armoede in Suid-Afrika veroorsaak en vererger het. Tweedens argumenteer Nolan dat die Christelike evangelie van die kerk, binne só 'n konteks van onderdrukking, 'n ondubbelsinnige keuse verg, naamlik vir die onderdrukte en teen onderdrukking. Derdens behels só 'n keuse dat die kerk in sy sending betrokke moet wees in die bevrydingstryd vanuit sodanige onderdrukking. Bevryding behels meer as net profetiese kritiek teen onderdrukking; dit hou ook in dat bevryding vanuit strukture wat onderdrukkend van aard is, daadwerklik bewerkstellig moet word. Vierdens verbind Nolan bevryding vanuit onderdrukking ten nouste met die heil wat in die Christelike evangelie verkondig word. Bevryding is nie soseer een aspek van die heil nie, maar is binne 'n konteks wat onderdrukkend is, noodsaaklik en deurslaggewend vir die bewerkstelling van heil. Heil in die volste sin van die woord is weliswaar 'n meer omvattende begrip as bevryding, maar dan alleen omdat dit dui op die teenwoordigheid van God binne die gebeure van bevryding.

Die bespreking hierbo dui daarop dat Nolan baie naby daaraan kom om die sendingtaak van die kerk gelyk te stel met die boodskap van bevryding aan armes. Die belangrikste kwalifikasie wat hierin ter sprake kom is dat die nood van die armes weliswaar nie die enigste vorm van nood is waarbinne die evangelie verkondig moet word nie. Die kontekstuele benadering wat Nolan hier volg, dui daarop dat armoede en politieke onderdrukking wel die belangrikste vorm van nood is of was in die konteks waarbinne Nolan dit beskryf. 'n Mens sou vermoed dat ander sosiale probleme in ander kontekste eweneens voorrang sou kon geniet. Hier kan 'n mens dink aan voorbeelde waarin aandag aan slawerny, verkragting, gewapende konflik en dreigende ekologiese katastrofes gegee is.

3.2.1.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Is Nolan se verstaan van sending en heil toereikend? Nolan se opvatting van die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armoede kan verstaan word as 'n radikale kritiek teen wat in die vorige hoofstuk as die dualistiese benadering beskryf is. Hy weerstaan konsekwent die neiging om die sosiale en geestelike nood van mense van mekaar te onderskei. Hy vind dit daarom nie nodig om prioriteite binne die agenda van die kerk se sendingtaak te identifiseer

nie. Hy argumenteer hierteenoor dat die evangelie van die kerk binne die Suid-Afrikaanse konteks in die 1980s 'n dringende en noodsaaklike keuse vir die armes en onderdrukte teen (politieke) onderdrukking verg. Nolan se argument in dié verband, gegewe hierdie konteks, is myns insiens oortuigend.

Die belang wat Nolan aan die begrip “bevryding” toeken, verg weliswaar verdere nadenke, veral binne die konteks van 'n post-apartheid konteks in Suid-Afrika. Daar is diegene wat die voortgaande belang van bevryding beklemtoon, byvoorbeeld die bevryding van vroue, ekonomiese bevryding en die bevryding van die skepping (Daneel 1991). Daar is egter ook ander wat voorkeur gee aan begrippe soos rekonstruksie (Villa-Vicencio 1994:23), versoening, volhoubaarheid, ontwikkeling en so meer. 'n Mens sou daarom bevryding as een metafoor van heil naas andere kon beskou. Nolan sou egter kon argumenteer dat bevryding binne die politieke konteks van die 1980s in Suid-Afrika van deurslaggewende belang is. In dié sin sou 'n mens kon sê dat die antwoord op onderdrukking bevryding is want God verwag nie dat onderdrukte die lyding tot aan die einde van die wêreld moet verduur nie (Nolan 1988:195).

Hierdie opmerkings roep egter meer fundamentele vrae na vore rondom die verhouding tussen bevryding en 'n Christelike opvatting van heil. Myns insiens neig Nolan ten spyte van sy eie kwalifikasies daartoe om heil te reduseer tot politieke bevryding. In gegewe omstandighede mag bevryding vanuit politieke onderdrukking wel van deurslaggewende belang wees. Dit is egter ook noodsaaklik om ruimte te laat om die oorsake van onderdrukking aan te spreek. Dit is presies wat Nolan self ook beklemtoon met sy aandrang op die belang van kontekstuele analise waarin die oorsake van armoede en onderdrukking blootgelê moet word. Dit verduidelik egter nog nie waar sodanige onderdrukking in die eerste plek vandaan kom nie. Volgens 'n evangeliese benadering is onderdrukking ten diepste die gevolg van die mense se sonde, oftewel van die vervreemding tussen God en mens. Nolan sou tereg kon argumenteer dat alle mense nie hiermee oor dieselfde kam geskeer kan word nie. Daar is immers 'n onderskeid nodig tussen onderdrukkers en onderdrukte, oftewel tussen dié wat sondig en diegene teen wie gesondig word. Dit bly nietemin 'n vraag of Nolan se klem op bevryding genoegsaam is om die diepste oorsake van onderdrukking aan te spreek. Is dit nie ook belangrik om soteriologiese temas soos versoening en vergewing ter sprake te bring juis ten einde met onderdrukking in die reïne te kom. Dit mag wees dat 'n mens klem moet lê op die noodsaaklikheid van bevryding binne omstandighede waarin mense ly onder die gevolge van

politieke onderdrukking, maar 'n eensydige klem op bevryding alleen is nie genoegsaam om heil in die volste sin van die woord te verkondig en te realiseer nie.

Nolan (1988:185) meen self dat heil vanselfsprekend meer insluit as bevryding. Heil beteken nie eenvoudig bevryding nie. Die verhouding tussen heil en bevryding kan nie 'n verhouding wees waar heil totaal of gedeeltelik bevryding is nie. Só 'n verstaan van beide heil en bevryding is ontoereikend. Nolan (1988:186) waarsku eksplisiet teen die opvatting dat bevryding gesien kan word as iets tydelik terwyl heil gesien kan word as iets van ewige waarde. Hy slaag egter nie daarin om aan te dui hoe die verskil tussen heil en bevryding wel verstaan kan word nie.

Is Nolan se verstaan van heil en die plek van armoedeverligting toereikend? Soos Gutièrrez verstaan hy ook heil hoofsaaklik as bevryding. Waar Nolan aandui dat heil beide bevryding en versoening insluit word die begrippe bloot naas mekaar geplaas. Hierdie opvatting van heil, naamlik versoening/vergifnis en bevryding kan nie bloot naas mekaar geplaas word nie want daar bestaan verskille tussen hierdie opvattinge (sien ook hoofstuk 5). Wat is die verskil tussen hierdie opvattinge van heil? Die opvatting van heil as bevryding vind aansluiting by die klassieke teorie van versoening of die benadering van Christus as oorwinnaar (Aulén 1931:32-49). Binne die "klassieke" benadering word versoening deur die soewereine God wat alleen regeer, bewerkstellig ten einde God met die wêreld te versoen. God self is in konflik met onheil in die geskiedenis en bewerkstellig oorwinning oor die magte wat die mens gevange hou. Volgens Aulén verteenwoordig die dood van Christus dus 'n oorwinning oor die magte van onheil. Hierdie oorwinning oor die magte van onheil bring versoening tussen God en die mensdom. Met so 'n verstaan van heil word armoedeverligting op die voorgrond geplaas. Wanneer bevryding beklemtoon word, mag die aspek van versoening met God en die kerk se ander take nagelaat word. Die bevrydingsteologie plaas die fokus op die sonde wat in strukture gevind word terwyl die mens se persoonlike sonde nagelaat word. Heil in terme van versoening soos by evangeliese groepe vind aansluiting by die Latynse model van strafregtelike plaasvervanging. Volgens Anselmus se teorie van genoegdoening het Christus die losprys vir die mens se sonde betaal. Hierdeur kan die mens met God versoen word en die gebroke verhouding tussen God en die mens herstel word. Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5).

Nolan se persepsie van sending is insgelyks ontoereikend. Sending kan nie slegs bevryding omhels nie, so ook word sending nie slegs bepaal deur die konteks nie. Sending is veel breër en behels die totale heil van die totale skepping (sien Bosch). Kontekstuele teologie van Nolan is tydens die apartheidsjare onder verdenking geplaas want daar is gekyk na wie vir kontekstuele teologie gevra het. Hiermee saam is dit moeilik om die impak van kontekstuele teologie op armoedeverligting te meet.

3.2.2 Allan Boesak - in stryd teen apartheid

3.2.2.1 Agtergrond en betekenis

Allan Boesak is gebore in Suid-Afrika te Kakamas in 1946. Hy het vir 'n tyd as lid van die NG Sendingkerk in Paarl gedien. Hy is 'n predikant in die VGK in Suid Afrika. Hy is 'n prediker by uitstek en is wyd bekend vir sy bydrae in die stryd teen apartheid. Hy het vir 'n kort tydperk by die Christelike Instituut gewerk waar hy bevriend geword het met die oudstryder teen apartheid Beyers Naudé. Hy het gestudeer aan die Teologiese Akademie van Kampen in Nederland. In 1976 was hy betrokke by die WRK en United Democratic Front (UDF) se programme teen rassisme. Boesak was die studentekapelaan aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), Peninsula Technical College en Bellville Training College for Teachers. In 1982 is hy verkies as die president van die World Alliance of Reformed Churches. Hy is die skrywer van 'n aantal boeke waarvan die belangrikstes insluit *A call for an end to unjust rule* (1986), *Black and Reformed* (1984a), *Black theology - black power* (1976), *Coming in out of the Wilderness*, *Farewell to Innocence* (1976), *If this is treason – I am guilty* (1987), *Poverty – the moral challenge*, *The Finger of God and Walking on Thorns* (1984).

Boesak se teologiese bydrae moet verstaan word binne die konteks van die stryd teen apartheid, veral in die 1970s en 1980s. Hy het in hierdie periode telkens beklemtoon dat die evangelie in verband gebring moet word met sosiale en politieke werklikhede. In talle toesprake, publikasies en in kerklike vergaderings het hy kerke in Suid-Afrika gemotiveer om betrokke te wees in die stryd teen apartheid. Hy het hierin leiding gegee deur die regering van daardie tyd profeties te maan en deur te wys op verskillende vorms van sosiale ongeregtighede. Hy het die kerk aangemoedig tot Christelike gehoorsaamheid en dat die kerk sonder vrees en sonder kompromie moet werk vir 'n nuwe bedeling. Een van die deurlopende motiewe in Boesak se werk is die klem op die menswaardigheid van alle mense. Dit kom

byvoorbeeld na vore in sy betrokkenheid by die swart bewustheidsbeweging en in boeke soos *Black theology - black power* (1976) asook *Black and reformed* (1984a). Dieselfde motief speel 'n sleutelrol in sy besorgdheid oor die situasie waarbinne die swart onderdrukte massas in Suid-Afrika hulle bevind het in daardie tyd. Aangesien politieke onderdrukking ook met armoede gepaard gaan, het Boesak se pleidooi vir menswaardigheid direkte implikasies vir die kerk se betrokkenheid by die lot van armes in Suid-Afrika ingehou.

3.2.2.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Boesak sending en heil? Boesak verstaan sending hoofsaaklik as om heil te bring, waar heil ook die bevryding vanuit onderdrukking beteken. Hy huldig die volgende standpunte hieroor. Die kerk in sy sending kan niks anders doen as om aan die kant van die onderdrukte te wees en vir hulle bevryding te veg nie (Boesak 1984a:142). Die kerk kan nie anders as om 'n boodskap van bevryding uit wanhoop, onderdrukking, armoede, oorheersing en vrees te verkondig nie. Die kerk van Christus moet die moed hê om saam met God te werk in die bevrydingstryd vir geregtigheid. Die bevrydingstryd self word só 'n geloofstryd. Boesak motiveer hierdie oortuiging vir bevryding met verwysing na die voorbeeld van Jesus wat ter wille van die armes, blindes, onderdrukte en swakkes na die aarde gekom het. Jesus het na mense gekom wat geen waarde en geen mag gehad het nie. Jesus het altyd aan die kant gestaan van diégene wat geen helper het nie om hulle te verdedig en te bevry. Die kerk se sending is om God se moontlikhede van bevryding oop te hou wat liefde, geregtigheid, versoening, genesing en vrede insluit (Boesak 1987:35). God se genesing veronderstel dat daar eers gebrokenheid en pyn voorgekom het. Genesing vra vir solidariteit met slagoffers deur die deelname in pyn en deur die pyn van ander op jouself te neem. Die kerk moet deurgaans sy visie van politieke bevryding behou. Die visie gaan daarvoor dat die God van die eksodus, die lyding en pyn van mense gesien het en hierdeur beweeg is om te reageer. Die visie van die profete is hierin gewortel dat God die armes en onderdrukte verdedig het. Dit is 'n visie van bevryding wat nie gelykvormig is aan die standaarde van die wêreld nie.

Hoe verstaan Boesak heil? Heil word hoofsaaklik in terme van die begrip bevryding verstaan. Die voorkeur opsie vir die armes hou verband met die kerk se verantwoordelikheid om die evangelie van heil te verkondig, maar hier beteken heil bevryding of die heelmaak van die hele persoon. Heil gaan nie slegs oor die heil van die siel nie, maar oor die heil van die hele

menslike bestaan (Boesak 1984b:134). Die heil en verlossing deur Jesus is van toepassing op alle sferes van die lewe, insluitende die politieke sfeer. Die kerk moet betrokke wees in die politiek sodat God se wil en geregtigheid binne die politieke arena kan heers. Die heil van God moet juis aan die wêreld gebring word. Die evangelie het krag om onderdrukte te bevry (Boesak 1976a:64). In dié stryd moet die kerk die beginsels van die koninkryk in die sosiale, ekonomiese en politieke sfeer toepas want die kerk is verplig om sy profetiese rol te vervul (Boesak verwys in Slabber 2000:22-24). Die kerk moet besluit om aan die regering ongehoorsaam te wees of om God se woord ter syde te stel en aan God ongehoorsaam te wees. Heil hou verband met die heelheid van die totale mens (Boesak 1984b:58).

Volgens Boesak (1984a:2) is dit die kerk se taak om 'n agent vir sosiale bevryding te wees. Hy verbind die kerk se taak met die stryd teen apartheid om die volgende rede: die eerste rede vir dié verbintenis spruit voort uit Boesak se verstaan van God en God se betrokkenheid in die geskiedenis. God se toewyding om onderdrukte te bevry kan daarom dien as inspirasie vir swart mense in hulle stryd om bevryding (Boesak 1984a:13). Boesak verstaan God as 'n God van geregtigheid en regverdigheid. God se daad van bevryding strek deur die geskiedenis en is nie verborge nie, maar is daar vir almal om te sien. Volgens Boesak handel die boodskap van die Ou Testament veral oor bevryding. God word aanbid as die God wat bevry (Boesak 1976b:20). Hy verwys na die voorbeeld van die eksodus verhaal waar die konkrete bevryding van mense binne 'n spesifieke situasie beklemtoon word. Boesak argumenteer verder dat Jesus as 'n onderdrukte in sy tyd aan die kant van onderdrukte gestaan het. Soos Jesus homself geassosieer het met die ervarings van die armes in die Nuwe Testament, moet die kerk homself assosieer met die ervaring van armes binne Suid-Afrika. Swart mense in Suid-Afrika voel veral dat die voorbeeld van Jesus relevant is vir hulle eie situasie. Boesak kom tot die gevolgtrekking dat die kerk betrokke moet wees by die bevryding van die armes, omdat God in Christus dit gedoen het. Ongeag die druk van die regering wat eis dat die kerk nie betrokke moet wees in die stryd van die armes nie, moet die kerk aan God meer gehoorsaam wees as aan die mens (Boesak 1986:32).

'n Tweede rede waarom Boesak die kerk se taak as sosiale bevryding verstaan, hou verband met die vernedering van swart mense in Suid-Afrika deur die stelsel van apartheid (Boesak 1984a:2). Onder apartheid het swartes geen politieke regte gehad nie en swart mense is geminag omdat hulle swart is. Rassisme, slawerny, oorheersing, diskriminasie en vernedering

het 'n afbrekende effek, ook op die “geestelike” lewe van swart mense gehad (Boesak 1984b:23-25). Swart het gedien as die simbool vir alles wat negatief of van min waarde is. Volgens Boesak is die kerk in so 'n situasie daartoe geroep om die menslikheid van alle mense te beklemtoon (Boesak in Weisse 2001:13). In die bevrydingstryd soek swart mense na basiese menswaardigheid. Die regering het in die 70s swartes van hulle menswaardigheid ontnem deur voortgesette onderdrukking en die weerhouding van basiese regte. Die regering het die volgehoue vasberadenheid van swartes om vir hulle menswaardigheid te veg, hewig teengestaan. Die visie vir die herstel van alle mense se menswaardigheid kon nie gesmoor word nie. In die stryd het die armes geveg vir alle regte van swartes wat onmiddellik toegestaan moes word. Boesak het die kerk aangemoedig om nie moedeloos te word in sy taak om die menslikheid van alle mense te beklemtoon nie want soms moes mense selfs hulle lewe hiervoor opoffer. Dit het gevra vir manne en vroue in die kerk as medewerkers van God, om alles in die stryd te werp (Boesak 2001:11). Die kerk moet ongeregtigheid ten opsigte van rassisme verwerp. Die bevrydingstryd gaan oor menswaardigheid en die toekoms van swart kinders. Daar is niks positief vir swartes onder apartheid nie, intendeel dit is verantwoordelik vir die voortgesette verbroekeling van swart gesinne.

Verder hang Boesak se verstaan van die kerk se taak as sosiale bevryding saam met sy opvatting van die inhoud van die Christelike evangelie (Boesak 1984b:58). In die evangelie bied God aan alle mense die boodskap van heil deur Jesus Christus. Heil verwys na die verkondiging van die koninkryk van God, die heerskappy van Christus asook die heelmaak van die hele persoon. God se heil is nie slegs bedoel vir die “innerlike lewe” of heil van die siel alleen nie (soos verkondig deur die meeste evangeliese groepe). Dit is bedoel vir die mens se totale bestaan. Jesus het nie homself afgesonder van die realiteit van die menslike bestaan nie en sy boodskap van bevryding is bedoel vir die totale mens (Boesak 1984b:59). Die boodskap van die koninkryk en heerskappy van Christus is van toepassing op alle sferes van lewe. God se geregtigheid is ook van toepassing op die politieke sfeer. Die kerk is noodwendig betrokke in politiek wanneer die kerk aan God gehoorsaam is deur die verkondiging van die evangelie. Dié gehoorsaamheid hou verband met die verantwoordelikheid van die kerk om 'n getuie in die politieke arena te wees. Boesak (1976a:17) definieer die evangelie verder as die evangelie van bevryding waar bevryding nie slegs 'n deel van die evangelie is nie, maar die inhoud en raamwerk vorm van die hele

boodskap van die Bybel.

Die evangelie verplig die kerk om vir geregtigheid te veg en aan die bevrydingstryd deel te neem (Boesak 1976a:19). Die evangelie het dit vir verskillende denominasies moontlik gemaak om aan die bevrydingstryd deel te neem. Swartes in Suid-Afrika het geglo dat die evangelie hulle lewensomstandighede moet verander en dat die kerk deel moet word van die gemeenskap wat dit bedien om die blydskap, hartseer en aspirasies van die gemeenskap te verstaan (Boesak 1984b:15). Dit was belangrik vir die kerk om te verklaar dat apartheid nie versoenbaar met die evangelie is nie (Boesak 1987:8). Hoewel die regering meer onderdanigheid van die kerk verwag het, kon die kerk nie deelneem aan die regverdiging van dit wat verkeerd is nie. Deur die evangelie word Jesus bely as Heer wat nie verwys na 'n "geestelike" ontvlugting nie, maar wat gewigtige implikasies vir die totale lewe inhou. Volgens Boesak (1984b:41) benodig die kerk in die lig van die evangelie "heilige woede" in die aanskouing van die onderdrukking van armes.

Laastens verbind Boesak (1984a:50-55) die kerk se taak met bevryding vanweë sy klem daarop dat die kerk 'n getuie van God in die wêreld moet wees. Die kerk tree op as God se ambassadeur en gesant in die wêreld. Die kerk moet identifiseer met die stryd van swartes binne hulle konteks want die kerk is die sout van die aarde en die lig van die wêreld. Christene verteenwoordig God en skep moontlikhede van Christelike liefde, versoening en ware vrede. Die kerk moet te midde van onderdrukking tekens van hoop oprig binne die Suid-Afrikaanse konteks (Boesak 1987:106). Die swart gemeenskap se betrokkenheid in die bevrydingstryd het veroorsaak dat nuwe opvattinge gebruik moet word om die kerk te beskryf. Die swart kerk was vir eeue betrokke in 'n stryd om die waarheid te verkondig. Vir effektiewe getuienislewering moet daar 'n opregte belangstelling in die huidige konteks getoon word. Getuienislewering moet nie 'n ander wêreldse spiritualiteit oorbeklemtoon ten koste van die huidige wêreld nie. Dit mag nie lei tot onderdrukking van mense nie, intendeel dit moet juis aandui dat die God van die Bybel aan die kant van die armes en onderdrukte staan wat mense roep om deel te neem aan die bevrydingstryd. Volgens Boesak word die kerk geroep om te getuig teen ongeregtigheid wat begaan word teenoor die eenvoudigste broeder (Boesak 1984a:53). Die kerk moet deur sy getuienis wette wat teenstrydig is met die woord van God teenstaan en aan God meer gehoorsaam wees as aan die mens. Die kerk in sy sending moet dus die kerk van Christus bly.

3.2.2.3 Die plek van armoedeverligting

Volgens Boesak is armoedeverligting 'n belangrike komponent van sosiale bevryding. Wanneer Boesak vir sosiale bevryding as eerste opsie van die kerk se taak vra, verkry armoedeverligting hiermee saam 'n eerste opsie soos vereis binne die Suid-Afrikaanse konteks. Boesak argumenteer dat die voorkeur opsie vir armes verband hou met swart bewustheid. Boesak (1976b:9) meld dat swart mense tot die besef gekom het dat hulle hulle nie hoef te skaam dat hulle swart is nie of omdat hulle 'n swart geskiedenis en kultuur het nie. Hy voeg by dat swart mense se waardes nie ondergeskik is aan ander se waardes nie. Die ondersteuners van swart bewustheid wou ontslae raak van die slaaf mentaliteit wat aan swart mense gekoppel is deur apartheid. Swart mense het besef dat hulle 'n verantwoordelikheid het in die geskiedenis ten opsigte van hulle eie bevryding. Boesak (1976b:14-16) stel die voorkeur opsie vir die armes gelyk aan 'n opsie vir bevryding, waar bevryding die inhoud en raamwerk van die evangelie van Jesus vorm. Die opsie vir die armes is gebore uit 'n spesifieke situasie waar swart mense teologies hulle swart situasie wou verstaan. Daar kan dus gesê word dat hierdie benadering ook kontekstueel van aard is.

Volgens Boesak (1987:18) spruit die kerk se voorkeur opsie vir die armes voort uit God se voorkeur opsie vir die armes. Die God van die Bybel is die God van bevryding eerder as die God van onderdrukking en 'n God van geregtigheid eerder as 'n God van ongeregtigheid. God is 'n God van vryheid eerder as 'n God wat gevange hou asook 'n God van liefde eerder as 'n God van haat of mense uitbuit (Boesak 1976b:66-69). God is dus betrokke in arm mense se situasies. Soos reeds genoem, is die inhoud van sy standpunt bevryding waar God die bevryder is en waar die Woord bevryding bring. Daar moet dus gelet word waar God betrokke is binne die geskiedenis. Swart mense is hoofsaaklik betrokke in die bevrydingstryd omdat hulle oortuig is dat God 'n God van geregtigheid is en dat God aan die kant van die onderdruktes staan. Die onderdrukking van mense en gehoorsaamheid aan God is onversoenbaar.

Boesak (1976b:22-26) meen dat die evangelie by uitstek die evangelie vir die armes is daarom verleen hy voorkeur aan die armes. Die evangelie is 'n evangelie van radikale betrokkenheid in die bemagtiging en bevryding van die onderdruktes. Dit is 'n evangelie van sosiale en politieke aksie wat 'n nuwe orde tot stand wou bring. Die benadering wil nie die realiteit van die historiese Jesus van die realiteit van sy teenwoordigheid in die wêreld skei nie. Jesus het

deur die evangelie die armes bemagtig. Binne die swart bewustheid het dit gegaan oor die soeke na mag vir swartes en die evangelie moet dus ook swartes bemagtig. Mag beteken die moed om te wees wat jy is en die reg om besluite te kan neem. Onderdrukking hou verband met mag van een persoon oor die ander. Mag oor ander bring minderwaardigheid en afhanklikheid. Wanneer swart mense deelname in die uitoefening van mag geweier word, word hulle gelyk gestel aan iets wat op 'n laer vlak is as die mens. In Jesus se bediening het hy nie slegs die evangeliese woord verkondig nie, maar die evangelie het gepaard gegaan met liefdesdade. Jesus het homself geassosieer met die armes met spesifieke verwysing na hulle wat in fisiese of materiële armoede geleef het. Jesus het die mense se fisieke nood ook aangespreek. Boesak het homself sterk uitgespreek teen benaderings wat die evangelie wil vergeestelik. Die vergeesteliking van die evangelie, soos deur die Weste dra daartoe by dat swart onderdrukking nie as ernstig beskou word nie. Dit is 'n poging om nie prioriteit aan die armes te verleen nie. Die realiteite in die wêreld mag nie gering geag word nie. Die evangelie vereis 'n prioriteit vir armes en daarom moet die kerk dieselfde doen.

Die swart kerk het armoedeverligting deur bevryding as die kerk se eerste taak gestel omdat die kerk verklaar dat Jesus Heer is en sy toewyding en gehoorsaamheid is aan hom alleen. Die kerk moet soos Jesus die beginsels van God se koninkryk as kriteria gebruik om sy taak te bepaal (Boesak 1984a:67). Die behoefte vir liefde, vrede, versoening en geregtigheid mag nie geïgnoreer word nie. Daar is egter 'n groot prys verbonde aan versoening en vrede. Versoening gaan gepaard met konfrontasie. Die kerk moet onthou dat konfrontasie met lyding en die aflê van jou lewe gepaard mag gaan. In die stryd vir vrede gaan dit oor die vrede vir almal. Volgens Boesak moet die kerk in sy sending maniere vind om betekenisvol deel te neem aan die bevrydingstryd en wel op 'n wyse wat geweld uitsluit. Die kerk moet in die vestiging van die koninkryk onthou dat dit nie gaan oor die aanpassings van onregverdige stelsels nie, maar oor die totale uitwissing daarvan. In hierdie stryd moet probleme verwag word. Die kerk moet in sy primêre taak 'n dienskneg van die koning wees. Die kerk moet verder 'n profetiese kerk wees wat die hoop van die koninkryk aan die hele wêreld bring. Die kerk moet toegewyd wees tot die bevrydingstryd en die kerk moet te midde van die lang bevrydingstryd geloof behou.

Volgens Boesak dring God se liefde die kerk om aan armes voorkeur te gee. God se liefde is by die kern van God se bevrydende daade, maar dit is 'n liefde wat met geregtigheid gepaard

gaan (Boesak 1976b:115). Dit is onmoontlik om liefde en geregtigheid van mekaar te skei. Liefde is altyd liefde in geregtigheid. Wanneer Jesus sê geregtigheid sal aan die armes gegee word, verwys hy na hulle wat sosiaal onderdruk word. Dit is hulle wat gelyk het onder die mag van ongeregtigheid en wat God nodig het vir bevryding. Die bevrydingstryd hou nie slegs met die oordra van godsdiens verband nie, maar dit hou in dat swartes hulle eie toekoms moet definieer asook die soeke na 'n totaal nuwe sosiale orde van geregtigheid. Liefde en versoening is slegs moontlik tussen twee gelykstaande partye. Bevryding sonder versoening is dus onmoontlik. Bevryding gaan nie oor 'n omgekeerde onderdrukking van swart oor blank nie, maar bevryding vir swart én blank.

Volgens Boesak is die mens se grootste nood binne die Suid-Afrikaanse konteks die bevryding van onderdrukking onder apartheid. Armoede is die gevolg van onderdrukking en deur onderdrukking te verwyder sal daar ook gehelp word om armoede te verlig. Deur so 'n benadering word daar nie net met die simptome van armoede gewerk nie, maar met die werklike oorsake van armoede. Boesak argumenteer dat die kerk se eerste prioriteit is om deel te neem aan die bevrydingstryd. Dié prioriteit van bevryding van die armes is 'n lewensbelangrike saak binne die Suid-Afrikaanse konteks. Soos God die armes eerste stel, moet die kerk ook die armes eerste stel. Die ewangelië moet in die huidige wêreld 'n verskil maak en moet ook die totale mens bedien. Hiermee bevestig Boesak die prioriteit vir die bevryding van die armes.

3.2.2.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Met die beklemtoning van die menswaardigheid en bevryding word armoedeverligting op die voorgrond geplaas. Dit mag meebring dat die aspek van versoening met God en die kerk se ander take moontlik nagelaat kan word. Waar Boesak aandui dat beide bevryding en versoening belangrik is, word die opvatting oor heil bloot naas mekaar geplaas. Daar bestaan egter strukturele verskille tussen hierdie opvattinge van heil en hulle kan daarom nie bloot naas mekaar geplaas word nie. In terme van heil soos in hoofstuk 5 verduidelik, ken Boesak prioriteit toe aan die opvatting van heil as bevryding. Wanneer bevryding beklemtoon word, mag die aspek van versoening met God en die kerk se ander take nagelaat word. Die bevrydingsteologie plaas die fokus op die sonde wat in strukture gevind word, terwyl die mens se persoonlike sonde nagelaat word. Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge

van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5). As gevolg van Boesak se gebrekkige verstaan van heil word die plek van armoedeverligting dus ook nie toereikend aangedui nie.

Ek is van mening dat die ontkenning van mense se menswaardigheid veral in die geval van swartes 'n ernstige aanklag is waarvan die kerk deeglik kennis moet neem. Hiermee saam word daar gesoek na ware humaniteit en identiteit wat deur die mense vir hulleself bepaal moet word. Die praktyk om mense van hul menslikheid te ontnem, verwys na sonde wat teen mense gepleeg word maar die aanspreek van mense se persoonlike sonde moet nie nagelaat word nie. Beide versoening met die naaste en versoening met God is dus belangrik. In die uitvoering van sy sending mag die kerk konfrontasie en lyding ervaar. Ek gaan tog akkoord met Boesak dat die kerk nie kan oorgaan tot geweld nie. Wat die stryd nog meer ingewikkeld maak, is dat dit nie slegs gaan oor die verandering van sekere wette wat onderdrukkend is nie, maar dat dit vir 'n totale transformasie vra wat ook die omverwerping van politieke strukture beteken.

Hoewel politieke bevryding belangrik is, is dit onaanvaarbaar om die kerk se taak tot sosiale en politieke bevryding te reduceer. Verder verseker politieke bevryding nie armoedeverligting nie. Die oorbeklemtoning van die armes, mag die indruk skep dat God slegs belang stel in die armes terwyl God die God van die heelal is. Dit is ook onaanvaarbaar om die evangelie te reduceer tot politieke bevryding; die evangelie sluit seer sekerlik meer as dit in. Gepaardgaande hiermee is die evangelie vir die ganse mensdom bedoel en nie slegs vir armes nie.

Ten opsigte van die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak, kan dit bevraagteken word of God 'n eerste of voorkeur opsie vir armes het. Ek sou sê God is besorg oor die hele skepping en die totale kosmos. Die evangelie moet nie eers aan die armes verkondig word nie, maar dit moet aan die hele wêreld verkondig word. Die evangelie moet nie gebruik word in soverre dit vir die mens tot nut kan wees nie. Dit moet nie slegs oor die mens se menswaardigheid gaan nie want so word die aanbidding en verheerliking van God misken. Die toekomstige bevryding en heil, met verwysing na die toekomstige hoop moet nie gering geag word nie. Boesak beklemtoon die rol van die mens in die bevrydingsdaad en word dus mens

gesentreer, terwyl God se werking in bevryding op die agtergrond geskuif word.

Vir Boesak is die kontekstualisering van die evangelie belangrik soos in die geval by Nolan. Die beoordeling en kritiek van kontekstuele teologie wat reeds genoem is, is ook hier relevant. Deur die oorbeklemtoning van die huidige bevryding word die toekomstige bevryding in die skadu gestel. Die voorbeeld van Jesus word deurgaans voorgehou, terwyl Jesus nie 'n politieke bevrydingsbeweging in sy dag gelei het nie. Jesus het hom wel met die armes geassosieer en almal is uitgedaag oor die beginsels van die koninkryk wat verband hou met die mens se verhouding met God en die mens se verhouding met sy naaste. Die evangelie boodskap is aan beide armes en rykes verkondig.

3.2.3 Desmond Tutu - Profetiese teoloog

3.2.3.1 Agtergrond en betekenis

Biskop Desmond Tutu is gebore in 1931 in Klerksdorp, Wes-Transvaal. Hy is die voormalige Aartsbiskop van die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika. Hy het aanvanklik as onderwyser by Bantu High School onderrig en het gestudeer aan die Pretoria Bantu College. In 1954 het hy die BA graad verwerf aan die Universiteit van Suid-Afrika. In 1960 verwerf hy die Lisensiaat in Teologie aan die St. Peter's Theological College en in dieselfde jaar is hy georden as diaken. Hy het as 'n lektor aan verskillende universiteite byvoorbeeld in Botswana, Lesotho en Swaziland gedoseer. Tutu het vir 'n tyd in London gewoon waar hy in 1966 'n Meestersgraad in teologie verwerf het. Hy is toe aangestel as die assistent direkteur van die Theological Educational Fund in Bromley. Tutu het die Nobel Vredesprys in 1984 gewen en het 'n groot bydrae in die Wêreldraad van Kerke asook die Waarheid en Versoeningskommissie gelewer.

Tutu het die volgende posisies beklee: hy was die eerste swart Anglikaanse Dekaan van Johannesburg, Biskop van Lesotho, Algemene Sekretaris van SARK, Biskop van Johannesburg en Aartsbiskop van Kaapstad. Tutu is vereer met 'n aantal doktorsgrade wat insluit 'n Doctorate of Divinity van General Theological Seminary (USA), Doctorate of Civil Law van Kent Universiteit, D.C.L. van Harvard Universiteit, asook doktorsgrade van die universiteite van Aberdeen, Ruhr en Colombia. Tutu is die outeur van verskeie boeke en artikels wat insluit *Apartheid and the dignity of personhood* (1995); *Bishop Desmond Tutu - The voice of the one crying in the wilderness* (1982); *Crying in the wilderness – the struggle*

for justice in SA (1990); *Geen vrede met Apartheid – Nobelprysrede* (1985); *God has a dream – a vision of hope for our time* (2004); *Hammering swords into ploughshares* (1986); *Hope and suffering* (1983); *No future without forgiveness*; *The Divine intention* (1982) asook *The Rainbow People of God* (2006). Tutu se tydgenote onder apartheid verwys na Tutu as 'n profetiese teoloog vir sy bydrae in die stryd teen apartheid. Hy is geken as 'n persoon wat risiko's geneem het en 'n prys betaal het vir sy weerstand in die bevrydingstryd. Tutu word beskryf as 'n mens vir mense. As Christen het sy godsdienst hom nie toegelaat om van die wêreld te ontvlug nie. Hy het aan optogte deelgeneem in teenkanting van apartheid. Hy het sy besorgdheid getoon teenoor mense tydens geweld deur die polisie en het die gedwonge verskuiwings van mense gekritiseer. Hy het egter in die publiek aangedui dat hy nie gewelddadige aksies kan ondersteun nie.

Tutu (1982:15) beskryf armoede in Suid-Afrika in die 1960s en 1970s in terme van grondbesit. Volgens Tutu het swartes in daardie tyd 80% van die bevolking uitgemaak, maar hulle het slegs 13% van die land besit. Daar is teen hulle op grond van hulle ras gediskrimineer deur die stelsel van apartheid. As algemene sekretaris van die SARK het Tutu in dié tyd herhaaldelik die maatreëls wat onderdrukkend is van die Nasionalistiese regering uitgedaag. Hy het in die publiek die regering van die dag gekonfronteer oor die effek van apartheid op swart mense en hy het aan die kant van die onderdrukte gestaan. Deur die SARK het hy politieke gevangenes direk ondersteun. Hy het homself nie tot 'n kerklike omgewing beperk nie en het selfs van die pers gebruik gemaak om sy standpunte oor te dra.

3.2.3.2 Die kerk se sendingtaak

Wat is sending? Volgens Tutu moet die kerk heil aan die wêreld bring. Die kerk se sending hou verband met die verstaan van heil. Die kerk se sending sal dus duideliker word indien ons kyk hoe Tutu heil verstaan. Hy verstaan heil as die herstel van verhoudings in die samelewing (Tutu in Mutloatse 1983:23). Heil word verstaan as 'n situasie waar harmonie en vrede voortbestaan in die samelewing. Die kerk bring dus die heil van God aan die samelewing en nie slegs vir die individu nie. Vir die herstel van verhoudings het die samelewing, binne die Suid-Afrikaanse konteks van apartheid bevryding van die juk van apartheid benodig (Tutu 1982:27). Die stelsel van apartheid het gepaard gegaan met die onderdrukking van mense en apartheid is gesien as een van die oorsake van die grootskaalse armoede in Suid-Afrika. Die

regering het die apartheidswette gebaseer op onregverdigheid en bevryding moes dus geregtigheid tot stand bring deur die verwydering van die apartheidswette. Daar is egter nie slegs belang gestel in die verandering van die apartheidswette nie, maar die totale verwydering daarvan.

Waarom word heil in terme van bevryding benodig? Tutu (in Mutloatse 1983:43) verwys na die eksodus verhaal as 'n Bybelse voorbeeld van God se bevryding van onderdrukte mense. Die eksodus verhaal van bevryding is die primêre teks wat dien as voorbeeld vir die kerk in sy sending. Die eksodus is 'n daad van heil en word die paradigma van die evangelie van bevryding vir alle onderdrukte mense. Heil word dus verstaan as bevryding van onderdrukking. Vanuit die eksodus verhaal maak Tutu die afleiding dat bevryding nie slegs 'n passiewe oorgee aan die genade van God is nie (soos by die meeste evangeliese groepe). Bevryding kom totaal van God, maar die mens het ook 'n aktiewe rol om te vervul (Tutu in Mutloatse 1983:53). Tutu argumenteer verder dat die kern boodskap van die Bybel verstaan word as bevryding en dat die Heilige Gees self die krag agter die bevrydingstryd is. Omdat God aan die kant van die armes in hulle bevrydingstryd is, is die kerk in Suid-Afrika genoodsaak in sy taak en in gehoorsaamheid aan God om te identifiseer met die bevrydingstryd van die armes. God is nie neutraal nie, daarom kan die kerk nie neutraal wees nie. Tutu beklemtoon dat die kerk 'n aktiewe rol moet speel in die bevryding van onderdrukte mense, juis omdat sekere evangeliese groepe meen dat die kerk nie by die bevryding van onderdrukte betrokke moet wees nie. Westerse dualisme word ook ten sterkste verwerp wat die "geestelike" en sekulêre aspekte van die lewe van mekaar probeer skei. Die bevryding en verandering van die wêreld vereis die opstel van nuwe en regverdige strukture. God se bevryding sal geregtigheid produseer en geregtigheid behels 'n radikale verandering in sosio-ekonomiese strukture. Die bevryding en verandering van die wêreld vereis die opstel van nuwe en regverdige strukture want daar kan nie versoening sonder geregtigheid wees nie (Tutu 1990:20).

'n Volgende Bybelse voorbeeld van bevryding wat Tutu gebruik, is die geboorte en lewe van Jesus Christus (Tutu 1995:45-50). Hy verwys na die armoedige toestande waarin Jesus gebore is. Tutu glo dat God in Christus aan die kant van die armes is om hulle te bevry. As dienskneg het Jesus sy lewe in gehoorsaamheid aan die kruis geoffer vir die bevryding van onderdrukte. Hy beskryf Jesus as die man vir ander (Tutu 1982:27). Hy verduidelik dat Jesus mens geword

het om vir mense om te gee veral dié met probleme of behoeftes. Jesus het in die daaglikse sosiale probleme van sy samelewing deelgeneem. Hy het nie sy godsdiens gebruik om van die onaangename werklikhede van die lewe te ontvlug nie. Vir Jesus het die lewe in totaliteit aan God behoort. Die geboorte en lewe van Jesus vorm die basis van die Christelike kerk se betrokkenheid by sosio-politieke bevryding. Die kerk het in die Suid-Afrikaanse konteks onder verpligting gestaan om die voorbeeld van Jesus as dienskneg na te volg. Tutu het onder andere in die 1980s die kerk opgeroep om 'n gemeenskap van bevryding te wees (Tutu in Mutloatse 1983:20-23). Die kerk het nie 'n keuse nie, maar moet soos Jesus betrokke raak in die proses vir bevryding. Die kerk moet 'n dienskneg van God se komende koninkryk wees want Jesus is Heer van die kerk. Die kerk moet dus die agent vir bevryding wees wat die hopelose situasie van die armes aangespreek het. Die kruisdood van Jesus verbind die kerk met slagoffers van geweld en die armes.

Verder verwys Tutu na Jesus se lewe as model vir die kerk se sending in Suid-Afrika. Die kerk is nog in die wêreld en is veronderstel om die voorbeeld van Jesus te volg (Tutu 1982:30). Die kerk mag nie godsdiens gebruik om uit die wêreld te ontvlug nie. Die kerk kan nie homself agter gebede probeer wegsteek nie. Volgens die lering van Christus is die kerk die lig van die wêreld om hoop vir die hopelose te bring deur die krag van God. Die kerk moet soos Jesus situasies van haat en agterdog, gebrokenheid en skeiding asook vrees en bitterheid verander. Die kerk is 'n dienskneg van God om God se werk van bevryding te vervul. Die kerk moet betrokke in bevryding wees omdat mense vir God in Christus belangrik is. Die kerk in Suid-Afrika moet die voorbeeld wees van 'n gemeenskap wat omgee asook 'n gemeenskap van versoening en vergifnis.

Die rede waarom die kerk by bevryding betrokke is, is omdat die kerk by God se werk van bevryding betrokke is (Tutu 1982:49). Omdat God 'n God van geregtigheid is, stel God belang in die onderdrukte, die dood van mense in aanhouding, die armes in plakkershuise, werkloosheid en die misbruik van mag deur die onderdrukkers. Die kerk in Suid-Afrika het in die apartheidsjare onder verpligting gestaan om God se voorbeeld te volg, deur homself uit te spreek teen ongeregtigheid, geweld, onderdrukking en uitbuiting van mense. Tutu verstaan die kerk se taak as 'n voortsetting van die sending van God wat die onderdrukte slawe uit Egipte met 'n uitgestrekte arm verlos het en hulle na 'n land van melk en heuning gelei het. Die kerk moet God se onderdrukte mense tot vryheid lei. Die kerk moet sy lewe aflê vir God

se mense asook vir God se vyande. Die kerk word God se dienskneg om namens God te praat en God se wil te verkondig binne situasies van ongeregtheid, onderdrukking, uitbuiting en armoede (Tutu 1990:13). Die Bybel vereis dat geloof en hoop behou moet word in dae van krisis en hierdeur word die kerk 'n dienskneg van God (Tutu in Mutloatse 1983:67). Selfs wanneer die kerk God aanbid, word dit nie gebruik om van die werklikheid weg te vlug nie.

Deur bevryding sal die kerk betrokke wees by die herstel van verhoudings en aspekte wat daarmee verband hou (Tutu 1990:33). Die kerk moet toegewyd wees tot ware versoening, met geregtigheid vir almal en tot vreedsame verandering tot 'n oop Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die kerk moet kyk en verstaan hoe ongeregtheid en onderdrukking mense van hulle menslikheid ontnem. Die menswaardigheid van die armes is 'n belangrike aspek vir Tutu want onderdruktes se menswaardigheid word nie erken nie. God is aan die kant van die arme en onderdrukte, om hulle te bevry van dit wat hulle menswaardigheid skaad. Die magte van duisternis is verantwoordelik vir onheil en vir die vernietiging van mense se menslikheid. Die kerk bestaan ter wille van ander en veral vir die armes. Wanneer die kerk aanbid, maak ons nie ons oë toe vir die nood van hongeres, naaktes, diegene sonder huise, siekes, gevanges en die onderdruktes nie. Terwyl die kerk aanbid, moet die kerk juis sensitief wees vir die behoeftiges en onderdruktes. Ware aanbidding sluit die liefde vir die naaste in. Die kerk is dus verantwoordelik vir die opheffing van die onderdrukte want onderdrukking lei tot minderwaardigheid (Tutu in Mutloatse 1983:45).

Vir die kerk om kerk te wees moet die kerk self afstand doen van talle tradisionele aktiwiteite wat onderdrukkend is en werk vir die vryheid van onderdruktes. Die kerk moet geregtigheid najaag, die onderdrukte ondersteun, die weduwee en wese hulle regte laat verkry en namens hulle optree. Daar kan nie gesê word dat ons God liefhê terwyl ons ons naaste haat nie. Waar die kerk betrokke is by die bevryding van arm mense, in 'n land waar die gaping tussen ryk en arm groter word, mag die kerk beskuldig word dat hulle inmeng in sake waarvan hulle min weet, maar dit moet nie die kerk weerhou nie.

Hoe moet die kerk bevryding teweegbring? Die kerk se taak sluit in korttermyn strategie in die vorm van weerstand, teen byvoorbeeld alle gedwonge verskuiwing van mense (Tutu 1995:65). Die kerk moet byvoorbeeld effektiewe metodes gebruik om die afbreek van huise te voorkom. Die kerk moet hulle ondersteun wat in kampe geplaas is deur hulle te bedien. Indien

een deel van die kerk ly, ly die hele kerk. Op die langtermyn is die oplossings polities van aard, onder andere deur die verwydering van onregverdige strukture (Tutu 1995:70). Die kerk kan slegs relevant wees indien die kerk tot die spesifieke historiese situasie van mense spreek.

3.2.3.3 Die plek van armoedeverligting

Vir die doel van dié studie probeer ek die verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak te analiseer. Ek verwys dus na die plek wat aan armoedeverligting gegee word in vergelyking met ander take van die kerk. Binne die Suid-Afrikaanse konteks van apartheid in die 1980 met sy uitsonderlike hoë vlakke van armoede, het Tutu die materiële nood van die mens bo die geestelike nood geplaas. Wie is die armes? Volgens Tutu (in Mutloatse 1983:70) is God besorg oor die armes. Tutu omskryf armes as hulle wat honger is, mense sonder wonings en sonder kleres. Die armes in Suid-Afrika is mense wat in plakkershuise woon en wat werkloos is. Armes sluit mense in wat van hulle menswaardigheid ontnem is. Armes is mense wat behoefte is en wat nie in hulle basiese behoeftes kan voorsien nie. Tutu is ook van mening dat daar 'n direkte korrelasie tussen armoede en siektes is (Tutu 1990:13). Tutu het die klem op armoede geplaas omdat dit die sigbaarste manifestasie van onderdrukking onder apartheid was. Dit was immers die armes wat die swaarste onder apartheid gelei het.

Tutu (1982:143) argumenteer egter dat armoede in Suid-Afrika onder apartheid die gevolg van onderdrukking was. Die onderdrukkers het hulle mag misbruik wat gelei het tot die uitbuiting van arm mense. Mense is dus arm as gevolg van ongeregtigheid, geweld en onderdrukking. Bevryding is om die jukke van onderdrukking te verbreek, jou brood met die hongeres te deel, dié sonder huise in jou huis te bring en dié wat naak is te klee. Indien armoedeverligting teenoor bevryding geplaas word, gee Tutu 'n bepaalde prioriteit aan bevryding.

Waarom 'n prioriteit vir bevryding? Die voorkeur opsie vir bevryding het gekom as 'n reaksie op die sosio-politieke onderdrukking en die verwestering van die mens (Tutu in Mutloatse 1983:40). Die doel van bevryding was om vryheid van sosio-politieke onderdrukking te weeg te bring binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die kerk was eerstens verplig om te help met die verkryging van demokrasie sodat die massas wat die land bewoon, die land kan regeer. Bevryding is dus gebonde aan die konteks en werklike lewensituasies van mense. Die mense moet saam met en onder God heers, sonder om mekaar te onderdruk. Die eksodus was nie 'n

“geestelike” ervaring nie, maar God is deur ’n politieke daad aan die volk geopenbaar. In die eksodus verhaal hoor die Here die volk se geroep en sien God hulle lyding en dit het God beweeg om vir hulle om te gee en te bevry (Tutu in Mutloatse 1983:40). God is nie ’n neutrale God nie, maar ’n God wat reageer om te bevry. God het die volk bevry van slawerny en die volk wat eens nie ’n volk was nie, het God se volk geword. God staan aan die kant van die onderdrukte, hongeres en armes om primêr sosio-politieke bevryding aan hulle te bring. Bevryding hou dus nie slegs verband met individuele bevryding nie, maar met mense binne hulle sosio-politieke en ekonomiese omstandighede. Tutu is van mening dat die kerk politieke sisteme moet toets teen die standaard van die evangelie. Daar moet ’n prioriteit vir bevryding wees want die kerk moet eerste aan God gehoorsaam wees en nie voorkeur gee aan ’n beweging of politieke stelsel nie. Die kerk kan nie neutraal staan nie want neutraliteit beteken om aan die kant van die onderdrukker te wees.

Die Suid-Afrikaanse konteks onder apartheid het vereis dat daar prioriteit aan bevryding gegee moet word (Tutu 1995:70). Die wêreld moet die agenda vir die kerk bepaal. Dit het ’n wegbeweg van die neiging waar Christene hulle wil afsluit in heiligheid behels, waar die hulpgeroep van die wêreld, die armes en onderdrukte nie gehoor kan word nie. Binne die konteks van Suid-Afrika moes die kerk mense ondersteun waar mense moedeloos word in die bevrydingstryd. Dit beteken dat die droom vir vryheid, liefde, barmhartigheid, geregtigheid en vrede aan die lewe gehou moes word. Die kerk moet eerstens identifiseer met die armes, naaktes en hongeres se stryd. Die kerk moet sy stem verhef teen ongeregtigheid en geweld, onderdrukking en uitbuiting deur die regering. Die kerk moet dus beide ’n leidende rol speel en dienste lewer. Die kerk kon nie stil bly oor die sosiale implikasies van die evangelie nie. Die voortbestaan van die kerk het berus op die voortsetting van die bevrydingstryd. Ten opsigte van die probleem van dualisme soek Tutu vir die nodige integrasie tussen die aspekte van sending. Soos die kerk verplig word in sy “geestelike” taak, so word die kerk verplig in die sosio-politieke bevrydingstryd (Tutu in Mutloatse 1983:45-47). Ten opsigte van revolusionêre aksie sê hy dat die aksies vreedsaam moet wees. Tutu meld dat bevryding nie slegs ’n persoonlike aangeleentheid kan wees nie, maar dat dit publieke gevolge en uitvloeisels moet hê. Die kerk moes die geroep van dié wat honger is en uitgebuit word in die wêreld hoor en werk vir hulle bevryding. Die kerk moet die moed behou in die stryd van bevryding om dit as prioriteit te behou.

Die opsie vir bevryding was 'n reaksie op die gebruik om mense van hulle menslikheid te ontnem. Die doel van bevryding is juis om gebroke verhoudings in die gemeenskap te herstel. Vir die herstel van gebroke verhoudings was dit nodig om swartes se identiteit te definieer in terme van die evangelie van bevryding (Tutu in Morpheu 1989:145). Hier word die positiewe waarde van om swart te wees bevestig – en dit staan teenoor die afbrekende “wit” waardes ten opsigte van swartes. Die menswaardigheid van die mens is dus belangrik binne die konteks van onderdrukking wat van die kerk vereis het om aktief betrokke te wees in die bevestiging van die menswaardigheid en identiteit van swartes. Tutu (in Morpheu 1989:151) beklemtoon dat nadat God die mens gemaak het, het God die mens as goed verklaar. Die gemeenskaplike identiteit van die mens is belangrik. Die mens is mens vir ander mense en in verhouding met hul medemens. Die onheil in die gemeenskap was die gevolg van die mens se vervreemding van hul medemens en die strukture wat onderdrukkend inwerk op die gemeenskap. Dit is 'n sonde om nie mense se identiteit en menswaardigheid te erken nie. Sonde vind plaas op 'n primêre en 'n sekondêre vlak waar persoonlike sonde sekondêr is en strukturele sonde primêr is. By laasgenoemde word geglo in die inherente goedheid van die mens. Sonde word hoofsaaklik gevind in die onregverdigte sosiale stelsels. Sonde word dus nie geneties oorgedra nie, maar word oorgedra deur die sosiale omgewing. Sonde word gevind in die menslike sosiale strukture wat onderdrukkend van aard is. Vir die herstel van menswaardigheid en identiteit moet sulke strukture verwyder word.

Verder moes die kerk beklemtoon dat alle mense na die beeld van God gemaak is en daarom gelyk voor God is. Die visie wat die kerk in sy taak dryf, was die droom van 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap vry van rassisme en waar mense gewaardeer word. Die kerk moet onophoudelik werk vir geregtigheid en versoening. As prioriteit moes die kerk in Suid-Afrika betrokke wees in bevryding om die liefde en medelye van God aan armes, hongeres en naaktes te bring. Die kerk bewys medelye met swartes deur te verklaar dat Suid-Afrika en die wêreld God se wêreld is. God is inderdaad aan die kant van die onderdrukte, armes en uitgeworpenes om hulle uit armoede te bevry (Tutu 1982:32). Daar is 'n duur prys om te betaal wanneer jy met die armes assosieer en medelye betoon want in sy diens aan die armes sal die kerk ook ly. Die kerk sal die lyding oorwin omdat Jesus sy lyding oorwin het en die kerk die krag gee om te oorwin.

Die mens word bevry om eerstens diens te doen in God se Koninkryk en te werk vir God se

geregtigheid. Die kerk was onder die apartheidstelsel hoofsaaklik verantwoordelik om te werk vir geregtigheid en vrede (Tutu 1982:39). Die kerk is 'n voorbeeld van 'n gemeenskap wat wys dat mense belangrik is deur self geregtigheid te beoefen. Swartes in Suid-Afrika was onderdruk deur 'n minderheid en deur praktyke van ongeregtigheid het massas in armoede gewoon. Die kerk moes 'n voorkeur hê vir die onderdrukte en hulle wat uitgebuit word deur ongeregtigheid in die gemeenskap. God is aan die kant van armes, uitgeworpenes en hulle wat sonder huise is om aan hulle hoop en vrede te bring (Tutu 1982:47). God wil die wêreld 'n tuiste van vrede maak. Die kerk was dus verplig om hulp te verleen aan persone wat verban was, persone in detensie en politieke gevangenes wat deelneem aan die bevrydingstryd. Die evangelie het die kerk gedryf om vir geregtigheid, vrede en versoening te werk. In die bevrydingstryd gaan dit nie slegs oor die bevryding van swartes alleen nie, maar dit impliseer ook die bevryding van blankes. Alle mense moet vry wees om volledig mens te wees met vrye assosiasie en vrye uitdrukking. Biskop Tutu (in Mutloatse 1983:5) is van mening dat die kerk primêr onder goddelike verpligting staan om bevryding te preek en om die groei van 'n regverdige gemeenskap te bevorder. Vir die biskop kan geloof nie losgemaak en beperk word tot 'n "geestelike" sending nie. Geloof moes 'n impak maak op die sosio-politieke strukture van die dag. Anders as Nolan plaas Tutu nie groot klem op die voorkeur opsie vir die armes nie want bevryding is beskikbaar vir die onderdrukte en onderdrukker.

3.2.3.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Is Tutu se verstaan van heil toereikend? Tutu verstaan heil hoofsaaklik in terme van bevryding. Onderdrukte onder die apartheidstelsel in Suid-Afrika het beslis bevryding van onderdrukking benodig. Bevryding spreek die oorsake van sonde in die vorm van gebroke verhoudings tussen mense aan. Heil kan egter nie slegs in terme van bevryding verstaan word nie. Heil behels ook versoening, vergifnis, dissipelskap en die toekomstige hoop wat die evangelie bring. Deurdat daar prioriteit gegee word aan bevryding word die oorsprong van sonde nagelaat met verwysing na ons gebroke verhouding met God. Met die klem op die hier en die nou word ook die toekoms van sonde nagelaat deur die gebrek van riglyne vir die toekoms asook die hiernamaals. Beide die huidige konteks en die toekoms is belangrik. Die mens het nie slegs politieke, sosiale en ekonomiese bevryding nodig nie. Die mens het ook versoening met God nodig. 'n Verdere probleem wat ontstaan, is dat die opvatting van heil

onder andere bevryding, vergifnis en versoening saamgesmelt word of die een naas die ander geplaas word as bykomende funksies van die kerk.

Daar bestaan strukturele verskille tussen hierdie opvattinge van heil wat meebring dat hierdie opvattinge nie slegs maar naas mekaar geplaas kan word nie. In terme van heil soos in hoofstuk 5 verduidelik ken Tutu prioriteit toe aan die opvatting van heil as bevryding. Wanneer bevryding beklemtoon word, mag die aspek van versoening met God en die kerk se ander take nagelaat word. Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte, binne die kerk se sendingtaak. Tutu se verstaan van heil is dus ontoereikend. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5).

Tutu se begrip van heil beïnvloed sy verstaan van die kerk se taak. Omdat heil hoofsaaklik in terme van bevryding verstaan word, word die kerk se taak hoofsaaklik as die werk vir bevryding verstaan. Is Tutu se begrip van die kerk se taak dus toereikend? Die kerk kan nie slegs werk vir bevryding van onderdrukking en vir die herstel van verhoudings in die gemeenskap nie. Daar moet ook aandag aan die mens se verhouding met God gegee word. Daar moet ook gewerk word vir die toekomstige totale bevryding van die kosmos. Juis nou na net meer as tien jaar van demokrasie in Suid-Afrika is dit duidelik dat dit nie genoegsaam is om slegs vir sosio-politieke bevryding te werk nie. Dit is ironies dat sommige evangeliese groepe die kerk se taak as meer “geestelik” wil beskou in ’n poging om nie die kerk se sosiale verantwoordelikheid na te kom nie. Ek is van mening dat bevryding en sosiale geregtigheid ’n belangrike deel uitmaak van die kerk se sendingtaak. Deur die kerk se geskiedenis het die aspek van sosiale bevryding nie die aandag gekry wat dit verdien het nie. Sosio-politieke bevryding het buite die raamwerk van die kerk se sending geval. Die mistieke dimensie maak dat individue en groepe hulleself uit die wêreld wil onttrek en geen waarde aan geskiedenis wil heg nie. Die hemel word beklemtoon as tuiste en gemeenskap met God word gesoek sonder ’n besorgdheid vir die naaste. Tutu het juis die kerk aangemoedig om betrokke te word in die gemeenskap en by jou naaste. Die kerk se taak kan egter ook nie slegs suiwer polities of tydelik en sekulêr van aard wees nie. Die kerk se sending kan dus nie tot bevryding beperk of gereduseer word nie. Dit kan ook nie na die ander kant neig soos by die evangeliese groepe die geval is nie.

Ek stem saam met Tutu dat waar die kerk nie sonde in sisteme aanspreek nie en die *status quo* handhaaf, ondersteun die kerk die onderdrukking van mense. Die kerk (ook die AGS kerk) het dit ook nodig geag om sy rol in onderdrukking en apartheid te bely want selfs die kerk se konstitusie is deurweek met apartheid. Die kerk het mense aktief van mekaar geskei. In die lig van die aktiewe rol van die kerk in die skeiding van mense, maak dit sin dat die kerk aktief betrokke moet wees om mense bymekaar te bring en te versoen. Hierdie versoening moet egter ook gepaard gaan met geregtigheid.

Die plek wat Tutu aan armoedeverligting binne die kerk se taak gee in vergelyking met bevryding is reeds verduidelik. Is dié plek van armoedeverligting in Tutu se verstaan egter toereikend? Armoedeverligting is sterk op die voorgrond gebring deur die opsie vir sosio-politieke bevryding. Dit help ons om die nodige aandag te gee aan die huidige materiële behoeftes van mense. Sosio-politieke bevryding as prioriteit het nie die verwagte armoedeverligting teweeg gebring nie. Sosio-politieke bevryding as die kerk se hoofsaak het nog nie brood op die tafel van die armstes in die land geplaas nie. Bevryding alleen is nie toereikend om armoedeverligting op te los nie. Dit dui ook op die noodsaaklikheid van die kerk se ander funksies. Tutu is reg as hy sê dat daar nie slegs aan die armes in terme van bevryding gedink kan word nie. Die kerk word veral uitgedaag deur Jesus se voorbeeld om met die armes te assosieer. God se liefde is egter vir alle mense en rykes het bevryding nodig wat belydenis van die onderdrukking van die armes asook die aanbidding van Mammon insluit. Bevoorregtes moet soos God aan die kant van die armes wees om werklik God se volk te kan wees. 'n Verdere uitdaging vir ondersteuners van die benadering is om ná bevryding regverdig op te tree teenoor die armes. Indien daar weer onderdrukking is, sal God weer 'n opsie vir die nuwe klas onderdruktes uitoefen. Jesus het homself met beide die onderdruktes en onderdrukkers geïdentifiseer. Die kerk moet ook onthou dat die werk vir bevryding bly die werk van die Heilige Gees.

3.2.4 Simon Maimela – bevryding vanuit politieke onderdrukking

3.2.4.1 Agtergrond en betekenis

Simon Maimela is 'n predikant van die Lutheraanse Kerk in Suidelike Afrika en 'n afgetrede professor in Sistematiese Teologie van die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria. Maimela het ook gedien as koördineerder vir EATWOT in Afrika. Hy het sy Ph.D aan Harvard Universiteit verwerf. Hy is die skrywer van 'n aantal boeke wat insluit *Initiation into theology* (1998); *Culture religion and liberation* (1994); *God's creative activity through the law – a theology of social transformation*; *Modern trends in Theology*; *Proclaim freedom to my People* (1987) en *We are one voice* (1989). Maimela het homself in die 1970s binne die Suid-Afrikaanse konteks bevind met sy talle teenstrydighede en met 'n sosiale stelsel wat onderdrukkend van aard was. 'n Groot aantal blanke Christene het die politieke stelsel van rasse-oorheersing ondersteun, 'n stelsel wat menseregte en vryheid van die meerderheid van die inwoners van die land ontken het. Dié tydperk is gekenmerk deur gedurige botsings tussen rasse en konfrontasie met die weermag terwyl die regering swartes onderdruk het deur wetgewing. Dit is binne hierdie konteks dat Maimela 'n eerste opsie aan bevryding met die oog op armoedeverligting gegee het. Maimela se opsie vir die armes spruit ook soos in die geval van Boesak uit sy ondersteuning vir swart teologie.

3.2.4.2 Die kerk se sendingtaak

Wat is sending? Maimela verstaan sending as om heil aan mense te bring. Hy verstaan heil as bevryding van politieke onderdrukking. Maimela (1987:12) het die kerk in Suid-Afrika gekritiseer omdat die kerk sy sending slegs verstaan het as die heil van die individu, sonder dat dit ook die heil van die wêreldinhou. Dit het teweeggebring dat die kerk in sy sending natuurlike en sosiale transformasie nagelaat het. Swart mense het vrywillig deelgeneem aan die goddelike stryd vir heil, liefde en geregtigheid binne sosiale strukture. Maimela (1987:25) kritiseer groepe wat die indruk wil skep dat God hoofsaaklik gekom het om mense te red en meen dat God nie betrokke is by menslike probleme nie. God is altyd betrokke in die wêreld om te skep en te herskep wat deel vorm van die groter skeppingsplan. Die kerk is 'n skepper saam met God vir die voltooiing van die skepping sodat liefde, reg en geregtigheid finaal kan oorwin. Die kerk se hoofsaak is nie slegs om harte en siele te transformeer nie want bevryding kan nie eg wees sonder sosio-politieke transformasie nie (Maimela 1984:45). Die wêreld en

sosiale strukture benodig God se transformasie. God maak die kerk betrokke in beide skeppende en bevrydende dae sodat die goddelike liefde gerealiseer kan word. Dit bied die goddelike uitdaging dat wette en instellings verander, afgebreek of vervang moet word ter wille van liefde en geregtigheid. Om die kerk se sending te verstaan, moet ons kyk hoe Maimela heil verstaan.

Hoe verstaan Maimela heil? Hy verstaan heil hoofsaaklik in terme van bevryding. Maimela verstaan bevryding as die verwydering van die onregverdige politieke stelsel van apartheid (Maimela 1987:7-10). Politieke stelsels gee uitdrukking aan mense se belange en begeertes. Dié stryd teen apartheid is gebore uit die bewustheid by swartes dat die kerk in sy nadenke die politieke en ekonomiese belange van swartes nagelaat het. Hierby het die Christelike geloof en die politieke stelsel van apartheid die belange van blankes wat swartes onderdruk het, gedien. Die politieke stelsel van apartheid verwys na die uitgebreide stelsel van reëls en gebruike wat die skeiding tussen swart en blank asook ryk en arm bevorder het. Rassisme wat uit apartheid vloei, spruit voort uit die gevoel van godsdienstige en kulturele superioriteit van blankes oor swartes. Swartes as “heidene” is as minderwaardig gereken en apartheid het swartes van hulle menslikheid ontnem. Politieke bevryding gaan gepaard met die transformasie van die samelewing asook die stryd vir geregtigheid en vryheid van alle mense wat die land bewoon (Maimela 1984:5). Swartes binne die konteks van apartheid in Suid-Afrika het bevryding as ’n dringende noodsaaklikheid beskou.

Maimela (1990:125) meld dat bevryding verder gepaard gaan met radikale politieke verandering sodat mense hulle doel op aarde kan verwesenlik. Die swart armes het politieke verandering benodig sodat hulle volle vervulde lewens kan lei. Swartes is onderwerp aan ’n lewe van pyn, vernedering, uitbuiting, armoede en onderdrukking. Blankes het swartes van hulle land, goud en vee beroof. Hulle is ook van hulle menswaardigheid, identiteit, kultuur en menseregte ontsê in alle sfere van hulle lewe. Die regering het swart mense in Suid-Afrika geforseer om ter wille van politieke verandering na ’n dieper vlak van weerstand te gaan wat tot verdere onderdrukking gelei het. Die identifisering van swartes as werkers het die stryd vir verandering intenser gemaak. Die doel van die bevrydingstryd het verband gehou met die verwydering van die apartheidstelsel en nie slegs sekere hervormings soos wat dit deur die Suid-Afrikaanse regering tydens apartheid aangebring is nie (Maimela & Hopkins 1989:32-37). Dié verandering het nie die massas swart armes bevoordeel nie. Verandering en

transformasie is nie moontlik sonder geregtigheid nie. Swart mense het hulle toegewy in die stryd vir radikale verandering in Suid-Afrika. Talle swart mense in Suid-Afrika het tot die besef gekom dat ekonomiese bevryding net so belangrik is soos politieke bevryding.

Wat dan is die kerk se taak? Maimela (1987:25) meld dat die kerk betrokke is by God se taak van bevryding. Die kerk is dus by politieke bevryding betrokke omdat God hierby betrokke is. Indien die kerk relevant wil wees, moet dit let op wat God binne die gebroke menslike bestaan doen. God is betrokke in alle sferes en ontmoet die mens binne die politieke en kulturele situasies waarin die mens leef (Maimela 1987:9). God openbaar God self as die God van versoening, vrede en geregtigheid. God het nie 'n agenda van skeiding nie en wil politiek wat God se plan vir die mensdom teenwerk, transformeer. Op die vraag van hoe God betrokke is by die bevrydingstryd en verandering, lê die antwoord daarin dat God deur God se Gees betrokke is in die gemeenskap. God se Gees is betrokke in die praktyke van die gemeenskap, beide in sy konkrete sowel as teoretiese vorme en die Gees bring hierdie twee praktyke bymekaar. Maimela (1989:95) argumenteer verder dat God nie onderdrukking goedkeur nie, maar betrokke is in die menslike bevrydingstryd. Sommige teoloë het probeer om die verband tussen sake van politieke aard en teologiese aard te ontken (Maimela – *Theologia Evangelica* 1990a:30-37). By tye het die regering die kerk die opdrag gegee om nie betrokke te word by die politiek nie, omdat die kerk neutraal moes bly. Maimela argumenteer dat die kerk nie stil kan bly in die politieke situasie waarin die kerk homself bevind nie wat beteken dat die kerk nie neutraal kan staan nie (Maimela 1984:5). Die kerk van God word betrek by politieke prosesse en moet daarom 'n teologiese standpunt ten opsigte van politiek hê. Onder apartheid het die kerk as medewerkers met God in die bevrydingstryd en verandering in die gemeenskap geveg. Hulle het saam met God gewerk in die historiese afbreek van strukture, instellings en gesindhede wat lewe en menswaardigheid van swartes onmoontlik maak. Deur die oorwinning van die bevrydingstryd in die wêreld kom die Koninkryk van God tot stand. Maimela is van mening dat God nie onderdrukking goedkeur nie, maar betrokke is in die stryd van die armes om hulle te bevry. Maimela wil aandui dat die God van die Bybel ingetree het in die menslike geskiedenis om vryheid en bevryding te bring.

Maimela (1987:1) gebruik verder die Bybelse illustrasie van Jesus se voorbeeld as motivering vir die kerk se betrokkenheid in politiek. Jesus is Heer van alle geskape lewe en daarom kan die arena van menslike verhoudings nie uitgesluit word as deel van die kerk se taak nie. Dit

sluit in die sosio-politieke, ekonomiese en regsaspekte van die mens. Volgens Maimela (1987:17) is die kerk se taak om die evangelie van Jesus te verkondig wat vereis dat God se mense in vryheid moet leef om hulle medemens te dien. Swartes het van die kerk verwag om in hulle nadenke die konkrete en alledaagse ervarings van swart mense in die gemeenskap in te sluit. Mense het mekaar onderdruk in weerwil van God se wil. God in Christus wil hê dat mense mekaar moet liefhê en mekaar moet dien. Jesus herinner sy luisteraars dat hulle God moet liefhê met hulle hele hart en daarmee saam hulle naaste soos hulleself. Lewe is slegs moontlik in gemeenskaplike verhoudings. Daar moet dus 'n korrelasie tussen woorde en daede binne verhoudings wees.

Die kerk moet profeties wees in die vorming van 'n politieke teologie wat sou lei tot bevryding uit onderdrukking in konkrete menslike situasies (Maimela 1989:97). Godsdienst is nie slegs vir die private lewe nie en individualisme veroorsaak 'n groot skeiding tussen die private en publieke lewe. 'n Dinamiese kerk moet aktief betrokke wees in die teenwoordige wêreld om die natuurlike en sosiale omgewing te transformeer. Die betrokkenheid in die reële wêreld gaan gepaard met die skep van nuwe sosiale verhoudings. Dit het die verantwoordelikheid op die kerk geplaas om almal die wil van God te leer ten opsigte van die regstelling van sosiale en politieke misbruik van wat verhoudings skaad (Maimela 1987:25-27). Die kerk is geforseer om die regering se neigings tot onregverdigheid, ongeregtigheid en sonde van die skeiding van mense bloot te lê. Die aspekte van verhoudings soos gemeenskap, geregtigheid, gelykheid, vryheid, menswaardigheid en menseregte is nagelaat. Die kerk se taak behels die vervanging van sondige en afbrekende sosiale verhoudings wat lei tot uitbuiting en armoede. Die kerk se taak hou verband met bevryding want die lewe van swart mense as naaste is bedreig deurdat die menswaardigheid van mense weggeneem is - beide fisies en "geestelik" (Maimela 1988:15-25). Die kerk het ook die rol vervul om gepaste aksies vir sosiale transformasie aan te dui om getrou te kon bly aan God se skeppingswerk. Die kerk moet geloof aanmoedig en vrees verwyder wat 'n hindernis vir die sosiale transformasie van verhoudings is. Die kerk moet mense leer om te glo in hulleself en in hulle skeppende vermoë om hulle wêreld te transformeer (Maimela 1984:46). Die kerk se taak het dus verband gehou met die herstel van menswaardigheid en respek vir mens teenoor mens. Sosiale strukture moet die behoeftes van die mense bevredig en verbeter. Die kerk moet mense leer om ontevrede te wees met ekonomiese en sosio-politieke strukture wat onderdrukkend is

en verhoudings verbrokkel. Die kerk se taak is nie slegs om toestande te beskryf nie, maar om 'n totale rekonstruksie daarvan teweeg te bring. Dit het gevra vir die konstruksie van 'n plan van 'n menslike wêreld, 'n prent wat mense sou mobiliseer tot aksie en hulle kreatiewe agente sou maak van die herstel van gebroke verhoudings. Die kerk moet kant kies en die strukture en aksies ondersteun wat lei tot bevryding terwyl strukture van ongeregtigheid teengestaan of verwyder moet word.

Maimela (1989:114) noem dat die kerk almal moet herinner dat God die God van bevryding en hoop is waar menslike oorheersing en onderdrukking nie geduld sal word nie. Die kerk se taak is om hoop te bring deur sy sosiale verantwoordelikheid te vervul. Jesus word gesien as voorbeeld van die kerk se hoop. Die hoop is gegrond op die oorwinning oor die sonde en die dood wat Jesus vir die mensdom aan die kruis behaal het. Die hoop weier om sonde te aanvaar met verwysing na persoonlike en sosiale sonde. Bevryding is nie totaal op menslike pogings gebaseer nie, maar op God se krag. Dit inspireer Christene om op die voorgrond vir sosiale transformasie te wees as voorbeeld van Christus se liefde en hoop (Maimela 1989:154)). Bevryding bly 'n onvoltooide projek en God bly die hoop van die onderdrukte. Die kerk se taak behels die bevordering van persoonlike en sosiale transformasie. Bevryding is die produk van 'n lang en komplekse historiese proses, gerig teen die magte van onheil wat opregte menslike verhoudings met mekaar en God verhinder. God tesame met mense, bereik bevryding deur hulle persoonlike en sosiale wêreld te transformeer. Bevryding behels die humanisering van die wêreld en menslike verhoudings. Bevryding is gerig teen sosiale onheil soos klas, ras, geslag en onderdrukking. Lyding en onderdrukking het geen nut in die mens se geskiedenis nie en dit het meegebring dat mense krities oor hulle armoede gereflekteer het. Deur hoop behou die kerk sy inherente krag in die bevrydingstryd van die armes.

Volgens Maimela (1987:11) het die kerk onder apartheid primêr die verantwoordelikheid gehad om die armes te bemagtig. Magsverskille het daartoe gelei dat die rykes ryker word en die armes armer. Hy meen dat diegene wat regeer hulle mag moet gebruik om die mense te dien. Waar daar 'n misbruik van mag is, moet die kerk dié stelsel weerstaan en werk vir die vervanging van sodanige sisteme. Volgens Maimela is Suid-Afrika nie arm in natuurlike hulpbronne of arm omdat die mense lui is nie, maar mense is arm as gevolg van die uitbuiting deur oorheersende magte wat die bronne beheer. Tesame met politieke mag moet daar 'n herverdeling van bronne plaasvind om armoede uit te wis. Mag moet gebruik word om mense

te help om hulle situasie te verstaan en om verantwoordelikheid te neem om vry keuses te maak. Die bemagtiging en deelname van die mense is belangrik. Jesus het beide mans en vroue bemagtig om diens te doen en hy het hulle bemagtig vir 'n doel. Evangeliese groepe het die aspek van sosiale geregtigheid nagelaat, maar verkondig tog dat God in Christus alle behoeftes van die mens wil bevredig. Die leerstellings van evangeliese groepe het nie die sosio-politieke en ekonomiese faktore wat armoede veroorsaak aangespreek nie. Aspekte soos magmisbruik, korrupsie, wanbestuur, omkoperij en die uitbuiting van die armes van die land is nie aangespreek nie.

Die kerk se taak onder apartheid het primêr ingesluit om die evangelie te verkondig wat die waardigheid van die plaaslike bevolking beklemtoon (Maimela 1989:101). Dit is nie moontlik om bevryding te reduseer tot die lewe van die siel nie en dit terwyl die mens misvorm is deur 'n sisteem van onderdrukking en uitbuiting. Die evangelie moet lering oor die wil van God ten opsigte van ware humaniteit in alle sferes, hetsy ekonomies, polities of militêr, insluit. Die vrug van die evangelie is 'n gemeenskap wat dinamies is en 'n lewensgerigtheid kweek met bevrydende liefde en 'n gemeenskap wat in harmonie saamleef. Bevryding van alle soort onderdrukking moet verkondig word, asook bevryding vir beide mans en vroue. Maimela (1987:1) het geargumenteer dat die kerk onder goddelike verpligting staan om die vryheid van God se mense te verkondig. Hy verstaan egter bevryding as bevryding van apartheid omdat die sosiale orde in Suid-Afrika onder apartheid teen die etos van die evangelie ingedruis het. Maimela glo dat die boodskap van die evangelie essensieel die bevryding van God se mense is. God het die morele verpligting op die kerk geplaas om te werk vir die skep van 'n gemeenskap waarin alle Suid-Afrikane geregtigheid en vryheid geniet. Deur die verkondiging van vryheid van die armes en onderdrukte is daar getuigenis gelewer van die God van die Bybel wat 'n spesiale plek en sorg getoon het teenoor hulle wat onderdruk is deur die oorheersende magte van die samelewing (Maimela 1987:5). Die arme en onderdrukte het deelgenote geword met God in die opbou van 'n meer menslike gemeenskap wat vry is van onderdrukking. Binne dié gemeenskap sou daar regverdigheid vir beide swart en blank wees.

Die kerk se taak binne die konteks van Suid-Afrika onder apartheid kan soos volg saamgevat word (Maimela 1994:87): die kerk se taak is om mense te help om ontslae te raak van die vrees vir 'n regering wat hulle intimideer. Daar bestaan 'n behoefte dat die kerk 'n groter toewyding moet maak vir bevryding. Armoede moet meer sigbaar gemaak word in die

teenwoordigheid van die rykdom in die hande van die minderheid. Die kerk moet die taal van die armes praat en hulle mobiliseer in die bevrydingstryd. Die kerk moet alle bronne beskikbaar stel vir bevryding. Godsdienst moet nou as instrument van bevryding gebruik word.

3.2.4.3 Die plek van armoedeverligting

Vir die doel van die studie probeer ek die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak bepaal. Ek sal dus verwys na die plek wat aan armoedeverligting gegee word in vergelyking met ander take van die kerk. Ons kan die afleiding maak dat Maimela 'n bepaalde prioriteit gee aan die materiële nood van die mens. Maimela het die belangrikheid van die materiële wêreld beklemtoon, daarom het mense die regering van die dag uitgedaag om radikale veranderinge oor sosio-politieke en ekonomiese beleide te maak (Maimela 1989:31). Maimela beskryf die armes hoofsaaklik as mense wat onderdruk word en daarom is bevryding nodig. Mense is arm as gevolg van gebroke verhoudings tussen mense en deur die ongeregtigheid van mense. Hierdeur word die armes van hulle menswaardigheid ontnem. Binne die konteks van apartheid in Suid-Afrika is arm mense ook swart mense. Met die oordrewe klem op armoedeverligting en bevryding word versoening met God moontlik nagelaat.

Indien die plek van armoedeverligting en bevryding met mekaar vergelyk word, gee Maimela 'n hoër prioriteit aan bevryding. Maimela (1987:15) soos Tutu, meen dat armoede in Suid-Afrika onder apartheid die gevolg van onderdrukking was. Mense is dus arm as gevolg van politieke onderdrukking. Daar is dus 'n verband tussen armoede en onderdrukking. Bevryding bring vryheid van onderdrukking mee wat weer sal lei tot armoedeverligting. Anders as Tutu gee Maimela aan armes 'n groter prioriteit en dit wil selfs voorkom of God slegs vir armes omgee. Maimela noem egter dat nie swart óf blank hulle kan beroep om 'n bevoorregte ras voor God te wees nie. Almal moet hulle beroep op God se genade, barmhartigheid en heil. Alle mense is buitelanders met betrekking tot die familie van God en word almal dieselfde heil aangebied, sonder onderskeid. Terwyl God egter mense beveel om mekaar lief te hê, is swartes in Suid-Afrika verneder en nie as mense geag nie. Bevryding van onderdrukking het nie noodwendig armoedeverligting teweeg gebring nie. Mekanismes is nodig om te verseker dat armoedeverligting wel plaasvind.

Waarom gee Maimela prioriteit aan bevryding bo armoedeverligting? Die motivering vir die prioriteit van bevryding is die verkryging aan politieke vryheid. Dit behels die stryd teen

blanke oorheersing wat swart realiteit tot onsigbare onderwerping probeer dwing het (Maimela & Hopkins 1989:12-14). Die stryd om bevryding van apartheid het in Suid-Afrika gegroei in reaksie tot wit rassisme, onderdrukking en uitbuiting. Politieke vryheid beteken deelname in die bestuur van die land. Die kerk het eerstens in die bevrydingstryd vir politieke vryheid deelgeneem omdat God primêr in hierdie stryd betrokke is. Hier word na God gekyk as 'n krygsman wat weerstand bied om swartes te bevry van onderdrukking sonder die hulp van blankes. As 'n regverdige God, wil God die armes bevry van oorheersing en onderdrukking. Soos God die Israeliete bevry het, wil God ook die onderdrukte swartes bevry van historiese strukture van onheil, uitbuiting en onderdrukking. Volgens Maimela vertrou swartes nie primêr op godsdiens vir bekering of heil van die individu nie, maar wel vir politieke bevryding. Hulle herken die krag inherent tot die godsdiens wat armes van onderdrukking en armoede kan bevry. Die nuwe regering moet dus na die mense en veral die armes omsien.

Die voorkeur opsie vir bevryding onder die apartheidstelsel is verstaan as 'n aansluiting by Christus se voorkeur opsie vir die onderdrukte en armes (Maimela 1990:196-200). Gegee die konflik tussen die wit onderdrukker en swart onderdrukte, kon die kerk nie sosiaal en polities neutraal bly nie. Die stryd tussen die onderdrukker en onderdrukte behels 'n stryd om lewe en dood. Midde in hierdie stryd moet die kerk kant kies vanweë die onversoenbaarheid van die evangelie met ongeregtigheid, vervreemding en 'n rassistiese samelewing. Volgens Maimela het Christus arm kom word om ook aan arm onderdrukte swartes nuwe hoop en lewe te bring. Jesus het gedeel in menslike lyding en pyn sodat God vryheid kan bring aan die armes en onderdrukte. Christus het nie neutraal gestaan nie, maar staan aan die kant van die armes, swakkes en hulle wat uitgebuit word. Die keuse vir die armes is nie omdat hulle sonder sonde is nie, maar as gevolg van die konkrete onheil van onderdrukking, ongeregtigheid en lyding waaraan mense blootgestel is. Die kerk se eerste prioriteit is om Christus te verkondig. Waar Christus as die lewe vir die wêreld verkondig word, hou dit definitiewe sosio-politieke implikasies in (Maimela 1990:203). Om hierdie rede bly Christus en die evangelie 'n hindernis vir die ondersteuners van strukture wat onderdrukkend is. Swartes kon hulle egter self nie weerhou van deelname in die taak vir transformasie en bevryding in die wêreld nie. Wanneer daar verwys word na Christelike hoop sal sommige evangeliese groepe dit probeer vergeestelik. Dit is 'n hoop wat nie lei tot fundamentele transformasie van die wêreld nie. Swartes erken dat die swart Afrika-kultuur nie vry van sonde is nie. Hier manifesteer sonde in

die menslike weiering tot liefde en om beskikbaar te wees vir jou naaste, 'n weiering om vir ander om te gee en Christelike gemeenskap met ander te hê.

Christus is die hoop van die wêreld deurdat hy die magte van onheil oorwin het wat mense gevange hou en die mensdom van lewe ontnem. Deur die kruisdood ly Jesus saam met die mensdom in armoede, verwerping, onderdrukking, vernedering en uitbuiting. God demonstreer egter God se goddelike krag oor die sonde en die vernietigende gevolge van armoede deur die opstanding van Christus uit die dood. Sonde en armoede kan oorwin word omdat Christus uit die dood opgewek is. Deur Christus se dood is werklike versoening en wederkerige gemeenskap van sorg dra vir mekaar en veral vir die armes moontlik. In die lig van die moontlikhede in Christus moet die onheil in strukture wat verantwoordelik is vir armoede teengestaan en vernietig word. Terwyl die kerk Christus navolg, kan die kerk nie stil bly en die menslike lyding in die vorm van armoede verdra nie. Menslike lyding en armoede is teen die wil van God en lei tot konflik en slawerny binne gemeenskappe. In hulle sondige toestand neig mense tot die uitbuiting van ander. Jesus het ten doel gehad om mense nuwe skepsels te maak wat instrumente word van liefde, versoening, omgee en transformasie. Individuele heil is onvoltooid sonder die gepaardgaande skeep van nuwe verhoudings waar die nuwe verhoudings die resultaat van harde werk is. Hierdie nuwe verhoudings wat moontlik word deur Christus behoort ook armoede uit die weg te ruim. Nuwe verhoudings moet uitgebrei word sodat die staat of regering gekenmerk kan word deur goedheid, barmhartigheid, regverdigheid en geregtigheid sodat armoede verwyder kan word.

'n Verdere motivering vir die voorkeur opsie vir bevryding behels die verkryging van ekonomiese vryheid soos vervat in die destydse "Freedom Charter" (Maimela 1987:132). Dit het ingesluit die stryd om werksgeleenthede vir alle mense, behuising en basiese dienste. Dit hou sterk verband met die verwagting dat bevryding armoedeverligting tot gevolg sou hê. Die bevryding van die onderdrukte hou verband met die skeep van 'n alternatiewe realiteit van oorlewing vir swartes. Volgens Maimela (1987:33-35) moet die klem beide op die skeppende en reddende betrokkenheid van God geplaas word. God lig ons nie slegs uit die onvriendelike wêreld nie, maar maak ons deelnemers in die voortgesette skeppings- en reddende liefdesdade. Bevryding word bewerkstellig deur goddelike krag wat mense bemagtig as deelnemers in bevryding.

Maimela argumenteer dat God primêr Homself met die nederiges, armes en eenvoudiges vereenselwig en daarom assosieer die kerk hom ook met diesulkes. Swartes het tot die besef gekom dat God se bevryding ook en juis vir hulle bedoel is en het daarom die bevrydingstryd vir hulleself relevant gemaak. Die benadering met 'n voorkeur opsie vir bevryding het bewustelik op die konkrete situasie van lyding en onderdrukking in die wêreld gefokus (Maimela 1987:54). Dit behels 'n nadenke oor wat aangaan in die teenwoordige wêreld. Die tradisionele teologie lees die Bybel as beginpunt vanaf die dominante klas om hulle belange in die wêreld te dien. Maimela argumenteer dat daar eers by die armes se lewensituasies begin moet word. Maimela is van mening dat vir heil om eg te wees, moet dit lei tot die transformasie van konkrete ekonomiese, sosiale en politieke werklikhede (Maimela 1987:55-57).

Nog 'n motivering vir bevryding hou verband met sosiale bevryding met verwysing na die verhoudings tussen mense (Maimela 1989:77-79). Tydens die 19de eeu het die drang na vryheid baie sterk geword en dit het veroorsaak dat swart leiers hulle mense uit wit kerke gelei het. Die leiers wou instellings bou wat mense se menswaardigheid erken. Die God van die Christendom is gesien as beide streng en sagmoedig. Die strengheid van God hou verband met reg, geregtigheid en oordeel wat verwys na aspekte binne verhoudings. Hier word verwys na God se twee uitgestrekte arms waar die een sterk genoeg is om ons te omring met geregtigheid en die ander sag genoeg is om ons te omhels met genade. Deur die dood van Christus verklaar God oorlog teen alle magte wat onderdruk, verneder en mense van hulle volle humaniteit en vryheid in die wêreld ontnem. Hier gaan dit dus nie slegs oor die vergifnis van sonde nie, maar oor die herskepping van die totale wêreld vir vrede en geregtigheid. Dit is juis ongeregtigheid wat mense in gebondenheid hou. Bevryding en versoening met God beteken nie 'n ontvlugting uit die wêreld nie. Die verbreking van verhoudings tussen die mens en God is as gevolg van die verbreking van verhoudings tussen mense as gevolg van sonde waar sonde armoede, ongeregtigheid, onderdrukking, haat, rassisme en sosio-politieke strukture wat sonde bevorder, insluit. Sonde dui op die afwesigheid van broederliefde in interpersoonlike verhoudings binne die konkrete werklikheid. Die boodskap van bevryding is dat God nie slegs "geestelike" sonde en dood oorwin nie, maar dat God ook magtig is om die bande te breek wat mense in fisieke gebondenheid hou. Die totale transformasie van die sosio-politieke omgewing is die belangrikste bewys dat die heil en versoening van God eg is.

3.2.4.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Ons kan aanvaar dat die kerk se sending verband hou met die bring van heil aan die wêreld. Ek betwyfel ook nie dat heil as bevryding verstaan word nie. Deur bevryding wil God verandering in konkrete menslike situasies bring. Onder veral apartheid in Suid-Afrika was bevryding 'n noodsaaklikheid. Die benadering van bevryding het armoedeverligting meer op die voorgrond geplaas. Daar is genoegsame bewys in die Bybel dat God die mens wil bevry, maar dit is nie noodwendig die enigste verantwoordelikheid van die kerk nie. Heil kan egter nie slegs in terme van bevryding verstaan word nie. Heil kan nie tot bevryding gereduseer word nie. Waar so 'n prioriteit op bevryding geplaas word, word die ander aspekte van heil nagelaat. Ander aspekte van heil wat hier nagelaat word, is onder andere versoening met verwysing na ons verhouding met God. Tesame met bevryding is daar ook die behoefte aan riglyne om onderdrukking en armoede in die toekoms te verhoed. Die benadering van bevryding fokus hoofsaaklik op die gevolge van sonde terwyl die oorsprong en toekoms van sonde nagelaat word. Met die beklemtoning van die hier en die nou word die toekomstige volkome bevryding nagelaat. Indien daar geargumenteer kan word dat die aspekte van heil wat nagelaat is by bevryding ingesluit is, word die opvattinge van heil bloot naas mekaar geplaas. Daar bestaan verskille tussen die opvattinge van heil en daarom kan die opvattinge nie saamgesmelt word nie (sien hoofstuk 5). Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak.

Ek stem saam dat die verwagting dat die kerk betrokke moet wees in die bevrydingstryd nie 'n onredelike een is nie. Die kerk moet egter vir die regte redes betrokke wees. Die kerk hoef byvoorbeeld nie vandag swartes te ondersteun omdat die kerk gister blankes ondersteun het nie. Behalwe dat die mens 'n sosiale en politieke wese is, is die mens ook 'n "geestelike", emosionele en denkende wese. Die benadering moet dus versigtig wees om self nie eensydig te wees in die verstaan van die mens nie. Maimela verstaan die stryd van bevryding as God se stryd, want God voorsien self die krag in die bevrydingstryd. Hier bly die vraag of alles wat die kerk in die bevrydingstryd doen, die wil en werk van God is. Daar bly 'n onversoenbare spanning tussen die standpunt van evangeliese groepe waar hulle die kerk se taak van evangelisasie as die eerste en belangrikste beskou en die groep wat die eerste taak van die kerk as armoedeverligting deur bevryding as die eerste en belangrikste beskou. Dit verbreed die kloof tussen hierdie benaderings.

Om godsdien as basis te wil gebruik vir bevryding omdat ander dit gebruik as instrument van onderdrukking, kan nie geregverdig word nie. Dit beteken nie dat godsdien nie die krag het om te bevry nie. Godsdien behoort nie weer misbruik te word om menslike ideale te bereik nie. Hierdie benadering daag ons egter uit dat daar nie na bekering voortgegaan kan word met onderdrukking nie. Sonde word juis verstaan in terme van gebroke verhoudings tussen mense. Verder is die toepassing van geloof in die alledaagse lewe belangrik. Soos leerstellinge nie deur evangeliese groepe misbruik moet word nie, moet die benadering vir die opsie vir bevryding teen dieselfde probleem waak. 'n Verdere belangrike element wat hier aangeraak word, is die aspek van die misbruik van mag en hoe dit gebruik moet word om mense te bemagtig. Die kerk moet nie slegs alle bronne beskikbaar stel vir bevryding nie, maar ook vir alle fasette van die sending van die kerk. Maimela, soos Boesak, plaas armoedeverligting eerste binne die kerk se taak omdat mense se menswaardigheid belangrik is. Vir die skrywers is die konteks dus belangrik. Die kritiek ten opsigte van die benadering vir die voorkeur opsie vir die armes (genoem by Boesak) en kontekstuele teologie (soos by Nolan) is ook hier relevant.

3.3 Perspektiewe binne die AGS Kerk

3.3.1 F. Chikane - soeke na 'n holistiese benadering tot sending

3.3.1.1 Agtergrond en betekenis

Frank Chikane is gebore in Januarie 1951 en volgens homself is daar onsekerheid oor die presiese plek van sy geboorte as gevolg van die toestande in Suid-Afrika met sy geboorte. Hy het gedien as die algemene sekretaris van beide die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die ICT. As gevolg van sy politieke betrokkenheid moes hy vir 'n tyd lank na Europa vlug. Hy is 'n lidmaat en pastoor van die AGS Kerk en het vir 'n termyn as die vise-president van die kerk gedien. Die AGS Kerk het sy pastorale status opgeskort vanaf 1981 tot 1982 omdat hy in die stryd vir bevryding deelgeneem het. Hy het ook gehelp met die stigting van die UDF. In 1985 is Chikane gevange geneem onder die klag van hoogverraad. As 'n geordende pastoor van die AGS Kerk en 'n persoon wat die armes gehelp het, is Chikane deur die regering uitgesonder. Die regering het selfs pogings aangewend om hom om die lewe te bring. Chikane is die huidige sekretaris-generaal vir president Thabo Mbeki. As pastoor binne die Pinkster

evangeliese beweging het Chikane 'n holistiese benadering tot sending gesoek. Hy het die volgende boeke geskryf: *No life of my own* (1989); *The churches and the South African crisis* (1988) en *The church's prophetic witness against the apartheid system in South Africa. The road to Rustenburg* (Chikane, F & Alberts, L1991).

3.3.1.2 Die kerk se sendingtaak

Wat is die kerk se sending? Volgens Chikane (1988:29) moet die kerk doen waarvoor God die kerk geroep het. Die kerk se sending moet verbind word aan die holistiese sending van God op die aarde. Die horisontale en vertikale dimensies van die evangelie moet geïntegreer word. God het 'n wêreld geskep wat perfek en ekologies gebalanseerd is om die menslike spesie en ander lewende organismes te onderhou. Die kerk moet vir die wêreld omgee soos God daarvoor omgee. Die doel van sending is om die holistiese heil van God aan die wêreld te bring.

Waarom is heil nodig? Sonde het die korrupsie van die totale skepping teweeggebring wat tot agteruitgang, pyn, lyding, armoede, oorloë en die dood gelei het (Chikane 1988:29-35). Sonde het veroorsaak dat mense nie vir hulle naaste omgee nie. Sonde en God se omgee liefde vir die wêreld het God genoodsaak om God se enigste seun te stuur om die totale geskape werklikheid te red, om iets nuut uit die oue te skep of om die oue met die nuwe te vervang. Daar is dus die behoefte vir die heil van die mensdom en om die mensdom met God te versoen. Die koninkryk van God het sodoende gekom vir dié wat onder God se heerskappy is, maar die koninkryk het nog nie gekom nie omdat alles nog nie onderworpe aan die koningskap van God is nie. Die koninkryk van God het nog nie gekom nie omdat daar nie vir die armes omgee word nie. Hierdie goddelike verantwoordelikheid om vir armes te sorg, rus dus op die skouers van die kerk.

Wat is dus die kerk se taak? Chikane e.a. (1991:3-10) het dit as belangrik geag om die kerk se taak onder die bepaalde toestande van apartheid te bepaal. Volgens Chikane het Suid-Afrika onder apartheid uit twee wêrelde bestaan, naamlik swart en wit, bevoorregtes en dié sonder voorregte, onderdrukker en onderdrukte. Die twee wêrelde het ook binne die kerk bestaan wat beteken dat selfs God se kinders die leed en lyding van apartheid moes verduur. Dit is hierdie twee wêrelde wat in konflik met mekaar gekom het onder apartheid (Chikane 1988:29). Apartheid het die inwoners van Suid-Afrika se totale lewensbestaan bepaal. Apartheid het die

beeld van God geskaad want dit het God voorgedoen as 'n God van rassisme, onderdrukking en Mammon. Die God van die onderdrukker het hom gehelp om die land van swartes oor te neem. Swartes hierteenoor definieer God in die lig van swart ervaring as die God wat in opposisie is met dié van God in die wit ervaring. Die inherente konflik het tot 'n geloofskrisis vir die kerk gelei wat tot 'n krisis in die bepaling van die kerk se taak gelei het. Volgens Chikane moet die kerk in die skoene klim van armes en identifiseer met die slagoffers van onderdrukking en uitbuiting onder die sisteme van apartheid. Die kerk moet die realiteit van onderdrukking van swart mense verstaan en word hierdeur genoodsaak om in hulle stryd teen apartheid deel te neem. Die wêreld van die armes moet verstaan word. Die kerk se taak word dus beïnvloed en bepaal deur ons persepsies van die realiteit. Chikane is ook van mening dat die siening van die wêreld deur die armes, die meer korrekte persepsie van die wêreld is.

Chikane (1988:2) verwys verder na die voorbeeld wat Jesus vir die kerk in sending stel, veral deur sy betrokkenheid in sy huidige wêreld. Met die tweede koms van Jesus sal die heerskappy van God ten volle gerealiseer word. Vandag leef ons in 'n korrupte wêreld vol pyn en lyding, daarom moet die medelydende daad van God hier en nou gesien word. God se liefde vir die wêreld is so inklusief dat die totale geskape werklikheid daardeur betrek word. Die huidige wêreld word betrek by die alomvattende medelye van God in Christus. Jesus se bediening het die verstaan van God se sending in die wêreld openbaar gemaak deur sy medelye vir mense wat siek, honger, naak en gebroke was. Jesus het mense se fisiese behoeftes vervul. Die uitdaging aan die AGS Kerk is om die wêreld op 'n holistiese wyse te bedien en om die medelye en liefde van God vir die totale geskape werklikheid te bewys. Volgens Chikane (1988:3) moet die kerk die geween van die mense hoor. Hy verwys na mense wat bestaan tussen lewe en dood, mense wat nie keuses in die lewe het en wat daaglik gevaar en die dood in die oë staar. Jesus het die evangelie aan die armes gebring, daarom moet die kerk dieselfde doen. Jesus het nie noodwendig gewillig die kruisdood verkies nie. Hy het selfs die Vader gevra om dit van hom weg te neem. Jesus het egter in gehoorsaamheid aan die kruis gesterf om bevryding vir die mensdom te bring. Chikane argumenteer dat bevryding in Suid-Afrika deur stryd en lyding bekom moes word. Die kerk moet lyding verwag in die bevrydingstryd van die armes. Om aan die kant van die armes, onderdrukte en swakkes te staan, beteken om die volle pad van stryd te deel – selfs met die dood in sig. Die kerk kan hom nie wegsteek of probeer om die stryd in die wêreld te ontvlug nie. Die kerk het immers die

versekering dat Jesus met die kerk in die bevrydingstryd is.

Die kerk het die opdrag om die koninkryk van God te verkondig (Chikane e.a. 1991:29). Met die koms van die koninkryk sal niemand onderdruk of uitgebuit word nie. Niemand sal verneder word nie. Daar sal nie plek wees vir rassisme en apartheid met die vestiging van die koninkryk van God nie. Dit idealiseer 'n wêreld waar reg en geregtigheid sal regeer – 'n plek sonder sonde en 'n plek waar God alles vir almal mag wees. In die koninkryk gaan dit oor geregtigheid vir die totale mensdom. Die kerk se taak in die verkondiging van die koninkryk is voorkomend van aard deurdat dit 'n bediening van versoening is om vrede te maak deur te veg vir geregtigheid, vermaning en om lief te hê (Chikane 1988:35). Die kerk se genesende taak sluit in om vir die gewondes te sorg, na die weduwee en wees om te sien, die vreemdeling reg te behandel, die hongeres te voed en dié wat naak is te klee. Die kerk moet noodwendig kant kies deur te staan vir geregtigheid. Daar moet aan die kant van die armes in Suid-Afrika gestaan word teen die godslastering van wit rassisme en apartheid. Die kerk se taak hou verband met mense en eerstens met arm mense in hulle bevrydingstryd. Dit gaan oor arm mense in hulle stryd vir oorlewing asook 'n bevrydingstryd vanuit onderdrukking. Dit is 'n stryd teen apartheid, 'n stryd teen die regering en 'n stryd teen die weermag. Die armes is mense sonder grond en sonder mag om besluite te neem oor hulle eie lewe. Die armes ervaar ook 'n stryd as werkers in SA. Die kerk moet egter onthou dat dit in die koninkryk oor geregtigheid vir almal gaan. Die kerk neem deel aan die stryd vir geregtigheid teen ongeregtigheid wat 'n poging is om die wêreld te red. Apartheid is teenstrydig met die evangelie en die kerk moet hierteen veg. Enige Christelike sending sonder betrokkenheid in die bevrydingstryd is nie versoenbaar met die werk van Christus aan die kruis nie. Die kerk moet 'n instelling van hoop en geloof wees. Hoop is nodig om te glo dat die wêreld radikaal kan verander deur te breek met die verlede. Daar kan 'n nuwe orde geskep word en daar kan gehoop word vir beter tye. Daar is die hoop in die visie dat die koninkryk nou geskep kan word.

3.3.1.3 Die plek van armoedeverligting

Volgens Chikane het die AGS Kerk in Suid-Afrika oor die jare welsynswerk verrig tesame met armoedeverligting, maar dié dienste was histories op ras gebaseer en het nooit uitgekóm by die armstes in die land nie (Chikane – The church's respons to the needy).

Armoedeverligting is egter slegs hanteer as 'n bykomende taak van die kerk. Die uitdaging aan die AGS Kerk is om terug te gaan na sy oorsprong en weer die tradisie van omgee, medelye en sorg toe te pas (Chikane 1989:29). Frank Chikane meld die volgende oor die plek van armoedeverligting in 'n artikel "The church's respons to the poor and the needy": die redes vir die kerk se voorkeur opsie vir betrokkenheid by armoedeverligting spruit daaruit dat die evangelie die totale mens moet bedien. Hy stel dit soos volg: "The whole gospel, for the whole person". Die totale persoon word saamgestel uit liggaam, siel en gees. Chikane meld in die artikel dat God die mens op die aarde geplaas het in 'n konkrete omgewing vir sy oorlewing. God is dus nie slegs besorg oor die heil van die siel sonder die heil van die liggaam en geskape realiteit nie. God is besorg oor die heil van die mensdom in sy totaliteit en uiteindelik die totale geskape realiteit. God sal altyd besorg wees oor die sosiale toestand van die mensdom binne die gevalle wêreld totdat alles aan God onderworpe is en totdat God se koninkryk en heerskappy gevestig is. Die frustrasie met die plek van armoede spruit uit die mens se beperkte verstaan van God se natuur en God se totale werk. Dit is 'n geval van waar die skepsel nie die skepper ten volle kan verstaan nie. In ons interpretasie van die Bybel word ons beïnvloed deur ons ideologiese ervarings en denkwyses wat ons na die Skrif bring.

Die kerk se belangrikste goddelike opdrag is om die koninkryk van God te verkondig in die wêreld (Chikane e.a. 1991:9). Soos reeds genoem sal daar met die koms van die koninkryk niemand onderdruk of uitgebuit word nie en niemand sal verneder word nie, want daar sal geen plek wees vir apartheid en rassisme nie. Vir die kerk om kerk te kan wees in vandag se wêreld moet die kerk die dominante ideologie van die oorheersende klas verwerp wat beteken dat die kerk aan die kant van die armes, swakkes en magteloses in die wêreld moet staan.

Die Pinkster ervaring van die AGS Kerk (Azusastraat - Amerika) het van die begin af gemanifesteer tussen arm mense wat medelye teenoor mekaar bewys het (Chikane 1989:129). Hulle het in gemeenskap met mekaar geleef. In die vroeë 20ste eeu het sekere evangeliese tradisies (wat deel vorm van die Pinkster tradisie) egter in opstand gekom teen die sogenoemde "social gospel". Hulle het hul teenstand gebaseer op die persepsie dat die "social gospel" God se koninkryk uitsluitlik as van dié wêreld beskryf. Daar is ook in opstand gekom teen humanisme wat gevolg het op die era van die Verligting. Die Verligting het veral gefokus op die ontwikkeling en verbetering van die mens se omstandighede. In die lig van die radikale verandering het evangeliese groepe 'n bedreiging in alles gesien wat gerig is op die

verbetering van mense se lewens. Enige pogings, veral dié wat armes en benadeeldes se omstandighede wou verbeter, is as 'n lokval van humanisme gesien. Dit het meebring dat evangeliese groepe meer klem geplaas het op die uiterste vorm van Adventisme en hiermee saam is die koninkryk van God eksklusief geprojekteer as iets wat eers in die hiernamaals sal aanbreek (Concerned Evangelicals 1986:22). Dit het geen plek gelaat vir God se besorgtheid om sosiale omstandighede te verbeter nie. Omdat die Pinkster ervaring van die begin veral voorgekom het tussen arm mense, moet die AGS Kerk teruggaan na sy ontstaan wat 'n eerste opsie vir armes gegee het.

Die kerk (Chikane 1988:6-33) is hoofsaaklik betrokke by bevryding van die armes omdat God hoofsaaklik by hulle betrokke is. God is nie 'n toeskouer wanneer dinge gebeur nie, maar God is betrokke om die goeie na vore te bring. Dit vra van die kerk om direk die magte van onheil te konfronteer. Chikane meen dat om God se kerk te wees moet die kerk die dominante ideologie van onderdrukking van die heersende klas verwerp. Dit beteken dat die kerk soos God aan die kant van die armes, swakkes en magteloses in die wêreld moet staan. Vir Chikane is 'n holistiese spiritualiteit baie belangrik want God wil heil aan die heelal bring. Hy argumenteer dat daar nie in die swart Afrika-kultuur die idee van 'n dualistiese wêreld van 'n geestelike en 'n sosiale bestaan nie. Aanbidding en sosiale betrokkenheid is gedoen binne die sosiale dinamika van die samelewing. Die mens se totale lewenservaring is verstaan en geïnterpreteer in verhouding tot God. Hoewel individuele heil die individu geestelik gehelp het, het dit nie die probleem in Suid-Afrika onder apartheid aangespreek nie. Dit kon nie die Suid-Afrikaanse situasie verduidelik nie. Die kerk se taak moet insluit die herinterpretasie van die Bybel wat misbruik is om die ideologie van apartheid te verdedig. Die kerk kan nie net "geestelik" wees en die "aardse" lewe minag nie. Die kerk benodig 'n geheelbeeld van sending waar daar nie 'n oorbeklemtoning van die "geestelike" ten koste van die sosiale is nie (Chikane 1988:49). Daar is die behoefte vir bekering, die oorgawe van die lewe aan Christus en die wedergeboorte. Die kerk benodig selfs 'n dieper spiritualiteit wat die sosiale insluit. Chikane erken dat die gevaar bestaan om van die een uiterste na die ander uiterste oor te skakel.

Die voorkeur opsie vir die armes hou verband met die gebod van liefde (Chikane 1988:66). Sommige evangeliese kerke beklemtoon die liefde vir God sonder die liefde vir die naaste. Ander kerke beklemtoon die liefde vir die naaste sonder enige agting vir die "geestelike" lewe.

Daar bestaan die probleem in die kerk dat “geestelike mense” nie die noodsaaklikheid ingesien het om teen apartheid te veg nie. Apartheid en rassisme is teenstrydig met die evangelie en die gebod van liefde. Die kerk se taak is om deel te neem in die stryd vir geregtigheid teen ongeregtigheid wat ’n stryd is om die wêreld en jou naaste te red (Chikane 1988:66). Enige Christelike sending sonder betrokkenheid in die bevrydingstryd is nie versoenbaar met die werk van versoening van Christus aan die kruis nie. Die kerk kan nie slegs ’n vertikale “geestelike” bediening van liefde hê nie, so kan die kerk ook nie slegs ’n horisontale “sosiale” bediening van liefde hê nie (Chikane:1988:70). Die vertikale beklemtoning verwys na die verkondiging van heil vir die siel sodat die mens die koninkryk van die hemel kan ingaan. Hier word nie omgee vir die naaste nie. Die naaste word nagelaat om te sterf van hongerte en naaktheid. Die naaste het geen regte as mens en word onderdruk en uitgebuit. Die vertikale beklemtoning verwys na die vertikale liefde vir God sonder die liefde vir die naaste. By die horisontale beklemtoning mag die persoon in sonde leef net solank jy omgee vir die behoeftige, die armes, uitgeworpenes en onderdrukte. Dit geskied sonder die vertikale verhouding met God. Daar moet dus beide liefde vir God en liefde vir die naaste wees. Die vertikale en die horisontale bediening is ’n samestelling van die volle evangelie (Chikane 1988:72).

Die kerk is hoofsaaklik betrokke in armoedeverligting omdat dit gaan oor mense in hulle stryd vir oorlewing (Chikane 1988:90). Dit is ’n bevrydingstryd vanuit onderdrukking asook die stryd teen apartheid en die regering. Die mense is mense sonder grond of deelname in besluitneming. Dit is mense wat betrokke is in ’n stryd as werkers. Die kerk moet ’n instelling van hoop en geloof wees. Die kerk moet deelneem in die stryd vir oorlewing. Die kerk moet aandui en glo dat die wêreld verander kan word. Daar moet met die verlede gebreek word om ’n nuwe orde te kan skep. Die visie vir ’n beter toekoms moet behou word. Die uitdaging is om nou gestalte te gee aan die koninkryk van die toekoms.

Chikane (1988:55) soek vir ’n balans tussen die komponente in die kerk se taak want die evangelie is bedoel vir die totale mens. Aan die een kant is daar die toewyding om die koninkryk van God uit te brei deur die verkondiging van die evangelie. Aan die anderkant moet die kerk sy sosiale verantwoordelikheid nakom. Daar moet ’n integrasie tussen die geestelike en sosiale dimensies van die kerk se sending wees. Die kerk benodig dus ’n samehangende verstaan van sending. Sosiale dienslewering is nie sekondêr nie, maar die

uitstaande kenmerk van die kerk. Die kerk moet nie ag slaan op dreigemente om nie in politiek betrokke te wees nie. Chikane (1988:70) soek dus vir 'n balans tussen die twee dimensies van sending. Die kerk kan nie slegs 'n vertikale bediening (geestelike) het nie, so ook nie slegs 'n horisontale bediening (sosiale) nie. Waar die kerk die vertikale beklemtoon word slegs heil vir die siel gepreek sodat mense die koninkryk van die hemel kan ingaan. Daar word nie omgee vir die naaste nie en die naaste word gelaat om te sterf van honger, naaktheid, onderdrukking en uitbuiting. 'n Balans is dus nodig tussen die dimensies van sending.

3.3.1.4 Beoordeling en gevolgtrekking

As bevrydingsteoloog soek Chikane vir 'n balans tussen die aspekte van die kerk se sending. Die komponente van die kerk se sending bly egter in spanning met mekaar. Chikane misluk om die spanning tussen die komponente van sending op te los. Met die voorkeur van een komponent word die ander moontlik nagelaat. Myns insiens sal Chikane as bevrydingsteoloog byvoorbeeld die voorkeur vir bevryding en armoedeverligting gee met die gevolg dat versoening met God en die kerk se ander take moontlik nagelaat word. Waar Chikane vra vir 'n balans, word die opvattinge van heil bloot naas mekaar geplaas of selfs vermeng terwyl daar verskille tussen hierdie opvattinge bestaan. In terme van heil soos in hoofstuk 5 verduidelik, ken Chikane prioriteit toe aan die opvatting van heil as bevryding. Wanneer bevryding beklemtoon word, mag die aspek van versoening met God en die kerk se ander take nagelaat word. Die bevrydingsteologie plaas die fokus op die sonde wat in strukture gevind word terwyl die mens se persoonlike sonde nagelaat word. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5). As gevolg van die gebrekkige verstaan van heil dui Chikane nie die plek van armoedeverligting toereikend aan nie.

Ek ondersteun die gedagtes van Chikane waar hy die kerk vermaan om weg te beweeg van dualisme en aanmoedig om 'n holistiese benadering in sending te volg wat egter binne strukturele verband moet plaasvind. Dit vra vir heil van die totale mensdom en skepping. Die sending is breër omdat God oneindig groot is. Soos wat die wederkoms belangrik geag word, so moet die hier en nou as belangrik geag word. By die evangeliese benadering moet daar egter eers by die heil van die siel begin word en daarna verder gegaan word na die bediening van die liggaam en behoeftes van mense. Armoedeverligting kry dus 'n tweede plek binne die taak van die kerk en dit te midde van die versoek vir integrasie of balans tussen die twee

komponente.

Chikane se bydrae is wel van nut vir die AGS Kerk. Chikane meld dat die individu nie van die gemeenskap geskei kan word in die kerk se taak nie. Hy vra vir 'n holistiese benadering want die simbole van die Christelike geloof soos God, genade, die koninkryk en die menslike natuur verenig hierdie komponente. As kritiek teen evangeliese groepe word gesê dat die kerk in sy sending misluk het omdat die kerk geïsoleer is van die wêreld en dat die kerk nie met die wêreld identifiseer nie. Verder is die kerk selfgesentreerd en besig met interne probleme terwyl die doel van die kerk is om verligting aan die lydende massas te bring. Evangelisasie behels die verkondiging van die hele evangelie aan die totale persoon. Deur bekering vergewe God die persoon en dit lei tot versoening wat nuwe verhoudings tot gevolg het. Evangelisasie is nie voltooid wanneer die individu 'n besluit vir Christus geneem het nie want God verlang van die gelowiges om in verbondsgemeenskap met mekaar te leef.

3.4 Tekortkominge van 'n voorkeur opsie vir die armes

Die ondersteuners van hierdie benadering het onder die apartheidstelsel armoedeverligting as die kerk se eerste taak gestel. Die rede vir dié keuse sluit in dat armoede gemanifesteer het as die gevolg van onderdrukking onder die apartheidstelsel. Sonde is verstaan as ongeregtigheid teen mense wat gelei het tot gebroke verhoudings tussen mense omdat daar teen mense gesondig is. Ander motiverings vir die keuse sluit in dat met die koms van die koninkryk onregverdige strukture verwyder moet word. Die kerk moes die konteks onder apartheid as belangrik ag en die kerk moes 'n relevante getuienis binne die konteks gelewer het en nie 'n godsdiens van ontvlugting beoefen het nie. Die boodskap van goeie nuus sou beteken die koms van 'n nuwe ekonomiese bestel wat 'n aanduiding van hoop vir die armes sou beteken. Daar is genoegsame getuienis in die Bybel soos ook deur die voorbeeld van Christus dat God 'n spesiale plek aan armes in die evangelie gee. Nog 'n sterkpunt van die benadering is die beklemtoning en belangrikheid van mense se menswaardigheid en identiteit wat herstel moet word. Die feit dat die kerk die gevolge van armoede of die sosiale nood van mense moet aanspreek, is belangrik en word nie bevraagteken nie.

Die stryd om bevryding van die armes is 'n werklikheid wat die kerk moet hanteer. Die neiging om alle manifestasies van bevryding as heil te definieer deur bogenoemde benadering is problematies. Daar moet egter nie skepties gestaan word teen menslike bydraes in die skep

van 'n nuwe en regverdige sosiale orde nie. Gevare in die bevrydingstryd sluit in vervreemding waar organisasies hulle afsluit vanaf die kerk of andersom; of waar blankes nie toegelaat word om in die bevrydingstryd deel te neem nie. Die tweede gevaar sluit aan by die aspek van geweld waar die kerk in sy taak moet besluit om dit goed te keur al dan nie. Daar moet egter ook nee gesê word vir die geweld deur die onderdrukker in die vorm van detensies, mishandeling en selfs moord. Die kerk moet onthou dat beide die onderdrukte en onderdrukker bevryding nodig. Die bevryding waarvoor die Christendom veg, is nie idealisties of 'n misterie nie. Die stryd deur vroue dui ook op die behoefte vir 'n holistiese bevryding of bevryding van alle mense.

Ek stem saam dat die massas mense wat deelgeneem het in die bevrydingstryd, beide lidmate van die kerk en lede van die gemeenskap insluit. Die uitdaging aan die kerk is om erkenning te gee aan God se werking in en deur mense buite die kerk. God se werk en Gees kan nie beperk word tot die kerk nie. Mense het deelgeneem aan die bevrydingstryd omdat hulle werkers is en omdat hulle nie ekonomies vry is nie. Ekonomiese vryheid word taamlik nagelaat ten koste van politieke bevryding. Politieke bevryding kan egter nie brood op mense se tafel plaas nie. Evangeliese groepe kies evangelisasie as die kerk se primêre taak sonder om die verband met armoedeverligting te verduidelik. Die benadering met 'n voorkeur opsie vir armes kies armoedeverligting as die kerk se primêre taak sonder om die verband met heil ten opsigte van versoening met God te verduidelik. By tye lyk dit asof laasgenoemde as vanselfsprekend aanvaar word, maar daar word wel beklemtoon dat heil tot sosiale transformasie moet lei. Ek is van mening dat die beginsel van die opsie vir die armes aan die kerk 'n groot uitdaging bied. Daar is genoegsame Bybelse skrifte wat die opsie vir armes bevestig en ondersteuning hiervoor gee. Die probleem wat ontstaan is wanneer dit lyk asof die opsie vir die armes 'n eksklusiewe opsie is deurdat Christus slegs vir die armes gekom het. Daar moet kennis geneem word van die verbreding van die verstaan van die konsep van sonde en heil. Tesame hiermee moet beklemtoon word dat God daarin belangstel om die totale skepping te red. Die sendingtaak van God sluit beide die onderdrukte en onderdrukker in. Ek stem saam dat die gemeenskap vir God belangrik is, maar daar bly die noodsaaklikheid vir die heil van die individu. Die individu wat die arme en ryke, onderdrukker en onderdrukte insluit, moet hulle tot God bekeer.

Dié benadering het die voordeel dat dit die huidige (sosiale/materiële) probleem van mense

aanspreek. Dit beklemtoon die belangrikheid van die huidige konteks waarin mense leef. Die sterkpunt van die benadering sluit in dat daar talle voorbeelde in die Bybel aangehaal kan word waar God gehelp het om probleme van mense direk op te los of dat daar op een of ander wyse oplossing gekom het vir die mens se probleme. 'n Voorbeeld hiervan is waar God die Israeliete uit slawerny onder die Egiptenare verlos het. Die noodsaaklikheid vir die hantering van menslike probleme word nie bevraagteken nie en daar moet oplossings vir sodanige probleme gevind word. Oplossings vir armoede sou kon insluit direkte voorsiening van hulp aan armes, bevryding van onderdrukking van apartheid, werkskepping, opvoeding, entrepreneurskap, ontwikkeling van vaardighede, afskryf van skuld deur Eerste Wêreld lande, effektiewe dienslewering deur plaaslike regering, ensovoorts.

Kritiek teen die benadering sluit in vrae of heil uitsluitlik vir die armes is en of dit vir die wêreld is. Verder word die toekomstige volledige heilsplan van God in die benadering nagelaat. Heil word gereduseer tot bevryding wat die benadering ontoereikend maak. Dit wil voorkom asof die Bybel weer misbruik word om slegs die gevolge van armoede aan te spreek. Dié benadering beklemtoon die liefde vir die naaste terwyl die liefde vir God nagelaat word. Die belangrikste kritiek teen hierdie benadering is dat dit die probleem van dualisme vererger. Met die klem op die sosiale en materiële behoefte van die mens in teenstelling met die geestelike behoefte, word die kloof tussen die twee komponente verbreed. Die kritiek teen die benadering hou daarmee verband dat die begrip van heil gebrekkig of ontoereikend is. Die ondersteuners van die benadering vertolk heil slegs in terme van bevryding en die hantering van die gevolge van armoede. Die gevolge van armoede sluit byvoorbeeld in onderdrukking, apartheid, rassisme, ens. Die oorsaak van armoede met verwysing na sonde wat 'n gebroke verhouding met God veroorsaak, word nagelaat. Die oorsaak verwys na die probleem van die aard van sonde waar God se heil gebring word deur Christus se kruisdood. Sou daar geargumenteer kan word dat die geestelike nood nie nagelaat is nie, bestaan daar steeds die gebrek om die strukturele verwantskap tussen die twee aspekte te verduidelik. As gevolg van die strukturele verskille en verbintenis tussen die opvattinge van heil, kan nie een van die aspekte nagelaat word nie. Hierdie verskille tussen die opvattinge van heil sal later spesifiek aan die orde gestel word.

HOOFSTUK 4

'n MULTIDIMENSIONELE BENADERING MET ARMOEDEVERLIGTING AS EEN VAN DIE KERK SE VELE TAKE

4.1 Inleiding

Hierdie benadering sal geanaliseer word ten einde die begrip van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak te bepaal. Hierdie studie fokus op 'n teologiese verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak in Suid-Afrika. Binne 'n multidimensionele benadering word daar aanvaar dat armoedeverligting belangrik is. Armoedeverligting moet egter nie die eerste plek of tweede plek verkry binne die kerk se sendingtaak nie, maar moet verstaan word as een van die kerk se vele take. Die bepaalde konteks van sending moet egter 'n belangrike faktor wees in die bepaling van die kerk se taak.

Die elemente van sending moet nie gesien word as onderskeidelik of geïsoleerd nie, maar as intiem verbind en interafhanklik. Die benadering wil dus holisties wees. Hierdie benadering kan verstaan word as 'n reaksie teenoor beide die dualistiese benadering en die benadering met 'n voorkeur vir die armes. Hierdie benadering beskou nie evangelisasie en sosiale betrokkenheid as twee afsonderlike take waartussen gekies moet word of wat met mekaar versoen moet word nie (Van der Walt 1995:20-22). Die opdrag aan die mens in Genesis om die tuin te bewerk en te bewaak word verstaan as die mens se primêre taak en nie as 'n sekondêre verantwoordelikheid of “geestelike plig” nie. Die opdrag word dus die mens se omvattende religieuse roeping. Die verlossing in Christus word ook deur kulturele aktiwiteite verkondig. Die een faset van sending is nie belangriker as die ander nie omdat die een meer heiliger as die ander sou wees nie. Evangelisasie is altyd sosiale aksie en sosiale aksie is altyd 'n vorm van evangelisasie. Evangelisasie beteken om die volle evangelie aan die gevangenes, blindes en armes te verkondig en nasies tot gehoorsaamheid aan al God se geboorte te roep.

4.2 'n Multidimensionele benadering: 'n Geskiedkundige oorsig

Volgens Bosch (1991:3-5) is die verskillende paradigmas van sending deur die kerk se geskiedenis self 'n aanduiding van die multidimensionele aard van sending. Al hierdie

paradigmas was nodig binne die bepaalde historiese kontekste. Vir Bosch is dit noodsaaklik om die historiese ontwikkeling of evolusie van die begrip sending te ondersoek. Hy is van mening dat die vroeë Nuwe Testamentiese kerk geen sendelinge gehad het nie en dat die kerk geen program vir sending saamgestel het nie. Die betekenisvolle bydrae van die sending van die vroeë kerk deur hulle optrede, liefde en lewe kan egter nie ontken word nie. Onder Konstantyn het Christene opwaartse mobiliteit getoon en sending is nagelaat. Tydens die Middeleeue het die konteks verander en die kerk het die kruis en die plaasvervangende dood van Christus beklemtoon. Sedert die vyftiende eeu het die Europese kolonialisering plaasgevind en hiermee saam is ontdek dat miljoene mense niks van heil in Christus weet nie. Sending het dus gepaard gegaan met die propagering van die geloof, die prediking van die evangelie, apostoliese proklamasie, die uitbreiding van die kerk, die plant van kerke en die propagering van die heerskappy van Christus.

Binne die Katolieke Kerk het die verantwoordelik vir sending uitsluitlik by die pous berus. Die Hervormers het beklemtoon dat heil alleen van God kom en dat God Homself aan alle mense openbaar. Dié siening dui daarop dat sending deur die kerk nie nodig is nie. Tot in die 1950s het sending die volgende konnotasies gehad: die stuur van sendelinge na spesifieke areas, aktiwiteite wat deur sogenaamde sendelinge verrig moet word, 'n agentskap wat verantwoordelik was om sendelinge te plaas, die heidense wêreld is as sendingveld gesien en die hou van spesiale dienste om die Christelike geloof te versprei (Bosch 1991:23). Die kerk se sending het toe weer die propagering van die Christelike geloof, die uitbreiding van die heerskappy van God, die bekering van die heidene en die stigting van nuwe kerke ingesluit. Met verloop van tyd het die onderdrukking en die uitbuiting van mense van kleur 'n groter uitdaging aan sending gebied. Volgens talle aanduidings het die rykes ryker en die armes armer geword. Die ondersteuners van die sosiale evangelie en bevrydingsteologie het die klem geplaas op sosio-politieke transformasie waar die nood raakgesien is vir die aanspreek van sonde in sosiale strukture. Die ekumeniese groepe het ook sterker na vore gekom wat weer vir 'n balans tussen die aspekte van sending gesoek het. In die twintigste eeu het die groei in die Pinksterbeweging die aandag van die wêreld getrek. Die Pinksterbeweging was sterk evangelies georiënteer en het min tot sosio-politieke bevryding bygedra. Vanuit hierdie historiese ontwikkeling van die begrip sending en as gevolg van die tekorte in die verstaan van hierdie begrip, het Bosch die basis gelê vir die verstaan van 'n multidimensionele benadering

in die kerk se sendingtaak. Hy beklemtoon egter dat die bepaalde konteks die prioriteit van die kerk se sending moet bepaal. 'n Meer onlangse verstaan van sending is die idee van “*missio Dei*”. Vir Bosch bestaan daar 'n teenstrydigheid om te praat van die kerk se sending, omdat die kerk nie 'n sending het nie, maar betrokke is in die sending van God.

Deur die eeue het kontekste verander. Ons bevind ons dus gedurig in veranderde tye. Dit vra vir 'n nuwe verstaan van sending want ons leef in tye van oorgang, 'n tyd van verandering en 'n tyd van krisis. Tesame met die verandering moet daar kontinuïteit wees, 'n getrouheid aan die verlede met die moed om die toekoms tegemoet te gaan asook die noodsaaklikheid vir die tradisie en transformasie. Binne hierdie benadering moet daar dus getrou gebly word aan die multidimensionele aard van sending.

4.3 David Bosch – die basis vir 'n multidimensionele benadering

4.3.1 Agtergrond en betekenis

David Bosch is gebore in 1929 in Suid-Afrika en is in 1992 in 'n motorongeluk oorlede. Hy het as 'n professor in sendingwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria gedoseer. Hy het as die algemene-sekretaris van die South African Missiological Society gedien. Bosch het homself bewys as gesout in die teorie van sending en praktiese sending ervaring. Hy het as predikant in die NGK gedien en het as sendeling in Transkei gewerk. Hy het ook as lektor aan DeColigny, Transkei, gedoseer en het kerkgeskiedenis en missiologie onderrig. Sedert 1972 het hy die amp as dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika bekleed. Bosch het talle boeke en artikels oor sending geskryf en van die boeke is selfs in Duits geskryf. Hy is welbekend vir sy bydrae in sending en ekumeniese tendense. Bosch het vir omtrent twintig jaar as die redakteur van die *Missionalia* gedien. Hy het opgetree as die nasionale voorsitter van die South African Christian Leadership Assembly in 1979, asook die voorsitter van die National Initiative for Reconciliation vanaf 1989. Bosch het 'n bydra gelewer tot die uitputtende bediening van versoening tussen die verskillende rasse, denominasies en teologiese groepe in Suid-Afrika maar ook regoor die wêreld. Hy is gerespekteer binne die kringe van die Wêreldraad van Kerke asook die World Evangelical Fellowship. Bosch het aktief deelgeneem in debatte oor wat sending moet insluit, wat sending is, watter vorm sending moet aanneem, hoe sending verskil van evangelisasie, wat sending alles insluit, of sending sosiale en politieke betrokkenheid insluit, hoe ver moet daar gegaan

word in dié betrokkenheid en of heil binne die kerk of gemeenskap of wêreld plaasvind. Volgens Bosch moet daar gekyk word na wat die wil van God is en die betrokke konteks vir die beantwoording van vrae oor sending. Vir hom is sending 'n permanente aspek van die kerk se lewe. Sending hou verband met die verhouding tussen God en die wêreld in die lig van die evangelie. Bosch het talle boeke geskryf onder andere *A spirituality of the road* (1979), *Believing in the future: toward a missiology of Western culture* (1995), *Church and culture in Africa* (1971), *Die Heidenmission, Good news for the poor and the rich* (1993), *Heil in sendingperspektief* (1990), *Heil vir die wêreld* (1979), *Inleiding tot die sendingwetenskap* (1980), *Jesus die lydende Messias en ons sendingmotief* (1961), *Mission in creative tension* (1990), *Sending in meervoud* (1986), *The Church as alternative Community* (1982), *The structure of mission, The vulnerability of mission* (1991), *Transforming missions* (1991) en *Witness to the World* (1980).

Vervolgens kyk ek na Bosch se verstaan van sending, heil, die kerk se taak en die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Bosch se materiaal is baie nuttig, want hy verwys na talle ander Suid-Afrikaanse skrywers se sienings asook skrywers buite die grense van Suid-Afrika wat die multidimensionele benadering ondersteun.

4.3.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Bosch sending? Oor die algemeen verstaan Bosch (1979:3) sending as om heil vir die wêreld te bring. Vir Bosch is die begrip sending egter kompleks. Hy noem dat daar deur die geskiedenis van die kerk 'n krisis bestaan het oor die verstaan van die begrip sending. Hier verwys hy na die invloed van die tydperk van Konstantyn waar mense lidmaatskap van die kerk as vanselfsprekend aanvaar het wat daarop dui dat sending nie nodig is nie. Die veranderde politieke situasies in die wêreld het ook die verstaan van sending beïnvloed. 'n Verdere uitdaging aan die kerk se sending is die groot antichristelike wêreld wat buite die grense van die kerk val. Die vrees het ook bestaan dat die Christendom sou uitsterf omdat daar nie die verwagte sukses in sending bereik is nie. Verwarring het voorgekom as gevolg van die verskillende betekenis wat aan sending toegeskryf is. Bosch (1980:41) meen egter dat dit meer realisties is om die sendingaksie van die kerk te beskou as iets wat kragtens sy aard, altyd in dispuut sal wees. Hiermee saam bly sending 'n ambivalente aangeleentheid. As gevolg van die verwarring oor die begrip sending het Bosch gaan kyk na die historiese ontwikkeling van die

begrip sending om groter duidelikheid te kry.

Volgens Bosch is dit nodig om die historiese ontwikkeling of evolusie van die begrip sending te ondersoek (Bosch 1991:7). Ek het reeds in die inleiding verwys na die historiese ontwikkeling van die begrip sending. Vanuit hierdie historiese ontwikkeling van die begrip sending en as gevolg van die tekorte in die verstaan van die begrip, het Bosch die basis gelê vir die verstaan van 'n multidimensionele benadering in die kerk se taak (Bosch in Verster 1997). Hy beklemtoon egter dat die bepaalde konteks die prioriteit van die kerk se sending moet bepaal. 'n Meer onlangse verstaan van sending is die idee van sending as die sending van God. Vir Bosch bestaan daar 'n teenstrydigheid om te praat van die kerk se sending omdat die kerk nie 'n sending het nie, maar betrokke is in die sending van God. Wat verstaan Bosch onder die idee van sending as die sending van God?

In die afgelope halfeeu het daar 'n verskuiwing plaasgevind in die verstaan van sending as die sending van God (*missio Dei*) (Bosch 1991:354). Sending is histories in soteriologiese terme verstaan as die redding van individue van 'n ewige verdoemenis. Dit is ook soms in kulturele terme verstaan as om die mense van die Ooste bekend te stel aan die voorspoed soos deur die Weste ervaar. Bosch verwys na Barth wat sending as die aktiwiteit van God self beskryf het. Hy verduidelik dat God deur 'n skeppende daad God se eie koninkryk sal vestig. Sending is nou verstaan as dit wat vanaf die aard van God kom. Die klassieke leer oor die sending van God behels die sending van die Seun deur die Vader; en die sending van die Heilige Gees deur die Vader en die Seun; en die sending van die kerk deur die Vader, Seun en die Heilige Gees. Die kerk se sending word dus 'n deelname in die sending van God. Die kerk se sending het geen lewe van sy eie nie; slegs deur God wat stuur kan dit sending genoem word. Sendinginisiatiewe kom dus direk van God. Bosch argumenteer dat sending nie 'n aktiwiteit van die kerk is nie, maar 'n eienskap van God want God is 'n God met 'n sending (Bosch 1991:232). Dit is dus nie die kerk wat 'n sending van heil in die wêreld het nie, maar dit is die sending van die Seun en die Gees deur die Vader wat die kerk insluit. Sending word gesien as 'n beweging van God na die wêreld en die kerk word gesien as 'n instrument vir dié sending. Die kerk is hier omdat daar sending is. In sy natuur is die kerk sendinggerig omdat die sending sy oorsprong in die sending van die Seun en die Heilige Gees het. Sending is dus niks meer en niks minder as die manifestasie van God se plan en realisering in die wêreld en geskiedenis nie. Sending word holisties in die drie-eenheid gedefinieer, naamlik in christologiese,

pneumatologiese en ekklesiologiese terme. Dit dui ook die multidimensionele aard van die kerk se sending aan.

Vervolgings kyk ek na ander faktore wat die verstaan van die kerk se sending beïnvloed. Bosch verstaan dus sending as die sending van God. Die kerk is slegs één instrument van die sending van God om heil aan die wêreld te bring. Alhoewel Bosch sending as die sending van God verstaan, is hy tog van mening dat die siening van die kerk 'n invloed het op hoe die kerk 'n instrument van sending moet wees.

Sienings van die kerk beïnvloed sending

Hoe het die siening van die kerk sending beïnvloed? Bosch (1982:55) is van mening dat die wyse waarop die kerk gesien word, die verstaan van sending beïnvloed. Die kerk word byvoorbeeld gesien as instelling, as Liggaam van Christus en as aankondiger van goeie nuus en hierdie sienings dra by tot verskillende interpretasies van die kerk se sending. Tot in die tweede helfte van die neëntiende eeu is die klem op die eksterne, die wettiese en die institusionele siening geplaas. Dit het die kerk se sending beperk. In die twintigste eeu word die kerk gesien as die Liggaam van Christus. Dit het egter nie 'n totale breuk met die siening van die verlede beteken nie, maar dit het die neiging versterk om die kerk te vergoddelik en omhoog te hou as 'n perfekte gemeenskap – "*societas perfecta*" (Bosch 1982:96). Hierdie siening het die kerk se sending beperk, daarom het die hervormers 'n laer siening van die kerk voorgestel. Die Willingen-vergadering van die WRK van 1952 het besef dat die kerk nie vergoddelik kan word nie want die kerk is nie die beginpunt of die doel van sending nie. God se werk van heil gaan beide die kerk en sending vooraf. Sending moet nie aan die kerk onderwerp word nie, so moet die kerk ook nie aan sending onderwerp word nie. Beide moet onderwerp word aan die sending van God (Bosch 1980:142). Die siening van die kerk as die aankondiger van goeie nuus het ook die sending van die kerk beperk. Hier is meer gefokus op prediking ten koste van die vervulling van die kerk se sosiale verantwoordelikheid.

Die WRK het juis gesukkel met die integrasie van interpretasies van sending as gevolg van die uiteenlopende beklemtonings en skole van denkrigtings (Bosch 1991:59). Die probleem van integrasie hou ook verband met die verskillende sienings van die kerk wat sending beïnvloed. Latere deurbrake het aangedui dat die kerk nie slegs 'n struktuur in die gemeenskap is nie, maar die misterie van die teenwoordigheid van God in die wêreld is, as 'n sakrament of teken

en instrument van gemeenskap met God en eenheid onder die mense. Dit beteken dat die kerk nie homself in hoogmoed verteenwoordig nie, maar vir God in alle nederigheid. Tesame hiermee definieer die kerk nou homself as 'n dienskneg vir die samelewing. As dienskneg stuur die kerk nie mense uit nie, maar die kerk word gestuur. Die sending van die kerk is nie sekondêr tot sy wese nie, maar die kerk bestaan as dienskneg om gestuur te word en om homself op te bou ter wille van die sending. Sendingaktiwiteit is nie soseer die werk van die kerk as wat dit die kerk aan die werk is nie. As dienskneg is die kerk 'n kerk met 'n sending. Sending is 'n verpligting wat die hele kerk raak want God is 'n God van sending daarom is God se mense sending gerig (Bosch 1980:152). Die beskouing van die kerk as gemeenskap wat God aanbid, het ook sy invloed op sending afgedruk. Die sendingdimensie van die plaaslike kerk manifesteer homself op verskeie wyses wanneer dit 'n ware gemeenskap van aanbidding is. Die lede word toegerus vir hulle roeping in die samelewing en die kerk beskerm nie die regte van 'n selektiewe groep nie. Die kerk se sending vra vir direkte betrokkenheid in die samelewing. Dit beweeg buite die mure van die kerk en is betrokke by evangelisasie en werk vir geregtigheid en vrede.

Die siening van die kerk as 'n "nuwe gemeenskap" hou ook implikasies vir sending in (Bosch 1982:73). Slegs as die kerk onderskeidbaar en in solidariteit met die wêreld is, kan die kerk 'n sendingkerk wees. Die nuwe gemeenskap is 'n gemeenskap van gelowiges wat verkies, geroep en bekeer is wat met God lewe en die wêreld dien. Vir die kerk om die kerk van God te wees, impliseer 'n nuwe lewe, onder 'n nuwe leer met 'n nuwe toekoms. Dit is egter 'n gemeenskap van dissipels wat 'n nuwe skepping van God is. In die nuwe gemeenskap is daar geen onderskeid tussen Jood en Griek; en ryk en arm nie. Dit verwys dus na 'n alternatiewe gemeenskap. Die nuwe gemeenskap is dan ook 'n middel tot sending.

Verskeie ander beelde wat aan die kerk toegeskryf word, beïnvloed die kerk se sending. Waar die kerk as God se mense gesien word, is die kerk per implikasie 'n pelgrim (Bosch 1991:243). As 'n pelgrim en tydelike inwoner, trek die kerk slegs deur die wêreld en die wêreld is nie sy vaste tuiste nie. Vreemdelingskap vorm deel van die kerk se bestaan. Die kerk word uit die wêreld geroep en terug die wêreld ingestuur. Die ondersteuners van hierdie siening meen dat die kerk as pelgrim slegs twee dinge nodig het, naamlik ondersteuning vir die pad en 'n bestemming aan die einde daarvan. Met die siening van die kerk as pelgrim kan mense se huidige lewensomstandighede nagelaat word want daar word hoofsaaklik gefokus op

die toekoms en sending word beperk.

'n Volgende siening van die kerk sluit in om as middelaar tussen die mens en God op te tree (Bosch 1991:58). Paulus (Romeine 12) daag die kerk uit om homself toe te wy as 'n lewende offer, heilig en aan God welgevallig. Die gawe van priesterskap vir bemiddeling is juis aan die kerk as gemeenskap gegee. As priester moet die kerk as middelaar optree tussen God en die mens om versoening te bring. Ander tekens vir die kerk is om sout, lig, suurdeeg en profeet te wees. Terwyl die kerk die koninkryk van God verkondig en homself opbou, vestig die kerk homself in die wêreld as die teken en instrument van die koninkryk. Die kerk verwys ook na homself as die teken van die komende eenheid van die mensdom. Binne 'n multidimensionele verstaan van sending is hier al beelde nodig wat die ryke aard van die kerk se sending aandui. Bosch erken die invloed van die siening van die kerk op sending, maar verkies om te praat van die sending van God om heil aan die wêreld te bring. Indien God deur God se sending heil aan die wêreld wil bring, is dit nodig om te kyk na wat hierdie heil aan die wêreld behels.

Hoe verstaan Bosch heil?

Wat behels die heil wat aan die wêreld gebring moet word? Bosch (1991:5) beskryf die benadering van evangeliese groepe wat heil slegs in terme van “bekering” en versoening verstaan as dubbelsinnig en ontoereikend. Die meeste evangeliese groepe beklemtoon die waarde van persoonlike toewyding en reduseer die heerskappy van God tot die geestelike dimensie. Die individu word beklemtoon asook die aantal siele wat gered moet word. Dit gaan slegs daaroor dat mense gereed gekry moet word vir die hemel. Heil kan dus nie slegs in terme van versoening met God verstaan word nie. Die volgende dubbelsinnige en ontoereikend benadering is waar die kerk in sy sending uitgedaag word om te soek na geregtigheid in die wêreld en waar die heerskappy van God verstaan word in terme van 'n verbeterde gemeenskap (die benadering met die voorkeur vir armes). Heil kan dus ook nie slegs in terme van “bevryding” verstaan word nie. Bosch beklemtoon dat heil inderdaad 'n fundamentele noodsaaklikheid in alle godsdienste is. Vir Bosch is heil egter veel breër en sluit onder andere die volgende in, naamlik versoening met God (deur kerugma), versoening met jou naaste (deur koinonia) en bevryding en armoedeverligting (deur diakonia) (Bosch 1990:78). Volgens Bosch (1991:143) word armoedeverligting as deel van heil gesien en as deel van die kerk se multidimensionele taak.

Bosch verduidelik verder dat die vroeë kerk heil in omvattende en multidimensionele terme geïdentifiseer het (Bosch 1991:40). Die soteriologiese motief mag soms as die kern van sending beskou word want dit behels die diepste en die mees fundamentele vraagstuk van die mensdom. Die omvang van heil sal die omvang van sending bepaal. Lukas verstaan die noodsaaklikheid vir heil in 'n wye spektrum van menslike omstandighede byvoorbeeld armoede, diskriminasie, siekte, demoniese besetting en sonde. Dit sluit in ekonomiese, sosiale, politieke, fisiese, sielkundige en geestelike lyding wat dui op die multidimensionele aard van heil. Volgens die Evangelie van Lukas moet heil in vandag se lewe gerealiseer word (Bosch 1990:163)). Vir Paulus is heil 'n proses wat begin in 'n ervaring met die lewende Christus, maar waar totale heil nog uitstaande is. Versoening moet egter hier en nou plaasvind. Radikale hernuwing wat beide persoonlik en sosiaal is, kan ook alreeds hier deur die gelowige ervaar word. Versoening met God en die nuwe geboorte het dus verrykende sosiale en politieke gevolge wat armoedeverligting insluit.

Bosch (1991:512) verwys na verskillende fasette van die persoon en werk van Jesus Christus om die omvang van heil te verduidelik. Die vleeswording of geboorte van Christus is 'n belangrike faset van heil. In die onlangse jare het die ondersteuners van die bevrydingsteologie die Christelike heil verstaan in terme van die vleeswording van Christus. Hulle het Jesus as mens wat in die stofstrate van Palestina geloop het en wat medelye betoon het teenoor uitgeworpenes beklemtoon. Christus word gesien as een wat aan die kant is van dié wat ly. Hierdie model stel nie belang in 'n Christus wat slegs ewige heil bied nie, maar 'n Christus wat ly saam met die slagoffers van onderdrukking (Bosch 1979:73). Omdat ryk kerke dikwels nie soos Christus in solidariteit met armes wil staan nie, het hierdie kerke hulle relevansie verloor. 'n Tweede faset van die heil is die kruisdood van Christus. Hier word beklemtoon dat Christus vir die sondes van die wêreld aan die kruis gesterf het. Christus het homself geoffer ter wille van die wêreld. Evangeliese groepe beklemtoon hierdie faset van heil en die siening het wel 'n Bybelse basis. Bosch meen egter dat die dood van Jesus nie van sy lewe geskei moet word nie. Jesus se vernedering en die proses waardeur hy homself leeggemaak het, het alreeds by sy geboorte begin. Vir Bosch is die kruis belangrik want sonder die kruis sou die Christendom 'n godsdienst van goedkoop genade gewees het (Bosch 1991:256). Ter wille van die heil van die wêreld moet die kerk homself leegmaak om 'n kerk vir ander te wees. Die kerk moet dus verwag dat sy sending lyding sal insluit. Die kruis staan

ook vir versoening tussen mense wat vervreem is van mekaar tussen individue en groepe asook tussen onderdrukte en onderdrukker. Die kruis verwys ook na liefde vir jou vyande en die noodsaaklikheid van vergifnis.

'n Verdere faset van heil is die opstanding van Christus. Die opstanding verwys na die oorwinning oor die kruis (Bosch 1990:36). Dit is die boodskap van blydschap, hoop en oorwinning as die aanduiding van God se uiteindelijke oorwinning. Die kerk word geroep om die opgestane lewe te leef in die hier en die nou en om 'n teken van opposisie te wees teen die magte van die dood en vernietiging. In die lig van die opstanding word die kerk ook opgeroep om moderne afgode en valse absolutisme te ontmasker.

'n Volgende faset van heil is die hemelvaart. Dit verwys na die simbool van die kroning van die gekruisigde en opgestane Christus waar Christus nou regeer as Koning. Volgens ondersteuners van die ekumeniese beweging moet dit vir Christene natuurlik wees om toegewyd te wees aan sosiale geregtigheid en vrede omdat Christus oor alles regeer. Die kerk help om die heerskappy van God sigbaar te maak asook om die strukture van ongeregtigheid in 'n korrupte wêreld deur sonde teen God, teen te staan (WCC 1980:210). Bosch probeer om die fasette bymekaar te hou en is van mening dat die glorie van die hemelvaart intiem verbind is met die lyding aan die kruis. Die Pinksterbeweging sowel as die charismatiese beweging sien die Pinkstergebeurtenis as dié gebeurtenis van God deur Christus. Hier is die persepsie dat die era van die Vader en Seun verby is en dat dit nou die era van die Heilige Gees is. Volgens Lukas is die Gees gegee om die kerk te bemagtig om 'n getuie te wees. Die Heilige Gees gee dapperheid en moed in situasies van opposisie en teenkanting. Die kerk sit Christus se totale sending voort in die krag van die Heilige Gees. Die kerk is 'n gemeenskap wat die liefde van God aktualiseer in sy alledaagse lewe en waarin reg en geregtigheid operatief gemaak word. Bosch (1979:97) meen egter dat die kerk nie die Heilige Gees gevange kan hou nie, asof dit die taak van die kerk is om die Heilige Gees teen die wêreld te beskerm.

Laastens is daar die faset van die wederkoms van Christus. Aanvanklik is daar groot klem op hierdie faset geplaas met die persepsie dat die huidige wêreld nietig is en in die greep van die bose lê. In so 'n model is die kerk soos 'n wagkamer wat wag op die ewigheid. Die toekoms is al wat tel. Heil kan slegs verstaan word wanneer die opgestane Christus die universele toekoms vir die nasies gee (Bosch 1991:283). Nie die wêreld of die kerk vorm God se

heerskappy nie, maar die kerk is wel die lig van God se heerskappy. Die koninkryk sal nooit in die kerk voltooid wees nie.

Volgens Bosch kan hierdie fasette van heil nie van mekaar geïsoleer word nie. In sending proklameer die kerk die vleesgeworde, gekruisigde, opgestane Christus, wat opgevaar het en teenwoordig is deur sy Gees (Bosch 1990:18). Waar een faset van heil nagelaat word, is die evangelie gebrekkig. Die soeke na 'n omvattende verstaan van heil bly die uitdaging as gevolg van druk van buite en uit eie geledere. Bonhoeffer (1971:300) meen dat die kerk nie in die vermoë is om die boodskap van versoening en bevryding na die mensdom en wêreld te neem nie. Wat oorbly vir Christene vandag om te doen is gebed en regverdige dade onder mense. In reaksie hierop meld Bosch (1991:519) dat die kerk deur die eeue swak in praktyk en liefdesdade vertoon het. As gevolg van die gebrek aan liefde, mag daar gevra word of die kerk die reg het om sending te doen. Heil kan nie slegs daarvoor gaan om siele te wen, kerke te plant en kulture oor te dra nie. Dit is nie die kerk wat sending onderneem nie, maar dit is die sending van God wat die kerk konstitueer. Die sending van die kerk moet gedurig vernuwe word. Die kerk is steeds besorg oor bekering, die plant van kerke, die heerskappy van God, die ekonomie, die samelewing en politiek, maar op 'n nuwe wyse. Sending plaas die kerk onder die kruis, 'n plek van vernedering, verfrissing en nuwe geboorte. As die gemeenskap van die kruis word die kerk die gemeenskap van die koninkryk en die gemeenskap van die Eksodus wat mense nooi na die fees sonder einde (Bosch verwys na Moltmann 1977:75). Sending is dus die deelname van Christene in die bevrydende sending van Jesus, wagtend op die toekoms. Dit is die goeie nuus van God se liefde wat vorm aanneem in die getuie van die gemeenskap vir die voordeel van die wêreld. God se sending behels dus om heil aan die wêreld te bring. Vervolgens moet bepaal word wat die kerk se taak binne die sending van God behels.

Die kerk se taak

Wat is volgens Bosch die kerk se sendingtaak? Bosch erken dat dit nie maklik is om die kerk se taak te bepaal nie. Bosch (1979:199) verduidelik dat nie alles wat die kerk is en doen, 'n sending dimensie hoef te hê nie want nie alles het 'n sending intensie nie. Die kerk se hele bestaan hou verband met sending, maar hy is nie in al sy aktiwiteite uitdruklik afgestempel op die wêreld nie. Die gemeente is betrokke by sending wanneer hy in staat is om buitelanders

op te neem en hy nie die voorregte van 'n selektiewe groep mense verdedig nie (Bosch 1988:13-24). Slegs 'n kerk wat op hierdie wyse sending gerig is, kan intensioneel gerig op sending wees en aktief die wêreld inbeweeg. Bosch (1979:200) wys daarop dat dit wat in die boesem van die gemeente geskied en ervaar word, naamlik vriendelikheid, eensgesindheid, naasteliefde, gehoorsaamheid, blydskap, broederliefde en goeie werke reeds dimensies van sending bevat. Dit is reeds prediking “teenoor dié wat buite is”. Reeds deur hulle bestaan en nog voordat daar aktief enige grense na die wêreld oorgesteek word, is die gelowiges 'n “brief vir Christus ... geken en gelees deur alle mense”. Bosch waarsku dat die sending dimensie nie alleen voldoende is nie. Die sending dimensie en sending intensie moet op 'n dinamiese en kreatiewe wyse op mekaar betrek word. Die een voed en stimuleer die ander. Hier moet egter nog verduidelik word hoe die sending intensie daar moet uitsien en wat die doel van die sending behoort te wees. Bosch (1979:225) vat saam en sê: “Die kerk is slegs kerk as hy vir andere daar is. Die kerk moet aan die wêreldlike take van die gemeenskapslewe deelneem, sonder om te oorheers, maar deur te help en te dien. Die kerk moet vir mense van alle beroepe leer wat 'n lewe met Christus is en wat dit beteken om vir andere daar te wees.”

Die kerk se totale taak word saamgevat deur die begrip **marturia** of getuienis (Bosch 1990:65). Volgens die profeet Jesaja word daar van die kneg van die Here verwag om 'n getuie te wees en dat dit met stille lyding gepaard moet gaan. Die kneg van die Here is ook 'n verwysing na Christus en sy lyding op Golgota. Vir Paulus beteken marturia dat hy in sy swakhede, verdrukking en lyding kan roem. Die gelowige moet homself verbly te midde van lyding. Marturia van die kerk bestaan uit liturgie, kerugma (prediking), koinonia (gemeenskap) en diakonia (diens) (Bosch 1990:65). Vervolgens kyk ek na hierdie aspekte van die kerk se taak.

Liturgie

Die kerk se taak as liturgie behels die hou van eredienste waar die Bybel voorgelees en verduidelik, gesange gesing, gebede gedoen, en die sakramente beoefen word. Die sakramente sluit in die gebruik van die nagmaal, die doop en die opneem van lidmate. Volgens Bosch (1990:70) moet die impak van liturgie nie geminag word nie want lidmate word deur liturgie voorberei en versterk vir dienswerk. Liturgie help met die bou van identiteit van wie gelowiges in Christus is.

Kerugma

Die kerk het die verantwoordelikheid om die Woord van God te verkondig (kerugma) (Bosch 1991:189). Daar is wel die neiging om k rugma (die Woord) en diakonia (die daad) teenoor mekaar te stel. Bosch meld dat God se woord egter ’n “klankvolle daad” is en dat God se daad ’n sigbare en tasbare woord is. In die handhawing van ’n balans in sending is kerugma ’n nodige komponent want Christene is ope briewe aan die w reld. Die kerk se sending het bekering en vergifnis ten doel wat tot heil lei wat die resultaat van prediking is. Heil sluit ook bevryding van alle bindinge in sowel as ’n nuwe lewe in Christus. Persoonlike bekering is nie die doel op sigself nie. Om die kerk se werk tot die wen van siele te reduceer, is om bekering die finale produk te maak. Bekering deur prediking lei egter die individu tot die gemeenskap van gelowiges wat ’n veranderde lewe behels, gepaardgaande met morele verantwoordelikheid. Die dimensies van heil sluit in die ekonomiese, sosiale, politiese, fisiese, sielkundige en geestelike sfere (Bosch 1991:78). Dit is reeds ’n duidelike aanduiding van die multidimensionele aard van die kerk se sendingtaak. Volgens Bosch is die kerk verantwoordelikheid vir die uitvoering van die Groot Opdrag wat prim r met evangelisasie (kerugma) verband hou. Die multidimensionele grondslag word gevind in die Groot Opdrag vir die hele w reld waar daar dissipels gemaak moet word. Die komponent hou verband met evangelisasie met die beklemtoning op die universele. Volgens Bosch (1990:12) gee die kerk uitdrukking aan die dinamiese verhouding tussen God en die w reld deur kerugma. Kerugma is God se kommunikasie deur Christus soos verkondig word in die evangelie. Die verkondiging van die woord bly dus ’n belangrike taak van die kerk.

Die kerk moet egter nie die Bybel gebruik as ’n stoorkamer met waarhede nie (soos by evangeliese groepe), maar daar moet ’n voortsetting of kontinu teit wees met die getuienis van die Bybel. Die kerk se sendingtaak is samehangend, breed en diep soos die behoefte van die menslike lewe self. Daarom moet die hele kerk die volle evangelie aan die totale mens bring (Bosch 1991:360). Die kerk se sending sluit evangelisasie as een van die kern dimensies in. Die geestelike en persoonlike of die materi le en die sosiale behoeftes van die mens kan egter nie van mekaar geskei word nie. Daar moet ’n kontinu teit tussen die heerskappy van God, die sending van die kerk, geregtigheid, vrede en die genesing van die samelewing wees waar heil te doen het met dit wat met mense in die w reld gebeur. Die kerk is dus aktief betrokke in sending teenoor hulle wat steeds buite is (evangelisasie). Die evangelie moet aan die armes  n

die rykes verkondig word (Bosch 1993:12). Hier word na die voorbeeld van Saggeüs verwys. Beide die armes en rykes moet hulle bekeer en die rykes moet vir die armes sorg.

Deur kerugma beklemtoon die kerk die toekomstige hoop van die mensdom. Die kerk se taak word dus as 'n daad van hoop verstaan (Bosch 1991:400). Vanaf die begin het die Christelike kerk 'n noue verband gehandhaaf tussen die kerk se sendingpogings en die verwagting van fundamentele verandering in die toekoms van die mensdom. Die eskatologiese hoop word al meer benadruk. Openbaring word verstaan as die woord van God wat God self in historiese daade bekend maak. Die Exodus verhaal is 'n historiese gebeurtenis wat wys na 'n groter toekoms van God. Daar word in die Nuwe Testament verstaan dat wat in Christus begin is, slegs die begin van 'n nuwe era is en dat die toekoms selfs die huidige binnegedring het. Bosch (1991:534) argumenteer dat eskatologie 'n integrale deel van Jesus en die vroeë kerk se totale lewe en bediening uitgemaak het.

Koinonia

Tesame met kerugma is die kerk ook verantwoordelik vir koinonia. Vir Bosch hou die Groot Gebod verband met koinonia (Bosch 1991:45). Die opdrag tot liefde wat die basis vorm van die kerk se betrokkenheid in politiek is 'n integrale deel van die kerk se sendingtaak (Bosch verwys na Matthey 1980:171). Bosch meen dat dit nie moontlik is om dissipels te maak, sonder om hulle te leer van God se oproep vir geregtigheid vir die armes nie. Die Groot Gebod praat van liefde beide vir God en vir die naaste binne sy spesifieke konteks (Bosch 1980:25). Hierdie komponent hou vir Bosch ook verband met sosiale verantwoordelikheid. By die sosiale verantwoordelikheid moet die dissipels die verband geleer word tussen liefde en sosiale verantwoordelikheid. Bosch voer verder aan dat die kerk se taak die bevordering van koinonia insluit. Die revolusionêre aard van die Christelike sending manifesteer homself deur die nuwe verhoudinge (koinonia) wat tot stand gekom het in die gemeenskap van die Nuwe Testamentiese kerk in Handeling (Bosch 1980:6). Die Jode en Grieke, vry mens en slaaf, ryk en arm asook man en vrou het mekaar as broeders en susters aanvaar. Die wêreld is bymekaar gehou deur die beoefening van liefde en diens van almal aan almal. Die kerk het dus beide 'n oriëntasie na binne en na buite en moet 'n balans tussen die aspekte handhaaf. Eerstens wy die gemeenskap hom toe aan lering, gemeenskap en gebed (koinonia) daarna volg sy sosiale verantwoordelikheid (diakonia). Bosch stel dit soos volg: "The church is the place where the

exalted one manifests His presence and where the Holy Spirit creates anew” (Bosch 1991:231).

Die ekumeniese idee van sending wat nog in sy begin fase is dui op radikale koinonia tussen kerke om ’n “common witness” vir God te wees. Die begrip ekumenies is gebruik om alles wat die kerk se taak behels te beskryf wat die evangelie aan die hele wêreld moet bring (Bosch 1991:455). Die teenstrydigheid tussen eenheid en sending is slegs oorbrug by die WRK in 1961 te New Delhi. Die basis vir die eenheid by die WRK het aanvanklik op die volgende uitspraak berus: “a fellowship of churches which confess our Lord Jesus Christ as God and Saviour”. Die volgende is later bygevoeg “ ... and therefore seek to fulfill together their common calling to the glory of one God, Father, Son and Holy Spirit” (WCC 1961:152). By dié geleentheid het meer as twee honderd kerke hulleself verantwoordelik verklaar vir die evangelisering van die hele wêreld, ’n gebeurtenis wat nog nooit voorheen plaasgevind het nie. Die Christelike sending is die nederige betrokkenheid van die een liggaam van Christus in bevryding en medelydende liefde (WCC 1990:27). Die WRK stel dit soos volg: “To be called to unity in mission involves becoming a community that transcends in its life the barriers and brokenness in the world and living as a sign of unity under the cross” (WCC 1990:28).

Talle evangeliese groepe het hulle eger van die WRK onttrek. Hierdie groepe het die evangeliese ekumeniese groep gevorm en hier word sending sterk in terme van evangelisasie uitgedruk. Die besorgdheid vir praktiese eenheid behels beplanning, wederkerige aanmoediging en die deel van bronne. Die kerk se taak sluit in die soeke vir heelheid of genesing en eenheid (koinonia) om dualisme en verdeeldheid te oorbrug. Bosch (1991:464) meld dat die gesamentlike koördinering van sending en eenheid nie onderhandelbaar is nie. Dit word afgelei van God se gawe van eenheid in die liggaam van Christus. Dit is dus ’n teenstrydigheid om nie te praat van die eenheid van kerke nie want eenheid is ’n intrinsieke kenmerk van die kerk. Waar daar aan beide sending en eenheid gekleef word, bring dit die veronderstelling dat daar spanning sal wees want die verskille tussen groepe is ’n werklikheid. Dié spanning moet die kerk tot belydenis lei. Eenheid in sending is nie moontlik sonder ’n kritiese gesindheid nie, veral waar ander veronderstel is om jou vyand te wees. Die kerk moet juis die diepste konflikte kan opneem, om beide kante te konfronteer met vergifnis, om die gemeenskap te transformeer en te herskep met nuwe hoop en ’n nuwe roeping. Die doel is nie ’n gemeenskap sonder konflik nie, maar eenheid in diversiteit. Binne hierdie paradigma behou

eenheid diversiteit en diversiteit streef na eenheid. Die eenheid in sending is nodig want ons staan in diens van die mensdom en soek die manifestering van die kosmiese heerskappy van Christus (Bosch verwys na Saayman 1984:21). Die verlies aan die kerk se eenheid verhinder nie slegs sending nie, maar is 'n sonde. Christus het alreeds die bevel aan ons gegee om een te wees.

Diakonia

Die volgende taak van die kerk is om diakonia in die wêreld te verrig. Volgens Bosch (1991:67) behoort prediking (evangelisasie) en diakonia (sosiale transformasie) nie teen mekaar afgespeel te word nie. Soos evangelisasie sy plek het, so het diakonia sy plek in die kerk se taak. Die bepaalde konteks dui aan waar die aksent moet val en die omstandighede dui aan op watter wyse die kerk getuienis oor sal dra. In alle gevalle moet die getuienis egter vanuit 'n solidariteit met die mense aan wie dit gerig word, geskied (Bosch 1993:5). Ten opsigte van sosiale transformasie moet die kerk, 'n kerk vir andere wees. Bosch verwys na Christus se voorbeeld van diakonia in sending wat moet dien as model vir die kerk waar die historiese konteks ernstig opgeneem moet word (Bosch 1991:355). Bosch eis dat die kerk Christus se kerk moet wees te midde van die mense van die wêreld.

Die kerk moet soos Christus opreg belangstel in die toestande waarin mense hulle bevind en nie slegs die besorgdheid hê oor siele wat van die ewige verdoemenis gered moet word nie (Bosch 1993:20). Dit vra egter nie dat die waardes van die kontemporêre wêreld of dit waarop enige groep of individu die klem wil plaas, nagestreef moet word nie (byvoorbeeld die benadering met die opsie vir die armes) (Bosch 1993:30). Die evangelie van Lukas verwys wel na Jesus as die "hoop van die armes". Jesus het 'n inklusiewe sending gehad. Dit behels die wegneem van vervreemding en die mure en grense tussen mense. God vergewe die mens in Christus en so moet die mens ook ander vergewe. Die heerskappy van God is sentraal in die sending van Jesus. Die evangelie is nie slegs vir die armes nie, maar ook vir die rykes (Bosch 1993:30). Hier vind ons die verhale van die ryk jongman, die voorbeeld van Saggeüs asook verhale van die tollenaars baie nuttig. Na die rykes word in die algemeen verwys as gulsig, hulle wat die armes uitbuit, wat altyd daarop uit is om geld te maak en hulle nie wil bekeer nie. Hulle is terselfdertyd aanbidders van Mammon. Aan die rykes word gesê om aan die armes te gee sonder om terug te verwag. Waar skuldenaars vrygespreek word, sal die rykes

ook vrygespreek word. Die rykes word ook aangemoedig om aalmoese aan die armes te gee.

Sending is die kerk se dienslewering (diakonia) wat moontlik gemaak is deurdat God sy seun as diensknege gestuur het. Die kerk moet diens lewer as diensknege van God. Dit verwys na dienslewering met 'n liefde vir almal (Bosch 1993:25). Toewyding tot die kerk se taak met die diensknege gesindheid sal effektiewe sending verseker. 'n Voortdurende toets vir die kerk is of sy sending korrespondeer met die gesindheid van Christus. Jesus het gedurig die houdings, praktyke en strukture uitgedaag wat mense uitgesluit het. Dit was veral van toepassing op die uitgeworpenes wat insluit die armes, blindes, melaatses, die hongeres, die sondaars, die wat met demone beset is, die gevange, die verlorenes, die wat vermoeid en belas is en selfs die prostitute. Vir die mense op die periferie gaan lyding gepaard met onderdrukking, diskriminasie, geweld en uitbuiting. Dit is veral diesulkes wat die liefde en dienslewering van die kerk benodig.

Volgens die ondersteuners van die multidimensionele benadering het ons 'n eskatologiese hoop nodig wat beide toekomsgerig is en vir die hier en nou relevant is. Dit is 'n eskatologie wat 'n skeppende spanning behou tussen dit wat reeds is en wat nog moet kom, die wêreld van sonde en rebellie en God se liefde vir die wêreld, die nuwe era wat alreeds begin het en die oue wat nog nie tot 'n einde gekom het nie (Bosch 1990:35). Die Christelike hoop is beide dit wat besit word en dit waarna verlang word, aangeland maar steeds op weg. Die heerskappy van God het alreeds gekom, is besig om te kom en sal nog in volheid kom. Vir hierdie rede kan Christene nie mense wees wat onderdrukking ondersteun nie. Onheilige strukture moet uitgedaag word (Bosch 1982:15). Christus het opgestaan, daarom kan niks dieselfde bly nie. Die gelowige moet nie mislei word om te glo dat strukture en toestande in die wêreld nie hoef te verander nie. Daar moet nie hoop opgegee word vir totale transformasie van die wêreld nie. Die gelowige moet nie verblind word vir sy verantwoordelikheid in die wêreld nie. Daar moet egter gewaarsku word dat God se wil en mag nie eenvoudig met die mens se wil en mag geïdentifiseer moet word nie. Daar sal nooit 'n menslike sosiale en politieke plan ontwerp word wat met God se plan en wil ooreenstem nie. God se transformasie is verskillend van menslike innovering en skeppings. God se toekomstige totale triomf en oorwinning plaas 'n groter klem op die toekoms en dit is God wat alles nuut maak. God se oorwinning motiveer ons om betrokke te wees in sosiale en politieke transformasie. God se oorwinning maak dit onmoontlik vir die kerk om stil te wees, neutraal te bly of om te onttrek van die wêreld. Die

kerk se taak is dus 'n sending van hoop.

Probleme met dienslewering

Watter probleme mag die kerk met dienslewering (diakonia) aan die wêreld ervaar? Die kerk is die kerk met ander om diakonia in die wêreld te verrig. Bosch (1991:200-213) haal Neill en Bonhoeffer aan wat sê dat die kerk die enigste gemeenskap in die wêreld is wat bestaan ter wille van hulle wat nie lede is nie. Hy verwys na die welbekende uitspraak “die kerk vir andere”. Die kerk is alleenlik kerk wanneer dit vir ander bestaan en dit bepaal effektiewe dienslewering. Die kerk moet deel in die sekulêre probleme van die gewone menslike lewe, nie deur oorheersing, maar deur hulp en dienslewering (Bosch verwys na Bonhoeffer 1971:382). Dit gaan egter ook nie om 'n helper sindroom te ontwikkel nie want dit belemmer opregte gemeenskap. Die kerk moet hom uitleef soos hy homself definieer anders beskou die wêreld die kerk as een wat nie 'n werklikheid is nie.

Aanvanklik het die kerk die wêreld buite die kerk as 'n vyand beskou, 'n siening wat nie die kerk se sending bevorder het nie. Die indruk is geskep dat daar slegs kerk is en geen wêreld nie. Christelike bediening en lewe is eksklusief gedefinieer in terme van prediking, aanbidding en die pastorale sorg. Dié wat buite die kerk leef, is slegs as moontlike teikens gesien wat gewen moet word. Sending was 'n proses om kerke te reproduseer wat gevolg is deur instandhouding. Bosch verwys na Barth wat vra of die kerk 'n instelling geword het vir heil vir dié wat daaraan behoort (Bosch verwys na Barth 1962:767). Behalwe dat die kerk 'n kerk vir ander moet wees, moet die kerk 'n kerk met ander wees. Dit is dus onmoontlik om aan die kerk te dink sonder om aan die wêreld te dink na wie toe dit gestuur is.

Ander probleme wat dienslewering (diakonia) strem, sluit in waar die kerk verheerlik word en nie God nie. Hiermee saam is die wanopvatting dat die kerk die koninkryk van God is. Die kerk is wel die saad en die begin van die koninkryk. Die kerk is 'n waardige sakrament van heil vir die wêreld wanneer dit tekens van God se heerskappy toon en die koninkryk van versoening, vrede en nuwe lewe aankondig (Bosch 1991:345). Dienslewering moet nie deur evangelisasie gestrem word nie. Sending is nie die roep van individue in 'n wagkamer wat wag op die hiernamaals nie. Mense na wie die kerk uitreik, bevind hulle in verhouding tot ander mense wat onderhewig is aan sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede van die wêreld. Die kerk se hiërargie of orde moet so georganiseer word dat dit die gemeenskap moet

dien en nie die gelowige skei van sy historisiteit nie (Bosch 1982:14). Die kerk moet nie slegs betrokke by werk van die kerk wees nie. Mense soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid. As gevolg van die intieme band met die wêreld, tree die kerk nie op as 'n grenswag nie, maar as een wat goeie tyding bring. Die kerk moet nie slegs werk aan strategie om die wêreld in die kerk te kry nie, maar daar moet gewerk word om die kerk in die wêreld te kry.

Geregtigheid

As deel van diakonia is die kerk se taak die soeke na geregtigheid (Bosch 1990:35). Die kerk se taak kan nie slegs bloot gelyk gestel word aan die werk van geregtigheid nie, maar dit kan ook nie totaal daarvan geskei word nie. Dit kan nie ontken word dat sosiale geregtigheid by die kern van die profetiese tradisie in die Ou Testament gestaan het nie. Te midde hiervan het Christene dit maklik gevind om die soeke vir geregtigheid weg te laat uit sending (Bosch 1991:365). Hiermee saam het hulle die Nuwe Testament as meer “geestelik” beskou. Dit het ook moeiliker geword om outoriteit van die staat uit te daag in die area van sosiale geregtigheid. Dit is as onaanvaarbaar beskou om onregverdigde sosiale strukture of leiers uit te daag. As gevolg van Augustinus se sterk onderskeid tussen die goddelike en die bese wêreld, is die wêreld as onheilig beskou en om strukture hier te verander het nie binne die sfeer van die kerk se verantwoordelikheid geval nie. In plaas van die soeke na geregtigheid is die kerk se taak beperk tot barmhartigheid en ontwikkeling. Bosch ondersteun Niebuhr wat vir geregtigheid vra terwyl die kerk liefde as die ideaal van sending gemaak het.

Hiermee saam het die kerk gemeenskap met God gesoek sonder om om te gee vir sy naaste. hierdie praktyk bring mee dat daar uit die wêreld onttrek word met die motivering dat ons ware woning nie van hier is nie (Bosch 1990:35). Dit is juis die profetiese dimensie wat die kerk betrokke moet kry vir geregtigheid in die samelewing en die lewe van sy naaste. Dit is veral die Protestante ekumeniese beweging wat hierdie soeke na geregtigheid deur die profetiese dimensie ernstig opgeneem het. Wanneer die kerk die klem op liefde plaas, is dit maklik om geregtigheid weg te laat, maar dit is slegs 'n poging om nie in politiek deel te neem nie. Andersins is die sekulêre versoeking om die heerskappy van God gelyk te stel met 'n aardse doel van geregtigheid. Hier word die uitdagings deur bevrydingsteologie weer relevant. God se geregtigheid en heerskappy moet die politieke sfeer omsluit. Dit is nodig in die soeke

na geregtigheid om die sonde binne politieke strukture aan te spreek. Die kerk moet betrokke wees deur nee te sê vir onderdrukking en armoede. In die soeke na geregtigheid worstel Christene of hulle betrokke moet wees by geweld al dan nie.

4.3.3 Die plek van armoedeverligting

Om die plek wat Bosch aan armoedeverligting gee te bepaal, is dit nodig om vergelykings te tref tussen hierdie aspekte van sending. Dit is verder nodig om te let waar of hoe Bosch na armoedeverligting verwys. Wanneer die plek van armoedeverligting met dié van kerugma vergelyk word, kom die volgende na vore. Waar die kerk kerugma beklemtoon mag dit veroorsaak dat armoedeverligting nagelaat word. Dit is veral die situasie soos dit voorkom by die meeste evangeliese groepe. Die ideaal vir Bosch (1990:132) is om 'n balans tussen die aspekte te handhaaf wat nie altyd moontlik is nie. Die uitdaging is juis hier die grootste omdat daar gedurig druk op die kerk is om die prioriteit op evangelisasie te plaas. Verder argumenteer Bosch dat die evangelie beide bekering en armoedeverligting insluit, omdat daar in evangelisasie 'n beklemtoning van die universele is. 'n Verdere poging om 'n balans te handhaaf, is om te beklemtoon dat die evangelie vir die armes en rykes is. Deur prediking (kerugma) kan daar andersins 'n teologiese basis vir armoedeverligting gelê word wat armoedeverligting op die voorgrond kan bring.

Indien die plek van armoedeverligting met dié van liturgie vergelyk word, kan aanvaar word dat liturgie prioriteit sal geniet waar die een ter voorbereiding van die ander dien. Hoewel liturgie voor armoedeverligting plaasvind, vind dit nie ten koste van armoedeverligting plaas nie. Dit kan nie 'n soort ontvlugting van die wêreld wees nie. Waar dit wel plaasvind kan armoedeverligting nagelaat word.

Daar bestaan 'n nouer verband tussen armoedeverligting en koinonia omdat koinonia gebaseer is op die mens se liefde vir God en sy naaste (Bosch 1991:154). Deur naasteliefde bestaan die groter moontlikheid dat armoedeverligting die nodige aandag sal geniet. Daar sal van rykes verwag word om hul naaste wat arm is, lief te hê en vir hulle te sorg. Deur die eenheid van kerke is daar ook die moontlikheid dat bronne gedeel sal word. Waar die kerk egter slegs in liefde tot homself gerig is, sal armoedeverligting in die breër samelewing beperk en nagelaat word.

Wanneer Bosch na diakonia verwys, hou dit konkrete gevolge vir armoedeverligting in. Hy

meld dat diakonia in die wêreld verrig moet word. Dit is dienslewering aan die mense in die wêreld om 'n verskil aan mense se huidige lewensituasies te bring. Diens moet gelewer word aan die uitgeworpes, vreemdelinge, die wese, die onderdrukte en die armes. Deur diakonia kan armoedeverligting dus op die voorgrond gebring word. Diakonia sluit ook bevryding van onderdrukking in wat armoedeverligting tot gevolg het. In die uitvoering van die kerk se taak is die bepaalde konteks belangrik. Waar die konteks die sending bepaal, kan armoedeverligting deur diakonia op die voorgrond geplaas word. Vir die multidimensionele benadering is dit belangrik dat juis die kontekstuele aard van die geloof herken moet word (Bosch 1991:234).

In die lig hiervan kan die kerk nie sosiaal en polities neutraal wees nie. Daar moet gereageer word op die stryd tussen lewe en dood deur diakonia en die kerk moet die kant van die armes kies (Bonino 1980:1155). Bosch (1991:426) meld dat sending as kontekstualisering bevestig dat God na die wêreld gedraai het. Die wêreld word die teater van God se aktiwiteite. Vandag is Christus waar die hongeres, siekes, uitgeworpenes en onderdrukte is om diakonia te verrig. Die wêreld word nie in Bybelse sendingtekste geïgnoreer nie. Om alles vir God te laat, bring 'n ontvlugting van ons verantwoordelikheid in die wêreld mee. Daar moet egter ook gewaak word dat God se wil en mag nie gelyk gestel word aan die wil, mag en sosiale prosesse van Christene nie. Bosch meld dat arm swartes in noodtoestande woon, waar daar die behoefte bestaan om te bepaal hoe daar in die toestande opgetree moet word (Bosch verwys na Dapper 1979:92). Wanneer Bosch vra dat die konteks die prioriteit van sending moet bepaal, lyk dit of politieke bevryding en armoedeverligting prioriteit moet geniet in die kerk se taak.

Wanneer die plek van armoedeverligting dus vergelyk word met dié van liturgie, kerugma, koinonia en diakonia, stel Bosch dit onomwonde dat nie een van die take 'n prioriteit moet geniet bo die ander nie. Die take moet dus in balans gehou word en vandaar die multidimensionele benadering (Bosch 1993:37). Armoedeverligting word dus beskou as een van die kerk se vele take wat in balans met die ander hanteer moet word. By nadere beskouing lyk dit in sommige gevalle wel asof Bosch voorkeur aan versoening met God gee.

Dit is dus nie maklik om die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak te bepaal nie omdat Bosch dit nie noodwendig aandui nie. Daar is egter sterk aanduidings soos reeds genoem waarvandaan dit afgelei kan word. Andersins mag dit die indruk skep dat

armoedeverligting versteek word tussen die kerk se ander take. Bosch probeer deurgaans die klem plaas op die keuse vir 'n multidimensionele benadering. Dit is dus nodig om te kyk waarom Bosch die klem op 'n multidimensionele benadering en nie 'n eensydige klem op armoedeverligting of enige ander taak plaas nie.

Waar daar op eskatologiese hoop gekonsentreer word soos by evangeliese groepe, kan armoedeverligting nagelaat word. Volgens Bosch verskil die modelle vir eskatologiese hoop (Bosch 1991:354). In een model word die absolute transendensie van God beklemtoon waar God in die hemel en die mens op aarde is – die model van meeste evangeliese groepe. 'n Ander model is die historiese model van heil wat die geskiedenis ernstig opneem. Die heerskappy van God vir beide die hier en die toekoms word beklemtoon. Die einde word teruggehou totdat die sendingtaak voltooi is. In die lig van die eskatologiese verwagtinge het die idee in evangeliese kringe ontstaan dat die wêreld die kerk nodig het om gered te word, maar die kerk het nie die wêreld nodig om kerk te wees nie. Die oorheersende doel van sending is dus om mense gereed te kry vir die hiernamaals, om vir elk 'n veilige plek in die hemel te verseker. Evangeliese groepe sien slegs die wêreld as 'n geleentheid wat wag vir die evangelie. Hierdie sienings ontmoedig enige hervorming van die wêreld en menslike toestande. Dit word so verstaan omdat daar beperkings is in wat die mens kan doen en die kerk se taak is nie om God se koninkryk in die wêreld op te bou nie. As gevolg van sterk eskatologiese verwagtinge is die probleme van die wêreld nagelaat en die Christelike sending beperk.

Waarom die klem op 'n multidimensionele benadering? Bosch plaas die klem op 'n multidimensionele benadering, eerder as op armoedeverligting omdat die heil wat God aan die wêreld wil bring uit verskeie fasette bestaan. Armoedeverligting is slegs een faset van heil. Bosch (1991:344) beskou die Westerse Kerk se siening van heil as eng en ontoereikend. Die Westerse kerk het soos talle evangeliese groepe die vernietigende gevolge van sonde beklemtoon. Christus se plaasvervangende kruisdood staan hier sentraal tot die heil van die mensdom. Heil word beskou as die verlossing van individuele siele vir die hemel en hiernamaals. In dieselfde proses is heil meer en meer geskei van God se voorsiening ten opsigte van die welvaart van die individu en die samelewing. Die voorsiening in die behoeftes van die armes en wese is beskou as bykomende dienste en nie as sending binne sy eie reg nie. Die verwarring in die verstaan van heil het daartoe gelei dat die kerk eng in sending geword

het en dat mense slegs na die kerk gelok is waar hulle toegang tot individuele heil kon verkry. Met die koms van die Verligting is die tradisionele soteriologie toenemend uitgedaag.

Die idee dat die heil van God totaal buite die bereik van menslike vermoëns lê, het problematies geword (Bosch verwys na Greshake 1983:26). Die ondersteuners van bevrydingsteologie het heil in terme van bevryding gedefinieer wat aandag aan menslike welvaart gegee het en die morele verbetering van die mensdom beklemtoon het. Binne dié verstaan van heil is die mens aktief betrokke en verantwoordelik vir materiële verbeterings en sosio-politieke verandering. Bosch meen dat die multidimensionele aard van heil beklemtoon moet word.

'n Ander siening van heil is nie om God en mens te versoen nie, maar om mens en mens te versoen (Bosch 1982:56). Die uitroep van Luther, naamlik waar kan ek 'n genadige God vind, is verander na hoe kan ons barmhartige bure vir mekaar wees. Die regstelling van die mens se verhouding met God word konkreet gemaak in 'n persoon se bekering tot sy naaste. Sonde word verstaan as 'n vervreemding tussen individue. Heil kom nie slegs vir individue nie, maar deur die vernietiging van onregverdigde strukture. Vir Bosch is die begrip vrede 'n meer omvattende begrip en daarom verwys hy na die WRK se verstaan van heil wat holisties is. Die WRK verwys na die vier dimensies van heil, naamlik ekonomiese geregtigheid teenoor uitbuiting, menswaardigheid teenoor onderdrukking, solidariteit teenoor vervreemding en hoop teenoor wanhoop in die persoonlike lewe (WCC 1973:98). In 'n wêreld waar mense afhanklik is van mekaar en waar individue binne 'n web van interpersoonlike verhoudinge bestaan, is dit totaal onaanvaarbaar om heil tot die individu in sy persoonlike verhouding tot God te beperk. Hieruit spruit die soeke na 'n multidimensionele benadering wat alle aspekte van heil verbind om dit in balans te hou. Die aspek van armoedeverligting behoort dan die nodige aandag te kry binne so 'n multidimensionele benadering.

Bosch (1990:58) meen dat die kerk se sending alleenlik eg is in sover dit die sending van God reflekteer wat multidimensioneel van aard is wat noodwendig armoedeverligting sal insluit. 'n Multidimensionele benadering sal verseker dat die kerk by armoedeverligting sal uitkom. Die kerk staan in diens van God se beweeg na die wêreld. Die primêre doel van die kerk kan dus nie slegs wees om kerke te plant of siele te red nie, maar dit moet diens wees aan God. Sending behels om God in die wêreld te verteenwoordig, om 'n rigtingwyser na God te wees

en om God voor die hele wêreld te verheerlik. Die kerk is 'n getuie van die volheid van die belofte van God se heerskappy en neem deel in die stryd tussen die heerskappy van God en die magte van duisternis en onheil (Bosch 1991:445).

God se sending is besorg oor die hele wêreld en dit moet die multidimensionele omvang van die sending van die kerk ook wees wat armoedeverligting insluit. Dit affekteer alle mense in alle sferes van hulle lewe (Bosch 1993:35). Sending is God se beweging na die wêreld ten opsigte van die skepping, sorg, verlossing en die voleindiging daarvan. God se eie omvattende sending is groter as die sending van die kerk. God se sending omvou sowel die kerk as die wêreld en die kerk het die voorreg om deel te kan neem aan die holistiese sending van God – wat armoedeverligting insluit. Die geskiedenis van die wêreld is nie slegs 'n geskiedenis van onheil nie, maar ook van liefde. Dit is 'n geskiedenis waarin die heerskappy van God bevorder word deur die werk van die Gees. In die kerk se sendingaktiwiteit ervaar die kerk God se heil wat alreeds plaasgevind het in die wêreld. Daar moet egter duidelik onderskei word tussen wêreldse vooruitgang en die uitbreiding van die koninkryk van God. Sending moet beskerm word teen sekularisasie. Die sending van God is groter as dié van die kerk daarom mag dit selfs van die kerk se aktiwiteite uitsluit. Dit lyk of God sy doel uitwerk in die wêreld en sy historiese prosesse wat armoedeverligting insluit. Uiteindelik beteken sending dat God Homself artikuleer op 'n multidimensionele wyse sonder enige hulp van sendingaktiwiteite van die kerk.

Die kerk se motivering vir 'n omvattende benadering is gesetel in die oortuiging dat Christus Koning oor alles is en oor die hele skepping regeer (Bosch 1991:450; 1980:16). Armoedeverligting val nie buite die heerskappy van Christus nie, maar word hierby ingesluit. Die multidimensionele aard van sending verkry gestalte waar die kerk nie hoef te kies tussen aspekte van sending om die een primêr en die ander sekondêr te maak nie. Hier word verwys na die omvattende roeping wat dui op 'n balans sodat die volle evangelie aan die totale mens verkondig moet word omdat Christus koning oor alles moet wees (Bosch 1991:460). Die heerskappy van Christus wat oor alles strek, is die beginpunt en konteks vir sending beide vir die teenwoordige (soos by die opsie vir die armes) en die toekomstige wêreld (soos vir evangeliese groepe). Daar bly egter 'n spanning tussen die teenwoordige en toekomstige dimensies van God se heerskappy. God se heerskappy manifesteer op 'n multidimensionele wyse wanneer Jesus die magte van onheil oorwin, waar onheil verwys na siekte, persoonlike

sonde, onderdrukking en gebroke menslike verhoudings. Daar is egter nie in Jesus se sending 'n spanning tussen die redding vanuit sonde en verlossing vanuit fisiese gebreke nie of tussen die geestelike en die sosiale sending nie.

Christus se heerskappy is dus polities, maar nie in die moderne sin van die woord nie. Om melaatses, ontvangers van belasting, sondaars en die armes kinders van God te noem is 'n politieke stelling. Dit het nie noodwendig die omstandighede wat onderdrukkend op mense inwerk verander nie, maar dit het die situasies binne Christus se gebied van mag gebring. Armoedeverligting word dus onder Christus se beheer geplaas. Die kerk word uitgedaag om die logika van Jesus se sending op 'n kreatiewe wyse, op veranderde historiese toestande toe te pas. Dit behels om namens die armes te praat, om dié op die periferie te dien en om die onderdrukte op te hef. Sending vanuit die perspektief van die heerskappy van Christus beteken om arm en verwaarloosde mense op hulle voete te bring as mense met volle humaniteit. Jesus se sending is 'n uitdrukking van God se sorg oor die totale lewe. Die kerk moet dus tekens oprig van God se uiteindelijke heerskappy. God se heerskappy manifesteer homself as liefde vir almal. In Jesus se sending beteken mense meer as reëls. Enersyds word die dissipels geroep om te deel in die lewe van Jesus. Die dissipels word ook geroep tot die sending van Jesus as 'n sending na mense aan die anderkant van die meer.

Die kruisdood van Jesus dra groot betekenis in 'n multidimensionele verstaan van sending. Die dissipels interpreteer die kruis as die einde van die ou wêreld en die opstanding as die inleiding tot die nuwe. Al die evangelies verbind die kruisdood met sending. Sending beteken dus die proklamasie van Jesus se alles omvattende heerskappy wat reeds 'n realiteit is. Pinkster verskaf die krag en die moed om getuie te kan wees. God is deur sy gees aktief in die wêreld betrokke. Aanvanklik was die sending beperk tot Israel, maar vandag omsluit sending die hele wêreld.

Tesame hiermee vra die ondersteuners van 'n multidimensionele benadering vir die beklemtoning van die totaliteit van Christus wat insluit sy geboorte, sy aardse lewe, die opstanding en hemelvaart wat onmisbaar is vir die kerk (Bosch 1991:399). Bosch is van mening dat groepe wat die klem slegs op Jesus se dood aan die kruis plaas, se begrip van sending nie voldoende is nie. Waar die klem op Jesus se aardse lewe en bediening konsentreer, bied dit 'n meer dinamiese element in ons verstaan van sending. Die soeke na 'n omvattende,

integrale, totale of universele verstaan van sending maak sin om die dualisme in beide die tradisionele en moderne modelle te oorbrug. Daar moet aan die totale mens bedien word en beide die individu en samelewing moet betrek word in sending, tesame met die klem op die siel en liggaam asook die teenwoordige en toekomstige. Die kerk van vandag is beter toegerus om iets te doen aan armoede, ellende, siekte, geweld en sosiale chaos. Om verandering in hierdie omstandighede te weeg te bring, is om heil te bring want die blydschap, hoop en lyding van arm mense is die blydschap, hoop en lyding van die navolgers van Christus. Sending beteken om in woord en daad te verkondig dat Christus gesterf het en opgestaan om aan die wêreld lewe te gee en dat Jesus leef om mense te transformeer. Daar is die spanning tussen heil wat alreeds hier is en die omvattende heil wat nog moet kom. Bosch verwys hierna as die kreatiewe spanning want die aspekte moet in balans gehou word. Terwyl daar die toekomstige verwagting is, moet daar vandag gewerk word vir bevryding van onderdrukking vir beide die individu en die samelewing.

Bosch is 'n voorstander van die multidimensionele benadering want dit verwys na die holistiese visie omdat die hele lewe 'n toewyding van diens aan God is. Alles word gedoen tot eer en verheerliking van God. Die ondersteuners van die benadering verwerp die idee dat ons lewe dualisties in 'n religieuse en 'n antireligieuse terrein verdeel word. Die kerklike ampte en sakramente maak nie die hele lewe van die gelowige uit nie. Die geloofslawe is so breed soos God se skepping self wat die armoedige toestande van mense insluit. Die kerk word as die oefenveld of die opleidingsentrum vir die burgers en strydere in die koninkryk van God beskou. Die kerk het 'n eie en veelvuldige taak wat aansluit by God se taak (Bosch 1990:77). Die kerk wys die lidmate op hulle verskeie verantwoordelikhede ten opsigte van die politiek, opvoeding van hulle kinders en sosiale betrokkenheid. Om hierdie rede is ondersteuners van die reformasie van mening dat transformasie van die samelewing bereik kan word deur die skepping van Christelike organisasies en instellings.

Hier moet verwys word na hoe die eerlike individu op die bestuur van 'n sakeonderneming korrupsie kan bekamp. Die grootste deel van die mens se daaglikse bestaan, speel buite die kerk af, byvoorbeeld in die werkplek, op ekonomiese en op politieke terrein. Gemeenskaplike Christelike sosiale aksie kan dan ook oor kerklike grense georganiseer word. Voorbeelde hiervan is waar Christene in die werkplek bymekaar kom in kantore, fabriek, skole of universiteite en sake van gemeenskaplike belang bespreek. Gespesialiseerde groepe bring

Christene uit onderskeie beroepe bymekaar om oplossings vir beroepsprobleme te vind. 'n Laaste voorbeeld hiervan is die alternatiewe Christelike organisasies en instellings wat 'n eiesoortige Christelike manier vind om politiek, handeldryf of onderwys te beklemtoon om dan die wêreld te beïnvloed.

Die volgende motivering vir 'n multidimensionele benadering is die feit dat beide die ryke en die arme 'n behoefte het aan bekering, bevryding en heil (Bosch 1991/1993). Die armes is sondaars soos andere want die sonde is gewortel in die mens se hart. Net soos die rykes geestelik arm kan wees, kan die armes ook geestelik arm wees (Bosch verwys na Pobee 1987:53). In die evangelie vind ons 'n holistiese verstaan van heil waar heil die ommekeer van al die gevolge van sonde teen beide God en jou naaste beteken. Behalwe dat rykes hulle tot God moet bekeer, is daar ook die bekering tot die armes nodig en omgekeerd. Heil het nie slegs 'n vertikale dimensie nie, maar ook 'n horisontale dimensie. Bevryding behels die liefde tot God en jou naaste. Binne sulke verhoudings kan armoedeverligting aangespreek word. Om Jesus na te volg, kan nie slegs tot die hart en verstand beperk word nie. Daar moet ook praktiese gevolge wees. Jesus ontvang die armes en gee aan hulle verantwoordelikheid en outoriteit. Hierteenoor word ook die tollenaars en rykes ontvang en hulle gebede word ook verhoor.

'n Balans tussen die multidimensionele aspekte van sending word benodig waar daar nie klem geplaas word op versoening of bevryding of armoedeverligting nie (Bosch 1991:467). Hoewel die komponente onderskei word, is dit tog aan mekaar verbind. Bosch verwys hierna as die kreatiewe spanning tussen die aspekte van die kerk se taak. Om te onderskei tussen die verhouding tussen byvoorbeeld evangelisasie en sosiale verantwoordelikheid, is om te onderskei tussen 'n geestelike mandaat en 'n sosiale mandaat (Bosch 1991:467). Die eerste mandaat verwys na die opdrag om die goeie nuus van heil deur Christus te verkondig en die tweede roep Christene tot verantwoordelike deelname in die menslike samelewing wat insluit die werk vir menslike welvaart en geregtigheid. Bosch (1991:467-470) verwys na verskeie skrywers se begrip om dié verhouding te verduidelik. Bosch verduidelik dat God se sending bekering, heiligmaking asook God se voorsiening van die samelewing se behoeftes insluit (Bosch verwys na Edwards 1976:217). Hierdie twee mandate is onafskeidbaar.

Die evangeliese groepe se toewyding tot sosiale hervorming was slegs die gevolg van die

entoesiasme van die herlewing (Bosch verwys na Marsden 1980:12). Die evangeliese mandaat het egter primêr gebly. Bosch meen dat daar geen plek vir 'n evangelie is wat nie omgee vir die totale menslike behoeftes of die holistiese mens nie. Beide evangelisasie en sosio-politieke betrokkenheid is deel van die kerk se sendingtaak want beide is belangrike uitdrukkings van die kerk se leer oor God en die mens en ons liefde vir ons naaste en ons gehoorsaamheid aan Christus.

Prediking moet die beloftes van geregtigheid vir die armes behou, tesame met deelname in die stryd vir geregtigheid. Talle teenstrydigheid bly voortbestaan in die sortering van die aard van die kerk se betrokkenheid in die samelewing. Bosch meld dat die teenstrydighede tussen die alternatiewe van evangelisasie en humanisering, bekering en die verbetering van toestande, die vertikale dimensies van geloof en horisontale dimensies van liefde onaanvaarbaar is (Bosch 1991:476). Om die kerk se sending ten opsigte van sosiale geregtigheid te verstaan, moet daar nagedink word oor die betekenis van evangelisasie. Die evangelie word dikwels vertolk as goeie nuus. Vir Bosch (1991:411) is sending veel breër as evangelisasie. Sending omsluit die kerk se totale taak. Evangelisasie word dus gesien as 'n belangrike deel van die totale aktiwiteit van die kerk.

Die komplekse aard van armoede is ook 'n aanduiding van die noodsaaklikheid van 'n multidimensionele model. Bosch is van mening dat beide die tradisionele model van barmhartigheid en die sosiale benadering van opvoeding, gesondheid en landboukundige opleiding ontoereikend is. Meer fundamentele strategie is nodig want ontwikkeling alleen kan nie die probleme van die Derde Wêreld lande oplos nie (Bosch 1990:56). Derde Wêreld lande het egter meer desperaat geword en het ontdek dat armoede nie slegs die gevolg van 'n tekort aan vaardighede of kulturele of morele faktore is nie, maar die gevolg van globale strukturele verhoudings is. In Latyns Amerika is sosio-politieke ontwikkeling vervang met revolusie, en teologie met bevryding. Die neiging by rykes was om armoede te vergeestelik as die armoede van gees. Die gesigte en sigbaarheid van die armes het egter meer op die voorgrond gekom (Bosch 1993:27). Die Uppsala Assembly verduidelik dat die geween van diegene wat na vrede verlang; die hongeres en uitgebuite wat soek na brood en geregtigheid; die slagoffers van diskriminasie wat na menslike geregtigheid verlang en die toenemende miljoene wat na lewe soek, gehoor is (WCC 1968:5). Heil is nou verstaan as bevryding en gemeenskap as solidariteit. Die armes het prominent in sending geword. Die armes kry eerste God se aandag,

maar is nie die enigste wat God se aandag kry nie.

Daar moet egter gewaak word om nie politieke oogmerke tot die hoofdoel te verhef nie (Bosch 1991:443). Alle Bybelse tekste moet dus nie gelees word met 'n politieke sleutel nie. Bosch verwys na Segundo (1986:182) wat versoek dat die kerk nie verwar moet word met die “massas” nie want tesame met bevryding is daar die veronderstelling van genade deur geloof. Die “massas mense” is 'n sosiologiese kategorie en mag nie in 'n teologiese term verander word of sinoniem met die kerk gebruik word nie. Bevryding en heil oorvleuel mekaar aansienlik, maar nie totaal nie. Die mens moet nie homself bedrieg om te dink dat alles in sy bereik is en dat ons alles nou kan volbring nie (Bosch haal Segundo 1986:160 aan in dié verband). Bosch waarsku ook dat werk vir geregtigheid ook kan verval in ideologiese dogmatisme wat beteken dat ongeregtigheid beoefen word terwyl daar vir geregtigheid geveg word. Daar moet egter totaal gebreek word met dualisme wat onderskeid maak tussen liggaam en gees. Bosch (1991:447) wil die bevrydingsteologie nie as 'n nuwe teologie beskryf nie, maar eerder as 'n noodsaaklike fase. Die benadering met die opsie vir die armes het inderdaad gehelp om armoedeverligting op die voorgrond te bring asook om die dringende noodsaaklikheid daarvan in die kerk se sendingtaak te beklemtoon.

Behalwe 'n multidimensionele benadering beklemtoon Bosch die ekumeniese aard van sending waar die kerk (wat die som totaal van alle Christelike kerke insluit) as eenheid die sending van God vervul. Bosch is selfs van mening dat sending nie kan plaasvind voordat die kerk nie verenig is nie.

4.3.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Is Bosch se verstaan van die kerk se sending toereikend? Bosch se verstaan van sending as God se sending plaas sending totaal op 'n ander vlak. Hierdeur verstaan ons dat dit nie eerstens gaan oor die kerk se sending nie, maar God se sending. God se sending oortref dus die kerk se sending. Die kerk is bevoorreg om in God se sending te kan deel. Om effektief te wees, moet die kerk nie vra wat sy sending is nie, maar hoe die kerk kan deel in God se sending. Ek stem saam met die multidimensionele benadering dat sending breër is as wat dit verstaan word deur beide evangeliese groepe en die benadering met die opsie vir die armes. Daar moet saam met die Heilige Gees gewerk word in sending en die kerk moet nie slegs sy eie planne maak nie. Die vraagstuk waarmee die multidimensionele benadering self worstel, is

of alles sending is? Hierdie vraag is nog nie volledig beantwoord nie. Die probleem ontstaan wanneer die omvang van die begrip sending verbreed word. Dit bring negatiewe implikasies vir sending mee. Bosch (1991:456) verwys soos volg na Neill se formulering van die probleem: “If everything is mission, nothing is mission”.

Die skrywers van die Nuwe Testament het reeds in hulle tyd probeer om sending te definieer deur te verduidelik wat die kerk geroep is om te doen. ’n Omvattende, multidimensionele benadering sluit die aspekte in soos, prediking, koinonia, diakonia en getuienislewering. Selfs dié begrippe het hulle beperkinge. Hoewel daar wegbeweeg is van eng begrippe soos proklamering en kerkstigting mag dié begrippe steeds ’n doel dien. ’n Radikale en omvattende verstaan van sending word benodig. Hoewel dit risiko’s inhou, sal daar beweeg word om alles as sending te sien. Volgens Bosch is sending die multidimensionele bediening ten opsigte van getuienis, dienslewering, geregtigheid, genesing, versoening, vrede, evangelisasie, gemeenskap, kerkstigting, kontekstualisering en baie meer. Sending moet multidimensioneel wees om eg en getrou te wees aan sy oorsprong en karakter. Die benadering maak gebruik van die insigte van die bevrydingsteologie met verwysing na die belangrikheid van die konteks. Hier gaan dit oor die konkrete wêreld met sy noodtoestande, armoede en lyding. Die kerk kan nie neutraal bly en die wêreld ignoreer nie. Kontekstualisering beteken dat God Homself na die wêreld draai. Die gedagte hier is om in die lig van nuwe situasies, nuwe teologie te skep en dat hiermee ge-eksperimenteer moet word. Die gevaar in dié geval is dat daar weer modelle van onderdrukking geskep kan word.

Is Bosch se verstaan van heil voldoende? Vir Bosch sluit heil die volgende in, naamlik versoening met God (deur kerugma), versoening met jou naaste (deur koinonia) en bevryding en armoedeverligting (deur diakonia). Volgens Bosch is al hierdie aspekte van heil belangrik binne die kerk se sendingtaak. Enersyds vra Bosch dat daar ’n balans tussen die aspekte van heil moet wees en andersyds noem hy dat die konteks die prioriteit van die kerk se sending moet bepaal. Waar daar wel die klem op een aspek geplaas word, sal dit noodwendig volg dat die ander aspekte van heil nagelaat sal word. Die opvatting van heil soos Bosch dit verduidelik, vind aansluiting by die verduideliking van heil in hoofstuk 5. Die probleem ontstaan wanneer hierdie aspekte van heil bloot eenvoudig naas mekaar geplaas word. Hierdie aspekte van heil word ook soms met mekaar vermeng. Met verwysing na hoofstuk 1 en hoofstuk 5 kan hierdie aspekte van heil nie bloot naas mekaar geplaas word nie omdat daar

strukturele verskille tussen hierdie aspekte bestaan. Die verskille tussen hierdie begrippe word egter nie in ag geneem nie. Dit bring mee dat die een of ander taak van die kerk moontlik nagelaat kan word. Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5).

Die probleem bestaan ook ten opsigte van watter taak noodwendig eerste en watter tweede geplaas moet word. Waar aspekte so naas mekaar geplaas word, mag die een of ander taak nagelaat word. Binne so 'n model sou daar nie noodwendig die verantwoordelikheid wees om te werk vir armoedeverligting nie. 'n Verdere probleem mag ontstaan met die vraag oor wie die prioriteit van sending in 'n bepaalde konteks moet bepaal.

Ek ondersteun die standpunt van Bosch dat 'n omvattende verstaan van heil benodig word waar God self heil bewerkstellig. Dit is misleidend om te dink dat heil binne die mens se bereik lê of iets is wat die mens teweeg kan bring. Christene het nie alle antwoorde vir die behoeftes van die samelewing nie. Christene het op een stadium vir hulleself te veel belowe met die ideaal dat binne die afsienbare toekoms alle ongeregtigheid, alle armoede en alle vorme van slawerny iets van die verlede sou wees en dat volkome heil op hande is. Die kerk in sy sending word geroep om getuie te wees deur wat God eens en vir altyd, volkome en finaal in Christus vir die heil van die wêreld gedoen het. Dit is Christus wat totale heil bewerkstellig en niemand kan die werk van Christus vervul indien hy dit nie self vervul nie. Heil en welvaart oorvleuel egter nie mekaar totaal nie. Die Christelike evangelie is dus nie identies met die agenda van sosiale bevrydingsbewegings nie. Bosch is ook van mening dat evangeliese groepe se interpretasie van heil nie ontoereikend is. Hier is die betekenis van heil te eng asof dit slegs 'n ontvlugting van God se oordeel behels en die verlossing van die siel vir die hiernamaals is. Hier moet bygevoeg word dat verlossing nooit heil uit die wêreld is nie, maar altyd heil van die wêreld. Heil in Christus is heil binne die konteks van die menslike samelewing op pad na die hele wêreld.

Is Bosch se verstaan van die kerk se taak toereikend? Die kerk se taak word afgelei van hoe die kerk heil verstaan. Indien Bosch se verstaan van heil gebrekkig is, sal die verstaan van die kerk se taak ook ontoereikend wees. Soms sien die kerk homself as die enigste draer van die boodskap van heil (kerugma) waarop die kerk 'n monopolie het. Andersins sien die kerk

homself as God se betrokkenheid in die wêreld deur diakonia (Bosch 1991). Daar word voortdurende konflik binne die kerk ervaar ten opsigte van hierdie twee modelle. In die eerste model word die kerk gesien as 'n gedeeltelike realisering van God se heerskappy op aarde en sending as daardie aktiwiteit waardeur individuele bekeerlinge oorgedra word van die ewige dood tot die lewe. In die tweede model word die kerk slegs 'n rigtingaanwyser na die daade van God ten opsigte van die wêreld gesien en sending word gesien as 'n bydrae tot die humanisering van die samelewing. Die vraag hier is of daar tussen die modelle gekies moet word en of hierdie modelle totaal onversoenbaar is. Om die twee modelle te integreer, moet die spanning tussen die twee skeppend wees en nie afbrekend nie. Die eerste model beroof die evangelie van sy etiese verantwoordelikheid en die tweede beroof die evangelie van sy soteriologiese diepte (Costas 1982:80).

Bekering is iets wat op die gemeenskaplike vlak plaasvind in die vorm van sosiale verandering eerder as op die individuele of persoonlike vlak. Tydens 'n vorige era het sending die sambreelterm geword vir gesondheid- en welsynsdienste, jeugprojekte, projekte vir ekonomiese en sosiale ontwikkeling en politieke belange. Sending was die oorkoepelende of samevattende term vir alle denkbare wyses waarin mense kon deelneem met God ten opsigte van die wêreld. Bosch (1990:29) verwys na bogenoemde twee modelle as die dubbele oriëntasie van sending wat in spanning ("redemptive tension") gehou moet word. Dit is die uitdaging waarvoor die kerk staan en nie altyd regkry nie.

Volgens Bosch moet die kerk betrokke wees by sosio-politieke transformasie. Waar armes die kerk se taak bepaal, vra hulle juis vir sosio-politieke transformasie. Werklike solidariteit met die armes sal die kerk dwing om te deel in die bevrydingstryd. Waar die kerk nie 'n sigbare impak maak ten opsigte van sosiale transformasie nie, handhaaf die kerk die *status quo* van onderdrukking. Dit word onomwonde gestel dat die kerk hom nie van die huidige wêreld kan onttrek nie want die huidige konteks is belangrik in sending. Die kerk word uitgedaag om in sy sending relevant te wees en in harmonie te bly met die kern van die Christelike geloof. Die kerk word uitgedaag deur onregverdige strukture en uitbuiting wat tot armoede lei, tegnologiese ontwikkeling met die vernietiging van die aarde, beperkte bronne en die gesindheid en houding van die superioriteit van die Christelike geloof teenoor ander gelowe. Daar moet meganismes in plek wees om te verseker dat die kerk wel sy sosiale verantwoordelikheid sal nakom.

Dui Bosch die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak voldoende aan? Hoewel dit lyk of hy die plek van armoedeverligting binne die kerk se taak toereikend aandui, het Bosch se benadering ook sy gebreke. Deur te sê dat armoedeverligting een van die kerk se vele take is, word die juiste plek van armoedeverligting vaag of versteek tussen die kerk se ander take. Hierdie versteekte plek van armoedeverligting mag meebring dat dit nagelaat kan word. Hy aanvaar dat armoedeverligting by diakonia ingesluit word wat nie noodwendig die geval mag wees. Waar die kerk selfgesentreerd is, mag armoedeverligting deur die kerk nagelaat word. Dit is nodig dat armoedeverligting by die armstes van die armes sal uitkom nie. 'n Verdere probleem is of daar in diakonia slegs na armoedeverligting gekyk word sonder dat die oorsake van armoede (strukturele sonde) aangespreek word. Dit word aanvaar dat sosiale analise jou noodwendig by armoede kwessies sal uitbring wat egter nie noodwendig die geval mag wees nie. In alle gevalle moet die kerk se getuienis vanuit solidariteit met die mense aan wie dit gerig word, geskied. Ten opsigte van sosiale transformasie moet die kerk 'n kerk vir andere wees. Die totale sending word dan omskryf as prediking, koinonia en diakonia. Volgens hierdie benadering hoef prediking (evangelisasie) en diakonia (sosiale transformasie) nie teen mekaar afgespeel te word. Bosch, soos Nolan meld dat die konteks belangrik is in die bepaling van die kerk se taak.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

4.4 J.J. Kritzinger – die hele evangelie aan die totale mens

4.4.1 Agtergrond en betekenis

Kritzinger het as 'n professor in die departement Missiologie aan die Universiteit van Suid-Afrika gedoseer. Hy het gestudeer aan die Vrije Universiteit in Amsterdam en is 'n lid van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Oos-Rand. Hy het uitgebreide navorsingswerk namens die Nederduits Gereformeerde Kerk van Noord Transvaal oor sending gedoen. Dié navorsing is verder uitgebrei deur die Universiteit van Pretoria. Hy was ook betrokke by die ICT. Dit is vir Kritzinger belangrik dat die kerk as die totale liggaam van Christus sy sendingtaak in die wêreld moet voltooi. Sending kan egter nie slegs in terme van die wen van siele en die stigting van kerke verstaan word nie. God wil heil aan die wêreld bring deur die kerk se getuienis. God as 'n God van sending reik gedurig in liefde uit na die skepping. God verwag van die kerk om ook hierby betrokke te wees. Kritzinger glo dat die kerk 'n konstruktiewe rol in die rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse samelewing kan speel. As 'n

lektor in Missiologie probeer Kritzinger 'n relevante benadering tot sending te bied vir die kerk en wêreld van vandag. Die boeke wat Kritzinger geskryf het, sluit in *Die onvoltooide sendingtaak* (1985, 1986, 1987, 1988), *Die stryd teen armoede* (1996), *'n Missionêre bediening* (1979), *'n Missionêre gemeente* (1971), *On being witnesses* (1994), *Salig is die vredemakers* (1989), *The South African context for mission* (1989) en *You will be my witnesses* (1984).

4.4.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Kritzinger sending? Kritzinger verstaan sending as om heil te bring vir die totale mens in sy totale lewensituasie asook heil vir die totale wêreld. Sending word soos volg geformuleer (Kritzinger 1989:41): "Mission is the total task to which God sent the church for the sake of the salvation of the world. Mission is the expression of God's interest in the whole world in all its dimensions". Kritzinger (1988:37) stem saam met Bosch dat dit in sending oor God se werk self gaan en dat God self die werk inisieer. God se intensie met kerk is die heil van die wêreld deur die vestiging van God se koninkryk. God gee dieselfde sending aan die kerk. Die werk van Christus sluit die volgende aspekte in, naamlik vergifnis van sonde, die bevryding van die mensdom in elke sfeer van die lewe asook die bevryding van die totale skepping. Die sigbare dae van die kerk in sending is belangrik. Só 'n verstaan van sending sluit dus in die verkondiging van die evangelie, die voorbereiding van die kerk vir sending en betrokkenheid in die skep van 'n gemeenskap wat gebaseer is op die beginsels van die evangelie. Vir Kritzinger hou sending dus verband met heil en daarom sal dit nodig wees om te kyk hoe hy heil verstaan.

Hoe verstaan Kritzinger heil? Kritzinger verstaan heil in terme van deelgenootskap in die gemeenskap van Christus en sy navolgers asook dienslewering. Deur heil moet sonde met verwysing na gebroke verhoudings met God en mens in die toekoms voorkom word. Heil moet gebaseer wees op God se alles omvattende liefde en 'n blye uitnodiging tot gemeenskap met Jesus en sy navolgers. Kritzinger (1994:34) argumenteer verder dat heil altyd kontekstueel moet wees wat sal verseker dat die kerk opreg diens sal lewer aan die wêreld. Heil moet ook 'n oproep tot dienslewering insluit. Heil hou nie slegs verband met persoonlike genot nie, maar hierdeur stel mense hulle tot diens van God. 'n Oproep tot heil kan dus nie verstaan word as 'n onttrekking of ontvlugting uit die wêreld nie. Vervolgens sal dit nodig wees om te kyk

wat die kerk se taak behels om totale heil aan die wêreld te bring.

Wat is volgens Kritzinger die kerk se taak? In navorsing deur Kritzinger (1988:46) om die kerk se taak te bepaal het die volgende definisies na vore gekom: “Evangelisation: the reaching to places and people groups in different stages of being reached. Service: ministry to the physical and social needs of communities. Church development: attention to deficiencies in the church’s ministry, structures and missionary quality”. Hierdie aspekte vorm die raamwerk van die kerk se sendingtaak in Suid-Afrika. Die kerk se taak hang ook nou saam met ’n beskrywing van die konteks van Suid-Afrika.

Kritzinger (1994:67) bevestig dat die kerk se multidimensionele taak evangelisasie en baie ander aspekte insluit sonder dat daar klem op die een of die ander geplaas moet word. Hy verstaan evangelisasie as die uitreiking na mense en plekke, soos hy dit beskryf in die raamwerk van die kerk se sendingtaak. Kritzinger meen dat die kerk in die verlede die klem op evangelisasie geplaas het en gevolglik sy sosiale verantwoordelikheid nagelaat het. Kritzinger (1979:27) omskryf die kerk se taak as om deur God gebruik te word in God se handeling met die wêreld sodat mense God mag ken en eer. Die kerk moet dus op verskeie maniere na mense beweeg wat buite die kerk is met die doel om hulle te oorreed om deur geloof en die doop deel te word van die volk van God. Kritzinger (1979:29) spreek sy kommer uit oor die strukture van die kerk wat evangelisasie soms kan beperk. Hy meld dat die rede vir die kerk se bestaan is om die totale evangelie aan die wêreld deur te gee sodat die wêreld God kan ken. Die taak van evangelisasie is aan die kerk gegee om in die kerk, vir die kerk en deur die kerk uitgevoer te word.

Die kerk se taak sluit dienslewering in wat ook sosio-politieke verandering insluit. Kritzinger (1996:20) beskryf die kerk as die kerk vir andere. Die implikasie hiervan is dat die kerk nie uit hoogmoed hom van die wêreld kan afskei nie of onder geen omstandighede kontak met die res van die wêreld kan verloor nie. Die kerk is betrokke in die wêreld deur dienslewering omdat God in die wêreld betrokke is. God is verbind met die wêreld deur die kerk en God beweeg deur die kerk na die wêreld. God se primêre verhouding is tot die wêreld en nie tot die kerk nie. God se fokus is dus die wêreld. Kritzinger (1988:135) volstaan met die volgende ten opsigte van die kerk se betrokkenheid by sosiale en ekonomiese probleme: “The challenge to become involved in the changing of the structures, the fight to end unjust systems, or the

efforts to contribute towards the improvement of the lot of communities, may well prove too big a task for the church. The church will usually have to settle for a much less imposing role, namely that of erecting signs and symbols of the Kingdom of God amid the imperfections of the world, but without forfeiting the calling to continuously address injustices. Nevertheless, being a sign of the Kingdom may well be the most meaningful contribution that the church can make”.

Die kerk se dienslewering aan die wêreld moet in liefde geskied. Die kerk se taak word beskryf as om God se liefde, geopenbaar in Christus, aan mense in die sekulêre wêreld te bring. Die kerk moet nie slegs probeer om mense in die kerk te bring nie (Kritzinger 1984:33). Die kerk se basiese sendingtaak in die wêreld is dialoog te midde van die wêreldlike situasies, meelewing en deelname deur liefde. Die kerk sien die wêreld deur God se oë en dit bepaal die kerk se betrokkenheid in die wêreld. Die wêreld verwys nie na die gevalle wêreld nie, maar die wêreld waar Christus sy reddende liefdeswerk verrig het. Die wêreld mag om hierdie rede die agenda vir die kerk se taak voorskryf. Kritzinger (1989:34) meld dat die kerk die totale mens, in sy totale lewensituasie in reaksie tot die totale evangelie moet bedien. Die kerk se taak vind plaas in die wêreld en die konteks van die kerk se taak is God se totale skepping. Die doel van die kerk is om die totale mensdom met God se evangelie van liefde te bedien deur woord en liefdesdade. Die kerk se liefdesdiens aan die wêreld word verstaan as die oorsteek van grense wat verwys na geografiese, godsdienstige, kulturele, ideologiese en sosiale grense asook grense tussen denominasies. Volgens Kritzinger het God die kerk die opdrag gegee om in die wêreld betrokke te wees. Hy stel dit soos volg (Kritzinger 1988:41): “God commissioned the church to become involved in His ministry to the world. In mission the reign of Christ is manifested through the lives, words and deeds of His disciples in their ministry of witness, reconciliation, justice, love, forgiveness and liberation”. Dit is juis die liefde van God wat die kerk in sy taak dring om uit te reik na die wêreld.

Die kerk is ook verantwoordelik vir die ontwikkeling van die gemeente soos beskryf in die raamwerk van die kerk se sendingtaak. Kritzinger beklemtoon dat alle gelowiges in die kerk se omvattende taak moet deel. Alle lidmate moet vir dié doel ontwikkel word. ’n Sendingkerk is ’n groeiende kerk want God wil hê dat alle mense tot die lig moet kom. ’n Sendingkerk is ’n kerk wat alle mense in hulle totaliteit versorg (Kritzinger 1979:191). Die gemeente bedien nie slegs mekaar nie, maar ook die omgewing. Die kerk se bediening vertoon ’n groot

verskeidenheid, maar terselfdertyd vertoon dit 'n interafhanklike balans. Lidmate moet in alle fasette van hulle lewe groei. Volgens Kritzinger (1988:34) kan die kerk nie slegs op mense se siele konsentreer nie want die kerk se taak sluit meer as slegs die verbale prediking van die evangelie in. Die kerk se taak moet die totale lewe van siel en liggaam van die gelowige omvat. Die multidimensionele taak behels die totale persoon in sy totale lewensituasie in reaksie tot die totale evangelie. Kritzinger stem saam met Bosch dat indien die kerk effektief in sy taak wil wees, moet dit ekumenies wees. Dit verwys na die belangrikheid van eenheid in sending deur die kerk. Hoewel die take van die kerk onderskei kan word as evangelisasie, dienslewering en die ontwikkeling van die gemeente, kan die take nie van mekaar geskei word nie, vandaar die keuse vir 'n multidimensionele benadering.

Waarom is Kritzinger 'n voorstander van die multidimensionele benadering tot sending? Hy voer die volgende redes aan vir sy keuse vir hierdie benadering. Kritzinger (1979:5) meld dat evangelisasie en bediening (diakonia) deur die kerk saam behoort. Die kerk bestaan nie vir homself nie, maar vir God terwyl die kerk vir ander leef. Om die integrasie van die kerk se sending te verduidelik haal Kritzinger Mackie aan: "It is here that the integrating principle is to be found: in the situation of the Church as the people of God seeking to perform God's will and to participate in his mission in the varied social contexts of the world today" (Mackie 1969:116). Kritzinger (1979:10) meld verder dat die multilaterale konteks belangrik is en dan veral sy eie konteks want binne hierdie konteks is daar min werksgeleenthede en die bevolking handhaaf 'n lae lewenstandaard. Hier is kommunikasie swak tesame met vervoer probleme en hier is die mense ongeletterd. Die Suid-Afrikaanse konteks vereis dus 'n multidimensionele strategie. Waar dienslewering fokus op armoedeverligting moet armes nie afhanklik gemaak word nie. Armoedeverligting in die vorm van aalmoese binne dié konteks kan 'n gewoonte om te bedel by armes kweek. Skenkings bring 'n skuldgevoel en 'n gevoel van magteloosheid by armes mee. Uit die noodsaaklikheid om alle behoeftes van alle mense aan te spreek, word 'n multidimensionele benadering benodig.

4.4.3 Die plek van armoedeverligting

Kritzinger (1996:79) stel dit onomwonde dat daar nie prioriteit aan enige van die kerk se verskeie take gegee moet word nie. Alle take van die kerk staan op gelyke voet met mekaar omdat die kerk se taak omvattend en holisties is. Daar moet dus 'n balans gehandhaaf word

tussen die kerk se verskeie take. Indien die plek van armoedeverligting vergelyk word met dié van evangelisasie, erken Kritzinger dat die kerk geneig is om 'n bepaalde prioriteit aan evangelisasie te gee. Hiermee saam word armoedeverligting nagelaat. Dit sal altyd vir die kerk 'n uitdaging bly om hierdie aspekte in balans te hou. Met 'n holistiese verstaan van evangelisasie behoort armoedeverligting wel die nodige aandag te kry.

Indien die plek van armoedeverligting vergelyk word met dié van dienslewering, vind ons 'n nouer verband tussen die aspekte. Armoedeverligting word op die voorgrond geplaas indien die kerk opreg diens lewer in die wêreld (Kritzinger 1996:85). Die kerk is betrokke in die konkrete wêreld met al sy probleme en uitdagings. Die betrokkenheid in die wêreld sluit ook die verandering of verwydering van onregverdige politieke sisteme in. Hierdeur word daar verseker dat armoedeverligting die nodige aandag sal geniet. Indien dienslewering egter slegs binne die grense van die kerk geskied, kan armoedeverligting in die samelewing nagelaat word. Die basis vir die kerk se betrokkenheid in dienslewering is die groot onvoorwaardelike liefde van God. Dit sal altyd vir die kerk 'n uitdaging bly om hierdie aspekte in balans te hou, om te verseker dat armoedeverligting die nodige aandag sal geniet. Waar sending ekumenies van aard is, word die deel van bronne 'n moontlikheid om armoede te verlig.

Indien die plek van armoedeverligting vergelyk word met die kerk se taak ten opsigte van die ontwikkeling van die gemeente kan die prioriteit op enige taak geplaas word. Vir Kritzinger (1988:98) hou ontwikkeling verband met strukture, bedienings en die kwaliteit van sending. Waar die kerk in die ontwikkeling van die gemeente slegs na binne gerig is, kan dit meebring dat daar op die gemeente gefokus word. Dit kan tot gevolg hê dat armoedeverligting in sending nagelaat word. Waar die ontwikkeling van die gemeente toegespits word om die gemeente toe te rus vir dienswerk, kan dit baie vir armoedeverligting beteken. Armoedeverligting word op die voorgrond geplaas indien die kerk lidmate voorbereid is vir dienswerk.

Hoe kan daar verseker word dat die kerk sy verantwoordelikheid van armoedeverligting nakom? Volgens Kritzinger (1996:114) moet kontekstuele analise alle sending vooraf gaan om effektief in sending te wees. Dit is deur kontekstuele analise dat armoede op die voorgrond gebring word. Die konteks moet verstaan word en die spesifieke konteks moet dus die beginpunt wees. Die spesifieke situasie sal die strategie van die kerk bepaal. Die metodes van

sending moet versoenbaar wees met beide die mense en hulle omstandighede. 'n Kritiese analise van sending in die geskiedenis word benodig om 'n omvattende benadering te ontwikkel. Die onmiddellike doel van sending sal van konteks tot konteks verskil. In een konteks mag proklamasie prioriteit geniet en in 'n volgende die verandering van mense se lewensomstandighede. Binne elke konteks moet die slegte nuus van die konteks aangespreek word.

Waarom moet daar nie 'n prioriteit aan armoedeverligting gegee word nie? Kritzinger (1984:36) stel dit onomwonde dat sending nie een prioriteit kan hê nie en dat sending omvattend is. Sending het verskillende dimensies wat onderskei kan word, maar wat nie geskei kan word nie. Hy kritiseer bevrydingsteologie wat die transendente dimensie nagelaat het in sending. Sending kan dus slegs deur 'n holistiese benadering vervul word. Hy verwys na Hoekendijk wat dit soos volg gestel het: "The intense universality of salvation and the radical application of Christ's kingship over the whole of life demand that we address people in their total environment" (Kritzinger 1984:60). Soos reeds genoem, word die omvattende benadering beskryf deur die opvattinge van die kerk se taak as kerugma, koinonia en diakonia. In sending is die wese of identiteit van die kerk belangrik. In sending moet daar geïdentifiseer word met mense in hulle totaliteit, gepaardgaande met die nodige simpatie. Sending gaan dus daarvoor om dienskneg te wees.

Kritzinger (1994:20) meld dat dit binne 'n multidimensionele benadering oor die glorie en manifestasie van God se genade gaan en dat die kerk se doel in sending spesifieke gevolge vir betrokkenheid in die wêreld moet inhou. In evangelisasie kan dit dus nie slegs gaan oor die wen van siele uit vrees vir die ewige verdoemenis nie. Evangelisasie moet nie as 'n las beskou word nie. Sosio-politieke betrokkenheid spruit uit God se groot liefde vir die mensdom, waar sosio-politieke betrokkenheid nie net gaan oor barmhartigheidsdade nie. Navolgers van Christus kan nie armoede, ongeregtigheid en onderdrukking passief aanvaar nie omdat God Homself openbaar as een wat op 'n besondere wyse tot die armes reageer. Sosio-politieke betrokkenheid kan nie maar verstaan word as humanistiese belange wat vir politieke partye gelaat behoort te word nie. Andersins moet sosio-politieke betrokkenheid nie slegs gemotiveer word deur 'n stel sosiale, ekonomiese en politieke ideale nie. In sending gaan dit oor die vestiging van God se koninkryk en God se geregtigheid.

Kritzinger (1988:128) meld dat evangelisasie as deel van die kerk se taak nog onvoltooid is. Dit verwys na die verkondiging van die evangelie, oortuiging en aanvaarding van die evangelie. Hiermee saam is daar ook die sosiale verantwoordelikheid in sending wat nog onvoltooid is. Die geestelike behoeftes van mense moet nie van hulle alledaagse lewe geskei word nie. Daar moet gewaak word om nie die geestelike of die diakonale dienste die prioriteit te maak nie. Die kerk in Suid-Afrika het 'n groot sosiale en ekonomiese verantwoordelikheid wat insluit die verwydering van onregverdige strukture. Die kerk moet ook noodwendig betrokke wees in die politiek van die land. Die kerk moes by tye sy profetiese stem laat hoor het. Die behoeftes van die mense van Suid-Afrika sluit in die materiële, emosionele en die geestelike nood van mense. Die sending van die kerk kan nie slegs tot een aspek beperk word nie.

Waarom is die kerk soms nie by armoedeverligting betrokke nie? Soos reeds genoem, moet die kerk se taak volgens hierdie benadering armoedeverligting insluit. Kritzinger (1979:72) is van mening dat die rede waarom die kerk nie betrokke is by armoedeverligting nie, verband hou met die wyse hoe kerkleiers opgelei word. Deur die geskiedenis is leiers geleer dat hulle alleen vir God se werk verantwoordelik is. Die leiers was dus alleen vir sending verantwoordelik. Kritzinger meen egter dat die doel van opleiding moet insluit dat studente 'n volwasse verhouding tot God en medemens moet demonstreer, dat hulle die evangelie effektief moet kan kommunikeer, dat hulle doeltreffend moet wees in die stigting van kerke, skoling en versorging moet kan behartig en sensitiewe en verantwoordelike deelnemers aan die sosiale strukture moet wees. Leiers moet verder die hele kerk mobiliseer om in sending betrokke te raak. Hier verwys Kritzinger juis na die Latyns Amerikaanse situasie waar die kerkvolk in die kerk se sending deelgeneem het. Die mense het besef dat hulle die kerk is en daarom was hulle betrokke. Daar is egter die behoefte dat die hele gemeente opgelei moet word vir sending. Kritzinger (1979:147) omskryf die bediening van die kerk as diakonia wat beteken om te dien. Jesus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Die kerk se sending en bediening is gelykstaande aan die sending en bediening van Jesus.

Kritzinger dui aan dat die kerk se sendingtaak eerstens ekumenies moet wees, tweedens moet dit behoefte georiënteerd wees en met 'n gesindheid van kritiese solidariteit gepaard moet gaan. Dit dui ook weer op die multidimensionele aard van die kerk se taak.

4.4.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Is Kritzinger se verstaan van sending voldoende? Kritzinger (1988:40) soos Bosch meld dat so 'n breë verstaan van sending inherent problematies kan wees want indien alles as sending beskou word, is niks eintlik sending nie. Hy probeer die dilemma verduidelik deur te sê dat die omvattende verstaan van sending nie verwar moet word met die idee dat sending alles insluit nie. Die kerk is egter tog in sy hele wese betrokke in die sending van God. Daar is nie een aktiwiteit van die kerk wat nie met sending verband hou nie. Kritzinger slaag egter nie heeltemal daarin om die dilemma op te los nie. Binne so 'n breë verstaan van sending mag die kerk die probleem ondervind om te bepaal wat die kerk nou eintlik moet doen en waarop daar 'n prioriteit geplaas moet word. Sending mag dan ook as 'n groot las vir die kerk beskou word. Waar sending as die sending van God beskou word, word die kerk 'n deelnemer in God se sending. Die beskouing van sending as die sending van God is 'n meer toereikende verstaan van sending.

Volgens Kritzinger moet alle aspekte by heil ingesluit word. Hy verstaan heil in terme van vergifnis en versoening met God, bevryding deur dienslewering en die opbou van die gemeente. Dit beteken dat die opvattinge van heil bloot naas mekaar geplaas word. Die opvattinge kan nie bloot naas mekaar geplaas word nie want daar bestaan strukturele verskille tussen die begrippe. 'n Verdere probleem wat mag voorkom is dat die betekenis van die opvattinge van heil vermeng word. 'n Voorbeeld van so 'n vermenging is waar Kritzinger sending omskryf as die uitdrukking van God se belangstelling in die hele wêreld en in alle fasette daarvan. In sending word die heerskappy van Christus gemanifesteer deur die lewe asook die woord en daede van Jesus se dissipels in hulle bediening, versoening, geregtigheid, vergifnis en bevryding. Die verskille tussen hierdie begrippe word egter nie in ag geneem nie. Dit bring mee dat die een of ander taak van die kerk moontlik nagelaat kan word. Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5). Die kerk se taak hou verband met die kerk se verstaan van heil. Indien die kerk se begrip van heil ontoereikend is, bring dit mee dat die verstaan van die kerk se taak ook ontoereikend is.

Binne so 'n benadering word die plek van armoedeverligting versteek. Armoedeverligting is

'n noodsaaklike aspek binne die kerk se sendingtaak en mag nie nagelaat word nie. Kritzinger (1988:135) noem dat die kerk soms die politieke stryd as te moeilik ervaar het en daarom teruggestaan het. Laasgenoemde is natuurlik onaanvaarbaar is. Indien die kerk opreg dienslewering bied soos Christus, behoort armoedeverligting die nodige aandag te kry.

4.5 Willem Saayman – sending is kontekstueel

4.5.1 Agtergrond en betekenis

Saayman het as 'n senior lektor in die departement Missiologie aan die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria gedoseer. Hy beskryf homself as 'n middelklas blanke en hervormde Suid-Afrikaner. Hy het vir 'n tyd sendingwerk in Zambië en Namibië verrig. Hy het hard gewerk vir vrede en geregtigheid in Suid-Afrika. Die boeke wat hy geskryf het en hom relevant maak vir die studie sluit in *A man with a shadow – missiological interpretations, Christian missions in South Africa* (1991), *Mission in bold humility* (Saayman, W & Kritzinger, K 1996), *Sendingperspektiewe in Afrika oor die voorwerp van verlossing* (1973), *Unity and missions* (1988) en medeskrywer met Kritzinger: *You will be my witnesses* (1984).

4.5.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Saayman sending? Saayman verstaan sending as die holistiese aksie van die Drie-enige God met die hele wêreld. Saayman (1991:5) definieer sending vanuit die motief van die jubeljaar wat holisties en omvattend is. Sending word geïllustreer deur die dienskneg (Christus) van God wat die aangename jaar van die Here in woord en daad aangekondig het. In aansluiting by Bosch is Saayman van mening dat sending die volheid van die *Missio Dei* reflekteer. Sending beteken: “participating in God’s liberating activity in the world; human liberation in the light of the Jubilee, mission cannot be anything but contextual and mission leads us to a new understanding of the Good News of Jesus” (Saayman 1991:7). Saayman (1980:41) verduidelik verder dat sending die werk van God op aarde is en formuleer sending soos volg: “Mission is the action of the Triune God – Father, Son and Holy Spirit with the whole world, through which He gathers a church for himself from the entire human race through his Word and Spirit”. God nooi die kerk om sy medewerker op aarde te wees. Vir Saayman is die konteks van sending belangrik en daarom doen hy ook 'n sosiale analise van Suid-Afrika ten opsigte van godsdienstige affiliasie, demografiese samestelling en verspreiding, sosiale probleme, gesondheid, ekonomiese dimensies en politieke dimensies. Hy

beklemtoon dat sending omvattend en holisties moet wees. Saayman (1996:1) beskryf die doel van sending as die bekering van die heidene, die plant van kerke en die glorie en manifestasie van goddelike genade. God se sending kry die beste gestalte in die sending van Christus wat deel uitmaak van God se sending. Daarom is dit nodig om die sending van Christus te ondersoek. Christelike sending is 'n omvattende bediening met verskeie dimensies wat onderskei kan word, maar nie geskei kan word nie (Saayman 1991:36). Die algemeenheid van sending en die radikale toepassing van die heerskappy van Christus oor alles wat leef, vereis dat mense se behoeftes in hulle totale omgewing aangespreek moet word.

Hoe verstaan Saayman heil? Heil word verstaan in terme van evangelisasie, genesing, sosio-politieke en ekonomiese geregtigheid soos vervat in die taak van die Messias (Saayman 1996:36). Die dimensies van die taak van die Messias word omskryf as 'n evangeliese dimensie, 'n genesende dimensie en 'n dimensie wat streef na sosiale, politieke en ekonomiese geregtigheid. Hierdie dimensies behoort saam en nie een geniet prioriteit bo die ander nie. Waar een van die dimensies ontbreek, is die kerk nie meer besig met die sending van God nie.

Wat is dus volgens Saayman die kerk se taak? Die kerk se taak is om 'n getuie van Jesus te wees (Saayman 1991:67-77). Die kerk as die liggaam van Christus het nie 'n ander rede vir sy bestaan as sending nie. Die kerk is nie 'n getuie uit dwang nie, maar uit dankbaarheid vir die genade wat die kerk self ontvang het. Die kerk moet ook 'n getuie wees deur die vervulling van sy sosiale verantwoordelikheid. Die kerk lewer getuienis in verskillende tye en plekke en op verskillende maniere. Sommige tye in die geskiedenis het die probleme in die samelewing dinamiese aksie benodig, ander tye vereis dit dat 'n woord gesprek moes word en weer ander waar die gedrag van Christene teenoor mekaar die getuie was. Die dimensies van sending behoort saam en om hulle van mekaar te skei is om die evangelie te misvorm.

Saayman (1996:25) noem dat die kerk se taak sosiale en politieke aktiwiteite (met die implikasie van armoedeverligting) moet insluit omdat Christus die kosmiese koning is. Geloof moet geloof in aksie wees en dan ook geloof met betrokkenheid in politieke aksie. Die kerk se taak is om die mens te bevry van die magte wat hom verhinder om sy volle potensiaal te realiseer. Daar moet weggedoen word met die grense tussen kerk en wêreld en die Christelike geloof en ander godsdienste. Dit het die uniekheid van die Christelike geloof begin bevraagteken. Saayman (1996:3) meld dat slegs blote barmhartigheid ten opsigte van sosio-

politieke betrokkenheid en armoedeverligting in die lig van God se groot genade en liefde totaal ontoereikend is. Met die gee van aalmoese kan die armes nog geïgnoreer word. Navolgers van Christus kan nie slegs onderdrukking en ongeregtigheid aanvaar nie. God openbaar Homself op 'n unieke wyse as die God van die armes en onderdrukte. Dit moet die kerk help in die bepaling van sy daad, lewensstyl en prioriteite wat vir 'n toewyding aan die armes vra. Die kerk word 'n getuie deur betrokkenheid en solidariteit in die skep van sosiale, politieke en ekonomiese geregtigheid. Saayman (1991:11) kritiseer die evangeliese groepe wat slegs een sendingtaak het, naamlik die evangelisering van die wêreld in die lig van Christus se spoedige terugkeer. Hier word die sending van die kerk basies verstaan as die plant van een kerk na die ander. Die kerk se taak is egter holisties en daarom multidimensioneel.

Die kerk se rol is om deel te neem in die voltooiing van God se taak van verlossing. Volgens Saayman (1973:40) is sending nie primêr die werk van mens nie, maar dit is God se werk. Die kerk moet dus in God se taak van verlossing op aarde deelneem. Sending op aarde is dus God se sending. Die mens deel in God se sending want soos die Vader Jesus gestuur het, so word die kerk gestuur om sending te vervul. Sending is die rede vir die kerk se bestaan. 'n Belangrike aspek in sending is om saam met mense te wees, soos God met mense is. Daar moet met mense geïdentifiseer word deur hulle leed te deel en so vervul die kerk sy taak en rol as dienskneg. God se bevrydende aktiwiteite in die wêreld bepaal die agenda vir sending sodat God die eienaar van sending kan bly. Vir Saayman (1991:7) beteken sending om deel te neem aan God se verlossende aktiwiteite in die wêreld. Sending beteken dus menslike bevryding in die lig van die Jubilee.

Die kerk se taak moet gekenmerk word deur humanisering en deur die herstel van die ware humaniteit van mense. Die onregverdige politieke bestel van apartheid het mense in Suid-Afrika van hulle menslikheid beroof. Saayman (1991:36) meen dat daar 'n verwantskap is tussen sending en politiek. Geregtigheid staan sentraal tot die kerk se sending en sonder geregtigheid kan daar geen heil wees nie. Om 'n Christen te wees, vereis van jou om betrokke te wees in die skep van 'n menslike samelewing. Die kerk se verantwoordelikheid is om te kyk of stelsels 'n konkrete bydrae maak tot geregtigheid en humanisering. Die evangelie moet kontekstueel wees en nie slegs persoonlik van aard nie. Die politieke dimensie van sending moet verstaan word in die lig van die komende eskatologie. Eskatologie verwys na die verlanse vir 'n meer menslike, regverdige, verantwoordelike en vry samelewing. Eskatologie

is nie 'n manier om te ontvlug nie – hier word die geskiedenis ernstig opgeneem en verstaan as die platform van God se toekomstige daad van verlossing.

Die kerk se taak is om soos Christus 'n dienskneg te wees om diens te lewer (Saayman 1991:121). Sommige meen dat 'n dienskneg mentaliteit, om na die mense se werklike behoeftes te luister en om te begin waar die mense is nie vinnig genoeg resultate in sending opgelewer het nie. Jesus het egter gekom om te dien en het tyd met die mense deurgebring. Hy het medelye gehad met hulle lyding, sy hande op die siekes geplaas en die hongeres gevoed. Jesus het ook tekens van die Koninkryk van God in die wêreld opgerig. Die sosiale, ekonomiese en politieke faktore wat mense se lewe affekteer, kan nie geïgnoreer word nie.

Saayman kritiseer evangeliese groepe wat groot klem plaas op numeriese groei in die kerk se taak. Sending as slegs numeriese groei soos by evangeliese groepe is ontoereikend (Saayman 1980:123). Die benadering van numeriese groei is gebaseer op die idee dat alle volke vir God bereik moet word. 'n Holistiese benadering tot die kerk se taak word benodig. Die omvattende benadering in die kerk se taak word omskryf as kerugma, diakonia en koinonia. Kerugma hou verband met die goeie nuus wat prediking, getuienislewering, voorsiening van leesstof en teologiese opvoeding insluit. Hierdie dimensies van sending hou verband met evangelisasie en die opbou van die kerk. Diakonia verwys na dienslewering waar die dimensie van sending gepaardgaan met die verskeie vorme van bedienings waarin die Christelike gemeenskap homself tot diens van die hele wêreld as dienskneg stel. Die Christelike sending sluit ook die verligting van siekte, armoede en onderdrukking in. Die mens moet in totaliteit bedien waar die individu en die samelewing betrek word, asook die siel en die liggaam, tesame met die teenwoordige en die toekomstige lewe. Deur koinonia word die kerk die kerk met andere.

Die kerk se taak sluit ook die verkondiging van die evangelie in met die doel dat mense tot inkeer moet kom. Volgens Saayman (1980:77) is 'n hersiende definiëring van bekering egter nodig. Vir evangeliese groepe (dualistiese benadering) verwys bekering na die bewustelike, persoonlike besluit van individue om Christus te aanvaar en so heil te bekom. Dié begrip van bekering het ook die kerk se sending oorheers. Vir die benadering met die voorkeur opsie vir die armes beteken sending 'n oproep tot bekering en wel 'n bekering tot die Christus van die armes en onderdrukte. Die doel van die kerk se sending het hier verwys na revolusionêre politieke verandering. Vir die multidimensionele benadering beteken bekering 'n verandering

waarin Christus as Heer en die middelpunt van die persoon se hele lewe aanvaar word (Saayman 1996:31).

Bekering as 'n onttrekking uit die wêreld soos by die dualistiese benadering is ontoereikend. Bekering beteken dat die bekeerling die verantwoordelikheid aanvaar om God in dié lewe te dien en om God se heerskappy in al sy vorme te bevorder. Verder behels bekering persoonlike reiniging, vergifnis, versoening en vernuwing om 'n deelnemer in God se magtige daade te word. Die kerk moet nie in die versoeking val om slegs op die hemel te konsentreer en die tydelike na te laat nie. Die siening dat die tydelike onveranderd kan bly terwyl mense vir die uiteindelige gered word, is onaanvaarbaar. Die tydelike en ewige kan dus nie van mekaar geskei word. Bekering moet dus as 'n proses verstaan word en nie 'n eenmalige oproep om 'n besluit vir Christus te maak nie. Bekering en heil vind binne die historiese realiteit plaas en sluit die totaliteit van die lewe in want God se liefde omsluit hierdie totaliteit (Saayman 1996:34). Jesus se oproep aan sy dissipels is om hom met blydskap te volg, om te deel in sy dienskneg bediening en om te deel in sy stryd teen sonde, armoede en die dood. Bekering en heil is dus kontekstueel. Bekering moet nie mense van hulle konteks skei nie, die geskiedenis moet ernstig opgeneem word en daar kan nie ontsnap word in 'n soort "geestelikheid" nie. Die kultuur wat deel vorm van die sosio-politieke realiteit moet voldoende in bekering aangespreek word. 'n Aanvaarbare praktyk van bekering en heil moet gebaseer wees op God se alles insluitende liefde wat 'n vreugdevolle uitnodiging insluit om in Jesus en sy navolgers se gemeenskap te deel. Mense moet hulle tot God bekeer want hulle word deur God se liefde getrek en nie uit vrees nie.

4.5.3 Die plek van armoedeverligting

Wat is volgens Saayman die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak? Saayman voer aan dat armoedeverligting 'n gelykstaande plek met die kerk se ander take het. Nie armoedeverligting of enige ander van die kerk se take moet prioriteit geniet nie. Saayman plaas eerder die klem op die multidimensionele aard van die kerk se sending.

Indien armoedeverligting met sosio-politieke betrokkenheid vergelyk word, kom die volgende na vore. Saayman (1991:ix) is van mening dat die kerk gestuur is vir alle sferes van die menslike lewe, insluitende die politieke sfeer. Hoewel die politieke verantwoordelikheid belangrik is, wil Saayman dit nie die kern van sending maak nie. Hierteenoor moet geen

enkele taak van die kerk prioriteit bo 'n ander geniet nie. Sending sal noodwendig kontekstueel moet wees. Dié verstaan van sending in die lig van die leer van die Jubilee is omvattend. Vir Saayman (1991:6) sluit die dimensies van sending in evangelisasie, genesing en die stryd vir sosiale, politieke en ekonomiese geregtigheid. Dié dimensies behoort saam, terwyl die konteks die prioriteit sal bepaal. Saayman probeer dus om dualisme in sending te vermy. Die kerk se taak sal dus noodwendig armoedeverligting insluit. Voort dui Saayman (1991:103) aan dat die stelling van die voorkeur opsie vir die armes, nie net 'n slagspreuk moet wees nie, maar dat daar 'n dringende behoefte hiervoor in sending bestaan.

Die koloniale sendelinge het veroorsaak dat die kerk 'n middelklas kerk geword het in plaas van 'n kerk van die armes. Dit het plaasgevind ongeag die feit dat die grootste gedeelte van die bevolking arm was. Binne die middelklas is die sterk beklemtoning van die opsie van armes, armoede, geregtigheid, lyding en siekte vergeestelik. Dit het die dualistiese verstaan van die evangelie versterk. Die kerk het die armes nodig om die historiese realiteit van bevryding te verstaan. Die doel van sending is om te bepaal waar God betrokke is in die geskiedenis en om dan saam met God te werk. Die versteekte geskiedenis van die armes moet herontdek word. Die kerk se taak sluit in om te luister na die interpretasie van die evangelie in die lig van hierdie geskiedenis. Indien die evangelie deur die oë van die armes gelees word, sal die kerk in staat wees om die gekruisigde Christus as die fondament vir bevryding te sien. In sending moet die kerk betrokke wees in die proses van humanisering, die afbreek van die afgode van mag en rykdom en betrokkenheid in die stryd vir geregtigheid en vryheid.

Deur 'n multidimensionele benadering kan daar aan verskeie kontekste aandag gegee word in sending. Volgens Saayman sal die konteks die soort sending bepaal. Voorheen het die kerk die werklike lewensituasies van mense as vanselfsprekend aanvaar en die doel van sending het verband gehou om slegs hulle lewens te verander en nie hulle omstandighede nie (Saayman 1996:73). Die konteks van sending moet ernstig opgeneem word en 'n sosiale analise word benodig. Die multidimensionele benadering vra egter dat dit nie 'n suiwer sosio-politieke analise moet wees nie, maar 'n analise wat die doel van sending in gedagte moet hou.

Met spesifieke verwysing na Suid-Afrika het dié analise die verskillende kombinasies van godsdienstige, sosiale, ekonomiese en politieke faktore wat die situasies gevorm het, aangedui. Waar die konteks die soort sending bepaal, kan die prioriteit in sending byvoorbeeld

evangelisasie wees waar die mense ontvanklik vir die evangelie is. Sending kan weer sosio-politieke ontwikkeling behels waar daar uiterste toestande van armoede en ongesonde toestande heers. Sending moet die behoefte van mense in ag neem. Mense moet geraadpleeg word oor wat hulle behoefte is en hulle moet as gelyke deelnemers geag word in die bepaling van hulle behoeftes. Behoeftes kan bepaal word deur die mense self te vra asook deur navorsing te doen. Die behoeftes van mense sal die prioriteite en die vorm van sending bepaal. Sending is dus omvattend en holisties. Sending behels alles waarvoor God die kerk na die wêreld gestuur het om te doen. Dit behels die totale Koninkryk van God en gaan oor die totale evangelie aan die totale wêreld. Die totale sendingwerk behoort aan die hele kerk tesame.

Waarom plaas Saayman nie die klem op armoedeverligting nie? Die rede vir 'n omvattende en holistiese benadering is omdat die oproep tot bekering 'n oproep tot dienslewering is. Die doel van bekering is nie om iets vir ons eie genot te ontvang nie, maar om ons primêr vir God se diens beskikbaar te stel as werkers in God se wingerd. Dit vra vir die aandag op mense in die gemeenskap, hulle droom vir geregtigheid, menswaardigheid en geleenthede vir hulle kinders. Bekering is 'n avontuurrit in die misterie van God se koninkryk wat van een ervaring na die volgende lei.

Saayman (1991:120) beklemtoon dat die geestelike dimensie van die Christelike sending behou moet word. Die geestelike moet behou word want bevryding en die bevrydingstryd is 'n geestelike stryd. Die term *geestelike* verwys hier nie na die dualisme tussen gees en vlees nie waar daar 'n ontvlugting van die wêreld plaasvind nie. Slegs met 'n opsie vir die armes en in gemeenskap met die armes kan ware geestelike bevryding bekom word. Hiermee saam moet geestelikheid verstaan word in gemeenskaplike en nie-individuele terme.

4.5.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Is Saayman se verstaan van heil toereikend? Saayman verstaan heil in omvattende kategorieë wat alle aspekte insluit. In so 'n poging word die opvattinge van heil wat versoening, bevryding en navolging van 'n voorbeeld insluit, naas mekaar geplaas of selfs vermeng. Hierdie opvattinge van heil kan nie slegs naas mekaar geplaas word of vermeng word nie want daar bestaan strukturele verskille tussen hierdie begrippe (5.3 hoofstuk 5). Met 'n vermenging van die begrippe verloor hulle hul oorspronklike en ryke betekenis. Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak. Dit

is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5). Die kerk se taak hou verband met die kerk se verstaan van heil. Indien die kerk se begrip van heil ontoereikend is, bring dit mee dat die verstaan van die kerk se taak ook ontoereikend is.

Daar kan aanvaar word dat die kerk vele take het. Die multidimensionele benadering lyk op die oog af na die mees toereikende benadering. Waar daar egter so 'n breë begrip van sending aanvaar word, bly die vraag of alles sending is.

Saayman sê enersyds dat daar geen enkele prioriteit behoort te wees nie, maar hy noem terselfdertyd dat die konteks die prioriteit moet bepaal. Dit dui op 'n teenstrydigheid van sy argument. Hier kan ook gevra word wie die prioriteit moet bepaal. Waar daar egter ook weer een verantwoordelikheid gekies word, bestaan die gevaar dat die ander nagelaat sal word. Meganismes sou ook noodsaaklik wees om te verseker dat die kerk by al sy take uitkom en veral by armoedeverligting.

Saayman erken dat die kerk self 'n platform vir stryd is. Voor die kerk betrokke kan word in die stryd vir geregtigheid, moet die sosiale praktyke binne die kerk hervorm word sodat dit gerig kan wees op humanisering. Hierdeur kan mense bemagtig word in die bevrydingstryd, maar mense kan ook passief gemaak word. As 'n agent van verandering het die kerk sy beperkinge. Saayman (1991:121) verwys na die uitdaging dat politieke ideale in sommige gevalle gesien word as “utopies”. Sy verweer teen hierdie kritiek is dat die Christelike hoop gebaseer is op die verwagting van die koms van die koninkryk van God. Al lyk die ideale of dit buite ons bereik is, moet die kerk homself toewy aan dié ideale.

4.6 Klaus Nürnberger – omvattende welsyn

4.6.1 Agtergrond

Klaus Nürnberger is in 1933 te Swakopmund gebore. Hy het sy teologiese studies in Hamburg en Tübingen voltooi. Sy doktorsale proefskrif handel oor “Glaube und Religion bei Karl Barth”. Hy het as die pastoor van die Evangeliese Lutherse Kerk in Noord-Transvaal en Johannesburg gedien. Hy het ook gedien as pastoor van 'n afgeleë plattelandse kerk (1968) asook van 'n kerk in 'n swart informele nedersetting. Hy het vir 'n geruime tyd in Sistematiese Teologie en Etiek aan die Lutherse Teologiese Kollege in Mapumulo gedoseer. In 1974 het Nürnberger lesings in Berlyn aangebied asook in Brasilië in 1981. Sedert 1975 het hy as die direkteur van

die Missiologiese Instituut te Mapumulo gedien. Hy het deelgeneem aan 'n navorsingsprojek van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Boeke wat hy geskryf het sluit in *A democratic vision for South Africa* (1994), *Affluence poverty and the word of God* (1978), *An economic vision for South Africa* (1994), *Beyond Marx and the Market* (1998), *Biblical theology in outline* (2004), *Conflict and the quest for justice* (1989), *Ideologies of change in South Africa and the power of the Gospel* (1979), *Power and beliefs in South Africa* (1988), *Prosperity, poverty and pollution* (1999), *Sistematiese Teologie* (1975), *Socio-economic ideologies in Christian perspective* (1979), *The church and the search for justice and peace in South Africa* (1987), *The cost of reconciliation in South Africa* (1988) asook *Theology of the Biblical witness – an evolutionary approach* (2002). Ek kyk vervolgens na hoe Nürnberger sending en heil verstaan. Hieruit behoort ons af te kan lei wat die kerk se taak moet wees asook die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak.

4.6.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Nürnberger sending? Nürnberger verstaan sending as om heil te bring aan die mensdom deur die verkondiging van die Woord van God. Nürnberger (1975:23) beklemtoon die belangrikheid van die Woord van God in Sending. Die kerk moet in sending doen wat God se Woord en veral wat die Wet sê. Die mens ontmoet God in sy Woord. Predikers ontvang die boodskap uit die oorlewering. Nürnberger (1975:461) verduidelik dat die sending van God, Sy aksie van redding in Christus is waarin die gelowige betrek word. Die gelowige werk nie vir God nie, maar God werk vir die mens en deur die mens. Die gelowige word in hierdie sending met sy hele wese en lewe betrek. God is gedurig betrokke in konkrete handeling in spesifieke situasies van bepaalde mense en God het altyd 'n duidelike doel. Tog praat die groot God met die mens deur God se Woord wat deur die gelowige verkondig en uitgeleef word (Nürnberger 1979:80). Hierdie dinamiese redding van God waardeur die mens deur God se Woord betrek word, word genoem “die sending van God”. Die sending van God is dus werklik God se sending en nie die gelowige se sending nie. God stuur dus nie die mens om Sy taak te verrig nie anders sou die mens op sy eie krag en status as selfstandige vennoot van God staatmaak. Die sending van God geskied oral waar aan mense deur die verkondiging geloof geskenk word en hulle hierdie geloof uitleef in alle aspekte van hulle daaglikse lewe (Nürnberger 1979:84). Deur heil moet sonde in die toekoms voorkom word.

In sy latere verstaan van sending dui Nürnberger (1994:5) aan dat die kerk se sending ook ekonomiese aspekte moet aanspreek. Sending is die proses waardeur mense deur 'n visie aangespoor word. In sending moet daar dus spesifieke doelwitte bereik word. In sending fokus God en die kerk op spesifieke gebreke, swakhede of tekorte wat die algehele welsyn van die totale bevolking verhinder en vandaar die begrip omvattende welsyn (Nürnberger & Tooke 1988:43-44). God se sending binne sy totale konteks hou verband met 1) basiese behoeftes van tyd, ruimte en mag; 2) immanente behoeftes, byvoorbeeld fisiese, sielkundige, sosiale, ekonomiese en politieke behoeftes en 3) transendente behoeftes wat verband hou met die misbruik van mag om doelwitte te bereik. God werk beide deur wêreldgebeure en menslike daade om God se sending te volbring. Sending fokus op die totale spektrum van menslike behoeftes en indien die kerk relevant in sending wil wees, moet die kerk gaan vasstel waar die grootste menslike behoeftes is.

Hoe verstaan Nürnberger heil? Volgens Nürnberger word heil teweeggebring deur die prediking van die Woord van God. Met die prediking van die Woord word die Woord (Christus) lewendig en Christus word in mense weergebore. Die proses neem 'n aanvang in God se reddingsdaad in Christus (Nürnberger 1975:10). Die Woord reïnkarneer homself telkens in konkrete menslike lewens op die basis van sy eerste inkarnasie in Christus. Hoewel daar 'n kontinuïteit is, is daar ook verandering. Die Woord is dus in staat om alle kulture van alle mense te bereik (Nürnberger 1979:12). Deur inkarnasie sal die mens in staat wees om God te gehoorsaam en die Wet te kan vervul deur God en sy naaste lief te hê. Hierdeur is die mens in staat om "alles" te doen wat die woord van God sê. Deur die onderhouding of navolging van die wet verseker die mens dat daar nie weer probleme of sonde in die toekoms sal voorkom nie. Heil is God se handeling en die mens word by hierdie aksie ingeskakel. Daar is dus buite die kerk geen heil nie want die kerk dra die boodskap van God se redding in Christus. Heil berus egter nie op die kerk nie, maar op die werking van die Woord wat op sigself hierdie gemeenskap inkarneer.

Volgens Nürnberger (1975:239) openbaar die Wet van God die mens se sonde. Die Wet verwys nie na reëls nie, maar die omvattende aanspraak van God op die mens se lewe. Die wet is 'n formulering van God se liefde vir die mens. Sonde word verstaan as verzet teen God. Enersyds is die mens self vir die sonde verantwoordelik wat verwys na 'n verzet teen die bedoeling van God en die probleem dat die mens outonoom wil wees. Andersins is die mens

nie vry om 'n beslissing teen die sonde te fel nie omdat die mens 'n beperkte wese is. Sonde lei tot verslawing aan die wêreldse magte waar verslawing op die verlies van die mens se bestaansreg berus. Die mens se verset lei tot die dood. Te midde van die negatiwiteit en sonde bly God in bevel van die werklikheid. God vergewe die mens in Christus en deur die navoring van die Wet kan sonde in die toekoms voorkom word.

Tesame hiermee verstaan Nürnberger heil as die omvattende welsyn van die totale bevolking. Nürnberger (1994:7) meen dat die doel van God is om omvattende welsyn aan alle mense binne hulle totale sosiale en natuurlike konteks te bring. Dit moet ook die kerk se doel wees. Die Ou Testament verwys hierna as “*shalom*” (vrede) en die Nuwe Testament noem dit die koninkryk van God. God wil heil bring aan die totale omvang van menslike behoeftes. Die grootste manifestasie van God se heilsdaad word in Christus gevind. Diegene wat aan Christus behoort is bevoorreg om in sy lewe en diens te deel. Hoe verstaan Nürnberger omvattende welsyn? Die kerk benodig 'n multidimensionele en omvattende benadering tot heil wat beteken dat die ekonomiese standaard deel moet vorm van godsdienstige programme en dat die kerk aan publieke verantwoordelikheid moet deelneem (Nürnberger 1994:46). Die kerk se deelname moet begin met 'n analise wat deelnemend en inklusief is wat gebruik moet word om maatreëls saam te stel. Dit vereis dat alle gesonde persone van werkende ouderdom die geleentheid moet kry om 'n bydrae te lewer in die vervaardiging van goedere en dat die potensiaal van mense ontwikkel moet word. Werkskepping moet dus hoog op die agenda wees. Behalwe deelname in produksie moet daar toegang tot hulpbronne wees (Nürnberger - Missionalia 1994:118-146). Grondhervorming moet die nodige aandag geniet sonder dat die landbou vernietig word. Almal moet deel in die beheer van bronne en hulle gebruik. Die staat moet vrye ondernemingsgees aanmoedig. 'n Gesonde en goedgekeurde magstruktuur word benodig wat verseker dat korrupsie nie plaasvind nie. Werkloses moet toelaes ontvang om 'n menswaardige bestaan te kan maak. Bronne moet ook vir die toekoms bewaar word. Sosiale en ekonomiese strukture word benodig wat individuele en gemeenskaplike vryheid verbind met die verantwoordelikheid van almal vir die geheel (Nürnberger -Scriptura 1999:125-149).

Wat is dus volgens Nürnberger die kerk se taak? Die volgende aspekte kan in die verband genoem word.

Verkondiging van die Woord

Eerstens behels die kerk se taak die verkondiging van die Woord en die Wet van God (Nürnberg 1979:80). Waar evangeliese groepe die kerk se taak as die versoening van die mens met God verstaan en bevrydingsteologie die kerk se taak as bevryding vir die versoening van mens met mens verstaan, beklemtoon Nürnberg die prediking en inkarnasie van die Woord of Wet. By implikasie kom dit daarop neer dat Nürnberg beide versoening en bevryding wil beklemtoon. Dit word vervat in die vervulling van die wet van ons liefde vir God en jou naaste, maar behalwe dit moet die kerk ook “alles” doen wat die Woord sê, vandaar die multidimensionele aard van die kerk se taak (Nürnberg 1994:33).

Deel in God se liefde

Tweedens deel die kerk in God se liefde en aksies van liefde binne die werklikheid. Volgens Nürnberg (1975:144) roep God die mens deur die kerk om in God se gesag oor die werklikheid en aan God se liefde binne die werklikheid deel te neem. Hierdie deelname is gespesifiseerd en bepaal die mens se identiteit voor God. Waar die mens nie in God se liefde met betrekking tot die werklikheid deel nie, is die mens in 'n toestand van sonde en onder die oordeel van God. Selfs politieke strukture moet in God se liefde deel (Nürnberg 1989:30). Die heerskappy van God hou juis gevolge in vir die wêreld as 'n gestruktureerde geheel. Indien God die hoogste gesag is, moet alle strukture aan kontrole onderhewig gemaak word (Nürnberg 2002:35). Strukture wat met God meeding, moet afgebreek, verander of vervang word (Nürnberg 1987:38).

Deel in Christus se liefde

In noue aansluiting by bogenoemde moet die kerk in die liefde van Christus deel. Nürnberg (1975:152) verwys na die voorbeeld van Christus se liefde wat dien as model vir die kerk. Christus het homself onvoorwaardelik gegee en maak dus aanspraak op die mens se onvoorwaardelike oorgawe en toewyding. God verwag nie dat ons moet probeer om op 'n mistiese wyse met 'n transendente godheid vereenselwig te word nie. Die mens moet in Christus se liefde vir die verworpe mens deel. Christus bewys sy liefde deur die vervulling van die Wet. Die dubbele gebod van liefde is 'n samevatting van die Wet en omskryf God se wil vir die mens. Die verkondiging van die Wet van liefde is 'n aanklag teen die mens, terwyl die evangelie daarteenoor bevryding bring (Nürnberg 1979:29). As nuwe wese word die mens

opgeneem in Christus se reddende aktiwiteit.

Wees 'n getuie

God roep die kerk om ten opsigte van alles wat bestaan en gebeur God se getuie te wees (Nürnberg 1994:55). Dié taak van die kerk word afgelei van die Bybelse geloof in die Ou Testament wat histories, aards, materieel en konkreet is (Nürnberg 1975:175). Die totstandkoming van geloof bly altyd verbonde aan 'n groeiende besef dat God ook verantwoordelik is vir die totale omvang van ons alledaagse ervaring van die werklikheid in ons en om ons heen. Die Nuwe Testament dui ook aan dat die kerk geroep is om 'n getuie vir God te wees en diens te lewer. Die evangelie volgens die Nuwe Testament sluit 'n innerlike bevryding van die verslawing onder wêreldse magte in, maar sluit ook 'n bevryding vir diens aan die wêreld in (Nürnberg 1979:89). Dit is 'n geleentheid en opdrag om Christus te betuig om met Hom te sterf, met Hom te lewe, met Hom te werk en op Hom te vertrou. Die mens word met die lewende God vereenselwig deur Christus wat die oplossing vir die sondeprobleem gebring het. Die kerk se taak is nie slegs om die boodskap te bring nie, maar ook om 'n boodskap te wees. Die kerk is die lewendige gemeenskap wat tot stand kom as die boodskap van God se geskenk in Christus wat betrek word in die dinamiese liefde van God vir God se verlore skepping.

Vestig die koninkryk van God

God se doel vir die kerk is om die “koninkryk van God” te vestig (Nürnberg 1975:213-214). Die Koninkryk van God is die toestand waarin God oor alles, in alles en vir alles is. Die mens is met God vereenselwig in sy doelstellings en handeling. Waar God heers is die wêreld en sy magte in hulle plek onder God en die mens. God se voorneme is om die heil vir die wêreld te bring. Die Woord van God roep die mens om aan God se doel deel te neem en van sonde bevry te word – dit wil sê die heerskappy van God word aan die mens toegesprek. Die kerk in die wêreld vind altyd in die verskeurdheid van die mensdom in sosiale groepe sy gestalte en moet hier sy taak vervul.

Die rol van die gelowige

Wat is die rol van die gelowige as deel van die kerk? Die gelowige se profetiese taak, wat ook al gebeur in sy private lewe of politieke lewe of in die natuur, moet in verband met die roeping, aanspraak en aanbod van God vertolk word (Nürnberg 1975:155). Die gelowige se

priesterlike taak is om voorbidding vir sy eie lewe, sy medemens en die wêreld te doen. Priesterlike diens is 'n plaasvervangende diens. Die gelowige offer dank en lof aan die Skepper ten behoeve van die wêreld vir al God se seënige en weldade. Die gelowige bring al die ellende en struikelblokke in die wêreld voor God se aangesig as 'n appél ten behoeve van die werklikheid. Die gelowige kan nie die *status quo* verdedig deur te sê dat God dit so wou hê nie. Alles kan nie vir God gelaat word om te doen nie. Die mens moet deel in die liefdesake van God en gelowiges kan nie passief bly nie want as daar niks meer gedoen kan word nie, bly daar nog gebed. Indien die kerk van Christus werklik die instrument van goddelike redding in die wêreld wil wees dan sal sending nie slegs in woorde kan bestaan nie. Gelowiges word geroep om in hulle sosiale, politieke en beroepslewe hulle geloof te betuig (Nürnberger 1975:445).

Die kerk bring versoening

Nürnberger het reeds in die 1980s aangedui dat die kerk in Suid-Afrika betrokke moet wees by versoening ter wille van sosiale geregtigheid (Nürnberger & Tooke 1988:181). Die verantwoordelikheid het by die kerk berus om die oorsake van konflik te identifiseer en strukturele ongelykheid teen te werk. Hiermee saam moes die kerk die relevansie van die kerk se leerstellings vir die Suid-Afrikaanse krisis aandui. Dit sluit in om die kerk te lei in belydenis wat verband hou met die verwerping van sy swart broers, om die kerk in geloof te lei om met die armes te staan en hulle aan te moedig in die bevrydingstryd, om leiding te gee in dae van gehoorsaamheid van onvoorwaardelike aanvaarding en om te lei in dae van hoop vir die toekomstige Suid-Afrika. Die kerk se betrokkenheid in industriële konflik behels die skep van 'n algemene etiese bewustheid by die bevolking en om selfsugtigheid af te breek. Daar moet gefokus word op die opofferende daad van Christus om self arm te word en die herstel van verhoudings.

Die kerk se rol in armoedeverligting

Volgens Nürnberger (1994:57) moet die volgende in ag geneem word in die uitvoering van die kerk se taak: Planne en aksies moet volhoubaar wees om bronne vir die toekoms te bewaar. Dit moet doeltreffend wees wat die vlakke van gesondheid en standarde van lewe verhoog. Daar moet 'n gelykheid in die verspreiding van hulpbronne wees tesame met 'n besorgheid vir die swakkes en armes. Daar moet ook 'n balans wees in die vervulling van die menslike

behoefte. Teen die agtergrond van die ekonomiese probleme in Suid-Afrika verduidelik Nürnberger (1994:49-55) die kerk se taak soos volg: eerstens moet die kerk gewone lidmate bemagtig. Wanneer lidmate bymekaar kom, word hulle bemagtig, vernuwe en opgebou en hulle kry rigting vir hulle lewe. Die lidmate gaan uit, in die wêreld na hulle verskillende invloedsfere byvoorbeeld skole, fabrieke, plase, politieke organisasies, hospitale en die gevangenes. Hier leef hulle hulle geloof uit want hulle lewens dra die grootste potensiele impak. Die lidmate vervul dan ook so hulle publieke verantwoordelikheid. Dit vind veral plaas waar die kerk 'n omvattende verstaan van die relevansie en omvang van Christus se werk by lidmate ontwikkel.

Tweedens moet die kerk die evangelie wat bevry en bemagtig verkondig met verwysing na God se omvattende visie (Nürnberger 1994:49-55). Dit moet insluit die hervorming van geloof vanaf 'n geestelike begrip na 'n omvattende verstaan, vanaf selfsugtigheid na verantwoordelikheid, vanaf die individu na die gemeenskap. Die kerk moet onthou waar die visie van vryheid vandaan kom. Mense het deur die geskiedenis bevryding uit situasie en behoeftes ervaar en erken God se betrokkenheid hierin. Soos krisisse verdiep, word hoop in God meer omvattend en besef die mens dat die menslike hart, die gemeenskap en die heelal deur God gerekonstrueer moet word. Met die verkondiging van die Woord gaan dit oor 'n konkrete boodskap, vir reële mense in konkrete situasies (Nürnberger 2004:55-86). Die Woord word verstaan as een baan van openbaring waar die baan voortgaan na die geskiedenis van die Bybel. Die Woord skep geloof, krag en hoop vir mense se daaglikse situasies. Die evangelie verander die mens en die wêreld. Vandag handel die Woord oor God se bevrydende onderneming in die wêreld en God betrek die mens in God se bevrydende onderneming. God se Woord word oorgedra deur menslike woorde, dade, houdings en die gemeenskapslewe wat oop is vir kritiek omdat die mens feilbaar is. God se Woord is God se bevrydende reaksie tot elke veranderde menslike behoefte met die klem op die werklike behoefte van mense. Om te verstaan hoe die Woord op spesifieke behoeftes gereageer het, benodig ons 'n historiese rekord. Deur die Woord werk God dus vir die omvattende welsyn van die wêreld en die kerk neem deel aan hierdie taak.

Derdens moet die kerk betrokke wees in die analise van die samelewing. Die kerk kan nie slegs aalmoese uitdeel en mense aanmoedig met 'n werksetiek nie. Analise moet lei tot maatreëls wat prakties en uitvoerbaar is.

Vierdens moet die kerk steeds geloof aanmoedig wat die mens in staat stel om verby die huidige te kyk en in die toekoms te kan sien. Dit skep die gesindheid van besorgdheid oor God se hele skepping. Dit vra dat die realiteit deur God se oë gesien moet word.

Vyfdens moet die kerk profeties wees. Die kerk moet God se koninkryk, God se eise en God se gawe in Christus verkondig. Die kerk is God se instrument om die wêreld te verander deur die Woord, gesindhede te transformeer, gemeenskaplike toewyding aan te moedig en God se bevrydende daade te verkondig. Dit beteken om solidariteit, barmhartigheid en medelye teenoor sondaars te beoefen. Die kerk staan teen dit wat is en vir dit wat moet wees, naamlik die omvattende welsyn van die totale mensdom. Evangelisasie op die regte tyd is nodig, maar waar vredemakers en onderhandelaars tussen strydende groepe nodig is, moet versoening eers bewerkstellig word. Hierby het die kerk ook 'n universele verantwoordelikheid. Die kerk se boodskap is 'n universele boodskap. Die kerk moet beide die hooggeplaastes en die uitgeworpene aanmoedig om betrokke te wees in die kerk se omvattende taak. Alle mense het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van bevryding en hoe groter die persoon se invloed, hoe groter die verantwoordelikheid. Die kerk moet ook saamwerk met nieregeringsorganisasies.

Volgens Nürnberger (2004:89) moet daar 'n balans gehandhaaf word tussen die verkondiging van die Woord en gemeenskapsake. Dade is belangrik want dit kommunikeer duidelik God se bevrydende liefde in Christus. Die evangelie van aanvaarding moet ervaar word deur middel van God se verteenwoordigers. Die kerk moet bewus wees van sy beperkinge in byvoorbeeld werkskepping en die tekort aan bronne. Die kerk moet egter voortgaan om kollektiewe bewustheid te beklemtoon, om op te tree as profetiese waghond en onderhandelaar, om gesinne te ondersteun en om toegewyde gemeenskappe te bou. Die kerk se praktiese taak sluit in om die waardes, norme en doelstellings wat mense aandryf te ondersoek en alternatiewe aan te bied. Daar moet teen eie belang gewerk word vir kollektiewe belang. Families moet geleer word oor getrouheid, VIGS en finansiële beplanning. Laastens moet die kerk inderdaad dualisme oorkom. Die evangelie moet in konkrete terme verduidelik word. Die evangelie moet sin maak in die konteks waarin dit verkondig word. Dit sluit in 'n oproep vir liefde teenoor hulle wat ly en uitgeworpe is en om almal die wil van God en God se geregtigheid te leer.

4.6.3 Die plek van armoedeverligting

Armoedeverligting in vergelyking met die verkondiging van die Woord

Indien ons die plek van armoedeverligting wil bepaal, moet ons dit met die kerk se ander take vergelyk. Wanneer ons die plek van armoedeverligting met dié van prediking van die Woord vergelyk, lyk dit op die oog af of Nürnberger prediking bo armoedeverligting stel. Nürnberger (1975:455) beklemtoon egter dat in prediking die Wet beklemtoon moet word. Die prediking van die Woord moet eerstens 'n liefde vir God produseer wat die liefde vir God bo armoedeverligting plaas. Hiermee saam moet prediking ook 'n liefde vir die naaste wek (Nürnberger 1987:45). Die liefde vir die naaste plaas die klem op armoedeverligting. Deur die beklemtoning van die Wet lyk dit of Nürnberger dit regkry om beide die evangeliese benadering (versoening met God) en die benadering met die opsie vir die armes (bevryding) in 'n hegte eenheid te verbind. Dit skep ook die indruk dat die spanning in die hantering tussen die vorige twee benaderings opgelos is en daarmee saam dat die plek van armoedeverligting heeltemal aangedui is. Dit beteken dat daar nie 'n liefde vir God kan wees sonder 'n liefde vir jou naaste nie. Dit behoort verreikende implikasies vir armoedeverligting in te hou.

Deur die begrip inkarnasie erken Nürnberger die mens se onvermoë om liefde te bewys en hy verduidelik dat God self die liefde in die mens wek. Nürnberger (1975:447) erken wel dat te midde van inkarnasie die mens steeds geleer moet word om sy naaste lief te hê. Mense moet gemobiliseer word om armoede te verlig tesame met georganiseerde planne vir armoedeverligting. Nürnberger beklemtoon ook dat die liefde gepaard moet gaan met sosiale geregtigheid. Dit bring ons by die vraag – waarom plaas Nürnberger die prioriteit op prediking?

Die verkondiging van die Woord het 'n logiese prioriteit ten opsigte van die konkrete uitlewing van die boodskap (Nürnberger 1975:465). Die een is die “wortel” en die ander die vrug van die boom; waar die een nie sonder die ander kan wees nie. In Christus het die Woord in die gestalte van 'n werklike en konkrete persoon verskyn wat die woord se inhoud liggaamlik uitgeleef het tot aan die uiterste van die kruis. Dieselfde moet geld vir sy “liggaam” – die kerk wat sy werk op aarde voortsit. Waar die lewende gemeente is, word die sonde oorwin deur die nuwe lewe van Christus.

Armoedeverligting teenoor liefde

Deur die klem op naasteliefde word armoedeverligting op die voorgrond geplaas. Die beklemtoning is nodig want die gelowige en kerk vorm deel van die wêreld wat vir God teruggewen moet word (Nürnberger 1975:455). Die mens is met al sy vesels en alle dimensies van sy lewe in die wêreld geïntegreer. Christene sal nooit in staat wees om hulle van die wêreld te skei nie, aangesien hulleself in die wêreld is en hierdie wêreld kom telkens weer teen God in verset. Christene se eie lewe en wese is die eerste en vernaamste “sendingveld” van God se woord. Daar bestaan soms ’n dubbele beginsel in die lewe van die gelowiges. Met hulle hart en siel glo hulle in Christus, maar met hulle verstand en hulle daaglikse omgang tree hulle soos heidene op – dit wil sê hulle geloof word skisofrenies. Aan die een kant is die liefdevolle God in Christus, aan die anderkant is die bose wêreld onder die mag van die Satan. Hier is die geestelike sfeer, daar is die liggaamlike, die sosiale en materiële sfeer. God word bowaards en die wêreld word goddeloos. Die gelowiges mag hulle van die wêreld onttrek om in ’n geestelike droomwêreld te leef of die gelowiges mag ook kies om heeltemal sekulêr te word (Nürnberger 1994:45-50). Geloof smee egter God met God, God in Christus en God met die wêreld saam in een begrip. God en die wêreld mag nie uitmekaar breek nie anders sterf geloof.

Volgens Nürnberger is die kerk deel van die wêreld, maar dié deel waar die Woord van God werk. Die kerk kan dus nie van die wêreld afgesonder word nie, maar behoort in die liefde van God ten behoeve van die wêreld geïntegreer te word. Die wêreld is potensiële kerk en die kerk bly altyd potensiële wêreld. Dit beteken nie dat die kerk met die wêreld versmelt en sy sout funksie verloor nie. Die kerk bestaan uit mense wat uit die wêreld uitgeroep is en wat deur die Woord herskep is om weer die wêreld ingestuur te word as instrument van die Woord. Deur die sosiale verantwoordelikheid behoort die kerk die nodige aandag aan armoedeverligting te gee.

Die klem op armoedeverligting

Met die klem op ekonomiese toestande in Suid-Afrika word armoede op die voorgrond geplaas. Armoede is vir Nürnberger (1994:78) ’n belangrike aspek van die kerk se sending en hy verstaan armoede in terme van ekonomiese magstrukture. Hy kyk veral na die oorsake en patrone van armoede en verduidelik aan die hand van sy model dat daar ’n sentrum van mag

bestaan waar ekonomiese voorspoed voorkom en 'n periferie waar armoede oorheers. Hy vergelyk die sentrum byvoorbeeld met die stedelike gebiede en die periferie met die platteland. Nürnberger (1989:8) verwys na Suid-Afrika “as a system of differentiated and institutionalised distributions of political, economic and social discrepancies. Determinants include a) geographical location b) racial and ethnic affiliation c) class affiliation and d) rural gradient. South Africa can be considered to be a microcosm of the global situation of inequality. The picture which emerged is a polarization between economically powerful urban industrial centres and insignificant peripheral areas mainly populated with poor blacks.”

Omdat Nürnberger direk op armoede fokus, word armoede sterk op die voorgrond geplaas. Dit kom veral voor wanneer hy verwys na die kerk se rol in die lig van die ekonomiese toestande in Suid-Afrika. Volgens Nürnberger (1994:17) het die land 'n relatief arm ekonomie en hy meld dat Suid-Afrika nie 'n ryk land is nie. Daar vind nie noemenswaardige ekonomiese groei plaas nie en die ekonomie steun te swaar op landbou en mynbou. Die hoë bevolkingsgroei dra by tot ekonomiese probleme deurdat dit groter druk op hulpbronne plaas. Daar is ook die wanbalans in inkomste tussen die verskillende bevolkingsgroepe. Ekonomiese geleenthede moet gebalanseer word tussen die verskillende bevolkingsgroepe ten einde armoede te verlig. Die land benodig kapitaal vir intensiewe produksie tesame met die ontwikkeling van vaardighede. Werkloosheid moet verminder word deur werkskepping en die verhoging in produktiwiteit. Armoede in landelike gebiede en onder die jeug moet aangespreek word en die agterstand in opvoeding en opleiding moet uitgewis word. Bydraende faktore soos konflik, geweld, korrupsie, water tekorte en ekologiese agteruitgang moet ook die nodige aandag kry.

Nürnberger (1999:7) hou die mensdom as 'n geheel verantwoordelik vir die omvattende welsyn die hele wêreld. Deur die verantwoordelikheid van omvattende welsyn word selfsugtigheid wat armoede tot gevolg het, teengewerk. Hierdeur word die klem op die sosiale dimensie van die lewe geplaas. Die gelyke menswaardigheid van alle mense insluitende die armes moet erken word. Die hoofdoel van die ekonomie moet wees om in die behoeftes van mense te voorsien. Oorskotte op nasionale, internasionale en globale vlak moet versprei word onder minderbevoorregtes om hulle ekonomies te bemagtig. Om hierdie doel te bereik, moet die hele bevolking betrokke wees in die ekonomiese proses. Dit behels die verbetering van die infrastruktuur, mediese dienste, dienslewering en opvoeding op die plattelandse dorpe (periferie). Vir Nürnberger hou armoede veral verband met die situasie waar inkomste nie

genoeg is om die basiese behoeftes te bevredig nie. Hy meen dat deelname aan die produksieproses gebalanseer moet word sodat die mense op die periferie ook geleenthede kan kry.

Volgens Nürnberger (1999:160) is die dualisme tussen materie en gees, soos oorgedra deur die Westerse beskawing onaanvaarbaar. Omdat God barmhartig is, wil God omvattende welsyn (shalom) aan die mensdom bring. Dit beteken dat enige gebrek wat voorkom aangespreek moet word. God se verlossende daad deur die eksodus staan sentraal in die geskiedenis van Israel. Dit impliseer verder dat daar in die nuwe lewe in Christus gedeel word. Die mensdom moet deel in hierdie omvattende visie en sending van God. Sending moet die totale spektrum van menslike behoefte aanspreek. Dit vra vir die bereidheid om bronne te deel met die swakke en kwesbare. Die klem moet op gemeenskap geplaas word in plaas van die individu se belang. Die omgewing moet nie oorbenut, beskadig of misbruik word nie. Hiervoor moet die vlakke van verbruik verminder word.

Soos God mense aanvaar moet mense ook mekaar onvoorwaardelik aanvaar. Mense moet ander help sonder oorheersing. Die aandag moet gefokus word op die armstes van die armes op grondvlak. 'n Netwerk word benodig om bogenoemde te koördineer. Dit beteken ook dat sentrale beplanning benodig word. Nürnberger beklemtoon die idee dat die mensdom self verantwoordelik is vir hulle eie omvattende welsyn, waar hulle werk vir die geregtigheid van almal.

Soeke na 'n balans

Volgens Nürnberger dui die vervulling van die Wet daarop dat beide die geestelike nood sowel as die materiële nood belangrik is, want dit verwys na die mens se liefde vir God en die mens se liefde vir sy naaste (Nürnberger 1975:443). Wanneer ons oor God praat, moet ons ook oor die mens en die wêreld praat en omgekeerd. Dit beteken nie 'n samesmelting van God met die wêreld nie. God bly Heer wat heerskappy oor die skepping uitoefen. God is in volle beheer van die werklikheid wat sy negatiewiteit insluit en dit beteken dat God self ly. Die gevaar dreig as mense hulleself geheel en al aan die boodskap van God se liefde oorgee en die wêreld net maar wil vergeet. Die Woord verloor realiteit sodra dit nie meer profeties en konkreet op die wêreldse werklikheid toepaslik gemaak kan word nie (Nürnberger 1979:65). Mense kan hulle nie van hulle naaste onttrek nie. Daar kan nie slegs op die geestelike nood van die mens

gefokus word nie. Die proses van oorwinning van die sonde begin egter altyd in die mens se eie lewe en versprei daarvandaan na alle aspekte van die wêreld.

Nürnbergger beklemtoon dat deur prediking God wel beide die geestelike nood sowel as die materiële nood van die mens wil aanspreek. Met verwysing na God se betrokkenheid in die materiële nood noem Nürnbergger die volgende. God handel met mense in hulle konkrete, dit is hulle tasbare werklikheid (Nürnbergger 1989:78). Die inligting oor sulke konkrete handeling van God in die geskiedenis van die mensdom word deur die Woord gebruik om God se wil en weë aan die mens bekend te maak. Dit dui ook op die toenadering van God tot die mens. Die wil van God moet in sending vervul word. Deur die Wet maak God aanspraak op mense se lewens. Deur die evangelie bewys God Sy opofferende liefde in Christus (Nürnbergger 1979:56). Die mens word dan betrek by God se aktiewe liefde vir die wêreld.

Nürnbergger soek verder vir 'n balans tussen die teenwoordige en die toekomstige, wat die moontlikhede vir armoedeverligting vergroot. Vir Nürnbergger (1975:170) is beide die teenwoordige eskatologie (bv. jy is 'n kind van God) en die toekomstige eskatologie (jy sal 'n volmaakte kind van God wees) belangrik. Die toekomstige eskatologie vloei voort uit die huidige eskatologie. Die toekenning van kindskap verwys self altyd na 'n toekomstige vervulling – ons is nog nie daar nie. 'n Geloof wat meen dat ons reeds alles het is dus gebrekkig. Ware geloof verskil van utopiese geloof wat hemel op aarde verwag. Ons kan egter nie 'n toekomstige eskatologie sonder die teenwoordige eskatologie bekom nie. God stel intens in die mens se huidige lewenstoestand belang, wat armoede insluit.

4.6.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Nürnbergger verstaan heil hoofsaaklik in omvattende terme. Tesame hiermee word heil as die omvattende welsyn vir alle mense verstaan. Is so 'n verstaan van heil toereikend? Deur sy benadering lyk dit of Nürnbergger die twee vorige benaderings met verwysing na die evangeliese benadering (versoening met God) en bevryding (versoening met naaste/armoedeverligting) in 'n hegte eenheid bind. Dit beteken dat die twee komponente nie van mekaar geskei kan word nie en dat die een nie sonder die ander kan funksioneer nie.

Nürnbergger plaas egter hierdie opvattinge van heil bloot naas mekaar. Hierdie opvattinge van heil kan nie slegs naas mekaar geplaas word nie want daar bestaan strukturele verskille tussen hulle (5.3 hoofstuk 5). Indien die strukturele verskille tussen die begrippe verduidelik word,

sal die strukturele verwantskap ook duidelik word. Hierdie opvattinge van heil kan nie vermeng word met mekaar nie want daardeur verloor hulle hulle oorspronklike betekenis. Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5).

Nürnberg se gebruik van die idee van omvattende welsyn wat die indruk skep dat alles wat die kerk doen by sending ingesluit kan word wat nie noodwendig die geval is. Soos reeds genoem kan alles wat die kerk doen nie as sending kwalifiseer nie.

Ten opsigte van die kerk se taak bring Nürnberg die vervulling van die mens se geestelike nood en materiële nood baie na aanmekaar. Dit word moontlik gemaak deur deelname in God se liefde. Nürnberg verwys egter self na die probleem waar die kerk die een of die ander nood nalaat. Dit mag daartoe lei dat die een of ander komponent in die kerk se taak nagelaat sal word - 'n probleem wat Nürnberg self identifiseer. Verder kan die verantwoordelikhede nie net maar naas mekaar geplaas word nie. Die keuse van wat die kerk eerste of tweede moet doen sal die outomatiese gevolg hê dat die ander verantwoordelikheid moontlik nagelaat sal word.

As gevolg van die strukturele verskille tussen die opvattinge van heil word die plek van armoedeverligting nie toereikend aangedui nie. Armoedeverligting word versteek tussen die kerk se ander take. Armoedeverligting word wel geïmpliseer deur naasteliefde. Mense moet onder andere geleer word hoe om naasteliefde te beoefen. Armoedeverligting is die taak wat die maklikste nagelaat kan word omdat dit nie as noodsaaklik beskou word nie. Verder kan daar nie slegs aan die toekomstige voorkoming van armoede gewerk word sonder dat die oorsprong en die gevolge van die probleem nie aangespreek word nie. Nürnberg self meld dat ekonomiese bevryding ook nodig is wat werkskepping, investering, grondbesit, entrepreneurskap, opvoeding, subsidies, dienslewering, staatsbesit van bronne en die land se skuld aan Eerste Wêreld lande insluit.

4.7 Japie Lapoorta – transformasie van die samelewing

4.7.1 Agtergrond en betekenis

J.J. Lapoorta is die huidige visepresident van die AGS Kerk van Suid-Afrika. Lapoorta was vir 'n tydperk die voorsitter van die Nasionale Welsynsdepartement van die AGS Kerk wat hom relevant maak vir hierdie studie. Lapoorta (1996) verwys na die verhale van rasgebaseerde skeiding binne die AGS Kerk. Hy is die skrywer van die boek *Unity in Diversity* en het ook talle artikels vir die AGS se kerkblad die *AFM Herald Issue* geskryf.

4.7.2 Die kerk se sendingtaak

Hoe verstaan Lapoorta sending? Lapoorta verstaan sending in ekumeniese verband waar kerklidmate bemagtig word om die gemeenskap totaal te transformeer. Heil moet dus aan die hele gemeenskap gebring word. Lapoorta gebruik die begrip ekumenies op 'n beperkte wyse, met verwysing dat alle AGS kerke as eenheid sending moet vervul. Hy beklemtoon die belangrikheid van bevryding van ideologie en kulturele aanhangsels om groter eenheid in die liggaam van Christus te bewerkstellig.

Hoe verstaan Lapoorta heil? Lapoorta verstaan heil as om geestelike transformasie, ekonomiese transformasie en sosiale transformasie aan die samelewing te bring (in Steele 2006:10-13). Dit dui op die multidimensionele aard van heil wat meebring dat die kerk se taak multidimensioneel van aard moet wees.

Wat is dan volgens Lapoorta die kerk se sendingtaak? Lapoorta (verwys in Steele 2006:10) meld dat die kerk die samelewing waarin dit geleë is en werksaam is op 'n daaglikse basis moet transformeer tot verheerliking van God. Die transformasie waarna hier verwys word, is die totale transformasie van die samelewing wat insluit alle vlakke van die gemeenskap, naamlik geestelike, sielkundige, ekonomiese en politieke transformasie. Die “alles insluitende” benadering tot transformasie (in Lapoorta se eie woorde) is 'n aanduiding van Lapoorta se keuse vir 'n holistiese en multidimensionele benadering in die kerk se sendingtaak.

Die kerk se taak sluit geestelike transformasie in. Volgens Lapoorta (Steele 2006:11) het geestelike transformasie beide 'n persoonlike en 'n universele dimensie wat uitgevoer moet word. Lapoorta gebruik Paulus (2 Korinthiërs 10) se verstaan van transformasie om die

betekenisvolheid daarvan in geestelike oorlogvoering aan te dui. Daar moet opgetree word teen die magte of vestings wat heers oor gemeenskappe in die breë en die lewens van individue in die gemeenskap. Geestelike transformasie kan slegs plaasvind indien die magte oorwin word in individue, die atmosfeer en in die strukture van die gemeenskap. Transformasie moet teweeggebring word deur gedurige gebed, geestelike oorlogvoering asook tydperke van vas. Dit moet gevolg word deur die proklamering van God se Woord tesame met die maak van dissipels.

Die kerk se taak sluit verder ekonomiese transformasie in. Volgens Lapoorta (Steele 2006:11) hou ekonomiese transformasie verband met aspekte van sosiale geregtigheid. God is besorg oor die magteloses in die gemeenskap wat nie hulleself kan verdedig nie waar God self optree om hulle te verdedig. Die magteloses sluit in vreemdelinge, die weduwee en wese wat nie onderdruk moet word nie. God bring ook geregtigheid vir die swakke, onderdrukte en dié sonder 'n vader om hulle uit te red. God verwag van die kerk om geregtigheid te bring vir die onderdrukte en om hulle van die onderdrukker te bevry. Vir Lapoorta hou geregtigheid verband met verhoudings. Ander begrippe wat verband hou met geregtigheid is barmhartigheid, die waarheid, verbond, getrouheid sowel as die wet en instellings. Die gevolg van geregtigheid is harmonie, vrede, herstel van persoonlike verhoudings en koinonia.

In die lig van die Bybelse besorgdheid oor die armes, moet die gaping tussen ryk en arm ook vir die kerk 'n bekommernis wees wat vir definitiewe aksie vra. Die soort transformasie wat in hierdie situasies benodig word, is nie slegs goedhartigheid of barmhartigheid nie, maar ook sosiale geregtigheid. Die kerk se reaksie op die uitdaging kan nie slegs barmhartigheid wees nie want dit los nie die probleem op nie. Lapoorta gebruik die mooi voorbeeld van 'n wiel wat mense beseer. Die kerk kan nie slegs agter die wiel loop en sorg vir mense wat deur die wiel beseer word nie. Die oplossing is geregtigheid wat sal sorg dat die wiel nie meer mense beseer nie. Dit beteken dat die kerk iets profeties moet sê en doen. Die kerk moet namens die armes, uitgeworpenes en onderdrukte praat, wat die kwesbaarste in die samelewing is.

Die kerk se taak moet ook sosiale transformasie insluit. Volgens Lapoorta (in Steele 2006:11) gaan geregtigheid hand aan hand met dade van medelye want geregtigheid word nie gedoen ter wille van medelye nie, maar omdat dit die regte daad is om te doen. Wanneer daar oor dade van medelye gepraat word, moet dit nie met die uitdeel van goedere verwar word nie want dit

hou armes gevange. Dade van medelye moet die begunstigdes bemagtig om hulleself te help asook dié wat minder bevoorreg is as hulleself. Sosiale transformasie hou verband met die ontwikkeling van die gemeenskap. Lapoorta haal die voorbeeld van die Samaritaan aan as voorbeeld wat nagevolg kan word om armoede en VIGS te verlig.

Die ekumeniese benadering tot sending deur die AGS kerk is ook vir Lapoorta belangrik. Binne 'n verenigde AGS Kerk bestaan die moontlikhede dat bronne beskikbaar kan word om die armstes onder die armes te help. Volgens Lapoorta (1996:138) is die kerk deel van die gemeenskap wat met menslike hulpbronne werk. Hierbenewens is die kerk die stem van God binne die gemeenskap. Die kerk vorm die alternatiewe gemeenskap wat die waardes van die koninkryk van God reflekteer. Die kerk is nie in die wêreld vir sy eie gewin nie. Die kerk moet God se doel in die wêreld vervul.

4.7.3 Die plek van armoedeverligting

Dit is duidelik dat armoedeverligting vir Lapoorta belangrik is. Tesame met die kerk se ander take is armoedeverligting een van die kerk se vele take. Nie een van die kerk se take moet prioriteit bo die ander geniet nie, maar moet as 'n alomvattende pakket aangebied word (in Steele 2006:12).

Indien ons die plek van armoedeverligting vergelyk met dié van geestelike transformasie, lyk dit of armoedeverligting op die agtergrond geplaas word. Die indruk word geskep dat armoedeverligting geen verband het met geestelike transformasie nie. Die klem op geestelike transformasie stem ooreen met die evangeliese benadering waar ons vind dat armoedeverligting nagelaat word. Die kerk kan nie sy oë in gebed toemaak en van armoede en die armes vergeet.

Indien ons die plek van armoedeverligting vergelyk met dié van ekonomiese en sosiale transformasie word armoedeverligting sterk op die voorgrond geplaas. Sosiale geregtigheid is inderdaad 'n belangrike komponent van die evangelie. Dit het direk betrekking op armoedeverligting wat nie slegs verwys na die aanspreek van armoede nie, maar ook die aanspreek van die oorsake van armoede. Dit vra dat onregverdige politieke stelsels aangespreek moet word.

Waarom die keuse vir 'n alles insluitende benadering? Volgens Lapoorta (1996:172) moet die kerk die totale evangelie van die Koninkryk van God aan die hele wêreld verkondig. Die

heerskappy van God word nie tot die lewe van die individu beperk nie. Die vrede van God bedien alle sferes van die lewe. Daar moet 'n einde gebring word aan die dualistiese neigings waar die geestelike en fisiese, hemelse en aardse, heilige en sekulêre sake van mekaar geskei word (Lapoorta 1996:172; sien ook Concerned Evangelicals 1986:220). Die kerk word uitgedaag om vanaf die private sfeer na die publieke arena te beweeg. Politieke strukture het ekonomiese en sosiale implikasies. Die kerk moet dus alle fasette van die mens se totale lewensbestaan in sy diens aan die mens dek.

Volgens konserwatiewe evangeliese groepe het lewe op aarde nie groot betekenis nie (Lapoorta 1996:180-189). Pogings om strukture van die gemeenskap te verander, was om jouself besig te hou met aardse dinge. Die ewige waarhede van die evangelie moet bewaar word deur 'n voorbeeldige lewe te leef. Dualisme het dit vir bekeerde persone moontlik gemaak om te volhard in die uitbuiting en onderdrukking van mense en veral die armes. Die God tot mens verhouding word verkondig ten koste van die mens tot mens verhouding wat verwys na die aanspreek van die sosiale, ekonomiese en politieke situasies van die land. Individuele moraliteit word beklemtoon en die sonde in strukture is geïgnoreer. Volgens Lapoorta het die AGS kerk in sy verkondiging te veel op die siel en hiernamaals gefokus. Dit het die huidige vir die toekoms opgeoffer en hier is gekonsentreer op die hemelse ten koste van die aardse. Binne die Suid-Afrikaanse konteks het 'n term soos ras beteken dat sekere burgers geen basiese regte gehad het nie. Hoewel die strukture van apartheid verwyder is, bestaan daar steeds ekonomiese en sosiale ongelykhede. Daar is steeds 'n behoefte om die ongelykhede van die verlede aan te spreek. Blankes het steeds die beste werksgeleenthede, sosiale en ekonomiese omstandighede.

4.7.4 Beoordeling en gevolgtrekking

Is Lapoorta se verstaan van heil voldoende? Lapoorta verduidelik heil in terme van geestelike, ekonomiese en sosiale transformasie. Die aspekte van heil kan nie bloot naas mekaar geplaas word nie want daar bestaan verskille tussen die begrippe (5.3 hoofstuk5). Dit bring ook mee dat die oorspronklike en ryke betekenis van die begrippe verlore gaan. Beide versoening/vergifnis en bevryding as opvattinge van heil is noodsaaklike aspekte, binne die kerk se sendingtaak. Dit is ook nodig om die verband tussen hierdie aspekte van heil te verstaan (sien hoofstuk 5).

Hier kan gevra word of alles wat die kerk doen as sending beskou kan word. Daar bestaan ook die voortdurende spanning om een van die kerk se take prioriteit te maak. Die geskiedenis leer dat daar altyd laaste indien ooit aan armoedeverligting aandag gegee word. Dit dui die noodsaaklikheid vir meganismes om te verseker dat daar wel by armoedeverligting uitgekóm word.

Die kerk moet kennis neem van die bydraes van Lapoorta om relevant in sy sending te wees. Evangeliese groepe omskryf altyd die kerk se eerste taak “as to witness to the uniqueness and deity of our Lord Jesus Christ as Creator, Lord, Saviour and coming King” (verklaring aanvaar deur beide konserwatiewe en die besorgde evangeliese groepe) (Concerned Evangelicals 1986:45). Te midde van die soeke vir ’n holistiese evangelie, verkry armoedeverligting ’n versteekte plek binne die kerk se sendingtaak.

4.8 Tekortkominge van ’n multidimensionele benadering

Die sterkpunte van die multidimensionele benadering sluit die volgende in: dit beklemtoon dat beide die geestelike en sosiale nood (materiële) van die mens belangrik is. Tesame hiermee is die prediking van die Woord belangrik. In die uitvoering van sy taak, hoef die kerk nie ’n keuse te maak van waar die prioriteit moet val ten opsigte van sy verantwoordelikhede nie. Die ondersteuners van die benadering meld dat die konteks belangrik is in die bepaling van die kerk se sending. Die reële wêreld is belangrik veral waar armoede ’n wesenlike probleem is en geregtigheid benodig word. Die ondersteuners beklemtoon dat dit in sending oor God se sending gaan (*missio Dei*) en dat die kerk genooi word om in God se sending te deel. Die totale kerk is dus vir die totale sending van God verantwoordelik. Die belangrikheid van die wêreld word gemotiveer deur die vleeswording van Christus om heil vir die wêreld te bring. Die benadering is inklusief want die evangelie moet aan beide die rykes en armes gebring word. God is koning oor alles en almal. Hier is ’n poging om dualisme te oorkom en ’n balans in sending te probeer handhaaf. Sending moet juis omvattend, holisties, kosmies en multidimensioneel wees wat alle sferes van menslike bestaan insluit. Sending het verskeie dimensies wat nie van mekaar geskei kan word nie. In dié benadering is beide die teenwoordige en toekomstige heil belangrik. Dit verwys na die hoop op die groter toekoms en eskatologiese verwagting.

Die kritiek teen die benadering sluit die volgende in: die probleem met hierdie benadering is

dat dit die plek van armoedeverligting binne die taak van die kerk “versteek”. Geen duidelike plek word aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeskryf nie. Met so ’n versteekte plek mag armoedeverligting moontlik nagelaat word.

Volgens hierdie benadering bepaal die konteks waar die prioriteit geplaas moet word. Met so ’n oop benadering mag die kerk dus enige aspek van sy sending prioriteit maak. Waar die konteks die kerk se sending bepaal het dit tot gevolg dat daar ’n keuse gemaak moet word ten opsigte van die kerk se sendingtaak. Met die maak van ’n keuse veroorsaak dit dat een aspek beklemtoon mag word en die ander nagelaat mag word. Waar daar selfs uiterste toestande van armoede binne ’n bepaalde konteks voorkom, sal die kerk dus ook nie verplig wees om armoede die prioriteit te maak nie. Dit sal afhang van wie die sosiale analise doen.

Ons kan nie bloot aanvaar dat sending alles insluit wat die kerk doen nie. Soos reeds verduidelik, kan die aspekte van sending nie bloot naas mekaar geplaas word nie. Daar bestaan strukturele verskille in die betekenis van die opvatting van heil. Die benadering is ontoereikend omdat die opvatting van heil nie toereikend verduidelik en verstaan word nie. Opvatting van heil kan nie afgewissel word asof dit dieselfde betekenis of konnotasies dra nie. Die verskil tussen die opvatting van heil sal breedvoerig in hoofstuk 5 aan die orde gestel word. Sending kan nie slegs die oorsake van sonde of die gevolge van sonde of die toekoms van sonde aanspreek nie. Die aanspreek van een aspek bring mee dat die ander moontlik nagelaat word.

Hierdie navorsing stel dit juis ten doel om die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak te ondersoek. Die multidimensionele benadering lyk op die oog ’n meer toereikende benadering te wees vir die aanspreek van armoede binne die taak van die kerk. Daar is egter onduidelikhede wat aandag moet geniet. Ons kan nie bloot sê dat alles belangrik is nie.

Hoofstuk 5

DIE JUISTE PLEK VAN ARMOEDEVERLIGTING BINNE DIE KERK SE SENDINGTAAK

5.1 'n Oorsig oor die argument van die studie

In hierdie hoofstuk sal ek poog om 'n meer toereikende beskouing van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak te ontwikkel. In hierdie studie is tot dusver aangetoon dat die wyse waarop die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak verstaan word, afhang van die wyse waarop “sending” verstaan word. Verskillende opvattinge van sending hou weer verband met verskillende opvattinge van die “heil” wat verkondig word.

Op grond hiervan is veral drie verskillende opvattinge van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak geïdentifiseer en met verwysing na bydraes tot Suid-Afrikaanse missiologiese diskoers beskryf. Die resultate van hierdie studie kan tot dusver soos volg saamgevat word:

a) By die dualistiese benadering wat kenmerkend van evangeliese groepe is, het ons gesien dat daar 'n duidelike “tweede plek” aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak gegee word. Evangeliese groepe gee 'n bepaalde prioriteit aan die verkondiging van die evangelie want, so word daar gereken, “mense se siele moet gered word”. Verder verduidelik evangeliese groepe nie die verband tussen die verkondiging van die evangelie en armoedeverligting nie. Hoewel evangeliese groepe betrokke is by armoedeverligting, ontbreek 'n genoegsame teologiese begroning vir hulle betrokkenheid in hierdie verband. Dit bring mee dat armoedeverligting maklik nagelaat kan word. Binne die AGS Kerk word armoedeverligting byvoorbeeld afgeskuif as die verantwoordelikheid van die welsynsdepartement van die kerk.

Evangeliese groepe gee prioriteit aan die verkondiging van die evangelie omdat heil hoofsaaklik in terme van versoening en vergifnis binne die konteks van 'n herstel van die mens se gebroke verhouding met God verstaan word. Die klem val tipies hier op die heil van die individu. Dit word binne die evangeliese benadering sterk in verband gebring met die probleem van sonde. Sonde word verstaan as die gebroke verhouding tussen die mens en God.

Sonde word as die mens se grootste nood beskou. Die belangrikste Christelike simbool wat binne so 'n dualistiese benadering funksioneer, is dié van die kruis want, so word gesê, Jesus het vir ons sonde gesterf en vir die sonde van die wêreld. Deur die kruis ontvang die mens vergifnis van sy sonde en daardeur versoening met God.

Die kerk se primêre sendingtaak hou hiervolgens verband met die verkondiging van die evangelie sodat mense se gebroke verhouding met God herstel kan word. Hierdeur word mense se “siele gered” en kan die mens so die “ewige verdoemenis” vryspring. Hiervolgens geniet die heil van die menslike “siel” dus 'n bepaalde prioriteit binne die kerk se sendingtaak. Siele moet vir Jesus “gewen” word. Cassidy (1978a:201) beklemtoon dat heil die mens se mees fundamentele behoefte is. Cassidy erken dat daar meningsverskil bestaan tussen diegene wat óf evangelisasie óf sosio-politieke betrokkenheid wil beklemtoon.

In terme van hierdie primêre sendingtaak kan die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armoedeverligting op een van twee wyses verstaan word. Enersyds kan die versorging van armes verstaan word as 'n uitvloeiing of vrug van bekering. Armoedeverligting word andersyds ook gebruik as 'n soort “voorbereiding vir die evangelie” – wat neerkom op 'n bedekte motivering vir armoedeverligting. So 'n vorm van godsdiens hou min betekenis in vir die openbare lewe.

In hierdie benadering kry armoedeverligting dus 'n tweede plek na bekering binne die kerk se sendingtaak. Hierdie begrip van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak is myns insiens ontoereikend. Eerstens is daar 'n bepaalde dualisme by hierdie benadering aanwesig. Hierdie dualisme hou verband met die wyse waarop die “geestelike wêreld” van die materiële geskei word. Die evangelie word so te maklik slegs van toepassing gemaak op die “geestelike wêreld”.

Hierdie dualisme het tweedens belangrike implikasies vir die opvatting van heil wat by hierdie benadering aanwesig is. Die prioriteit wat aan die mens se “sieleheil” toegeken word, hang saam met die evangeliese verwagting van die spoedige terugkeer van Christus. Mense moet gereed gemaak word vir die hemel, terwyl mense se vrees vir die “helse smarte” juis hiervoor ingespan word. Hierdie opvatting dat heil slegs oor die heil van siele gaan is myns insiens insgelyks ontoereikend.

Derdens is dit te betwyfel of die kerk op hierdie wyse die hulpkreet van armes werklik kan

hoor en op 'n toepaslike wyse daarop reageer. Dit moet beklemtoon word dat hierdie opvatting van die kerk se sendingtaak en van die plek van armoedeverligting voorkom te midde van die haglike toestande van armoede wat in hoofstuk 1 beskryf is. Binne so 'n benadering is dit selfs moontlik om die onderdrukking van die armes geredelik te aanvaar. Die redding van siele is belangriker as die verbetering van tydelike toestande. Ray McCauley (1996:82) waarsku byvoorbeeld dat die kerk nie sy primêre taak, naamlik die heil van die siel moet nalaat nie. Dit kan gebeur wanneer die kerk weggelok word deur 'n oormatige betrokkenheid by armoedeverligting.

Binne evangeliese groepe is daar weliswaar ook die sogenaamde “concerned evangelicals” wat vra vir 'n balans tussen 'n verstaan van heil as versoening en vergifnis en heil as bevryding vanuit armoede. Die probleem met so 'n benadering is dat verskillende aspekte van heil op hierdie wyse bloot naas mekaar geplaas word sonder om die verskille of die verhouding daartussen te verduidelik. In hoofstuk 5.3 hieronder sal ek die strukturele verskille tussen hierdie en ander opvattinge van heil verduidelik in die soeke na 'n meer toereikende opvatting van heil.

b) Bevrydingsteologie gee hoofsaaklik 'n voorkeursopsie aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Hiervolgens is solidariteit met die armes die eerste of selfs die kerk se enigste taak. Die konteks en lewensomstandighede van die armes word so verstaan as die vertrekpunt om die inhoud van die kerk se getuenis te bepaal. Hierdie benadering word gefundeer in terme van die navolging van Jesus Christus se opsie vir die armes. Jesus word gesien as die bevryder van die armes. In Jesus Christus kan ons hiervolgens só iets sien van God se voorkeur opsie vir die armes.

Hierdie prioriteit wat aan armoedeverligting gegee word, hou verband met 'n verstaan van heil as bevryding vanuit politieke en ekonomiese onderdrukking – waarvan apartheid in Suid-Afrika 'n klaarblykbare voorbeeld is. Hierdie opvatting van heil hou ook verband met 'n bepaalde verstaan van sonde. Hier word gefokus op sonde as sonde van die een mens teen die ander asook die wyse waarop sonde in strukture van die samelewing neerslag vind. Armoede word op hierdie wyse verstaan as die gevolg van die sonde van een persoon teenoor 'n ander. Verlossing verg daarom 'n breek met die verlede en die begin van 'n nuwe bedeling. Só word die nosie “bekering van sonde” hiervolgens verstaan. Heil beteken dat die armes gevoed moet

word en die sieke genees moet word in die hier en die nou. Heil raak daarom nie net die individuele siel nie, maar ook die mens se liggaam, verhoudings tussen mense, die hele gemeenskap, die skep van regverdige strukture in die samelewing en ook die mens se omgewing. *Heil* behels dus die *heelmaak* van die hele menslike bestaan. Dit is egter alleen moontlik op grond van bevryding vanuit strukture wat onderdrukkend is. Die onderdrukte moet hiervolgens na veiligheid gebring word, desnoods deur middel van 'n militêre stryd. Dit word veral gesimboliseer deur die motief van die Eksodus. Bevryding is in hierdie opsig die noodsaaklike voorwaarde vir die moontlikheid van heil. Die belangrikste simbool wat binne hierdie opvatting van heil funksioneer, is dié van die opstanding. Deur die opstanding van Jesus Christus word die dood oorwin en so word 'n nuwe bedeling moontlik.

Wat is hiervolgens die kerk se sendingtaak? Hier word van die kerk verwag om aan die kant van die armes te staan om hulle van onderdrukking te bevry. Indien die kerk relevant wil wees, moet ekonomiese, sosiale en politieke sonde aangespreek word. Die realiteit van menslike lyding moet as vertrekpunt gebruik word. Hierdie benadering erken dat die stryd van die armes ingewikkeld is omdat dit verband hou met die transformasie van die totale gemeenskap. Die stryd van die armes hou verband met die stryd vir menswaardigheid en identiteit. Vir effektiewe sending is sosiale analise noodsaaklik.

Myns insiens is die wyse waarop 'n eerste plek aan armoedeverligting binne hierdie benadering gegee word ook ontoereikend. Hoewel armoedeverligting op hierdie wyse ten regte beklemtoon word, is daar ook ander aspekte van heil wat nie tot hulle reg kom binne die konteks van die klem wat op bevryding geplaas word nie. Die benadering is in hierdie sin te eensydig en daarom ontoereikend. Hierteenoor beklemtoon die evangeliese benadering myns insiens tereg dat heil ook te make het met die mens se gebroke verhouding met God. Die diepste oorsake van gebroke verhoudings tussen mense en óók van strukture wat onderdrukkend is, is hiervolgens te vinde in vervreemding tussen God en mens. Juis daarom is nie net bevryding nodig nie, maar ook versoening op grond van God se vergifnis. In die bespreking hieronder sal ek na hierdie onderskeid terugkeer.

Dit is verder ook belangrik om reg te laat geskied aan die behoefte om ook na afloop van bevryding in die reine te kom met die geweld en ongeregtigheid wat steeds in die samelewing aanwesig is en wat nie sonder meer deur bevryding opgehef word nie. Die probleem

onderliggend aan hierdie benadering is dus dat dit nie reg laat geskied aan 'n aantal ander teologiese begrippe waarmee heil beskryf word nie, dat dit daarom ook nie die verhouding tussen hulle kan verduidelik nie en dat dit nie werklik die mens se behoefte aan versoening met God aan die orde stel nie. In hierdie opsig is dié benadering gesentreer op die mens eerder as op God.

c) Binne die multidimensionele benadering is armoedeverligting een van die kerk se vele take. Volgens hierdie benadering is dit nie nodig om te kies tussen verskillende aspekte van die kerk se sendingtaak nie. Dit is ook nie nodig om 'n bepaalde rangorde te bepaal waarin onderskei word tussen primêre en sekondêre aspekte in dié verband nie. Alle take van die kerk word dus as belangrik geag. Geen definitiewe plek word só aan armoedeverligting toegeken nie. Die benadering dui aan dat armoedeverligting nie 'n eerste of tweede plek in die kerk se sendingtaak moet verkry nie, maar dat die konteks die kerk se sending moet bepaal. Dié benadering spesifiseer dus nie die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak nie. Dit kan weliswaar meebring dat armoedeverligting 'n “versteekte” plek binne die kerk se sendingtaak verkry sonder om die belang daarvan duidelik aan te dui.

Volgens hierdie benadering sluit die kerk se sendingtaak alles in wat die kerk doen. Die omvattende aard van die sending van die vroeë kerk deur middel van getuieis in woord, daad en voorbeeld word beklemtoon. Alle aspekte van sending is hiervolgens intiem verbind en interafhanklik van mekaar. Hierdie oortuiging kan op verskillende wyses teologies begrond word. Hier kan byvoorbeeld die oortuiging dat God Koning oor alles is en oor die hele skepping regeer genoem word. Andersyds kan daar gesê word dat die kerk se sendingtaak as liggaam van Christus is om die rol as dienskneg te vervul. Die kerk is hiervolgens die kerk vir ander. Dit verg van die kerk 'n wending na die wêreld. Ander beklemtoon weer dat die kerk se sendingtaak 'n soeke na geregtigheid en bevryding insluit. Die kerk mag hiervolgens nie uit die wêreld onttrek word nie, maar is juis 'n agent van God se heil binne die wêreld.

Heil word ook binne hierdie benadering op 'n omvattende wyse verstaan. Heil is hiervolgens net so samehangend, breed en diep soos die behoeftes van die menslike bestaan. Bosch kritiseer evangeliese groepe wat die heil slegs as iets geestelik en individueel verstaan, naamlik in terme van die redding van siele. Bosch beklemtoon dat Jesus nie 'n onderskeid tussen redding vanuit sonde en redding vanuit materiële nood gemaak het nie. Nog minder het

hy onderskeid getref tussen die geestelike en sosiale behoeftes van die mens. Heil word as 'n omvattende metafoor verstaan wat alle sferes van die menslike lewe insluit. Die begrip “comprehensive well-being” wat Nürnberger veral gebruik vat die opvatting van heil binne die multidimensionele benadering akkuraat saam. Dit behels die aanspreek van verskillende menslike behoeftes wat na die gelang van omstandighede op verskillende wyses tot uiting kan kom.

Binne die multidimensionele benadering het só 'n omvattende verstaan van die heil ook implikasies vir die wyse waarop heil bemiddel word. Binne die evangeliese benadering val die klem op die verkondiging van die woord (kerugma), juis omdat dit verstaan word as God se woord van vergifnis ten einde versoening tussen God en mens teweeg te bring. Binne die benadering van die bevrydingsteologie val die klem daarenteen op die daadwerklike bevryding vanuit mense se lyding. Dit beteken dat die dienswerk van die kerk (diakonia) en daarom armoedeverligting 'n bepaalde prioriteit geniet. Dit is kenmerkend van die multidimensionele benadering dat die rol van beide kerugma en diakonia beklemtoon word, maar verbind word met die belang van die gemeenskap van die gelowiges (koinonia) en die aanbidding van die gelowiges (leitourgia). Bosch argumenteer dus dat die kerk se getuienis (marturia) al vier hierdie aspekte, naamlik kerugma, koinonia, diakonia en leitourgia insluit. Die heil wat deur die krag van die Heilige Gees vir 'n wêreld in nood gebring word, kan op enige van hierdie wyses bemiddel word. Bosch verduidelik egter nie die wyse waarop hierdie aspekte van die kerk se getuienis met mekaar verband hou nie. Hy meen klaarblyklik dat die een aspek nie sonder die ander kan bestaan nie, dat die een die ander oproep en dat al vier daarom gesamentlik beklemtoon moet word.

Dit is dus kenmerkend van die multidimensionele benadering dat hulle verskillende aspekte van die sendingtaak raaksien en elkeen daarvan tot sy reg wil laat kom. Die verskillende aspekte word bloot naas mekaar geplaas of selfs net gelys. Hoewel hierdie benadering daarom die pretensie het om omvattend te wees, is die bespreking dikwels onbevredigend. Die rede hiervoor is dat die verhouding tussen die verskillende aspekte van heil en van die kerk se sendingtaak nie op hierdie manier toereikend verduidelik word nie. Sending kan insgelyks nie alles wat die kerk doen insluit sonder dat die betekenis daarvan in die proses vervaag nie. As alles sending is, is niks meer sending nie. By hierdie benadering mag daar ook die neiging voorkom om tog aan een van die behoeftes 'n bepaalde prioriteit toe te ken. Dit het tot gevolg

dat die ander aspekte ten spyte van die poging tot omvattendheid uiteindelik nagelaat sal word. Die probleem hier is dat daar weer eens 'n “versteekte” plek aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak toegeken kan word. In die bespreking hieronder sal ek die strukturele verskille tussen die opvattinge van heil as vergifnis, bevryding en riglyne vir die lewe verduidelik.

5.2 Die kerk se sendingtaak en verskillende opvattinge van heil

Hoe moet sending verstaan word? Evangeliese groepe verstaan sending hoofsaaklik as evangelisasie soos ek reeds breedvoerig in hoofstuk 2 verduidelik het. Bevrydingsteoloë verstaan sending as die daadwerklike bring van die evangelie aan armes. Die bring van die evangelie moet dus gepaardgaan met daade – veral daade van bevryding vanuit politieke onderdrukking. Hierdie benaderings het hulle tekorte. Die multidimensionele benadering se omvattende verstaan van sending, soos Bosch dit verwoord om “heil vir die wêreld” te bring, blyk die mees toereikende benadering te wees. Die idee dat sending God se sending (*Missio Dei*) is, moet ook beklemtoon word.

Ek wil hier volstaan met die multidimensionele benadering se verstaan van sending. Die wyse waarop die sendingtaak van die kerk hiervolgens op 'n omvattende wyse verstaan word, is ook toereikend. Die wyse waarop die heil hiervolgens in en deur die getuie van die kerk oorgedra word, naamlik deur verkondiging, dienswerk, die gemeenskap van gelowiges en aanbidding, slaag daarin om 'n breër, meer inklusiewe verstaan van sending voor te hou. Die probleem onderliggend aan die multidimensionele benadering hang egter saam met 'n bepaalde onduidelikheid oor die wyse waarop hierdie vorms van getuie met mekaar verband hou. Ten diepste hang die wyse waarop die middele tot heil hier naas mekaar geplaas word myns insiens saam met 'n gebrek aan helderheid ten opsigte van die aard van die heil wat verkondig word. In die bespreking hieronder sal ek wys op verskillende opvattinge van heil en veral op die strukturele verskille tussen hierdie opvattinge van heil.

Hoe moet heil verstaan word? Evangeliese groepe verstaan heil tipies in terme van “versoening of vergifnis”, terwyl bevrydingsteoloë heil hoofsaaklik in terme van die metafoer “bevryding” verstaan. Die multidimensionele benadering verstaan heil as 'n omvattende metafoer. Hiervolgens belowe die Christelike evangelie omvattende welsyn vir die mens (Nürnberg 2002:23).

Na my mening dra al bogenoemde opvattinge by tot 'n toereikende verstaan van heil, maar die verhouding tussen hierdie begrippe verg verdere verheldering ten einde 'n blote vermenging van hierdie begrippe te vermy. Op grond van 'n verduideliking van die verwantskap, maar ook die strukturele verskille tussen die onderskeie opvattinge wat vir heil gebruik word, sal die kerk se sendingtaak asook die plek van armoedeverligting daarin duideliker na vore kom.

In die bespreking van verskillende opvattinge van heil hieronder sal ek veral gebruik maak van die beroemde analise van Gustaf Aulén van die drie belangrikste opvattinge van heil in die Christelike tradisie, naamlik as “bevryding”, “vergifnis”/ “versoening” en die navolging van 'n inspirerende voorbeeld. Ek sal ook van die aanvullende bydraes van skrywers soos Colin Gunton, Daniel Migliore, Gregory Boyd, Vincent Brümmer, Petrus Abelardus, Friedrich Schleiermacher en Alistair McGrath gebruik maak. Op grond hiervan sal 'n konseptuele “kaart” geteken word ten einde verskillende opvattinge van heil met mekaar in verband te bring.

5.3 Drie klassieke soteriologiese modelle

Die analise van hierdie drie klassieke soteriologiese modelle berus op die beroemde werk oor die leer van versoening deur Gustaf Aulén, *Christus victor: An historical study of the three main types of the idea of atonement* (1931). Ek sal kortliks hierdie opvattinge bespreek en aandui hoe die analise van Gustaf Aulén deur hedendaagse teoloë benut word. In sy boek *Christus Victor* onderskei Gustaf Aulén tussen die volgende drie basiese tipes van versoening, naamlik die “klassieke”, “Latynse” en die “subjektiewe” tipe. Die “klassieke” tipe berus op die bydrae van Irenaeus waarin Christus se oorwinning oor die magte van onheil en die dood beklemtoon word. Die “Latynse” tipe (ook genoem die Anselmus tipe) verwys na die opoffering wat Christus gemaak het ter wille van die mens se skuld en God se geregtigheid. Die “moderne” tipe vind aansluiting by Abelardus en beklemtoon die subjektiewe toepassing van die versoening van Christus en word soms na verwys as “morele invloed”. Vervolgens word hierdie drie tipes van versoening van nader beskou.

5.3.1 Die “klassieke” tipe – Christus as oorwinnaar

Ter wille van 'n dieper insig en duidelikheid maak Aulén (1931:32-49) gebruik van Irenaeus se bydrae om die “klassieke” tipe van versoening te verduidelik. Irenaeus se bydrae is gevul met die idee van versoening omdat hy deurlopend op die werk van Christus konsentreer. Die

vleeswording is vir Irenaeus belangrik omdat hy dit as voorbereiding vir Christus se versoeningswerk beskou. Binne die “klassieke” tipe word versoening deur die soewereine God wat alleen regeer bewerkstellig ten einde God met die wêreld te versoen. God self is in konflik met onheil in die geskiedenis en bewerkstellig oorwinning oor die magte wat die mens gevange hou. Irenaeus plaas klem op Christus se gehoorsaamheid tydens sy lewe op aarde. Deur Christus se gehoorsaamheid word die magte van duisternis tot niet verklaar en dit bring die oorwinning. Christus se oorwinning deur gehoorsaamheid tydens sy lewe op aarde word as patroon vir oorwinning beskou. Vir Irenaeus is dit egter Christus se dood wat die finale oorwinning bring. Irenaeus vind die idee van die losprys om die versoeningswerk van Christus te beskryf as die mees toepaslikste Bybelse beeld. Die losprys word beskou as betaling aan die magte van onheil, die dood of die duiwel (Aulén 1931:51). So word hierdie magte oorwin en hulle mag oor die mensdom kom tot ’n einde. Die mag van duisternis word oorwin en ’n nuwe verhouding tussen God en die mens word begin. Hierdeur word versoening moontlik gemaak. Die oorwinning deur Christus is alleen moontlik deur die krag van God. Die magte van onheil kom in opstand teen die wil van God en bring vyandskap tussen God en die mensdom. God is beide die versoener en versoende. Die versoeningswerk van Christus word uitgebeeld as ’n oorlog tussen die magte van onheil en Christus waar Christus dan as oorwinnaar uit die stryd tree.

Aulén beskou die benadering van Christus as oorwinnaar as ’n leerstelling van versoening omdat dit die werk van heil beskryf (Aulén 1931:20-23). Hierdie heil bring versoening tussen God en die mens. Hierdie benadering beskryf versoening as die voortdurende werk van God van die begin tot die einde. Volgens die benadering van Christus as oorwinnaar, bring versoening nie slegs ’n verandering in die mensdom nie, maar ook ’n verandering in God se gesindheid teenoor die mensdom. Versoening bring ’n nuwe verhouding tussen God en die mensdom tot stand – wat die totale situasie verander (Aulén 1931:21).

Volgens Aulén verteenwoordig die dood van Christus dus ’n oorwinning oor die magte van onheil. Hierdie oorwinning oor die magte van onheil bring versoening tussen God en die mensdom. God het Homself met die mensdom versoen. Aulén sien dus nie die dood van Christus as betaling aan God nie, nog as ’n morele invloed vir die mensdom.

Kontemporêre opvattinge oor die idee van Christus as oorwinnaar

Verskeie kontemporêre skrywers het gereageer op Aulén se benadering tot die oorwinning wat Christus behaal het. Ek sal verwys na die bydraes van Colin Gunton, Daniel Migliore, Gregory Boyd en Vincent Brümmer.

Colin Gunton

In sy boek *The Actuality of Atonement: The Study of Metaphor, Rationality and the Christian Tradition* (1989), ondersoek Colin Gunton die Christelike leer van versoening. Gunton (1989:53-141) verwys na verskeie opvattinge vir versoening byvoorbeeld die slagveld, die altaar en die hof wat die bediening, opoffering en oorwinning van Christus aandui. Die oorwinning deur Christus is nie bloot 'n historiese gebeurtenis nie, maar vind plaas binne die lewens van Christene en die Christelike gemeenskap op 'n voortdurende basis. Hy verstaan versoening as oorwinning, maar anders as by Aulén is daar sprake van 'n voortsetting van die oorwinning en ook van 'n aardse oorwinning (Gunton 1989:57). Die oorwinning is vir Gunton 'n menslike oorwinning asook 'n goddelike oorwinning.

Volgens Gunton moet die klassieke teorie van Christus as oorwinnaar oor die magte van onheil in die lig van Bybel ondersoek word. Hy verduidelik dat die metafoer in Kolossense 2:15 tradisioneel (ook deur Aulén) verstaan is as die Roomse Ryk wat die magte van die duisternis verteenwoordig. Volgens Gunton (1989:55) verwys die teks egter na die hemelse skare wat Christus in sy stryd aanmoedig.

Volgens Gunton is daar min aanduiding van Christus se oorwinning in Paulus se geskrifte, maar dat daar eerder in die evangelies na die stryd van Christus ter wille van die Koninkryk van God verwys word. Die evangelie skrywers verwys wel na 'n sekere soort oorwinning wat Christus behaal het. Die woorde van Jesus aan die kruis – “dit is volbring” dui wel op 'n kreet van oorwinning. Wanneer Jesus mense wat gebonde is bevry, word sy bediening verstaan as om onheil te vernietig.

Gunton (1989:57) meen dat Aulén se benadering gebrekkig is omdat die oorwinning van Christus nie slegs op 'n kosmiese vlak plaasvind nie, maar voortgaan in die lewe van die Christelike gemeenskap. Hy verduidelik dat dit beklemtoon moet word sodat die goddelike konflik as meer as net 'n mite of 'n “storie van die gode” gesien moet word (Gunton 1989:57). 'n Volgende gebrek by Aulén se benadering is dat die oorwinning van Christus beide 'n

menslike oorwinning sowel as 'n goddelike oorwinning moet insluit (Gunton:1989:57). Gunton dui aan dat Aulén die oorwinning van die versoening oorbeklemtoon en daarin misluk om die menslike en tragiese aspek van die verhaal van Christus te beklemtoon. Hy argumenteer dat Christus nie slegs as verteenwoordiger van die Koninkryk gekom het nie, maar om die menslike heerskappy oor die demoniese en rebelse skepping te vestig.

Daniel Migliore

In sy boek *Faith Seeking Understanding* (1991), beskryf Daniel Migliore ook die drie teorieë van versoening. Migliore meen dat die benadering van Christus as oorwinnaar nuttig is, omdat dit die realiteit van onheil wat die mensdom gevange hou, beklemtoon en God se oorwinning oor die onheil aandui. Migliore (1991:182) argumenteer dat hierdie benadering gebrekkig is wanneer dit sy beskrywing van die “kosmiese stryd” tussen God en Satan gebruik om die mensdom se verantwoordelikheid vir hulle sonde te ondermyn. Binne so 'n verstaan mag die goddelike oorwinning en konflik beskou word as 'n kosmiese stryd wat die Christelike gemeenskap uitsluit en hulle bloot toeskouers maak.

Migliore dui aan dat 'n sterkpunt van hierdie benadering is dat God nie die versoening en bevryding van die wêreld deur dwang bereik het nie. Migliore (1991:182) stel dit soos volg: “God achieves the liberation and reconciliation of the world not by employing coercion or brute force but by the foolish wisdom of the Cross.” Verder het God nie oorwinning oor die mensdom behaal deur gewelddadige vergelding nie, maar eerder deur die krag van Sy goddelike liefde. Migliore meen dat die magte van onheil afbrekend is en ook tot selfvernietiging lei. Hy waarsku dat die boodskap van die kruis nie letterlik as dwaasheid vertolk moet word nie, maar dat God se “dwase” metode om die mensdom te verlos verreweg die mees wyse en kragtige manier is.

Gregory Boyd

In sy boek *The Nature of Atonement* stel Gregory Boyd (2006:25-35) voor dat die benadering van Christus as oorwinnaar moet bestudeer word binne die breër konteks van motief van geestelike oorlogvoering in die Bybel. Hy verduidelik dat die motief van geestelike oorlogvoering die Bybelse verhaal van die voortdurende kosmiese stryd tussen God en die magte van onheil beskryf. Oorwinning word behaal oor die vyandige magte en menslike agente wat God se skepping bedreig. Volgens Boyd hou die kosmiese stryd in die Ou

Testament verband met God se oorlog teen vyandige waters en die onstuimige monsters wat die wêreld gevange hou. Die Israelitiese wêreldbeskouing was gebaseer op die idee dat gebeurtenisse in die geestelike sfeer die geskiedenis en natuur beïnvloed. In die lig hiervan word armoede, ongeregtigheid en natuurlike rampe verstaan as werke van “rebelse gode”. Die aarde en die skepping bestaan dus binne die kosmiese oorlogsonne en Israel was afhanklik van God se voortgesette stryd teen die vyandige magte om hulle te bewaar en te beskerm.

Boyd (2006:27) is van mening dat Jesus gekom het vir een doel en dit is om die Satan se mag oor die mensdom te vernietig. Hy stel dit soos volg: “Everything Jesus was about was centered on vanquishing this empire taking back the world that Satan had seized and restoring its rightful viceroys (humans) to their position of guardian of the earth” (Boyd 2006:27). Boyd meen dat die hele Nuwe Testament deurtrek is met die tema van Christus se oorwinning oor die kosmiese magte. Hy beklemtoon die kosmiese belang van Christus se oorwinning. Om die soteriologiese belangrikheid van die kruis te verstaan en te waardeer, is dit nodig om dit binne die konteks van die kosmiese belang van Christus se oorwinning te verstaan.

Boyd, soos Aulén, is van mening dat die oorwinning oor die magte van onheil versoening tussen God en die mensdom teweegbring. Hierdeur word die mensdom geheilig en sonder vlek voor God gebring (Boyd 2006:33). Boyd verwys na hoe die apostel Paulus die kosmiese belang van Christus se werk beklemtoon, waar hy in Efesiërs meld dat die vyand onder die voet van Christus geplaas is. Hy stel dit soos volg: “Since the ‘ruler of the power of the air’ has been defeated, humanity is made ‘alive together with Christ’”.

Soos Ireneaus glo Boyd (2006:33) dat die goddelike oorwinning voortduur binne die lewe van die Christelike gemeenskap. Die Christelike gemeenskap se persoonlike en sosiale oorwinning is verbind met Christus se kosmiese oorwinning. Boyd kom tot die gevolgtrekking dat die benadering van Christus as oorwinnaar die enigste benadering is wat reg laat geskied aan die sentraliteit van die motief van die kosmiese oorlogvoering van Christus se oorwinning oor Satan in die Nuwe Testament.

Vincent Brümmer

In sy boek, *Atonement, Christology and the Trinity: Making Sense of Christian Doctrine* (2005), kyk Brümmer na die teorieë van versoening. Brümmer (2005:34) verwys ook na die idee van losprys binne die teorie van die kerkvaders. Die kerkvaders se idee van losprys is dat

versoening deur God en nie aan God gedoen is nie. Die vraag wat toe ontstaan is dat indien die prys nie aan God betaal is nie, aan wie is dit wel betaal? Brümmer meld dat die “ooglopende” antwoord die Satan sal wees. Brümmer (2005:46) stel dit soos volg: “The ransom theory, develops a speculative mythology explaining God’s victory over Satan, in which humanity was freed from Satan’s power.” Eerstens verstaan die ondersteuners van die losprys teorie sonde as ’n “objektiewe persoonlike mag” wat die mensdom gevange hou en tweedens dat God alleen in staat is om die mensdom van gebondenheid te bevry. Brümmer maak die afleiding dat die daad van onheil van die mensdom nie alleen die wêreld affekteer nie, maar dat die mensdom ook die bron van onheil in die wêreld is. Tesame hiermee vereis God se heilsdade die deelname van die mensdom.

5.3.2 Die Latynse model (gebaseer op die idee van strafregtelike plaasvervangings)

Eeue na Ireneus se lering, is geglo dat Christus die mensdom bevry van die “god van hierdie wêreld” wat hulle gevange gehou het. Die kerkvaders het met die vraag geworstel of die heil van die mensdom nie op ’n ander wyse as dié van die kosmiese stryd teweeggebring kan word nie. Vervolgens kyk ons na Anselmus se teorie van genoegdoening as ’n moontlike antwoord op hierdie vraag.

Anselmus se teorie van genoegdoening

Anselmus beskryf sy teorie van genoegdoening in sy boek *Cur Deus Homo*. Anselmus verwerp die klassieke idee van versoening en stel voor ’n leer van die bevryding van die skuld van sonde. Hy verwerp die idee dat ’n losprys aan Satan betaal is. Hy propageer ’n “objektiewe” benadering van versoening, waar God die “voorwerp” van Christus se versoeningswerk is en met die wêreld versoen word deurdat daar aan God se geregtigheid voldoen word. Anselmus verduidelik dit soos volg: “Sin is thus of the nature of a debt. The sinner ought not to be forgiven unless in some way reparation can be made or “satisfaction” offered to God for the wrong which sin has done” (Anselmus sa: 17).

Anselmus argumenteer dat die mensdom nie in staat is om die nodige “genoegdoening” aan God te verleen nie. Indien die mens dit nie kan doen nie, moet die werk van versoening deur God self gedoen word. Volgens Anselmus was die enigste manier hoe God dit kon doen, om self mens te word. Anselmus beklemtoon die erns en gewigtigheid van sonde soos volg: “You have not yet fully weighed the gravity of sin”. Indien sonde vergewe word, word die erns

daarvan verdra. Genoegdoening moet vir die sonde aangebied word. Hy glo dat dit slegs die werk van versoening van God self is wat die menswaardigheid van die mensdom asook die eer van God self kon herstel. Anselmus en sy opvolgers verstaan die Latynse idee van versoening as die werk van God van die begin tot die einde.

Die Latynse idee van versoening beklemtoon dat Christus se offer genoegsaam vir die skuld van die mensdom is. Binne die Latynse tipe idee van versoening word gefokus op die opoffering van Christus as mens, die een sonder sonde wat namens sondaars gesterf het. Christus offer homself aan die Vader en die Vader aanvaar die offer. Die mens verkry heil deur die opoffering van Christus te aanvaar.

Gustaf Aulén oor die idee van strafregtelike plaasvervanging

Aulén kritiseer Anselmus se idee van strafregtelike plaasvervanging. Eerstens vind hy die idee onaanvaarbaar dat genoegdoening deur die mens gebring moet word en dat al die werk van versoening deur Christus as 'n mens gedoen is. Tweedens vind hy die idee van strafregtelike plaasvervanging te “wetties”.

Aulén het 'n probleem met die benadering van plaasvervanging wat gebaseer is op die idee dat genoegdoening deur die mensdom aangebied moet word. Aulén (1931:103) verwys na Anselmus wat sê: “The satisfaction must be made by humans; and this is precisely what is done in Christ’s atoning work”. Die werk van versoening word daarom nie deur God se vleeswording bereik nie, maar deur God as mens. Aulén is van mening dat Anselmus nie 'n noue verband tussen die vleeswording van Christus en die werk van Christus aandui nie. In die benadering van Christus as oorwinnaar word die dood van Christus gesien as die klimaks van die oorwinning van 'n lang kosmiese stryd. Hier is dus nie die voortsetting van die werk van versoening nie. Hierteenoor fokus Anselmus op die mensdom om die nodige genoegdoening van God se oordeel te bring.

Aulén (1931:105) meen dat die idee van strafregtelike plaasvervanging ooreenstem met die wettiese idee waar God betaling ontvang vir die mensdom se sonde. Dit is God se wil dat Christus namens die mensdom genoegdoening moet bring vir God se oordeel. Binne so 'n streng wettiese sisteem word God vergoed vir die mensdom se sonde. Aulén haal Anselmus soos volg aan: “by the reasons given above that this blessedness ought not to be given to anyone but to him whose sins are thoroughly forgiven, and that this forgiveness ought not to

be granted except when the debt is paid which is due for sin, according to its exceeding greatness” (Anselm sa:111).

Aulén het ’n probleem met die klem wat Anselmus op sonde plaas en die behoefte vir genoegdoening deur die mensdom. Volgens Aulén word God se weersin teen sonde deur so ’n benadering verswak. Aulén (1931:108) omskryf dit soos volg: “If God can be represented as willing to accept a satisfaction for sin committed, it appears to follow necessarily that the dilemma of laxity or satisfaction really fails to guard the truth of God’s enmity against sin. The doctrine provides for the remission of the punishment due to sin, but not for the taking away of the sin itself.”

Colin Gunton

Volgens Gunton is Anselmus se benadering van genoegdoening van nut. Hy argumenteer dat Anselmus se opvatting gebaseer is op Middeleeuse regsorde. Hy meen die teorie van genoegdoening wat gebaseer is op die regsisteem ’n meer akkurate prent van Christus se versoeningswerk weergee. Gunton haal Anselmus aan om homself te verduidelik: “Man’s salvation could only be affected by a work done by one who was both God and man, such as Christ did” (Anselm sa:22). Vir Gunton is dit belangrik dat die menslikheid van Christus beklemtoon word sodat die mensdom gered moet word. Gunton verduidelik dat die teorie van genoegdoening nie die klem op die sonde van die mensdom wil plaas nie, maar primêr op die goedheid van God. Hy verduidelik dat genoegdoening die resultaat is van die goeie God wat wil verhoed dat die skepping homself vernietig (Gunton 1989:92). Volgens die teorie van genoegdoening offer Christus homself aan die Vader. Gunton argumenteer dat dit nie verband hou met ’n wettige transaksie nie, maar onverdiende genade. Hy stel dit soos volg: “The death of Christ as a gift unto the Father is far too valuable; it far ‘outweighs’ the ‘weightiness’ of the sin of humanity” (Gunton 1989:92).

Volgens Gunton word Anselmus se opvatting oor sonde en genoegdoening verkeerd vertolk. Die mens se sonde moet nie as ’n oortreding teen God se eer geïnterpreteer word nie. Gunton argumenteer dat dit nie God is wat ly nie, maar die skepping self want God kan nie beledig word nie. Sonde veroorsaak dat die heelal korrup word. Gunton (1989:96) stel dit soos volg: “And as with sin, correlatively with salvation if sin is cosmic disorder, then salvation is the action of God as He takes responsibility for the whole context of our lives, setting us free to

live in the universe He does not allow to go to ruin.” Die doel van genoegdoening is God se daad om dit wat korrup is, reg te stel en te restoureer. Hierdie soeke na geregtigheid hou nie verband met God se eer nie, maar is in belang van die mens. Gunton (1989:96) stel dit soos volg: “Anselm’s God mercifully restores humanity and the universe through restorative and distributive justice which is to preserve the established order.”

Daniel Migliore

Migliore (1991:180-184) bevestig dat die menslikheid van Christus binne die teorie van genoegdoening meer beklemtoon word as binne die benadering van Christus as oorwinnaar. Volgens Migliore ontlok die teorie van genoegdoening wettiese opvattinge, op ’n manier dat dit lyk asof genade en geregtigheid in konflik met mekaar staan. Hy bevraagteken die teorie van genoegdoening se verstaan van genade en hy stel dit soos volg: “If grace is made conditional through satisfaction made to God, can conditional grace then be considered as grace?” (Migliore 1991:187)

Volgens Migliore (1991:182) onderskei die teorie van genoegdoening nie of Christus as “plaasvervanger” of “verteenwoordiger” van die mensdom optree nie. Hy verduidelik dat ’n plaasvervanger iets vervang en ’n verteenwoordiger aan die wêreld en mense behoort, binne hulle verhoudings. Binne sy benadering word die werk van versoening van Christus verstaan as persoonlike verteenwoordiging eerder as “meganiese” plaasvervanging.

5.3.3 Teorie van morele invloed (subjektiewe tipe)

In hierdie deel ek kyk na die teorie van morele invloed in die lig van die bydraes van Abelardus, Aulén en Schleiermacher.

Petrus Abelardus

Abelardus (1971:35) soek na ’n meer menslike idee van versoening en verwerp Anselmus se leer van strafregtelike plaasvervanging. Abelardus verstaan sonde as “onvolmaaktheid”. Hy beskou die Latynse benadering ten opsigte van die werk van Christus as onvoldoende. Hy aanvaar nie die idee dat Christus gesterf het om genoegdoening aan God te verleen nie. Abelardus se probleem met Anselmus se benadering hou verband met God se vergifnis aan die mensdom, waar hy eerder die klem op God se goedheid wil plaas. Hy verduidelik dit soos volg: “It was an axiom of the Enlightenment that God’s attitude to the world must always and

unalterably be one of benevolence and goodwill; such language was preferred to the word love” (Abelardus 1971:43). Volgens die teorie van morele invloed word heil dus teweeggebring deur die verandering wat Christus in mense se lewens bring deur sy invloed op hulle lewe.

Alhoewel Abelardus die idee van God se liefdevolle vergifnis beklemtoon, is daar steeds die verwagting dat die mens vergifnis moet soek. Wanneer ’n mens tot bekering kom en sy of haar lewe verander, beloon God volgens Abelardus hierop die mens met ’n toename in blydskap. Die grondslag van hierdie benadering is essensieel mensgerig en moralisties. Die teorie van genoegdoening dui op God se vereiste vir geregtigheid as gevolg van die gewigtigheid van sonde. Abelardus se probleem met die teorie van genoegdoening is dat daar hiervolgens ’n gebrekkige erns ten opsigte van sonde en God se weersin teen sonde kan voorkom.

Hierdie moderne teorie beklemtoon dus die subjektiewe toepassing van Christus se versoening deur morele invloed. Binne só ’n “subjektiewe” benadering word versoening tussen God en mens verstaan as ’n proses wat in die mens self plaasvind, soortgelyk aan bekering. In hierdie geval word na Christus as die perfekte voorbeeld verwys. Heil word teweeggebring deur die verandering wat in die mens plaasvind as gevolg van die invloed van die werk van Christus en die Heilige Gees.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Gustaf Aulén

Volgens Aulén is die teorie van genoegdoening ontoereikend omdat dit in teenstelling met God se liefde staan. Aulén bevestig dat die swakpunt van die teorie van morele invloed daarop berus dat versoening en vergifnis nie meer verstaan word as die werk van God nie, maar eerder afhanklik is van die etiese vermoë van die mens. Hy stel dit soos volg: “His work is no longer thought of as the work of God for man’s salvation: He is rather the perfect Example, the Ideal Man, the Head of the Race” (Aulén 1931:163).

Aulén dui ook die probleem aan dat die gewigtigheid van die probleem van sonde deur hierdie benadering afgeskaal word. Aulén (1931:165) sê: “The humanistic interpretation of the process of atonement has its ground in the failure of this theology to maintain the radical hostility of God to evil, and His judgement on sin.”

Volgens Aulén het die vleeswording van Christus sy primêre plek binne die leer van die teorie van morele invloed verloor. Vir Aulén is dit nodig dat die ware humaniteit van Christus as die

historiese Jesus beklemtoon moet word. Hy is egter van mening dat die interpretasie van Christus as die “perfekte voorbeeld” van die mensdom abstrak en ’n illusie is. Hy verstaan die teorie van morele invloed soos volg: “The moral influence understanding of salvation is that Christ brings about the change within humans because of his influence on them. The primary change, which takes place in man, is more or less directly through the influence of Christ” (Aulén 1939:68). Binne die teorie van morele invloed word God voorgestel as die God van liefde. Die mens wat sy of haar sonde bely, word vergewe. Hier val die klem op die mens se beweeg na God asof God ver weg van die mens is.

Friedrich Schleiermacher

In sy boek *The Christian Faith* (1928) plaas Friedrich Schleiermacher die klem op die rol van die mens in heil. Hy tref die onderskeid tussen heil en versoening. Heil is ’n daad van Christus wat plaasvind soos die individu se bewustheid van God sterker groei. Versoening is ’n toestand van genade wat groei soos die gelowige ’n dieper bewustheid van God ontwikkel. Die oorspronklike aktiwiteit van die Verlosser behoort aan Hom alleen wat alle ander aktiwiteite van die mens voorafgaan. Hierdeur ontvang Christus die mens binne sy gemeenskap en lewe. Die voortsetting van hierdie gemeenskap vorm die basis van hierdie toestand van genade (Schleiermacher 1928:425).

Die ondersteuners van die subjektiewe benadering voer aan dat versoening heil voorafgaan. Schleiermacher verduidelik dat heil as die eerste verandering binne die geestelike lewe van die mensdom en versoening as die tweede proses binne die mensdom plaasvind. Hy verstaan die resultaat van heil in terme van die morele opheffing van die mensdom en versoening as die vereniging van die mensdom met hulle samelewing en omgewing. Hy omskryf dit soos volg: “The result is, not only that there arises amongst them a new corporate life, in complete contrast to the old, but also that each of them becomes in himself a new person – that is to say, a new citizen” (Schleiermacher 1928:429). Schleiermacher verstaan sonde in terme van onvolmaaktheid. Die bewustheid van sonde word iets wat die mensdom wil oorwin. Deur gemeenskap met Christus oorwin die mens sonde.

5.4 Op soek na 'n geïntegreerde verstaan van heil

5.4.1 Inleiding

Hoewel Aulén se werk dikwels gekritiseer word in terme van die detail van sy analise en sy interpretasie van die belangrikste verteenwoordigers van die drie opvattinge van heil, word sy dieldeling nogtans deur baie latere skrywers nagevolg. Hier verwys ek na die bydrae van McGrath.

McGrath (soos Conradie) soek na 'n meer geïntegreerde samevatting van bogenoemde teorieë. McGrath (1997:82-89) beskryf die werk van Christus deur verskillende begrippe waaronder losprys, verlossing, regverdiging, heil, versoening, aanneming en vergifnis ressorteer. Hy onderskei drie teorieë waaronder bogenoemde begrippe ingesluit kan word, naamlik:

- 1) “the commercial or transactional theory” – waar Christus se dood verstaan word as die basis van 'n transaksie waardeur die mens van gebondenheid tot vryheid gebring word (dit sluit begrippe soos losprys en verlossing in). McGrath verwys ook na God as die God van oorwinning met verwysing na die Eksodus verhaal. Hy dui aan dat God reeds toegetree het tot die oorlog en stryd teen die magte van onheil en dat God saam met die mens veg;
- 2) “the legal theory” – waar Christus se dood verstaan word in terme van die mens se wettige status om vrygespreek te word van straf deur aangeneem te word in die familie van God en die mens se skuld afgeskryf word; en
- 3) “the personal theory” – waar Christus se dood verstaan word as die middel om die mens se persoonlike verhouding met God te herstel met verwysing na versoening en vergifnis om in 'n regte verhouding met God te kom. Verder verwys hy na die kruis as morele voorbeeld van God se liefde wat nagevolg moet word. Die opstanding van Christus beteken dat die beperkinge van ruimte en tyd opgehef is en verseker die oorwinning in elke stryd.

In die bespreking hierbo het ek daarop gewys dat daar in die geskiedenis van die Christelike tradisie verskillende opvattinge van heil na vore gekom het. Dit spreek vanself dat hierdie opvattinge van heil ook missiologiese diskoers sou beïnvloed. In hoofstukke 2, 3 en 4 het ek telkens daarop gewys hoedat die onderskeie skrywers aansluiting vind by een opvatting van

heil en ander opvattinge van heil óf nalaat óf nie in staat is om die verhouding tussen hierdie opvattinge van heil nader te omskryf nie. Dit lei meermale tot 'n bepaalde eensydigheid en uiteindelik ook tot 'n onvermoë om die plek van armoedeverligting in die sendingtaak van die kerk meer presies onder woorde te bring.

In 'n poging om die verskille, maar ook die verband tussen hierdie opvattinge van heil te beskryf, maak ek vervolgens gebruik van 'n artikel van Ernst Conradie (2006) met die titel “Healing in soteriological perspective”. In hierdie artikel maak Conradie van Christologiese diskoers oor die versoeningsleer gebruik vir 'n pneumatologiese bespreking van opvattinge van die heilswerk van die Heilige Gees.

Conradie wys, op die spoor van Aulén, daarop dat daar in die Bybelse tekste en in die voortgaande Christelike tradisie 'n wye verskeidenheid opvattinge vir ervarings van heil gebruik word. Hierdie opvattinge het hulle oorsprong in konkrete en spesifieke probleme waarin mense “heil” ervaar het. Hy wys dan op die neiging in die Christelike tradisie om die opvattinge vir heil onder een noemer te bring deur die gebruik van algemene kategorieë soos “vergifnis” of “verlossing”. Hoewel sulke konseptuele kategorieë noodsaaklik en wenslik is, lei die blote vermenging van hierdie begrippe daartoe dat die verskillende kontekste waarbinne heil ervaar word en die ooreenkomste, maar ook die verskille tussen die opvattinge wat vir heil gebruik word, nie duidelik aan die orde gestel word nie. Daar is met ander woorde belangrike strukturele verskille tussen die opvattinge van heil wat in die Christelike tradisie voorkom. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om hierdie strukturele verskille van naderby te ondersoek omdat dit ook deurslaggewend is vir die opvattinge van heil wat in onderskeidelik die evangeliese benadering, die benadering van die bevrydingsteologie en die multidimensionele benadering voorkom.

In sy bydrae doen Conradie egter ook 'n voorstel aan die hand oor hoe hierdie verskillende opvattinge van heil met mekaar verband hou en hoe hulle mekaar wedersyds kan bevrug. Hy doen dit op grond van 'n onderskeid tussen die verreikende gevolge van sonde (die kwaad) en die diepste oorsake van die kwaad, naamlik sonde.

In die bespreking hieronder wys ek, op die voetspoor van Conradie se analise, eerstens op hierdie onderskeid tussen die gevolge van die sonde en die diepste oorsake van die kwaad. Tweedens gebruik ek dan hierdie analise om die verband tussen die onderskeie opvattinge van

heil aan te toon. Conradie wys op verskillende faktore wat bydra tot menslike lyding. Ek maak dus gebruik van Conradie se analise, maar maak dit telkens van toepassing op die probleem van armoede.

5.4.2 Wat is die nood van waaruit mense verlos moet word?

Conradie (2006:10-15) meen dat die nood wat mense ondervind somtyds bloot die gevolg van natuurlike oorsake is. In die geval van armoede mag daar 'n tekort aan natuurlike hulpbronne binne 'n bepaalde konteks wees. Hulpbronne is nie egalig oor die aarde versprei nie. Armoede hou dus daarmee verband dat sommige mense nie toegang tot hulpbronne het nie. In sommige gevalle mag hulpbronne selfs beskikbaar wees, maar as gevolg van 'n gebrek aan tegnologiese vaardighede word dit nie benut nie. Suid-Afrika as 'n ontwikkelende land voer byvoorbeeld talle minerale in onverwerkte vorm uit. Armoede kan ook saamhang met natuurlike rampe soos droogtes, oorstromings, aardbewings (en tsoenami's wat daarmee gepaardgaan) en vulkaniese uitbarstings waarvoor mense of selfs samelewings weinig beheer het. Sulke natuurverskynsels veroorsaak dat mense al hulle besittings verloor en in armoede gedompel word.

Soms mag armoede die gevolg wees van menslike onvermoë om voldoende voorsiening te maak, maar die onderliggende oorsake van sulke lyding mag buite die mens se beheer wees. Dit mag dus die gevolg wees van toevallighede in die geskiedenis waarvoor niemand blameer kan word nie. Armoede mag ook die gevolg wees van ongelukke waarvoor geen persoon direk verantwoordelik gehou kan word nie. Dit geld byvoorbeeld in gevalle waar mense beserings opdoen in ongelukke en waar hulle as gevolg daarvan hulle werk en hulle inkomste verloor. Armes sluit veral hulle in wat blind, kreupel, verlam en aan een of ander siekte ly.

Soms word die mens gekonfronteer met sy of haar eie verlede of besluitneming wat tot armoede kon lei, byvoorbeeld om uit sy of haar werk te bedank. Sulke drastiese besluite om te bedank mag verband hou met eenvoudige dwaasheid of luiheid. Mense verloor ook hulle werk waar hulle hul skuldig maak aan wangedrag of diefstal. Armoede mag ook verband hou met praktyke waar mense nie hulle inkomste op 'n verantwoordelike wyse aanwend nie. Dit kom voor waar mense bokant hulle inkomste leef en groot skuldlaste aangaan. In sommige gevalle spandeer mense hulle inkomste op dobbelary wat dan tot hulle ondergang lei. Mense verloor ook hulle werk waar hulle verslaaf word aan alkohol of dwelms. Werkloosheid hou ook

verband met mense se keuse om vroeg skool te verlaat en nie verder te studeer nie. Dit het 'n effek op die persoon self, sy gesin, gemeenskap, onmiddellike omgewing en mag tot vervreemding van sy eie identiteit lei.

Dit is nodig om beide die menslike verantwoordelikheid vir sonde en die menslike mishandeling vanweë die sonde van ander te beklemtoon. Somtyds ervaar mense armoede as gevolg van dit wat individue of groepe direk of indirek oor hulle bring. Dit is dus belangrik om verantwoordelikheid te neem vir die gevolge van jou eie sonde, maar om ook in te sien wanneer daar teen jou gesondig is ("being sinned against"). Die impak van die sonde van veral dié van die magtiges moet in aanmerking gebring word, nie omdat hulle noodwendig meer sondig is nie, maar omdat hulle sonde 'n meer verwoestende impak het. Daar mag gevalle wees waar iemand beide die slagoffer en oortreder van lyding of sonde mag wees. Indien ons die probleem aan sonde koppel, gaan dit nie slegs oor sondes wat ons doen nie, maar omdat ons in die aard van sonde deel.

Conradie (2006:13) meen dat onreg en geweld wat deur strukture veroorsaak word tipies 'n meer ernstiger probleem is, veral ook ten opsigte van die probleem van armoede. In die 1980s is daar dikwels gepraat van die "spiraal van geweld". Die kontemporêre neiging is om onheil te verstaan as die resultaat van waar mense hulleself verryk, of deur wanpraktyke te beoefen, of deur onsensitiewe besluitneming of deur te diskrimineer. Hierdie praktyke word beoefen ten koste van ander mense se regte. Dit lei tot strukture in die samelewing wat onregverdig is omdat dit oorheersing, uitbuiting, die sistematiese verontregting van mense, armoede en vervreemding meebring. Slagoffers se menswaardigheid word misken, hulle kry nie geleentheid nie, hulle regte word verydel, ensovoorts. Geweld word nie direk en persoonlik deur die strukture toegepas nie, maar indirek deur wette, gewoontes en instellings. Geweld en onreg word dus deur die strukture gewettig. Voorbeelde van sodanige geweld sluit in partriargale onderdrukking, kolonialisme, ekonomiese uitbuiting en ongeregtheid, verarming en armoede, onderdrukking deur apartheid, etiese en godsdienstige konflik, vernietiging van die omgewing en onvoldoende reaksie tot die krisis in die gesondheid van die land.

Baie dikwels is dit 'n verskeidenheid van hierdie faktore wat tot armoede bydra. Armoede kan dus terselfdertyd die gevolg wees van 'n kombinasie van faktore wat kan wissel van natuurlike oorsake, persoonlike besluitneming, menslike onvermoë en strukturele onderdrukking. Soms

is dit moeilik om te bepaal wie verantwoordelik is vir die probleem want 'n groep of instelling of die hele land mag daarvoor verantwoordelik wees. Sekeres mag meer verantwoordelik wees as ander.

5.4.3 Hoe moet die mens uit hierdie nood verlos word?

Op grond van hierdie analise argumenteer Conradie (2006:3-22) dat daar veral drie maniere is waarop heil (as die verlossing vanuit nood) in die Christelike tradisie verstaan is, naamlik deur die wortels van die probleem in die verlede aan te spreek, deur die huidige impak van die probleem te verlig en om toepaslike metodes te ontwikkel om die probleem in die toekoms te vermy. Hiermee dui hy dan ook aan hoe hierdie opvattinge van heil met mekaar verband hou en hoe hulle mekaar wedersyds kan bevrug. Ek bespreek vervolgens Conradie se argument, maar maak dit telkens ook van toepassing op armoedeverligting as een aspek van die kerk se sendingtaak.

a) Conradie meen dat die opvatting van heil as “oorwinning” saamhang met die insig dat daar omstandighede is waarin verlossing verlang word vanuit die verreikende gevolge van sonde. Conradie (2006:7-10) verduidelik dat daar talle situasies is waar mense hulle in 'n probleem bevind het en waar dit voorkom asof daar nie 'n uitkomst is nie, maar waaruit hulle tog bevry is. Daar is talle voorbeelde hiervan in die Bybel en Christelike tradisie waar mense die bevryding aan God se betrokkenheid toegeskryf het. Voorbeelde sluit in waar mense in 'n oorlog geveg het en dit gewen het, of waar mense voedsel ontvang het tydens hongersnood en armoede, of bevryding vanuit politieke onderdrukking, of waar 'n losprys betaal is (Aulén 1931:47) of gered word tydens 'n natuurlike ramp of genesing ontvang het van 'n dodelike siekte. Ander voorbeelde sluit in situasies van korrupsie, die bedreiging van demone en ideologie, ekologiese vernietiging, ensovoorts. In hierdie situasies word die mens gekonfronteer met die kort of langtermyn gevolge van menslike dade. Soos reeds genoem, vloei hierdie gevolge direk of indirek uit spesifieke dade, dit mag die gevolg van 'n persoon se eie dade wees, of deur iemand anders of beide, of dit mag die gevolg van sosiale strukture wees of die produk van geweld wat in die natuur aanwesig is. In sulke gevalle is dit nie altyd moontlik om te begin by die diepste oorsake van die probleem nie. Dit is nodig om die onmiddellike probleem aan te spreek. Die lyding wat hier en nou ervaar word moet opgehef word. Daar word bevryding verlang vanuit onderdrukking, verlossing uit nood en oorwinning

oor die magte wat dood en verwoesting saai.

Elk van hierdie situasies vereis onmiddellike oplossings waar die gevolge van die probleem verlig of opgelos moet word. Solidariteit en simpatie met armes kan help, maar is nie genoeg tydens lyding nie. 'n Oorwinning is nodig wat meer as 'n "morele oorwinning" of 'n nuwe visie vereis (Conradie 2006:12). Die oorwinning wat op hierdie wyse behaal word, mag toegeskryf word aan 'n individu se eie pogings, toewyding, wysheid, tegnologiese of geestelike krag. Dit mag ook toegeskryf word aan God se teenwoordigheid en betrokkenheid in die geskiedenis. Die kategorie van "bevryding" word gebruik om sulke ervarings te beskryf. Hierna word ook verwys as om van gevaar gered te word, of bevryding vanuit onderdrukking, of die vernietiging van onheil of die oorwinning oor die magte van die dood. In 'n militêre verband sal dit uiteindelik verstaan word as oorwinning oor onheil. In regsterme sal dit in 'n hofsaak verstaan word as 'n uitslag wat 'n nuwe sosiale orde aankondig. Die belangrikste Christelike simbool wat hier gebruik word, is die opstanding van Christus. Dit simboliseer die mag van God om enige situasie aan te spreek en om selfs die dood te oorwin. Dit is 'n triomfantlike manifestasie van God se beslissende oorwinning oor die magte van onheil (Gunton 1989:74). In die woorde van Irenaeus: "The Lord through his passion destroyed death, brought error to an end, abolished corruption, banished ignorance, manifested life, declared truth and bestowed incorruption" (aangehaal in Aulén 1931:32).

Die kategorie van "bevryding" as soteriologiese konsep wat hier gebruik word, word veral beklemtoon in bevrydingsteologie en dus die benadering met 'n voorkeur opsie vir armoedeverligting. Die ondersteuners van hierdie benadering het geveg vir bevryding vanuit politieke onderdrukking en ekonomiese bindings wat armoedeverligting tot gevolg sou hê. Dit is dus soms nodig om dringend aan die gevolge van probleme aandag te gee om verligting te bring aan die huidige probleme van die gemeenskap. Dit is makliker gesê as gedaan want hoe voed jy duisende honger kinders vandag in 'n informele nedersetting? Indien werkloosheid die probleem is, mag die probleem opgelos word deur opvoeding en werkskepping. Waar sosiale strukture verantwoordelik is vir armoede moet dit egter gekonfronteer, verander of verwyder word deur die diepste oorsake van die probleem aan te spreek.

b) Conradie (2006:10) argumenteer dat ons nie slegs die gevolge van probleemsituasies moet aanspreek nie, maar dat dit ook belangrik is om die oorsaak van 'n probleem aan te spreek. Hy

meen dat oorwinning oor bogenoemde magte alleen nie genoeg is nie. Daar is naamlik ander omstandighede waar dit noodsaaklik is om die diepste oorsake van die probleem te peil en aan te spreek. Daar is talle voorbeelde in die Bybel en kerkgeskiedenis waar probleemsituasies by sy oorsaak aangespreek moes word. Voorbeelde hiervan sluit in waar 'n persoon wat skuldig is, vrygespreek word in 'n hof (omdat die regter meen dat die gemeenskap ook verantwoordelik is vir die probleem), of waar 'n persoon se finansiële skuld afgeskryf word, of waar mense mekaar vergewe vir onreg aan hulle gedoen (Brümmer 2005:79) of waar 'n fasiliteerder ingekry word om versoening te bewerkstellig. Dit is miskien veral die geval waar daar vervreemding intree tussen twee partye, byvoorbeeld tussen man en vrou, tussen ouers en kinders, tussen bure, tussen werknemers en werkgewers, en dan ook tussen sosiale groepe (ook rasse-groepe).

Volgens die Christelike tradisie kan die diepste oorsake van bogenoemde vervreemding gevind word in die vervreemding of vyandskap tussen God en mens. Daar bestaan dus 'n gebroke verhouding tussen God en die mens. Die sleutel tot die herstel van só 'n gebroke verhouding is 'n woord van vergifnis op grond waarvan die twee vervreemde partye weer van nuuts af kan begin. Vergifnis is weliswaar nie genoegsaam nie aangesien versoening die produk is van 'n komplekse reeks aspekte, waaronder berou, belydenis, vergifnis, die aanvaarding van vergifnis en vorms van restitusie ressorteer.

In hierdie situasies kan die gevolge van die probleem nie slegs verlig word sonder dat die wortels van die probleem geïdentifiseer en aangespreek word nie. Die probleem mag weereens by iemand anders wees, jouself, beide partye, 'n groep, die hele kultuur of die gemeenskap. Indien hierdie probleem nie opgelos word nie, sal daar geen blywende oplossings vir die ander probleemsituasies wat mense ervaar wees nie. Hier sal 'n radikale ommekeer van die situasie benodig word. Hier is die belangrikste simbool die kruis van Jesus Christus (Conradie 2006:13). Christus het die losprys vir die mens se sonde betaal. Christus het as die onskuldige mens sonder sonde namens skuldige sondaars gesterf. Die middelaar het sy lewe afgelê ter wille van vrede. Die skuldiges mag vergewe word want die skuld is klaar betaal. Vergifnis is moontlik en versoening is bewerkstellig.

Die betekenis van die kruis van Christus word onder andere deur kategorieë byvoorbeeld soos “vergifnis”, “versoening”, “opoffering” (Gunton 1989:119) en “genoegdoening” beskryf.

Conradie (2006:12) verduidelik dat hierdie opvattinge van heil maklik met mekaar verwar of aanmekaar gelykgestel kan word sodat die oorspronklike metaforiese betekenis nie meer duidelik is nie. Vergifnis kan byvoorbeeld verstaan word as amnestie of wettige kwytstelling, 'n interpersoonlike woord van vergifnis of die kansellering van monetêre skuld. In Westerse teologie word versoening tipies binne die konteks van die regsbedeling (juridies) verstaan terwyl vergifnis van sondaars op 'n forensiese wyse verstaan word. Sommige teoloë neig om God voor te stel as 'n God van die wet voordat God 'n God van liefde is en misluk om reg te laat geskied aan die meer persoonlike aspekte van die verhouding asook die vergifnis van sonde (Gunton 1989:87).

Die sterkpunt van die juridiese beklemtoning is dat dit die wortel van sonde as die vervreemding van God diagnoseer. In reaksie hierop word die goeie nuus van die regverdiging van sondaars, slegs deur genade (Anselmus en Luther) verkondig. Die beklemtoning van die wortel van sonde moet nie gereduseer word tot 'n persoonlike kategorie nie. 'n Meer omvattende idee van God se geregtigheid word benodig ten einde God se doel te bereik om 'n regverdige bestel in 'n korrupte wêreld te vestig.

Die kategorie van “versoening” en “vergifnis” as soteriologiese begrippe wat hier gebruik word, word veral beklemtoon in die dualistiese benadering met 'n eerste opsie vir die mens se nood om met God versoen te word en waar armoedeverligting 'n “tweede” plek in die kerk se sendingtaak verkry. By die dualistiese benadering wat kenmerkend by evangeliese groepe is, het ons gesien dat daar veral gefokus word op die oorsaak van sonde. Sonde word verstaan as die gebroke verhouding tussen God en die mens. Deur die kruis ontvang die mens versoening met God, kwytstelling en die vergifnis van sonde. Die kerk se primêre taak hou hiervolgens verband met die verkondiging van die evangelie sodat die mens se gebroke verhouding met God herstel moet word.

c) Binne die kerk se sendingtaak is dit dus noodsaaklik om die gevolge van onheil aan te spreek, maar dit is ook nodig om die wortel en oorsaak van onheil aan te spreek en te verwyder. Conradie (2006:12) meen derdens dat daar verder omstandighede is waarin nóg verlossing/oorwinning nóg vergifnis/versoening voldoende is. Conradie (2006:13) meen dat die nuwe begin wat moontlik gemaak is deur vergifnis en versoening nie die versekering gee dat onheil nie weer in die toekoms sal gebeur nie. Hy wys na omstandighede waarin die

oorsprong van die kwaad wel aangespreek is en waar die onmiddellike nood opgehef is, maar waar daar ook rekening gehou moet word met die blywende teenwoordigheid van die kwaad. Dit is byvoorbeeld nie moontlik om die kwaad heeltemal uit te wis nie omdat enige poging om dit te doen binne hierdie bedeling net die kwaad sal vererger. Die geskiedenis dui aan dat waar mense pogings aangewend het om onheil radikaal te verwyder, dit meer dramaties in ander vorme gemanifesteer het. Onheil is juis ontwykend en wydverspreid en kan nie ten volle begryp word nie. Daar is geen waarborge dat onheil op aarde vir ewig of totaal onder beheer gebring sal word nie. Met die oog op die toekoms is daar dan maatreëls nodig om as 't ware die kwaad in te kamp en te verhoed.

Hiervoor is inderdaad inspirerende voorbeelde nodig en ook reëls, morele kodes en wetgewing waarvolgens en waarbinne mense kan lewe. Conradie (2006:12) verduidelik dat daar talle voorbeelde in die Bybel en Christelike tradisie is van pogings om onheil te beteuel of te beheer. Een voorbeeld hiervan is in Spreuke wat woorde van wysheid en advies bevat. Die riglyne in die Torah is selfs belangriker. Die doel van die Wet is om riglyne of grense te verskaf waarbinne die mens moet leef. Die Wet word beskou as goed en selfs perfek – soos aangedui in Psalm 119. Die vervulling van die Wet bly 'n noodsaaklikheid want Christus dui aan dat hy nie gekom het om weg te doen met die Wet nie, maar dat hy gekom het om die Wet te vervul. Dit is egter die vervulling van die Wet met radikale implikasies vir sosiale verhoudings. Hierby mag die apostoliese vermanings en riglyne vir Christelike leefwyse ook oorweeg word.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar ook ander riglyne wat 'n rol speel byvoorbeeld maatreëls ten opsigte van veiligheid, verwante wette, beginsels vir goeie beheer, bestuur en administrasie. Daar is ook die behoefte om van inheemse kennis en van 'n handves van menseregte gebruik te maak wat help om die skending van menseregte aan te spreek. Die belangrikheid van prosedures vir die hantering van klagtes, strategie om konflik te hanteer asook die planne en aksies vir die implementering van beleide moet beklemtoon word. Daar is talle simbole in die Christelike tradisie waar die belangrikheid van wyses om ongeregtheid, konflik en geweld te verminder beklemtoon word. Die voorbeelde sluit in dié van profete, rigters, konings, priesters, apostels, wyse mense en heiliges. Die belangrikste Christelike simbool is die vleeswording, lewe en bediening van Jesus Christus (Aulén 1931:137). Die voorbeeld van Jesus van Nasaret word deur sy navolgers beklemtoon, gevier en verhef

(Brümmer 2005:85). Hier gaan dit oor sy visie vir 'n nuwe sosiale orde, genoem die koms van die heerskappy van God, gebaseer op solidariteit met die uitgeworpenes en sorg vir die slagoffers van die gemeenskap. Die inspirerende voorbeeld van liefde, selfs tot die dood toe soos gedemonstreer in die lewe van Jesus, vereis 'n soortgelyke reaksie van die mensdom. Die koms van die koninkryk word gedemonstreer deur sy bediening aan die armes, siekes, hulpeloses, melaatses, sondaars, tollenaars en soldate.

Hierdie drie opvattinge van heil kan daarom nie bloot met mekaar vermeng en verwar word nie en ook nie bloot naas mekaar geplaas word nie. Dit is naamlik belangrik om die strukturele verskille en verwantskap tussen hierdie opvattinge van heil te verstaan ten einde raak te sien op watter wyse hierdie opvattinge van heil mekaar wedersyds kan aanvul. Die afleiding wat hier gemaak kan word, is dat al drie hierdie opvattinge van heil wel nodig is, dat hulle mekaar inderdaad kan aanvul en dat die een nie noodwendig 'n prioriteit bo die ander moet geniet nie. Om die verband tussen bogenoemde opvattinge van heil te verduidelik, maak Conradie van die voorbeeld van besoedeling gebruik. Conradie (2006:3) verduidelik dat dit in sommige gevalle nodig is om die onmiddellike impak van besoedeling aan te spreek deur opruiming. Dit bring die onmiddellike oplossing van 'n huidige probleem van die gemeenskap. Dit is egter soms ook nodig om die oorsaak van die probleem te identifiseer en aan te spreek. Die probleem mag opgelos word deur die inwoners bewus te maak van die probleem of om die industrieë wat hiervoor verantwoordelik is te identifiseer en teen hulle op te tree. Dit mag ook help om riglyne binne en buite die gemeenskap saam te stel om die probleem in die toekoms te voorkom. Dit sluit ook in prosedures om die probleem op te los indien dit weer voorkom.

'n Volgende voorbeeld wat hier genoem kan word, hou verband met die probleem van misdaad. Dit is soms nodig om die onmiddellike impak van misdaad aan te spreek deur misdadigers aan te keer. Dit sal ook help om meer polisiemanne aan te stel en meer tronke te bou. Dit alleen is egter nie genoeg nie. Die diepste oorsake van die probleem moet ook geïdentifiseer en aangespreek. Die probleem mag opgelos word deur die verligting van armoede of die opgradering van die land se opvoedingstelsel. Dit mag ook help om riglyne saam te stel om die probleem in die toekoms te voorkom. Ons land is reeds in besit van verskeie riglyne en maatreëls, maar hierdie riglyne moet deur alle burgers van die land toegeëien word om die probleem in die toekoms te voorkom.

5.4.4 'n Geïntegreerde verstaan van heil en die begrip sending

In hoofstukke 2, 3 en 4 het ek aangedui hoe skrywers se verstaan van heil, hulle verstaan van die kerk se sendingtaak beïnvloed. In die lig van bogenoemde verduideliking van heil wil ek hier kortliks aandui wat die kerk se sendingtaak moet insluit. Wat is dus die kerk se sendingtaak? Al bogenoemde benaderings is dit eens dat die kerk se sendingtaak omskryf kan word as om heil aan die wêreld te bring. Daar is egter 'n verskil in die beklemtoning ten opsigte van die opvattinge van heil. In die lig van bogenoemde verduideliking van heil is dit noodsaaklik vir die kerk om te werk vir versoening van die mens met God in die oplossing van die mens se probleem. Hierdeur word die diepste oorsake van die probleem aangespreek.

Die gebroke wêreld wat armoede insluit, is inderdaad 'n weerspieëling van die mens se gebroke verhouding met God. Dit is nodig dat die kerk die evangelie moet verkondig sodat mense met God versoen kan word. Dit verwys na die bydrae van evangeliese groepe in die oplossing van die probleem. Dit alleen is egter nie genoegsaam om die probleem van armoede op te los nie. Dit is ook nodig vir die kerk om te werk vir armoedeverligting, waar die verhouding met die kerk se ander take in ag geneem moet word. Dit hou byvoorbeeld verband met bevryding vanuit onderdrukking soos dit voorkom by die bevrydingsteologie. Die bydrae van die bevrydingsteologie is dus ook relevant. Waar onderdrukking voorkom is bevryding nodig. Waar armoede voorkom, is verligting en oplossing daarvan nodig. Dit vra dat die kerk effektiewe strategieë moet daarstel om die konkrete lewensomstandighede van mense te verbeter. Dit mag van die kerk vra om betrokke te wees by werkskepping, die beplanning en bou van huise, hulp met toegang tot gesondheidsorgdienste, opvoeding en talle meer. Die kerk het dus die taak van versoening asook die taak van bevryding, hoewel die verskil tussen hierdie opvattinge van heil in ag geneem moet word. Hiermee saam moet die kerk ook help om riglyne saam te stel om die probleem in die toekoms te vermy. Dit verwys veral na die voorbeeld van Christus (dissipelskap) en die Wet van God wat nagevolg moet word.

Die ondersteuners van die multidimensionele benadering is reg as hulle sê dat die kerk se sendingtaak al hierdie aspekte van heil moet insluit, maar die verskil en verwantskap tussen hierdie opvattinge van heil moet in ag geneem word.

5.5 Die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak

Op grond van hierdie meer geïntegreerde verstaan van heil – en op grond daarvan die sendingtaak van die kerk – is dit vervolgens ook nodig om opnuut na te dink oor die juiste plek van armoedeverligting in die sendingtaak van die kerk. Die belangrikste vraagstuk in dié verband raak die verhouding tussen kerugma en diakonia, oftewel die verkondiging van die evangelie en die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armoedeverligting.

By die dualistiese benadering wat kenmerkend by evangeliese groepe is, het ons gesien dat daar 'n duidelike “tweede” (selfs opsionele) plek aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak gegee word. Evangeliese groepe gee prioriteit aan die verkondiging van die evangelie want mense moet met God versoen word. In die lig van bogenoemde verduideliking van die opvatting van heil is die dualistiese benadering ontoereikend. Die afleiding wat uit bogenoemde gemaak kan word, is dat armoedeverligting (as heil in terme van bevryding), anders as wat binne die dualistiese benadering voorgehou word, 'n nodige aspek binne die kerk se sendingtaak is. Dit beteken egter nie dat evangelisasie 'n tweede plek binne die kerk se sendingtaak moet verkry nie. Evangelisasie met verwysing na heil as versoening met God is ook 'n noodsaaklike aspek binne die kerk se sendingtaak, solank die verskille en verwantskap tussen die opvatting van heil in ag geneem word.

Die evangeliese benadering vind 'n noue aansluiting by die verstaan van heil in terme van versoening en vergifnis soos dit in die vroeëre afdeling verduidelik is. Soos reeds vroeër genoem hou dit verband met versoening en vergifnis vir die herstel van die mens se gebroke verhouding met God. Indien hierdie probleem nie opgelos word nie, sal daar geen blywende oplossings vir die ander probleemsituasies wat mense ervaar, wees nie. Versoening in Christus het egter nie 'n einde aan ongeregtigheid, onderdrukking, armoede en lyding gebring nie. Evangeliese groepe het byvoorbeeld die begrip van die vergifnis van sonde as genoegsaam beskou om die onmiddellike gevolge van sonde aan te spreek (deur die stadige proses van heiligmaking binne sowel 'n individuele as 'n sosiale konteks). Gevolglik sal regverdiging die nuwe begin bied waarop heiligmaking in die lewe van gelowiges, die kerk en die hele wêreld gebaseer is. Deur heiligmaking en deur die Heilige Gees, sal die onheilige effekte van sonde aangespreek word al is dit slegs gedeeltelik. Die bevrydingsteologie het ons egter daaraan herinner dat die boodskap van heil nie tot die vergifnis van sonde gereduseer kan word nie en

dat die evangelie ook praat van bevryding vanuit die sosiale gevolge van sonde – soos gemanifesteer in die talle vorms van onheil wat in die samelewing voorkom.

Vervolgens kyk ek na die bevrydingsteologie in die lig van bogenoemde verstaan van heil. Soos reeds vermeld, gee bevrydingsteologie voorkeur aan armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Hierdie prioriteit hou verband met die noodsaaklikheid van bevryding vanuit politieke onderdrukking. Alhoewel hierdie benadering teologiese begroning vir die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van armoedeverligting gee, verduidelik dit nie die verwantskap met die mens se behoefte aan versoening met God of die kerk se ander take nie. Hierdie benadering is daarom ook ontoereikend omdat een van die opvattinge van heil, naamlik bevryding beklemtoon word ten koste van die ander.

Hoe moet die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak dan verstaan word? Soos reeds genoem is armoedeverligting (as heil in terme van bevryding) 'n noodsaaklike aspek binne die kerk se sendingtaak. Dit hou verband met bevryding en in hierdie geval bevryding vanuit onderdrukking deur apartheid soos die bevrydingsteologie dit verduidelik. In die bevrydingsteologie word veral gefokus op sonde as sonde van die een mens teen die ander en ook sonde wat ingebed geraak het in sosiale strukture. Die probleemsituasie vereis dan onmiddellike oplossings waar die gevolge van die probleem verlig of opgelos moet word. In die geval van siekte word genesing benodig. In die geval van waar mense in gevaar is, moet hulle gered of bewaar word. Die blindes se oë moet geopen word. Die gevangenes benodig vrylating. Waar daar armoede is, word verligting (bevryding van laste) of oplossing (om die probleem uit die weg te ruim) benodig.

Die bevrydingsteologie kan egter ook nie die leer van regverdigmaking vermy nie want daar bestaan die behoefte om die oorsprong van menslike onheil aan te spreek. Versoening met God tesame met armoedeverligting is nodig binne die kerk se sendingtaak.

Vervolgens kyk ek na die multidimensionele benadering in die lig van bogenoemde verstaan van heil. Binne die multidimensionele benadering is armoedeverligting een van die kerk se vele take. Volgens hierdie benadering hoef daar nie 'n keuse gemaak te word nie oor watter taak van die kerk primêr en watter taak sekondêr is nie. Alle take van die kerk word dus as belangrik geag. 'n Analise van die bepaalde konteks word benodig ten einde vas te stel watter spesifieke aspek van die kerk se sendingtaak op 'n bepaalde oomblik die prioriteit moet geniet.

Geen definitiewe plek word aan armoedeverligting toegeken nie. Heil word ook as 'n omvattende metafoer verstaan. Hierdie benadering dui nie die plek van armoedeverligting toereikend aan nie. Soos reeds verduidelik kan alles wat die kerk doen nie eenvoudig naas mekaar geplaas word nie want daar bestaan strukturele verskille tussen die opvattinge van heil. Kerugma, diakonia en koinonia as take van die kerk kan dus nie bloot naas mekaar geplaas word nie. Dit sou hierby dus ook ontoereikend wees om te sê dat daar 'n balans moet wees tussen die kerk se take. Armoedeverligting kan dus nie 'n versteekte plek binne die kerk se taak verkry nie.

Deur die geskiedenis van die Christelike tradisie is die simbole van die lewe, kruis en opstanding van Christus met mekaar geïntegreer. As gevolg hiervan is die konsepte bevryding, versoening, vergifnis en die navolging van die voorbeeld van Christus in verhouding tot mekaar gebruik sonder om die verskil tussen die begrippe in ag te neem. Die vermenging van die konsepte het veroorsaak dat die wyse waarop hierdie konsepte binne hulle oorspronklike kontekste gefunksioneer het, verlore geraak het. Dit het ook gebeur dat sekere simbole ander oorskadu het. Armoedeverligting (as heil in terme van bevryding) asook evangelisasie met verwysing na versoening met God as opvattinge van heil, is dus beide noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak. Tesame hiermee is heil as die navolging van Christus ook 'n nodige aspek binne die kerk se sendingtaak. Dit verwys na pogings of riglyne om onheil in die toekoms te beteuel of te beheer.

Op grond van bogenoemde is die verkondiging van die evangelie daarop gerig om 1) die onheilige gevolge van menslike sonde aan te spreek (God se oorwinning oor onheil, gebaseer op die boodskap van die opstanding – bevryding); 2) die wortels van sulke onheil in menslike sonde te identifiseer (sondaars word deur God vergewe deur genade, gemanifesteer in die kruis van Jesus) en 3) 'n lewenswyse vir die hede te vind wat 'n volhoubare toekoms kan verseker (wat vervul is deur die geboorte, lewe en bediening van Jesus Christus wat die volle bedoeling van die Wet vervul het). Binne die Suid-Afrikaanse konteks het ons besef dat daar 'n noodsaaklikheid vir bevryding vanuit politieke onderdrukking is. Dit was nodig om van apartheid ontslae te raak voordat talle ander sosiale probleme die aandag kon geniet. Die situasie na apartheid gee egter genoegsame bewyse dat bevryding alleen nie genoegsaam is nie. Daar moet ook deelgeneem word in die rekonstruksie en ontwikkeling van die land. Ons het 'n goeie konstitusie en handves van menseregte, 'n onafhanklike regstelsel en 'n stabiele

demokrasie. Ons benodig beleid om 'n beter toekoms in werkskepping, gesondheidsorg, maatskaplike dienste en talle ander sektore van die gemeenskap te verseker. Daar is egter ook genoegsame bewyse dat dit alleen nie toereikend is nie.

Dit help egter nie om 'n handves van menseregte te hê sonder 'n kultuur van menseregte nie. 'n Gemeenskap moet geskep word waar menswaardigheid nie op groot skaal geskend word nie. 'n Goeie stel riglyne alleen is nie voldoende om die probleem op te los nie. Dit is ook 'n fout om te dink dat die wetenskap en tegnologie, opvoeding en morele vorming al ons probleme sal oplos en onheil sal afweer. Die probleem is groter as slegs onkunde. Kennis sal nie help indien die kern of oorsprong van die probleem nie aangespreek word nie. Binne die Suid-Afrikaanse konteks beteken dit dat dit nodig is dat die wonde van die verlede genees moet word. Alle burgers moet kollektiewe verantwoordelikheid aanvaar vir ons probleem. Dit is veral hier waar die Christelike boodskap van die vergifnis van sonde, ook verstaan as vervreemding tussen God en die mensdom (gebroke verhouding tussen God en die mens), meer relevant word as wat sosiale aktiviste binne en buite die kerk mag besef (Conradie 2006:13).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat enige toereikende reaksie ten opsigte van armoedeverligting 1) die onmiddellike probleem van armoede moet aanspreek – soos in die geval van bevryding vanuit politieke onderdrukking by Bevrydingsteologie; 2) die oorsprong van die probleem aanspreek moet word – soos in die geval van versoening waar die gebroke verhouding met God herstel word (evangeliese benadering); en 3) die impak van armoede deur beleid beheer moet word.

Die evangeliese benadering is nodig wat die probleem by sy kern aanspreek soos geen ander benadering dit doen nie. Dit vra dat die Christelike evangelie geherinterpreteer moet word om die basiese vraagstukke van ons tyd aan te spreek. 'n Multidimensionele benadering word dus benodig in die aanspreek van die probleem, maar waar die verskil in die opvatting van heil in ag geneem moet word. Die kern van die evangelieboodskap is die goeie nuus van versoening, vergifnis, bevryding en 'n nuwe lewe in Christus.

5.6 Implikasies van die studie vir die Christelike kerk

Die onderhawige studie behoort aan die Christelike kerk 'n goeie aanduiding te gee van die begrip van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak. Armoedeverligting behoort die nodige aandag binne die kerk se sendingtaak te geniet, met inagneming van die kerk se ander take. Armoedeverligting is dus 'n noodsaaklike element van die heil wat binne die kerk se sendingtaak verkondig en gebring moet word. Hierbenewens moet die kerk besef dat dit nie bloot oor die verligting van armoede gaan nie, maar dat die armes as mense die fokus moet wees. Die pyn en lyding moet op die gesigte van die armes gesien word. Dit is mense wie se lewens daagliks bedreig word (Sobrinho 1985:25). Dit vra ook dat die armes se menswaardigheid en integriteit in ag geneem moet word. Die armes moet geraadpleeg word in maniere hoe hulle gehelp kan word en hulle moet nie goedsmoeds vergeet word nie. Die armes moet by besluitneming ingesluit word. Armes is nie ondergeskik aan ander mense nie en moet nie as minderwaardig gereken word nie (Boff 1982:52). Dit wat vir die armes gedoen word, moet werklik tot hulle bevryding lei en nie maar weer net tot hulle afhanklikheid van andere nie. Die uitdeel van kospakkies aan die armes is dus nie voldoende nie, want die wortel van die probleem word nie aangespreek nie.

Gutiérrez meen bevryding van die armes vereis die verwydering van onderdrukkende strukture en die skep van 'n nuwe sosiale orde (Brown 1990:104). Vir die kerk om 'n kerk van die armes te wees, moet daar direkte betrokkenheid in die stryd vir geregtigheid van die armes wees (De Santa Ana (1979:76). Geregtigheid vir die armes hou verband met solidariteit met die onderdrukte. Die armes moet die geleentheid gebied word om hulle volle potensiaal te verwesenlik. Vir dié doel moet die kerk daarop let dat armoede ook aspekte soos siekte, misdaad, ekologiese probleme, moord, verkragting en talle meer insluit. Die kerk moet egter ook onthou dat die evangelie van bevryding ook aan die rykes verkondig moet word (Bosch 1993:71).

Die bevryding van die armes alleen is egter nie genoegsaam nie want hulle benodig ook die evangelie van versoening met en vergifnis van God. Heil as versoening met God kan egter nie slegs as die “wen van siele” verstaan word nie en bovermelde verduideliking van versoening behoort die kerk se verstaan van versoening te verryk. Dit verwys veral na die versoeningswerk deur Christus. Hiermee saam het armes ook riglyne nodig om die probleem

in die toekoms te vermy. Die opvatting van heil, naamlik versoening en vergifnis, bevryding en die daarstel van riglyne is dus almal noodsaaklike aspekte binne die kerk se sendingtaak.

Die uiteenlopende verstaan van die plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak het deur die kerk se geskiedenis groot skeiding tussen kerke veroorsaak. Kerke of denominasies het die verskillende benaderings se opvatting aangehang en het hierdie opvatting ten alle koste verdedig. Die doel van die WRK is juis om sigbare eenheid tussen kerke te bewerkstellig. Hierdie studie dui aan dat die verskillende benaderings mekaar nodig het, mekaar kan aanvul en kan verryk. Die studie kan dus ook vir die doel van kerkeenheid benut word want dit dui teologiese begroning vir die juiste plek van armoedeverligting binne die kerk se sendingtaak aan. Die idee van Nürnberger ten opsigte van omvattende welsyn wat die verantwoordelikheid van die mensdom as geheel is, behoort ook ernstige aandag te geniet.

5.7 Implikasies van die studie vir die AGS Kerk

Volgens die AGS Kerk se missiestelling is die doel van die kerk om in beide die mens se geestelike en sosiale nood te voorsien. Daar is op sigself niks verkeerd met hierdie missiestelling nie, maar die verskille tussen die aspekte van heil moet in ag geneem word. Dit is nodig dat die AGS Kerk kennis neem van die realiteit van armoede binne die Suid-Afrikaanse konteks (Hoofstuk 1). Die AGS Kerk volg tipies die dualistiese benadering met die klem op evangelisasie sodat mense met God versoen moet word. Dit bring mee dat die kerk in die meeste gevalle homself afsny van die wêreld se probleme. Die wêreld se probleme word verstaan in terme van die sekulêre of die politieke sfeer en daarom word dit as die verantwoordelikheid van die regering geag. Die AGS Kerk is wel betrokke by armoedeverligting, maar bring dit nie in verband met die evangelie nie of dit word selfs gedoen om die evangelie te bevorder. Die betrokkenheid by armoedeverligting hou sterk verband met goeie dade, sonder om die strukturele oorsake van armoede byvoorbeeld in die vorm van apartheid aan te spreek. Die AGS Kerk het die uitdagings van die bevrydingsteologie vermy want die kerk het dit moeilik gevind om die verband tussen evangelisasie en bevryding te verduidelik.

Hierdie studie behoort die kerk se verstaan van sending te verryk. Sending behoort as 'n omvattende begrip verstaan te word met die beklemtoning dat dit oor God se sending in die wêreld gaan. Evangelisasie is 'n noodsaaklike aspek van die kerk se sending. Dit mag juis as

'n verrassing vir die AGS Kerk kom dat evangelisasie in die vorm van versoening met God deel van die oplossing vir armoede is. Hierdeur word die oorspronklike oorsaak van die probleem op sy uiterste vlak aangespreek. Hierbenewens is die bevryding van armoede hetsy deur politieke bevryding, werkskepping, HOP, GEAR en sosiale programme ook nodig. Wetgewing is ook nodig om die probleem in die toekoms te vermy. Die kerk moet egter waak om nie die opvatting van heil te vermeng of saam te smelt nie. Hierdeur verloor die opvatting van heil hulle ryke oorspronklike betekenis. Tesame met die verstaan van die opvatting van heil is die juiste plek van armoedeverligting ook aangedui.

Armoedeverligting moet 'n noodsaaklike plek binne die kerk se sendingtaak verkry. Die AGS Kerk het dus die verantwoordelikheid ten opsigte van armoedeverligting selfs binne 'n demokratiese bestel. Armoedeverligting mag nie 'n tweede of opsionele plek binne die kerk se sendingtaak verkry nie en mag dus nie nagelaat word nie. Dit is nodig dat die AGS Kerk armoedeverligting op die kerk se agenda moet plaas. Die AGS Kerk mag nie sy verantwoordelikheid ten opsigte van armoedeverligting afskuif op die welsynsdepartement van die kerk nie. Dit is noodsaaklik dat die kerk die armstes van die armes moet bereik. Dit behoort inderdaad goeie nuus vir die armes te wees. Die studie bied ook teologiese begroning vir die kerk se betrokkenheid by armoedeverligting asook die geleentheid om dualisme te oorkom. Na politieke bevryding gaan die stryd teen armoede voort want armoede hou ook verband met misdaad, VIGS, probleme binne die huwelik, selfsugtigheid en armoede in enige ander vorm.

Die AGS Kerk moet besef dat hy 'n sinvolle bydrae kan lewer in die vorm heil as versoening met God. Die verkondiging van die evangelie bly dus 'n noodsaaklike aspek van heil binne die kerk se sendingtaak. Versoening met God alleen is egter nie voldoende om die armoedeprobleem op te los nie daarom word bevryding en wetgewing benodig. Die kerk moet dus ook help met die saamstel van riglyne om armoede in die toekoms te vermy. Die bydraes van die bevrydingsteologie en die multidimensionele benadering word dus ook benodig. Hierdie studie behoort ook die kerk se sendingtaak ten opsigte van armoedeverligting in te lig. Dit sal ook nodig wees om met ander rolspelers ten opsigte van armoedeverligting saam te werk. Dit sluit die regering, nieregeringsorganisasies asook ander denominasies in.

Die studie kan ook 'n bydrae maak in die AGS Kerk se verstaan van Christologie met

spesifieke verwysing na die soteriologiese aspekte van heil. Die kerk kan nie evangelisasie in isolasie hanteer nie. Die kerk moet erkenning gee aan die verskillende Bybelse opvattinge van heil ten opsigte van die werk van Christus. Hierdie opvattinge verryk ons verstaan van die werk van Christus. Die verskillende opvattinge dui daarop dat die totaliteit van Christus as bron van ons heil aanvaar moet word. Tesame hiermee moet die kerk die verskillende kontekste waarin hy sy sendingtaak uitdra in ag neem. Die evangelie is in staat om die volle omvang van die menslike probleem aan te spreek. Die kerk moet reageer op die fisiese behoeftes van die mens tesame met die behoefte vir versoening met God asook die behoefte aan riglyne vir die lewe. Bevryding van die armes het 'n soliede basis binne Christus se versoeningswerk. Die evangelie is ook relevant vir die ekonomiese lewe en die gebruik van mag in terme van die etiek van die Koninkryk van God. Dit gaan verder gepaard met aspekte soos vrede en geregtigheid wat diep gewortel is in die werk van Christus en deel vorm van die evangelie. Hierbenewens versoen die werk van Christus geregtigheid en heiligmaking. Dit beteken nie dat die behoefte van versoening en vergifnis nagelaat moet word nie. Heil in Christus is kosmies sowel as persoonlik, sosiaal en universeel.

In aansluiting by bogenoemde word die kerk geroep om dissipels te maak met verwysing na die navolging van die voorbeeld van Christus. Die evangelie roep nie slegs mense tot die koninkryk nie, maar vereis ook dat die waardesisteme in die kerk en in die samelewing verander word. Gelowiges moet opgevoed word om die voorbeeld van Christus na te volg. Die rol van die Heilige Gees moet nie nagelaat word nie want dit is noodsaaklik om transformasie teweeg te bring. Die doel is dat die gelowige soos Jesus moet wees. Die kruis verwys juis na selfopoffering, diensbaarheid en die liefde vir jou naaste en vyande.

Wat beteken die studie vir die plaaslike AGS gemeente in die informele nedersetting van Wallacedene? Die implikasie vir die AGS Kerk soos reeds vermeld, is ook relevant vir die plaaslike gemeente. Vir die gemeentelede op grondvlak is armoede 'n daaglikse ervaring en vir hierdie mense is armoede 'n werklikheid. Die plaaslike gemeente moet egter nou gehelp word om te verstaan wat die evangelie en veral heil vir hulle binne hierdie omstandighede beteken. Die evangelie behoort nou juis goeie nuus vir die armes te beteken. Die plaaslike gemeente moet bewus gemaak word van die verskille wat daar bestaan ten opsigte van die onderskeie opvattinge van heil. Die studie lewer 'n bydrae in die teologiese begroning vir betrokkenheid in armoedeverligting. Die plaaslike gemeente moet verstaan dat God in die

basiese behoeftes van die armes wil voorsien. Daar rus dus op die plaaslike gemeente die verpligting om te werk vir armoedeverligting. Tesame hiermee is daar die noodsaaklikheid vir die verkondiging van die evangelie vir die versoening van mens en God wat verwys na die probleem op sy uiterste vlak. Die gemeente moet ook werk aan riglyne om die probleem in die toekoms te voorkom. Armoedeverligting is nie slegs die verantwoordelikheid van die plaaslike welsynsdepartement nie.

Die plaaslike gemeente moet dus verstaan dat armoedeverligting 'n noodsaaklike plek binne die kerk se sendingtaak moet verkry. Die studie behoort dus ook die kerk se praktyk in te lig. Die plaaslike gemeente moet armoedeverligting op sy agenda plaas vir bespreking en die studie kan 'n bydrae lewer as besprekingsdokument. Daar kan dus met groot vrymoedigheid planne gemaak word om armoede in alle vorme te verlig. Armoedeverligting is natuurlik slegs één belangrik aspek van die soort van sosiale probleme wat deur die kerk aangespreek moet word. Maar, veral binne die Suid-Afrikaanse konteks en by uitstek in die geval van die AGS in Wallacedene, kan armoedeverligting gesien word as 'n simbool van die sosiale taak van die kerk wat van kritieke belang is.

Met dieselfde passie wat die kerk vir versoening met God werk, moet die kerk vir armoedeverligting werk. Versoening met God word nou verstaan as deel van die oplossing vir armoede. Die planne moet oplossings vir armoede insluit onder andere werkskepping, opvoeding, behuising, siektes, misdaad, toegang tot markte, verkry van kontrakte, dienste, medies en toelaes. Indien armoede die gevolg van sonde teen mense is of verband hou met sonde in strukture moet dit aangespreek word. Daar moet ook met ander rolspelers saamgewerk word om die probleem van armoede aan te spreek. Die kerk het ook 'n rol in die skep van riglyne om die probleem in die toekoms te voorkom.

Die strukturele verstaan van die opvattinge van heil sal die prediking van die evangelie en die inhoud van die evangelie noemenswaardig beïnvloed. In die prediking van die evangelie moet die nodige klem aan al die opvattinge van heil gegee word. Dit beteken dat nie een van dié opvattinge van heil oorbeklemtoon of nagelaat kan word nie. Mense kan ook bewus gemaak word van dié verstaan van heil deur onder andere seminare en lesings. In aansluiting hierby moet die werk en voorbeeld van Christus in versoening ook ons verstaan van heil verryk.

Wat kan die AGS Kerk in Wallacedene prakties doen ten opsigte van die verligting van

armoede? Myns insiens is dit nie 'n maklike vraag om te beantwoord nie en dit is ook nie die primêre doel van hierdie studie nie. Hulp aan die armes is 'n komplekse aangeleentheid want hulle moet nie afhanklik van die helper gemaak word nie. Ek sal hier slegs 'n paar voorstelle maak van hoe armes gehelp kan word.

Hulp aan die armes kan werkskepping insluit. Dit vereis dat die kerk 'n databasis moet opstel met alle lidmate se inligting ten opsigte van huidige vaardighede en belangstellings. Die kerk kan help met die plaas van advertensies om sodanige vaardighede te adverteer. Beskikbare werksmoontlikhede moet op alle wyses bekom word en die nodige verwysings moet gedoen word. Verder moet die armes gehelp word met prosedures vir die verkryging van dokumente wat insluit identiteitsdokumente, skoolsertifikate, verwysingsbriewe van vorige werkgewers, ensovoorts. Armes moet ook gehelp word met die saamstel van hul *curriculum vitae*. Daar kan ook gehelp word met die onderhandeling ten opsigte van diensvoorwaardes om te verhoed dat die armes weer uitgebuit word. Vir dié doel word kennis ten opsigte van die arbeidswette van die land nodig. Blootstelling aan inligting ten opsigte van die arbeidsmark sal ook nodig wees. Die tipe werk wat aan die armes gebied word moet 'n volhoubare lewenstandaard verseker. Hulle moet bemagtig word om hulle self te help. Tesame hiermee moet die armes gehelp word met die opstel van begrotings om binne hulle finansiële vermoë te leef.

Armes moet ook aangemoedig word ten opsigte van entrepreneurskap. Hiervoor word kursusse nodig wat aspekte insluit soos kenmerke van die entrepreneur, vraag en aanbod, prysbepaling, markte, sosiale analise van die behoeftes van die gemeenskap, besigheidsvoorstelle, kontakte vir materiaal, ensovoorts. Hier moet ook hulp verleen word met die verkryging van subsidies vir materiaal en studies. 'n Werksetiek moet ook voorgehou word om die volgende te beklemtoon, naamlik hardwerkendheid, integriteit, eerlikheid, om betroubaar te wees, selfvertroue en om te volhard. Die hulp van die regering kan ook benut word en ek het reeds in hoofstuk 1 na die rol van die regering verwys. Entrepreneurskap hou ook verband met die aanleer van verskeie vaardighede sodat hierdie produkte verkoop kan word vir 'n inkomste.

Vir die armes is behuising 'n dringende noodsaaklikheid. Hulle huise brand gereeld af en hulle verloor alles, soms selfs hul lewens. Behuising sluit in die bou van huise, beskikbaarheid van skoon water, elektriese krag en die besit van die grond waarop hul wonings staan. Die kerk

kan die armes help in hul onderhandeling met die regering vir die spoedige bou van huise van gehalte, verwysings van betroubare kontrakteurs, gebruik van plaaslike inwoners as deel van werkskepping, infrastruktuur, vrywillige hulp met die bou van huise, subsidies, ensovoorts. Die hulp van besighede moet ook betrek word. Die kerk kan ook help om korrupsie te beperk.

Die kerk kan redelik baie doen vir arm kinders en jongmense. Dit is hier waar die siklus van armoede verbreek kan word. Programme vir die kinders en jeug moet fokus op persoonlikheidsontwikkeling en welsyn, die ontwikkeling van hulle persoonlike potensiaal met die oog op toekomstige beroepe, sosiale verhoudings en hul verantwoordelikheid as burgers van Suid-Afrika. In die era van tegnologiese ontwikkeling moet ons kinders en jeug nie nagelaat word. Toegang tot tegnologie moet uitgebrei en maksimaal benut word. Alle bronne van ondersteuning moet ingespan word om ons kinders te help. Die kerk kan dus 'n groot rol speel in die opvoeding van ons kinders deur hulle aan te moedig, seminare vir studiemetodes, lees- en skryfegnieke, ensovoorts. Hierdie programme moet in samewerking met hulle ouers en die onderwysdepartement gedoen word.

Ander areas waar strategie benodig word is die hulp aan pasiënte met VIGS en tuberkulose, versorging en hulp aan bejaardes, verkryging van toelaes, toegang tot mediese dienste, misdaad, hulp met rehabilitasie van gevangenes en hulle gesinne, gesinsontwikkeling, die weduwee en wese, hawelose kinders, die vreemdeling, hulp tydens rampe, dwelmverslaafdes en nog talle meer.

In samewerking met die regering kan die kerk baie vermag. Dit behels onder andere die aansoek as 'n nie-winsgewende-organisasie (NPO) wat deur die regering goedgekeur moet word. Die AGS Kerk in Wallacedene is reeds in besit van sodanige magtigingsnommer. Dit voorsien aan die kerk magtiging om aansoek te doen vir finansiële hulp van maatskappye. Die kerk kan ook verskillende voorstelle skryf vir armoedeverligting wat aan die verskeie departemente van die regering gerig moet word vir finansiële bystand. Die kerk moet die volgende kan doen vir bogenoemde: 'n sosiale analise saamstel vir spesifieke doelstellings, begrotings, besigheidsplanne opstel, reël van werkswinkels, saamstel van maatreëls, idees vir fondsinsameling, verkiesings, 'n rekening open en bestuur asook om aksieplanne saam te stel. Die regering het as deel van sy begroting geld beskikbaar gestel vir programme van armoedeverligting. Die kerk behou egter ook sy verantwoordelikheid om toe te sien dat die ideale van die bevrydingstryd verwesenlik word. Die stakings deur arbeiders dui op 'n nuwe

stryd in Suid-Afrika – ’n stryd waar die kerk nie afwesig kan wees nie. Dit beteken ook dat die kerk betrokke moet wees by die nuwe uitdagings van die armes.

Die stryd teen armoede bly ’n voortgesette stryd vir die kerk selfs binne die demokratiese bestel. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is dit nodig om dankbaar te wees vir politieke bevryding na apartheid. Politieke bevryding en die reg om te kan stem, plaas egter nie brood op die tafel van die armes nie. Daar is genoegsame bewyse dat dit alleen nie genoegsaam is nie. Daar is ook die behoefte aan ekonomiese en sosiale bevryding. Versoening met God is nodig asook riglyne om die probleem in die toekoms te voorkom. Die kerk moet onthou dat hy sy taak as deelnemer in God se sendingtaak verrig. Dit is immers God wat heil aan die wêreld bring.



BIBLIOGRAFIE

- Abelard, P 1971. *Peter Abelard's Ethics*. Oxford: Clarendon Press.
- AGS Kerk van Suid-Afrika, 2000. *Konstitusie*. Centurion: AGS Hoofkantoor.
- Anselm of Canterbury sa. *Cur Deus Homo? Why God Became Man*. Piccadilly: Religious Tract Society.
- Aulén, G 1931. *Christus Victor: An Historical Study of the Three Main Types of the Idea of the Atonement*. London: SPCK.
- Barberton C, Blake, M. & Kotzé, H 1998. *Creating Action Space: The Challenge of Poverty and Democracy in South Africa*. Cape Town: FA Print.
- Boesak, A 1976a. *Black Theology Black Power*. London: Mowbray.
- Boesak, A 1976b. *Farewell to Innocence: A Social-ethical Study on Black Theology and Black Power*. Kampen: Kok.
- Boesak, A 1984a. *Black and Reformed: Apartheid, Liberation and the Calvinist Tradition*. Johannesburg: Skotaville.
- Boesak, A 1984b. *Walking on Thorns: The Call to Christian Obedience*. Geneva: World Council of Churches.
- Boesak, A & Villa Vicencio, C 1986. *A Call for an End to Unjust Rule*. Edinburg: Saint Andrew Press.
- Boesak, A 1987. *If This is Treason, I am Guilty*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Boesak, A 2001 Ons is God se vennote. *Die Kerkbode* 167:11, November 16:11
- Boff, L 1978. *Jesus Christ Liberator*. Maryknoll: Orbis Books.
- Boff, L 1986. *Ecclesiogenesis: The Base Communities Reinvent*. London: Collins.
- Boff, L 1991. *New Evangelization: Good News to the Poor*. Maryknoll: Orbis Books.
- Bosch, D J 1979. *Heil vir die Wêreld: Die Christelike Sending in Teologiese Perspektief*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Bosch D J, Kritzinger J J & Meiring P G J 1980. *Inleiding tot die Sendingwetenskap*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Bosch, D J 1982. *The Church as Alternative Community*. Potchefstroom: Instituut vir Reformasie Studie.
- Bosch, D J 1988 Church Growth Missiology. *Missionalia* 16:1, November: 13-24
- Bosch, D 1990. *Heil in Sendingperspektief*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Bosch, D J 1993. *Good News for the Poor and the Rich: Perspectives from the Gospel of Luke*. Pretoria: C. B. Powell Bible Centre.
- Bosch, D J 1991. *Transforming Missions: Paradigm Shifts in the Theology of Mission*. Maryknoll: Orbis Books.

- Boshoff, G B 1989. *'n Ontleding van die Basiese behoeftes van Middleton: 'n Politiek-Ekonomiese Benadering*. Meestersgraad Tesis, Universiteit van Wes-Kaapland. Ongepubliseerd.
- Bouyer, L 1968. *A History of Christian Spirituality. Volume 1: The Spirituality of the New Testament and the Fathers*. Tunbridge Wells: Burns and Oates.
- Boyd, G A 2006. "Christus Victor View." In Beilby, J. & Eddy P. R. (eds): *The Nature of the Atonement*. Illinois: IVP Academic.
- Brair, K H 1988. *Social Work and the Unemployed*. USA: National Association of Social Workers.
- Brash, A A 1981. *The World Council of Churches*. Geneva: World Council of Churches.
- Brown, R M 1990. *Gustavo Gutiérrez: An Introduction to Liberation Theology*. Maryknoll: Orbis Books.
- Brümmer, V 2005. *Atonement, Christology and the Trinity: Making Sense of Christian doctrine*. Aldershot: Ashgate.
- Burger, I 1987. *Geskiedenis van die Apostoliese Geloofsending in Suid-Afrika 1908-1958*. Westdene: AGS Drukkers.
- Buyts, G L & Kritzing J J 1989. *Salig is die Vredemakers: 'n Geskiedenis van die Kerk in SWA*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Cassidy, M 1978a. *Facing the New Challenges: The Message of PACLA, 1976 Nairobi*. Kisumu: Evangel Publishing House.
- Cassidy, M 1978b. *Together in One Place: The Story of PACLA, December 1976, Nairobi*. Kisumu: Evangel Publishing House.
- Cassidy, M 1987. *Heal the Land: A National Initiative for Reconciliation in South Africa*. Monrovia: MARC.
- Cassidy, M 1989. *The Passing Summer: A South African Pilgrimage in the Politics of Love*. London: Hodder and Stoughton.
- Cassidy, M 1989 A mission of togetherness. *Word and Action* 29:322, June: 20
- Cassidy, M 1991. *The Politics of Love: Choosing the Christian Way in a Changing South Africa*. London: Hodder and Stoughton.
- Cassidy, M 2003 SACLA. *Die Kerkbode* 170:7, Mei: 8-9
- Chikane, F 1988. *The Churches and the South African Crisis: An Edited Version of an Address to the Annual General Meeting of the CIIR 1988*. London: Catholic Institute for International Relations.
- Chikane, F 1989. *No Life of My Own: An Autobiography*. Braamfontein: Skotaville.
- Chikane, F & Alberts, L 1991. *The Road to Rustenburg: The Church Looking Forward to a New South Africa*. Cape Town: Struik Christian Books.
- Chikane, F 1990: "The church's response to the poor." Namibia: AFM.

- Coetzee, J & Graaf, J 1996. *Reconstruction, Development and People*. Johannesburg: Thomson.
- Concerned Evangelicals, 1986. *Evangelical Witness in South Africa: A Critique of Evangelical Theology and Practice by South African Evangelicals*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Conradie, EM 2006 Healing in soteriological perspective. *Religion & Theology. A Journal of Contemporary Religious Discourse* 13:1, 3-22
- Costas, O 1982. *Christ Outside the Gate: Mission beyond Christendom*. Maryknoll: Orbis Books.
- Crocker, H 2001. *Triumph: The Power and the Glory of the Catholic Church: A 2000 Year History*. Amazon: Prima Lifestyles.
- Culpepper, R H 1977. *Evaluating the Charismatic Movement: A Theological and Biblical Appraisal*. Valley Forge: Judson Press.
- Daniel, R 1993. *This Holy Seed: Faith, Hope and Love in the Early Churches*. Amazon: Tamarisk Publications.
- De Santa Ana, J 1977. *Good News to the Poor: The Challenge of the Poor in the History of the Church*. Maryknoll: Imprimerie La Concorde.
- De Santa Ana, J 1979. *Towards a Church of the Poor*. Maryknoll: Orbis Books.
- Die Suid-Afrikaanse Regering. *Armoede en ongelukverslag 1998*: Kaapstad: Die Universiteit van Kaapstad.
- Die verslag vir die Wêreldbank (1997): "Stats SA". Kaapstad: Die Universiteit van Kaapstad.
- Englebert, O 1982. *St. Francis of Assisi: A Biography*. Amazon: Servant Publications.
- Fitzgerald P, Mc Lennan, A & Munslow, B 1997. *Managing Sustainable Development in South Africa*. Cape Town: Oxford University Press.
- Gutiérrez, G 1974. *A Theology of Liberation: History, Politics and Salvation*. London: SCM Press.
- Gutiérrez, G 1984. *The Poor and the Church in Latin America*. London: Catholic Institute for International Relations.
- Gunton, C 1989. *The Actuality of Atonement: A Study of Metaphor, Rationality and the Christian Tradition*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Gunton, C 2005. *The Christian Faith: An Introduction to Christian Doctrine*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Hewson, L A 1950. *An Introduction to South African Methodists*. Cape Town: Standard Press.
- Hirschowitz, R 2000. *Measuring Poverty in South Africa*. Pretoria: Statistics South Africa.
- Hofmeyer, G 2002. *NG Kerk 350: Eenhonderd Bakens in die Geskiedenis van die NG Kerk 1652-2000*. Wellington : Lux Verbi.
- Holden, W & Gutiérrez C 1977. *A Brief History of Methodism and of Methodist Missions in South Africa*. London: Wesleyan Conference Office.

- Jones, S & Nelson, N 1999. *Urban poverty in Africa*. London: SRP Exeter.
- Koch, C 1994. *The Catholic Church*. Amazon: St. Mary's Press.
- Kritzinger, J J 1971. *Die Missionêre Gemeente. 'n Kritiese Beoordeling van die Ekumeniese Studie oor "The Missionary Structure of the Congregation"*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Kritzinger, J J 1979. *'n Missionêre Bediening op Weg na Strukture vir 'n Jong Kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Kritzinger J J, Meiring, P G J & Saayman, W A 1984. *You Will be My Witness: An Introduction to Methods of Mission*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Kritzinger, J J 1988. *The South African Context for Mission*. Cape Town: National Book Printers.
- Kritzinger J J, Meiring, P G J & Saayman W A 1994. *On Being Witnesses*. Johannesburg: Orion.
- Kritzinger, J J 1996. *Die Stryd Teen Armoede*. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.
- Lapoorta, J J 1996. *Unity and Division? The Unity Struggles of the Black Churches Within the Apostolic Faith Mission of South Africa*. Cape Town: Salty Print.
- Lok-Dessallien, R 1998. *Review of Poverty Concepts and Indicators*: Cape Town.
- Lowther, W 1913. *St. Basil the Great: A Study in Monasticism*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Maimela, S S 1984. *God's Creative Activity Through the Law: A Constructive Statement Toward a Theology of Social Transformation*. Pretoria: University of South Africa.
- Maimela, S S 1987. *Proclaiming Freedom to My People: Essays on Religion and Politics*. Braamfontein: Skotaville.
- Maimela, S S 1988 Theological dilemmas and options for the Black Church. *Journal of Black Theology in South Africa* 2:1, February: 15-25
- Maimela, S S & Hopkins, D 1989. *We are one voice*. Braamfontein: Skotaville.
- Maimela, S S 1990 A critical Assessment of Church and Society. *Theologia Evangelica* 13:1, March: 30-37
- Maimela, S S 1990. *The Emergence of the Church's Prophetic Ministry: An Essay on Modern Trends in Theology*. Braamfontein: Skotaville.
- Maimela, S S 1994. *Culture, Religion and Liberation: Proceedings of the EATWOT Pan African Theological Conference, Harare, 1991*. Pretoria: (s.n).
- Marsden, G 1987. *Reforming Fundamentalism: Fuller Seminary and the New Evangelism*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- McCauley, R & Steele, R 1996. *Power and Passion: Fulfilling God's Destiny for the Nation*. Cape Town: Struik Christian Books.

- McGlory T, Speckman & Kaufmann, L 2001. *Towards an Agenda for Contextual Theology. Essays in Honour of Albert Nolan*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- McGrath, A 1997. *Studies in Doctrine*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- McGrath, A 2003. *A Life of John Calvin*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Mckinley, E 1995. *Marching to Glory: The History of the Salvation Army*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Migliore D L 1991. *Faith Seeking Understanding: An Introduction to Christian Theology*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Morphew, D J 1989. *South Africa: The Powers Behind*. Cape Town: Struik Christian Books.
- Mosala, I J 1989. *Biblical Hermeneutics and Black Theology in South Africa*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Mostert, J 1998. "Focussing the Church to Serve". Unpublished.
- Mutloatse, M 1983. *Hope and Suffering: Sermons and Speeches/Desmond Mpilo Tutu*. Johannesburg: Skotaville.
- Newbigin, L 1987. *Mission in Christ's Way: Bible Studies*. Geneva: World Council of Churches.
- Nicholls, B 1985. *In Word and Deed: Evangelism and Social Responsibility*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Niebuhr, R 1959. *An Interpretation of Christian Ethics*. New York: Meridian Books.
- Nolan, A 1977. *Jesus before Christianity: The Gospel of Liberation*. Cape Town: David Philip.
- Nolan, A & Broderick, R 1987. *To Nourish Our Faith: The Theology of Liberation in Southern Africa*. Hilton: The Order of Preachers.
- Nolan, A 1988. *God in South Africa: The Challenge of the Gospel*. Cape Town: David Philip.
- Nolan, A 1994 The programme to combat poverty. *Challenge* 154:23, November: 4-5
- Nolan, A 1996 Justice for the poor. *Challenge* 52:37, Summer: 2-34.
- Nolan, A 1998 What can Churches do about Poverty. *Challenge* 88:50, September: 26
- Nürnberg, K 1975. *Sistematische Theologie*. Otjimbingwe: Verenigde Lutherse Teologiese Seminarie.
- Nürnberg, K 1978. *Affluence, Poverty and the Word of God: An Interdisciplinary Study Program of the Missiological Institute Mapumulo*. Durban: The Lutheran Publishing House.
- Nürnberg, K 1979. *Socio-economic ideologies in Christian perspective*. Cape Town: David Philip.
- Nürnberg, K 1987. *The Church and the Search for Justice and Peace in South Africa*. Pietermaritzburg: NIR.

- Nürnberg, K 1988 Socio-economic Development and the Mission of the Church. *Journal for the Study of Religion* 1:1, March: 43-54
- Nürnberg, K & Tooke J 1988. *The Cost of Reconciliation in South Africa*. Cape Town: Methodist Publishing House.
- Nürnberg, K 1989. *Conflict and the Quest for Justice*. Pietermaritzburg: Encounter.
- Nürnberg, K 1994. *An Economic Vision of South Africa: The Task of the Church in the Post Apartheid Economy*. Pietermaritzburg: Encounter.
- Nürnberg, K 1994 The task of the church concerning the economy in a post-apartheid South Africa. *Missionalia* 22:2, November: 118-146
- Nürnberg, K 1999. *Prosperity, Poverty and Pollution. Managing the Approaching Crisis*. Pietermaritzburg: Cluster Publications
- Nürnberg, K 1999 The Transformation of the South African Economy. *Scriptura* 69:1, August: 125-147
- Nürnberg, K 2002. *Theology of the Biblical Witness: An Evolutionary Approach*. Münster: Verlig.
- Nürnberg, K 2004. *Biblical Theology in Outline: The validity of the Word of God*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Obstat, N 1907. *The Catholic Encyclopedia, Volume 2*. New York: Robert Appleton Company.
- Oostenbergse Munisipaliteit. *Community Needs Assessment 1997*: Oostenberg.
- Oostenberg/Torfaen Anti-Poverty/Social Inclusion Project: Draft Strategy – October 2000.
- Potgieter, F J M 1990. *Kerk en Samelewing: 'n Wesenskou*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.
- “Poverty and Inequality in South Africa” (13 May 1998). A Report Prepared for the Office of the Executive Deputy President. Cape Town.
- Quere, R W 1975. *Evangelical Witness: The Message, Medium, Mission, and Method of Evangelism*. Minnesota: Augsburg Publishing House.
- Raiser, K 1990. *Ecumenism in Transition: A Paradigm Shift in the Ecumenical Movement*. Geneva: World Council of Churches.
- Raiser, K 1997. *To be the Church: Challenges and Hopes for a New Millennium*. Geneva: World Council of Churches.
- Report Prepared for Government 1999: *The Nature and Measurement of Poverty and Inequality*. Cape Town.
- Rosenwein, A 2004. *A Short History of the Middle Ages*. London: Longman Group.
- Saayman, W A 1973. *Sendingperspektiewe in Afrika oor die Voorwerp van Verlossing*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Saayman, W A 1980. *Unity and Mission: A Study of the Concept of Unity in Ecumenical Discussions since 1961 and its Influence on the World Mission of the Church*. Pretoria: University of South Africa.

- Saayman, W A 1991. *Christian Mission in South Africa: Political and Ecumenical*. Pretoria: University of South Africa.
- Saayman, W A & Kritzinger K 1996. *Mission in Bold Humility: David Bosch's work considered*. Maryknoll: Orbis Books.
- Schleiermacher, F 1928. *The Christian Faith*. Edinburgh: T. & T. Clark.
- Sider, R 1979. *Evangelism, Salvation and Social Justice*. Nottinghamshire: Grove Books.
- Sider, R 1981. *Evangelicals and Development: Towards a Theology of Social Change*. London: Paternoster Press.
- Singh, R R 1980. *Social Work Perspectives on Poverty*. New Delhi: Naurang Rai.
- Slabber, E & Mazwai, T 2000 Globalisation empowers the poor. *Finance week* 156:11, June 9: 22-24.
- Snyders, H 1980. *The Radical Wesley and Patterns for Church Renewal*. Downers Grove: Inter-Varsity Press.
- Sobrino, J 1985. *The True Church and the Poor*. London: SCM Press.
- Social Protection Sector Strategy 1997: From Safety Net to Springboard: The World Bank.
- Spink, K 1997. *Mother Teresa: A Complete Authorized Biography*. New York: Harper Collins.
- Steele, R 2006/2007. AFM HERALD: Magazine of the Apostolic Faith Mission of South Africa. Issues 1-3. Centurion: AFM.
- Stitt, S 1995. *Poverty and Poor Relief: Concepts and Reality*. Liverpool: John Moore University.
- Tabraham, B W 1995. *The Making of Methodism*. London: Epworth Press.
- The Future of the Welfare State in the New Global Order. Occasional Paper No.7, World Summit for Social Development.
- The Kairos Theologians 1986. *The Kairos Document: Challenge to the Church*. Braamfontein: Skotaville.
- The World Bank 1995. *Key Indicators of Poverty in South Africa*. Cape Town: University of Cape Town.
- Tlhagale, B & Mosala, I 1986. *Hammering Swords into Ploughshares: Essays in Honour of Archbishop Mpilo Desmond Tutu*. Braamfontein: Skotaville.
- Tutu D 1982. *The Voice of the One Crying in the Wilderness: The Struggle for Justice in South Africa*. Grand Rapids: WB Eerdmans.
- Tutu D 1990. *Bishop Desmond Tutu: The Voice of the One Crying in the Wilderness: A Collection of His Recent Statements in the Struggle for Justice in South Africa*. London: Mowbray.
- Tutu, D 1995. *Apartheid and the Dignity of Personhood*. London: Centre for the Study of Global Governance.
- Uitvoerende Welsynsraad van die AGS - Jaarverslag 1998. Centurion: AGS Hoofkantoor.

- UNDP Poverty Report 2000. The Commitment to Poverty – Developing Anti-Poverty Plans.
- Van der Bent, A J 1980. *World Council of Churches' Statements and Action on Racism*. Geneva: World Council of Churches.
- Van Der Walt, B J 1995. *Evangelieverkondiging en / of Sosiale Betrokkenheid. 'n Reformatoriese Alternatief*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit.
- Van Deventer, W V 1989. *Poverty and A Practical Ministry of Liberation and Development within the Context of the Traditional Venda Concept of Man*. Masters Thesis, University of the North.
- Verster, P 1997 All-inclusive mission. *In die Skriflig* 31:3, November: 251-266
- Villa-Vicencio, C 1994. *Doing Ethics in Context: South African Perspectives*. Maryknoll: Orbis Books.
- Warren, M 1965. *The Missionary Movement from Britain in Modern History*. London: SCM Press.
- Weisse, W 2001. The DRC's role in the context of transition in South Africa. *Scriptura* 76:1, April: 1-16
- Wesley, J 1979. *The Works of John Wesley*. Grand Rapids: Baker Book House.
- WCC, 1998. *Reconstruction: The WCC Assembly Harare 1998 and the churches in Southern Africa*. Zoetermeer: Meinema.
- Wilson, F & Ramphele, M 1989. *Uprooting Poverty: The South African Challenge*. Cape Town: Creda Press.
- Winston, D 2000. *Red-Hot and Righteous: The Urban Religion of the Salvation Army*. Amazon: Harvard University Press.